

Afrikaneridentiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese - 'n verkennende perspektief

J Pretorius



orcid.org/0000-0003-0614-0496

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad [Magister Artium in Politieke Studies](#) aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof A Duvenhage

Gradeplegtigheid: Augustus 2022

Studente nommer: 33162743

VERKLARING

Ek verklaar dat die Meestersgraad in Regeerkunde (L801P) by die Noordwes-Universiteit, my eie werk is en dat aan alle bronne wat in hierdie dokument aangehaal word, deur middel van toepaslike verwysings erkenning gegee is.

Geteken

ThantIntern

op hierdie 7^{de} van Desember 2021

BEDANKINGS

Ek wil hiermee my dank uitspreek teenoor ons Hemelse Vader, wat my die geleentheid en inspirasie gebied het om hierdie taak aan te pak en te voltooi.

Dan wil ek my dank uitspreek teenoor mense wat my geïnspireer het, bygestaan het, raad gegee het en nodige kritiek uitgespreek het. In die besonder my eggenote Minnie en my seuns Johan en Wilhelm. Baie dankie aan Prof André Duvenhage, wat my op besondere wyse en kundig gelei het. Hy het my ook persoonlik by drie geleenthede besoek en verskeie dokumente en boeke geskenk.

Baie dankie aan Prof Hermann Giliomee, wat my geïnspireer het en ook vir sy boeke en dokumente wat hy aan my geskenk het. Dankie aan Adv Lourens Joubert en Jann Schlebusch, wat waardevolle ondersteuning en kritiek gelewer het. Dankie ook aan Dr Mike du Toit vir sy waardevolle insette. Dankie ook aan Charl Blignaut vir sy bydrae, insette en inligting ten opsigte van die teoretiese agtergrond vir die studie. Dank aan Santerien Minne vir die taalversorging. Dank aan Louise Snyman wat altyd beskikbaar was om probleme te hanteer en ook aan Simone Roos vir tegniese versorging.

Ek vertrou dat hierdie bydrae lig sal werp op die verwarring, verskille, geskille en debatte oor die Boer-Afrikaner verskynsel en dat die argumente in die dokument, 'n bydrae kan maak om die Boervolk in Suid Afrika te vestig.

OPSOMMING

Die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner openbaar deur die verloop van die geskiedenis verdeeldheid. Hierdie verdeeldheid is meer as net ideologies van aard. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van verskeie, dikwels opponerende kerke, politieke partye, verskeie radiostasies, geheime organisasies, meer as een Volksfees, byvoorbeeld die herdenking van die Groot Trek in 1988, en verskillende kultuurgroepe. Hierdie verdeeldheid het uiteindelik in die 21^{ste} eeu daartoe gelei dat meer as een identiteit by die Afrikanergroepeerings waargeneem kan word.

'n Moontlike verklaring vir die verdeeldheid en identiteitsverskille kan onder andere gevind word by twee uiteenlopende paradigmas, wat tydens die vorming en ontwikkeling van die Afrikaner deur die toepassing van sosiale ingenieurswese, aan die begin van die 20^{ste} eeu ontstaan het.

Dié studie ontleed die twee belangrike opponerende paradigmas asook die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese, wat deur die geskiedenis van die identiteitsontwikkeling van die Afrikaner, vanaf die aankoms van Jan van Riebeeck, 'n impak op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad het. Die impak van die verskillende paradigmas, asook die invloed van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit, kan dien as moontlike verklaring vir die identiteitsverskille en verdeeldheid wat by die Afrikaner van die 21^{ste} eeu waargeneem word.

Sleutelwoorde:

Afrikanernasie, Afrikanereenheid, Afrikaner-identiteit, Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu (BASA21), Blanke Suid-Afrikaners, Boer, Boervolk, *Cape Dutch*, Kaapse Afrikaner, Kolonialer, konseptuele blok (gevestigde persepsie), kulturele erfenis, mite, Proto-Afrikaner, Proto-Boer, reënboognasie, sosialisasie, sosiale ingenieurswese/sosiogeniëring*.

*geniëring is om die tegniek van die ingenieur te beoefen (Labuschagne F.J. en Eksteen L.C.)

ABSTRACT

The white Afrikaans speaking South African reveals inherent division throughout history. This division is more than ideologically based. It triggered, and *inter alia* led to the establishing of a multitude, and often opposing churches, political parties, radio stations, secret organizations, more than one cultural festival in 1988 (commemoration of the Great Trek), and more than one cultural group. The end result was the development of more than one Afrikaner identity in the 21st century.

A possible explanation for the division and identity differences amongst Afrikaners can be found in two paradigms regarding Afrikaner identity that came to pass in the first half of the 20th century. That happened during a time when the elite ideologists constructed the Afrikaner by conducting a program of intensive social engineering.

This dissertation is aimed to analyse the two main opposing paradigms, as well as the various forms of social engineering applicable during the development of Afrikaner identity since the arrival of Jan van Riebeeck.

The understanding of the two paradigms, as well as the role social engineering played in the development of Afrikaner identity, could explain the differences in identity, as well as cultural divisions found amongst the Afrikaner of the 21st century.

Keywords:

Afrikaner nation, Afrikaner unity, Afrikaner identity, white Afrikaans speaking South African of the 21st century (BASA21), white South Africans, Boer, *Boervolk* (Boer people), Cape Dutch, Cape Afrikaner, colonist, conceptual block, cultural heritage, myth, Proto-Afrikaner, Proto-Boer, rainbow nation, socialisation, social engineering.

AFKORTINGS

AB:	Afrikaner Broederbond
ANC:	<i>African National Congress</i>
APK en AP Kerk:	Afrikaanse Protestantse Kerk
ATKV:	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
AVBOB:	Afrikaanse Verbond Begrafnisondernemings Beperk
AVF:	Afrikaner Volksfront
AWB:	Afrikaner Weerstandsbeweging
BASA20:	Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 20 ^{ste} eeu
BASA21:	Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 21 ^{ste} eeu
BBV:	<i>Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermingsvereniging</i>
BEE:	<i>Black Economic Empowerment</i> (Swart Ekonomiese Bemagtiging)
BJA:	Boere Krisis Aksie
BVR:	Boerevolk Verteenwoordigende Raad
BVS:	Boerevolk Vryheidstigting
DA:	Demokratiese Alliansie
EFF:	Ekonomiese Vryheidsvegters
FAK:	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
GRA:	Genootskap van Regte Afrikaners
HNP:	Herstigte Nasionale Party
KODESA:	Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
KP:	Konserwatiewe Party

NDR:	Nasionale Demokratiese Rewolusie
NG Kerk (NGK):	Nederduits Gereformeerde Kerk
NKP:	Nasionale Konserwatiewe Party
NP:	Nasionale Party (Natte)
NSA:	Nuwe Suid-Afrika
OB:	Ossewabrandwag
OBIA III:	Opregte Boer in aanhouding en is die skuilnaam van die skrywer vir sy sketse en skilderye gemaak tydens aanhouding
OVS:	Oranje-Vrystaat
PFP:	Progressiewe Federale Party
Pretoria FM:	voorheen bekend as Radio Pretoria
RSA:	Republiek van Suid-Afrika
RSG:	Radio Sonder Grense
SA:	Suid-Afrika
SAKP:	Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
SANLAM:	Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransiemaatskappy
SAP:	Suid-Afrikaanse Party (Sappe)
SS:	<i>Schutzstaffel</i> (Sekerheidseskader)
TG:	Toekomsgesprek
TLU SA:	Transvaalse Landbou-unie van Suid-Afrika
VEKOM:	Volkseenheidskomitee
VF+:	Vryheidsfront Plus
VF:	Vryheidsfront

VOC:	Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (<i>Vereenigde Oostindische Compagnie</i>)
VN:	Verenigde Nasies
VP:	Verenigde Party
VSA (USA):	Verenigde State van Amerika
VVK:	Volksraad Verkiesingskommissie
WAM:	White Afrikaner Male
ZABBV (BBV):	<i>Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermingsvereniging</i>
ZAR:	<i>Zuid-Afrikaansche Republiek</i>

INHOUDSOPGAWE

VERLARING	I
OPSOMMING	II
ABSTRACT	IV
AFKORTINGS	V
INHOUDSOPGAWE	VIII
LYS VAN FIGURE	XXIV
LYS VAN TABELLE	XXVI

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Motivering vir die onderwerp	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Sentrale teoretiese stelling	6
1.4 Metateoretiese raamwerk	7
1.4.1 Inleiding	7
1.4.2 Metateoretiese begronding	8
1.4.3 Analitiese raamwerk	8
1.4.3.1 Sosiale ingenieurswese	8
1.4.3.2 Die teorieë ter sprake by die vestiging van en verandering in Afrikaner-identiteit	9
1.4.3.3 Paradigmas betrokke by die interpretering van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit	10
1.4.4 Aard van die navorsing	10
1.4.4.1 Die navorsing is kwalitatief van aard	10

1.4.4.2	Die navorsing is deduktief van aard	10
1.4.4.3	Die navorsing is verkennend van aard	11
1.4.5	Samevatting.....	11
1.5	Literatuurstudie	12
1.6	Navorsingsvrae	16
1.7	Doelstellings	16
1.8	Hoofstukuitleg	17
HOOFSTUK 2: METATEORETIESE EN TEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE STUDIE..		21
2.1	Inleiding	21
2.2	Die konseptualisering van geselekteerde metateoretiese begrippe	22
2.2.1	Wetenskap.....	22
2.2.2	Dissipline	23
2.2.3	Tradisie.....	23
2.2.4	Paradigma en paradigmaverandering	24
2.2.5	Konseptuele of teoretiese raamwerke	27
2.2.5.1	Tipologie (klassifikasie/taksonomie)	28
2.2.5.2	Model	28
2.2.5.3	Teorie.....	29
2.3	'n Metateoretiese raamwerk vir die beoefening van politieke wetenskap	30
2.3.1	Die voorwetenskaplike konteks	30
2.3.2	Die wetenskaplike konteks	31
2.3.3	Die vakwetenskaplike konteks	31

2.3.4	Die teoretiese konteks	31
2.3.5	Die operasionele konteks.....	32
2.3.6	Gevolgtrekking.....	32
2.4	Die konseptualisering van belangrike terme by die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese	34
2.4.1	Identiteit	34
2.4.2	Volk, volksnasionalisme en nasie.....	37
2.4.3	Politieke sosialisasie	39
2.4.4	Mites, rites, tempels en priesters.....	39
2.4.5	Sosiale ingenieurswese	40
2.4.5.1	Kolonialisme.....	43
2.4.5.2	Republikanisme	44
2.4.5.3	Afrikanereenheid	46
2.4.5.4	Apartheid	46
2.4.5.5	Blankisme	47
2.4.5.6	Transformasie	47
2.4.5.7	Gevolgtrekking: Die uitwerking van sosiale ingenieurswese op identiteit.....	47
2.5	Die konstruksie van 'n analitiese raamwerk vir die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese	49
2.5.1	Inleiding	49
2.5.2	Voorwetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit.....	49
2.5.3	Wetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit	49
2.5.4	Vakwetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit.....	50

2.5.4.1	Inleiding	50
2.5.4.2	Paradigma A: Tref geen onderskeid tussen die Boer en die Kolonialer/Kaapse Afrikaner nie.....	Fout! Boekmerk nie gedefinieer nie.
2.5.4.3	Paradigma B: Tref onderskeid tussen die Boer en die Kolonialer/Kaapse Afrikaner	51
2.5.4.4	Hipotese C: Onderskei twee groepe, maar onderskei nie bepalend tussen die Boer en die Kolonialer nie	52
2.5.4.5	Gevolgtrekking	52
2.5.5	Die tipologieë, modelle en teorieë wat deel vorm van die analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese ..	56
2.5.5.1	'n Tipologie as deel van die analitiese raamwerk	56
2.5.5.2	Die Akkerbouer-Veeboer-model as deel van die analitiese raamwerk	57
2.5.5.3	Teorieë as deel van die analitiese raamwerk.....	59
2.5.6	Makroteorieë.....	59
2.5.6.1	Inleiding	59
2.5.6.2	Benedict Anderson se idee van die Verbeelde Gemeenskap	59
2.5.6.3	Die rol van die Kulturele Entrepreneur.....	61
2.5.6.4	Konflik en oorlog bevorder groepsbewussyn	62
2.5.7	Mikroteorieë	64
2.5.7.1	Inleiding	64
2.5.7.2	Sosiale Fenomenologie-teorie.....	64
2.5.7.3	Simboliese Interaksie-teorie	65
2.5.7.4	Gevolgtrekking en kommentaar.....	66
2.5.8	Die konstruksie van 'n analitiese raamwerk vir die studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese	66

2.6	Gevolgtrekking	68
HOOFSTUK 3: DIE VOORFASE VAN AFRIKANER-IDENTITEIT TYDENS DIE 17 ^{DE} EN 18 ^{DE} EEU.....		
		70
3.1	Inleiding	70
3.2	Historiese oorsig betreffende die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die 17 ^{de} eeu (fase 1) en die 18 ^{de} eeu (fase 2).....	71
3.2.1	Inleiding	71
3.2.2	Die Europese oorsprong van die Afrikanervoorsate	72
3.2.3	Die aankoms van Jan van Riebeeck	72
3.2.4	Die amptenary	73
3.2.5	Die Vryburgers.....	73
3.2.6	Groepsvorming en verskille tussen amptenare en Vryburgers ontwikkel.....	74
3.2.7	Die Trekboere en die Veeboerbeweging	75
3.2.8	Die Kaapse Patriotte, die uitroep van republieke en die Oranje-manne.....	76
3.2.8.1	Inleiding	76
3.2.8.2	Die Kaapse Patriotte	76
3.2.8.3	Die uitroep van republieke.....	76
3.2.8.4	Die Oranje-manne.....	77
3.2.9	Slagtersnek.....	77
3.2.10	Die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer.....	78
3.2.10.1	Inleiding	78
3.2.10.2	Die Proto-Afrikaner.....	78
3.2.10.3	Die Proto-Boer	79
3.2.11	Samevatting.....	80

3.3	’n Teoretiese verkenning van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese tydens die 17 ^{de} en 18 ^{de} eeu	81
3.3.1	Inleiding	81
3.3.2	Paradigmas rakende Afrikaner-identiteit	82
3.3.3	Die invloed van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2	83
3.3.4	Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar Afrikaner-identiteit.....	83
3.3.5	Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 1 en Fase 2 uit ’n makroteoretiese oogpunt beskou	84
3.3.5.1	Inleiding	84
3.3.5.2	Die rol van die teorie van ’n Verbeelde Gemeenskap.	84
3.3.5.3	Die rol van die Kulturele Entrepreneur.....	85
3.3.5.4	Die impak van konflik en oorlog.....	85
3.3.6	Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 1 en Fase 2 uit ’n mikroteoretiese oogpunt ontleed	87
3.3.6.1	Inleiding	87
3.3.6.2	Die rol van Sosiale Fenomenologie	87
3.3.6.3	Die rol van die teorie van Simboliese Interaksie	88
3.4	Die bespreking van die belangrikste historiese gebeure tydens fases 1 en 2 met verwysing na die paradigmas.....	89
3.4.1	Inleiding	89
3.4.2	Bespreking van kernverskille tussen paradigmas A en B ten opsigte van fases 1 en 2	89
3.5	Samevatting en gevolgtrekking rakende fases 1 en 2	90

HOOFSTUK 4: DIE PROTO-BOER ONTWIKKEL KULTURELE BEWUSWORDING, VOLKSBEWYSSYN EN VOLKIDENTITEIT.....	92
4.1 Inleiding	92
4.2 Die invloed van sosiale ingenieurswese op die identiteit van die Proto-Boer tydens die 19 ^{de} eeu (fase 3)	94
4.3 Paradigmas oor Afrikaner-identiteit van toepassing op die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer tydens die 19de eeu	94
4.4 'n Historiese grondslag vir identiteitsontwikkeling by die Proto-Boer	96
4.4.1 Inleiding	96
4.4.2 Identiteit en getalle van diegene wat aan die Groot Trek deelgeneem het	98
4.4.3 Waarom het die Proto-Boere getrek?	99
4.4.4 Gevolgtrekkings rakende 'n historiese basis vir identiteitsontwikkeling by die Proto- Boer en die latere Boer tydens die 19 ^{de} eeu	100
4.5 Het Afrikaner-identiteit tydens die Groot Trek en tydens die Twee Vryheidsoorloë ontwikkel?	100
4.5.1 Inleiding	100
4.5.2 Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boer tydens die Groot Trek asook tydens die Vryheidsoorloë	101
4.5.2.1 Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van die Akkerbouer-Veeboer- model	101
4.5.3 Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë	101
4.5.3.1 Inleiding	101
4.5.3.2 Die teorie van die Verbeelde Gemeenskap verklaar identiteitsontwikkeling by die Boervolk tydens die Groot Trek	102
4.5.3.3 Die impak van die teorie van die Verbeelde Gemeenskap tydens die Vryheidsoorloë	103

4.5.3.4	Gevolgtrekking betreffende die teorie van die Verbeelde Gemeenskap	103
4.5.4	Die teorie van die Kulturele Entrepreneur verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë	104
4.5.4.1	Die impak van die teorie van die Kulturele Entrepreneur op Boere-identiteit	104
4.5.5	Die teorie van Konflik en Oorlog verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë	105
4.5.5.1	Die impak van die teorie van Konflik en Oorlog	105
4.5.6	Die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë	106
4.5.6.1	Die impak van die teorie van Sosiale Fenomenologie	106
4.5.6.2	Vestiging van regerings, grondwette en republieke lei tot identiteit.....	106
4.5.6.3	Die vestiging van veiligheidstrukture (kommando's en leërs) en betrokkenheid by oorlog dra by tot die vestiging van identiteit by die Boervolk	107
4.5.6.4	Die Eerste Vryheidsoorlog, die Slag van Majuba en die ontwikkeling van identiteit	107
4.5.6.5	Die Tweede Vryheidsoorlog	108
4.5.6.6	Die verkryging van grondgebied vestig identiteit by die Boervolk.	108
4.5.6.7	Gevolgtrekking betreffende die teorie van Sosiale Fenomenologie en identiteitsontwikkeling by die Boervolk	109
4.5.7	Die teorie van Simboliese Interaksie verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boer tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë	111
4.5.7.1	Die impak van die teorie van Simboliese Interaksie.....	111
4.5.7.2	Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van Simboliese Interaksie en identiteit	112
4.6	Gevolgtrekking	112

HOOFTUK 5: DIE PROTO-AFRIKANER TOON VROEE TEKENS VAN VOLKSIDENTITEIT	114
5.1 Inleiding	114
5.2 Die invloed van Kolonialisme as vorm van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner tydens die 19 ^{de} eeu (fase 3)	117
5.2.1 Inleiding	117
5.2.2 Die Pro-Republikeinse Kolonialer.....	117
5.2.3 Die Pro-Koloniale Kolonialer	119
5.2.4 Die invloed van kolonialisme op die Kolonialer.....	119
5.2.5 Gevolgtrekking.....	120
5.3 Paradigmas wat tydens die 19de eeu (fase 3) op Afrikaner-identiteitsontwikkeling betrekking het	121
5.3.1 Inleiding	121
5.3.2 Die gebruik van die term Afrikaner	123
5.3.3 Onsekerheid oor die Afrikaner se ontstaan	123
5.3.3.1 Inleiding	123
5.3.3.2 Geen Afrikanereenheid voor 1850.....	124
5.3.3.3 Gevolgtrekking.....	125
5.3.4 Postulate oor die ontstaan van Afrikaner-identiteit en Afrikanernasionalisme.....	125
5.3.4.1 Inleiding	125
5.3.4.2 Postulaat een wentel om die stigting van die GRA, ZABBV en die Afrikanerbond.....	126
5.3.4.2.1(i) Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)	126
5.3.4.2.2(ii) Die Patriot stimuleer groepsbewussyn en volksidentiteit	127

5.3.4.2.3(iii) Antagonisme deur Pro-Koloniale Kolonialers openbaar	129
5.3.4.2.4(iv) Die ZABBV en die Afrikanerbond (Bond).....	130
5.3.4.2.5(v) Kommentaar	131
5.3.4.2.6(vi) Gevolgtrekking	132
5.3.4.3 Postulaat twee wentel om die situasie na die Majuba-oorwinning	133
5.3.4.3.1(i) Die situasie na die Majuba-oorwinning	133
5.3.4.3.2(ii) Kommentaar.....	135
5.3.4.3.3(iii) Gevolgtrekking	135
5.3.4.4 Postulaat drie wentel om die reaksie op die Tweede Vryheidsoorlog	136
5.3.4.4.1(i) Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op Afrikaner-identiteit	136
5.3.4.4.2(ii) Gevolgtrekking	137
5.3.4.5 Postulaat Vier wentel om sosiale ingenieurswese in die 20 ^{ste} eeu	137
5.3.4.5.1(i) Die rol van sosiale ingenieurswese	137
5.3.4.5.2(ii) Gevolgtrekking	138
5.4 Samevatting en gevolgtrekking	138

HOOFSTUK 6: DIE AFRIKANERNASIE EN AFRIKANER-IDENTITEIT ONSTAAN IN DIE 20^{STE} EEU..... 140

6.1 Inleiding	140
6.2 Vorme van sosiale ingenieurswese tydens die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu (fase 4).....	142
6.2.1 Kolonialisme bevorder Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu (Fase 4)	142
6.2.1.1 Direkte politieke geweld	143

6.2.1.2	Kulturele en strukturele geweld	145
6.2.1.3	Bespreking.....	146
6.2.2	Die vestiging van Afrikanereenheid bevorder Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu.....	146
6.2.2.1	Die gebruik van die term Afrikaner ter bevordering van Afrikaner-identiteit .	148
6.2.2.2	Die Boer is ontvanklik vir sosiale ingenieurswese	148
6.2.2.3	Die rol van Akademici, politici en die Afrikaner-elite by die vestiging van Afrikaner-identiteit	150
6.2.2.4	Die rol van politieke leiers in die vorming van Afrikaner-identiteit in die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu.....	152
6.2.2.5	Gevolgtrekking	153
6.2.3	Apartheid dra by tot die vestiging van Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu	154
6.2.4	Republikanisme dra by tot die vestiging van Afrikaner-identiteit.....	155
6.3	Die onderskeid tussen die Kulturele Erfenis van die boer en die Kaapse Afrikaner	155
6.3.1	Inleiding	155
6.3.2	Die kulturele erfenis van die Kolonialer of die latere Kaapse Afrikaner.....	156
6.3.3	Die kulturele erfenis van die Boervolk	157
6.3.4	Die vestiging van Afrikanerkultuur deur middel van sosiale ingenieurswese	161
6.3.4.1	Inleiding	161
6.3.4.2	'n Kombinasie van die Boerekultuur en die Kaapse Afrikanerkultuur vestig Afrikanerkultuur	161
6.3.4.3	'n Faset van een groep se kulturele erfenis word deel van die Afrikanerkultuur	162
6.3.4.4	Nuwe en kunsmatige instellings word deel van die Afrikanerkultuur	162

6.3.4.5	Sekere aspekte van die kulturele erfenisse by die onderskeie groepe bly afsonderlik en kom onveranderd en ongeïntegreerd binne Afrikanergeledere na vore.....	162
6.3.4.6	Nuutgevormde en gemengde Afrikanerkultuur lei tot verdeeldheid.....	162
6.3.4.7	Samevatting en gevolgtrekking	163
6.4	Die vestiging van Paradigma A teenoor Paradigma B	163
6.4.1	Inleiding	163
6.4.2	Paradigma A.....	164
6.4.2.1	Inleiding	164
6.4.2.2	Die boodskap of uitgangspunte van Paradigma A.....	166
6.4.3	Paradigma B.....	167
6.4.3.1	Inleiding	167
6.4.3.2	Die uitgangspunte van Paradigma B	167
6.4.4	Gevolgtrekking.....	169
6.5	Die teoretiese begroning vir die vestiging van Afrikaner-identiteit, tydens die toepassing van sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu	171
6.5.1	Inleiding	171
6.5.2	Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap vestig Afrikaner-identiteit.....	172
6.5.3	Die Kulturele Entrepreneur vestig Afrikaner-identiteit	173
6.5.4	Die teorie van Konflik en Oorlog vestig Afrikaner-identiteit.....	174
6.5.5	Die teorie van Simboliese Interaksie vestig Afrikaner-identiteit.....	175
6.5.6	Die teorie van Sosiale Fenomenologie vestig Afrikaner-identiteit	177
6.5.7	Gevolgtrekking rakende die teoretiese onderbou vir Afrikaner-identiteit	177
6.6	Samevatting en gevolgtrekking	178

HOOFSUK 7: AFRIKANER-IDENTITEIT KOM ONDER DRUK VANAF 1961 TOT 1994.....	181
7.1 Inleiding	181
7.2 Wegbeweging van “Afrikanereenheid” werk op Afrikaner-identiteit in	184
7.2.1 Inleiding	184
7.2.2 Die totstandkoming van die republiek in 1961 is onbevredigend	185
7.2.2.1 Inleiding	185
7.2.2.2 Die volksgesindes wou ’n republiek in die vorm van ’n volkstaat oprig.....	186
7.2.2.3 Die republiek (RSA) voldoen nie aan die volkstaat (gesindes) se verwagtings nie	187
7.2.3 Gevolgtrekking.....	188
7.3 Blankisme beïnvloed Afrikaner-identiteit.....	188
7.4 Die afskaffing van apartheid werk op Afrikaner-identiteit in	190
7.5 Die inploffing van die Broederbond en die Nasionale Party plaas Afrikaner-identiteit onder druk.....	191
7.6 Die Afrikaner hergroepeer tydens die laaste deel van die 20 ^{ste} eeu (Fase 5).....	192
7.6.1 Inleiding	192
7.6.2 Die Afrikaner verdeel in drie groepe na republiekwording (Fase 5)	193
7.6.2.1 Inleiding	193
7.6.2.2 Die Boer.....	193
7.6.2.3 Die Boere-Afrikaner of Afrikaner-Boer vorm ’n tussengroep.....	194
7.6.2.4 Die (liberale) Afrikaner.	195
7.6.3 Die vergelyking van Afrikanergroepe se gesindheid teenoor die regering se beleidsverskuiwing tydens die laaste helfte van die 20 ^{ste} eeu (Fase 5)	196
7.7 Opsomming en gevolgtrekking.....	197

HOOFSTUK 8: AFRIKANER-IDENTITEIT WORD ONDERDRUK VANAF 1994	199
8.1 Inleiding	199
8.2 Transformasie werk op Afrikaner-identiteit in	201
8.2.1 Inleiding	201
8.2.2 Transformasie in praktyk.....	202
8.2.3 Die Nasionale Demokratiese Revolusie en transformasie in Suid-Afrika	204
8.2.4 Transformasie onderdruk die Afrikaner se bestaan op alle lewensterreine en werk direk en indirek in op Afrikaner-identiteit	205
8.2.5 Gevolgtrekking.....	206
8.3 Die nuwe generasie Afrikaner diversifiseer in drie groepe	206
8.3.1 Inleiding	206
8.3.2 Die Boer van die 21 ^{ste} eeu.....	208
8.3.2.1 Boere-identiteit beskryf “gekose eer” en “gekose trauma”	208
8.3.2.2 Boere-identiteit kom toenemend na vore na 1970	209
i) AWB dien onafhanklikheidseis by die Verenigde Nasies in (1995).....	210
ii) Die Boeremag (2001-2002).....	210
iii) Die Majuba Deklarasie (2005).....	212
iv) Die Boerevolk Vryheidstigting (BVS).....	213
v) Die Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR).....	214
vi) Eis van die Orde Boerevolk.....	214
8.3.2.3 Samevatting	216
8.3.3 Die Afrikaner van die 21 ^{ste} eeu	216
8.3.4 Die Middelgroep Afrikaner van die 21 ^{ste} eeu	217

8.3.4.1	Die Boere-Afrikaner Raad van die VVK.....	217
8.3.4.2	Die Volksbond.....	218
8.3.4.3	Politieke partye	218
8.3.4.4	Burgerregte organisasie – AfriForum en vakbond – Solidariteit.....	218
8.3.4.5	Pretoria FM	219
8.3.4.6	TLU-SA.....	219
8.3.4.7	FAK.....	220
8.3.4.8	Die Verkennersbeweging van Suid-Afrika	220
8.3.4.9	Gevolgtrekking	220
8.4	Die verskillende benaderings van die Afrikaner-groepe teenoor transformasie	221
8.4.1	Inleiding	221
8.4.2	Gevolgtrekking.....	223
8.5	Konflik en oorlog-teorie verklaar identiteit.....	223
8.6	Samevatting en gevolgtrekking	224
HOOFSTUK 9: SLOTOPMERKINGS		225
9.1	Inleiding	225
9.2	Die teoretiese begronding van die studie	226
9.3	Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit is volgens verskillende Fases ontleed	227
9.3.1	Inleiding	227
9.3.2	Kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel tydens die 1600's en die 1700's.....	227
9.3.2.1	Sosiale ontwikkeling en paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit tydens die 1600's en 1700's	227

9.3.2.2	Sosiale ingenieurswese tydens die 1600's en 1700's.....	228
9.3.2.3	Gevolgtrekkings	228
9.3.3	Tydens die 1800's (Fase 3) tree die Boer en die Kaapse Afrikaner na vore	228
9.3.3.1	Inleiding	228
9.3.3.2	Die Proto-Boer en die Boervolk ontwikkel identiteit tydens Fase 3	229
9.3.3.3	Die Proto-Afrikaner ontwikkel groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit tydens Fase 3 (1800's).....	229
9.3.3.4	Paradigmaverskille tydens Fase 3.....	230
9.3.3.5	Die Afrikaner begin identiteit ontwikkel.....	230
9.3.4	Sosiale ingenieurswese gee aan Afrikaner-identiteit beslag in die eerste helfte van die 20 ^{ste} eeu	231
9.3.4.1	Paradigmas A en B ten opsigte van Afrikaner-identiteit kom tot stand.....	231
9.3.5	Blankisme plaas Afrikaner-identiteit onder druk	232
9.3.6	Onderdrukking deur middel van Transformasie stimuleer Afrikaner-identiteit	232
9.4	Is die navorsingsvrae beantwoord en die doelstellings bereik?	234
9.5	Slotsonderstelling.....	235
9.5.1	'n Moontlike oplossing	236
9.5.2	Ruimte vir verdere studie	236
	BIBLIOGRAFIE	238
	AANHANGSEL A	252

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1: 'n Analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese	12
Figuur 1.2: Die historiese fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het	17
Figuur 1.3: Die ses fases waardeur die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21ste eeu (BASA21) se identiteit, as uitkoms van sosiale ingenieurswese, sedert 1652, ontwikkel het	20
Figuur 2.1: Die ontwikkeling van teorieë gebaseer op die siening van Thomas Kuhn	26
Figuur 2.2: Kuhn se siening oor paradigmatverandering en wetenskapsrewolusie.....	26
Figuur 2.3: 'n Metateoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening in die algemeen.....	33
Figuur 2.4: Die ontwikkeling van identiteit en ideologie gebaseer op Degenaar (1987:233)	37
Figuur 2.5: Die uitwerking van sosiale ingenieurswese op identiteit	48
Figuur 2.6: 'n Analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese	67
Figuur 2.7: 'n Analitiese raamwerk vir Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese (uit 'n metateoretiese perspektief)	69
Figuur 3.1: Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese, soos ontleed vanuit die analitiese raamwerk en binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit (Fases 1 & 2)	71
Figuur 3.2: Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2.....	81
Figuur 4.1: Afrikaner-identiteit (die ontwikkeling van die Proto-Boer en die Boer) as uitkoms van sosiale ingenieurswese, binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit, tydens Fase 3	93
Figuur 4.2: Die Wieg van die Boervolk (ontwerp deur die skrywer op grond van Bruwer (1988:280) se data.....	97

Figuur 4.3: Sosiale Fenomenologiese ontwikkeling van strukture en identiteit by die Boervolk	110
Figuur 5.1: Die ontwikkeling van die identiteit by die Proto-Afrikaner as uitkoms van sosiale ingenieurswese, soos ontleed vanuit die analitiese raamwerk en binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit (Fase 3)	116
Figuur 5.2: Die onderskeid tussen die Pro-Koloniale Kolonialer en Pro-Republikeinse Kolonialer teenoor die Boer tydens die 19de eeu	121
Figuur 5.3: Die wisselwerking tussen die GRA, BBV en Afrikanerbond tydens die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn by die Kaapse Afrikaner	139
Figuur 6.1: Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20ste eeu onder invloed van sosiale ingenieurswese, vanuit 'n paradigmitiese perspektief	141
Figuur 6.2: Sosiopolitiese rywordingsfases binne 'n pioniersgroep gebaseer op Gladwell (2008:151-158)	152
Figuur 6.3: Jopie Fourie, die Boererebel, word as 'Afrikanerheld' gemitologiseer	166
Figuur 6.4: Die historiese inhoud ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, gebaseer op die uitgangspunte van Paradigmas A en B	170
Figuur 6.5: Die Afrikaner kom tot stand deur samevoeging van die Kaapse Afrikaner en die Boer deur middel van sosiale ingenieurswese, onder invloed van Paradigma A, soos verklaar deur die analitiese raamwerk tydens Fase 4	180
Figuur 7.1: Die Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 5 (1961 tot 1994)	184
Figuur 8.1: Fase 6 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling (1994 tot 2021~)	201
Figuur 8.2: Die Vierkleur van die ZAR verteenwoordig die simbool van <i>gekose eer</i> by die Boervolk	209

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1:	Vergelyking van die uitgangspunte van Paradigma A en Paradigma B	53
Tabel 2.2:	Verspreiding of gebruik van die terme <i>Boer</i> en <i>Afrikaner</i> in verskillende bronne ..	55
Tabel 3.1:	Die uitgangspunte van Paradigmas A en B tydens die historiese Fases 1 en 2 ...	83
Tabel 4.1:	Paradigmas A en B ten opsigte van identiteitsontwikkeling by die Afrikaner in die 19de eeu.....	96
Tabel 4.2:	Belangrike konfliktsituasies in die Boervolk se geskiedenis gedurende die 19de eeu	105
Tabel 5.1:	Die uitgangspunte van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit soos van toepassing vir Fase 3.....	122
Tabel 6.1:	Vryheidsmomente in die geskiedenis van die Boervolk tydens Fase 4.....	158
Tabel 6.2:	'n Vergelyking van die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner en die vestiging van Afrikanerkultuur	159
Tabel 6.3:	Belangrike simboliese en geskiedkundige gebeure by die skepping van 'n Afrikanernasie.....	176
Tabel 7.1:	Buite-parlementêre organisasies wat hulle op die een of ander manier vir 'n volkstaat beywer het (Robbertze, 1996:39).....	186
Tabel 7.2:	'n Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-Afrikaner en die Afrikaner ten opsigte van gebeure, verskynsels en die liberale rigting wat die NP tydens die tweede helfte van die 20ste eeu ingeslaan het.....	196
Tabel 8.1:	Vryheidspogings van sommige organisasies van die Boervolk ná 1994.....	214
Tabel 8.2:	Regse organisasies, wat veral na 1994 ontstaan (Bron Mnr Steyn Van Ronge, AWB)	215
Tabel 8.3:	'n Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-Afrikaner en die Afrikaner, ten opsigte van transformasie, instellings en gebeure in die 21ste eeu.	221

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Motivering vir die onderwerp

Baie Afrikaners van die 21^{ste} eeu is geheel en al verward ten opsigte van hulle identiteit. Vrae word gestel, soos: Wie is “ons”? Waar kom “ons” vandaan? Waar gaan “ons” heen? Die vorming van verskeie groepe en uiteenlopende ingesteldhede onder Afrikaanssprekende blankes tydens die gebeure by Senekal¹ op 16 Oktober 2020, is ’n praktiese demonstrasie van die verdeeldheid en selfs verwardheid ten opsigte van identiteit, visie en missie van die hedendaagse Afrikaner (Volksblad, 19 Oktober 2020).

Bogenoemde stellings en vrae gee aanleiding tot meer indringende vrae, soos: Hoe het die Afrikaner tot stand gekom? Hoe is Afrikaner-identiteit en Afrikanernasionalisme gevorm? Waarom is die Afrikaner so verdeeld?

Die verskynsel van verdeeldheid word inderdaad histories reeds meer as twee eeue lank waargeneem en hang nou saam met identiteit, of ’n gebrek daaraan. Uiteenlopende identiteitsgekoppelde terme word tans arbitrêr en lukraak deur persone binne Afrikanergeledere gebruik om hulself te identifiseer, soos: Boer, Afrikaner, Boere-Afrikaner, Afrikaanses, Opregte Afrikaner, Afrikaner-Boer, Behoudende Afrikaner, Blanke, Republikeinse Afrikaner, Blanke Afrikaner, Konserwatiewe Afrikaner, Blanke Suid-Afrikaner, Afrikaan en Suid-Afrikaner. Verdere terme soos verkramp, verlig, verregs, ekstremiste en radikaal, word deur kommentators gebruik om mense te etiketteer en te stereotipeer en veroorsaak verdere verwarring en verdeeldheid. Ter wille van duidelikheid ten opsigte van hierdie verwarrende begrippe, word in hierdie navorsing, wanneer van toepassing, die term *Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu* (BASA21) as die insluitende term, wat al hierdie moontlike terme ondervang, gebruik.

Die term *identiteit* behels ’n baie breë begrip en sluit meer in as net die koppeling aan ’n naam. Dit sluit onder andere kulturele identiteit, geslagsoriëntering, groepsbetrokkenheid, ideologiese betrokkenheid en nasionale identiteit in. Aangeleenthede soos ras, volk, familie, taal- en kultuurgemeenskap met ’n eie geskiedenis, kom ter sprake (Du Toit, 2019b:1). Die kriteria wat nodig is om identiteit te vestig, word in Hoofstuk 2.4.1 volledig bespreek en gedefinieer. Vir die

¹ Die gebeure by Senekal verwys na die reaksie en optrede van Afrikaanssprekende Blankes, na aanleiding van ’n “teregstellende” en brutale moord op ’n jong blanke boer naby Senekal. Die EFF het die beswaardes uitgedaag tot konfrontasie tydens die opvolgende hofdag. Uiteenlopende benaderings, groeperings en weergawes is daarna gevorm. Uiteenlopende menings is oor die verwarring en verdeeldheid gepostuleer.

doel van hierdie studie word identiteit gekoppel aan 'n groepsbewussyn en groepsidentiteit wat tot 'n volksidentiteit en soms ook tot 'n nasionale identiteit kan ontwikkel.

Afrikaner-identiteit is 'n debatteerbare onderwerp, soos beklemtoon en gedemonstreer deur die bestaan van verskeie identiteite wat deur die verloop van die geskiedenis aan die Afrikaner gekoppel is. Verder is identiteit 'n dinamiese verskynsel wat, as gevolg van eksterne en interne faktore, voortdurend verander en ontwikkel. Een van hierdie faktore is die toepassing van verskillende vorme van sosiale ingenieurswese deur eksterne regeringsvorme of regimes. Die regimes sluit in: die *Vereenigde Oostindische Compagnie* (VOC) uit Nederland, die Britse koloniale regime, die regerings (of regimes) van die Unie van Suid-Afrika, die Republiek van Suid-Afrika (RSA) onder die Nasionale Party (NP) en tans onder die regime van die ANC.

Sosiale ingenieurswese van toepassing op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, sluit in: die toepassing en afdwing van koloniale beleid, die ontwikkeling van Afrikanereenheid, die toepassing van apartheid, die vestiging van Afrikanernasionalisme, later "blankisme" en tans die afdwing van transformasie. Gepaardgaande met bogenoemde vind die ontwikkeling van republikaanse plaas. Alhoewel republikaanse 'n regeringsvorm verteenwoordig en ook as 'n vorm van sosiale ingenieurswese kan voordoen, neem republikaanse in hierdie navorsing meer die vorm van 'n ideologie aan. Die term *republikaanse* word gebruik in die konteks van 'n ideologie wat vryheid, onafhanklikheid, selfregering en volksisme verteenwoordig.²

Verder word gekonsentreer op die teoretiese grondslag waarop Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese ontwikkel het. Hierdie interaksie tussen Afrikaner-identiteit en sosiale ingenieurswese word in historiese fases aangebied en geskied teen die agtergrond van twee paradigmas rakende die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner. Die geldigheid al dan nie van die twee paradigmas word in Hoofstukke 3, 4, 5 en 6 beskryf en tydens die verskillende historiese fases vergelyk en ontleed.

Sosiale ingenieurswese kan beskou word as die aksies en maatreëls wat toegepas word om 'n individu (groep of groepe) sosiaal/kultureel/polities doelmatig te vervorm of te beïnvloed (*moulding*), "*thereby improving human beings and making them more socially [ook kultureel en/of polities] compatible*" (Baradat, 2012:112-113). Hierdie begrip hang nou saam met die begrip van politieke sosialisasie.³ Politieke sosialisasie behels die prosesse waardeur mense se waardes as individue en as 'n groep beïnvloed en ontwikkel word (Labuschagne, 2001:89). Sosiale

² **Volksisme** is 'n neologisme, wat dui op die ingesteldheid om as groep te streef na volkswording.

³ **Politieke sosialisasie:** Die invloede en opvoedingsprosesse waaraan 'n individu binne 'n bepaalde samelewing en gemeenskap onderwerp word om sy/haar sosiale, kulturele en politieke bewuswording, wat insluit waardes, benaderings, gesindheid, menings, optredes en identiteit, te vorm en te vestig.

ingenieurswese en politieke sosialisasie oefen 'n direkte invloed uit op die totstandkoming van die identiteit van individue en groepe en word in diepte in Hoofstuk 2.4.3 bespreek.

Hierdie navorsing is derhalwe toegespits op die ontleding van die teoretiese basis vir die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, sekondêr tot die totstandkoming van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn asook 'n nasionale bewussyn, onder invloed van sosiale ingenieurswese, soos waargeneem en beskryf vanuit die hoek van 'n spesifieke paradigma. Die benaderings of uitgangspunte van die twee belangrikste paradigmas rakende Afrikaner-identiteit, word tydens die beskrywing van die onderskeie historiese fases, teen mekaar opgeweeg en word later in meer besonderhede verduidelik (vergelyk Degenaar, 1987:233).

1.2 Probleemstelling

Die navorsing handel primêr oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaner-identiteit onder die invloed van sosiale ingenieurswese. Die historiese fases van ontwikkeling van Afrikaner-identiteit strek oor meer as drie eeue heen. Afrikaner-identiteit is veral in die 20^{ste} eeu deur die sosiale ingenieurs indirek of direk, en/óf onwetend óf doelbewus deur middel van sosiale ingenieurswese wesenlik gemanipuleer. 'n Doelbewuste en toegewyde program van sosiale ingenieurswese is veral tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu deur sosiale ingenieurs op die Afrikaner toegepas (Deist, 2002:73).

'n Gedeelte van hierdie program was volgens Ferdinandt Deist (2002:72-73) die skepping van 'n fiktiewe identiteit, naamlik die Afrikanernasie, en berus op 'n bepaalde paradigma oor die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner. Hierdie paradigma is in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu deur die Afrikaner-elite tydens die toepassing van sosiale ingenieurswese gevestig, en deur die toepassing van 'n bepaalde geldende mening⁴ in stand gehou en uitgebou. Ander paradigmas rakende Afrikaner-identiteit is tegelykertyd nie staanplek gegun nie. Daar bestaan dus min bronne wat die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in historiese fases indeel en ontleed (Malina, 2006:283; Stromberg, 1999:23).

Ten opsigte van die paradigmas oor die Afrikaner stel Degenaar (1987:231): “Die botsende interpretasies wat rakende Afrikaner-nasionalisme gegee word, dui op 'n verskeidenheid paradigmas wat gebruik kan word om 'n historiese verskynsel te verstaan.” Ten opsigte hiervan

⁴ **Geldende mening** behels 'n verskynsel waar 'n paradigma binne 'n spesifieke veld in 'n bepaalde rigting of interpretasie “bestuur” word. 'n Navorser se onderwerp, die vraag wat tydens 'n navorsingsprojek gevra sowel as die antwoord wat verkry word, word volgens dié beskouing, wat gewoonlik deur die elite bepaal is, gedikteer. Indien 'n voornemende navorser of skrywer buite die geldende mening beweeg, word nagraadse navorsing nie goedgekeur, gefinansier of in die vakliteratuur gepubliseer nie (Malina, 2006:283).

redeneer Hermann Giliomee (2016b), bekende skrywer en kennis van die Afrikaner, dat sommige twintigste-eeuse outeurs, soos Kotze, Thom, Van Jaarsveld en Van Schoor, die ontwikkeling van die Afrikaner *primordialisties* beskou deur te beweer dat die Afrikaner reeds by die “volksplanting” met die aankoms van Jan van Riebeeck ontstaan het. Die heersende of algemene paradigma wat gedurende die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, berus onder andere op ’n benadering van primordialisme. Dit is en word deur baie akademici en geskiedskrywers ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaner, asook Afrikaner-identiteit, tot vandag toe gehandhaaf. ’n Belangrike faset van die heersende siening is dat daar geen onderskeid tussen die Boer en die Afrikaner getref word nie. Trouens Boer en Afrikaner word as sinonieme gebruik.

In teenstelling met die heersende siening, bestaan daar ook alternatiewe standpunte oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. Bruwer (1988:82) argumenteer byvoorbeeld dat dit foutief is om van ’n staatkundige veronderstelling uit te gaan deur aan te neem dat: “die begin van die staatkundige bedeling aan die Kaap⁵ in 1652, *ipso facto* beteken dat dit ook die begin van die Afrikanervolk was”. Die alternatiewe benaderings gaan, onder andere, van die standpunt uit dat die aanvanklike ontwikkeling en ontstaan van twee onderskeibare groepe (*Boer* en *Kolonialer*) erken en uitgelig behoort te word. Hierdie twee groepe het, volgens die alternatiewe paradigma, reeds bestaan vóór die totstandkoming van ’n Afrikanernasie. Die geldigheid van hierdie veronderstelling word in hierdie navorsing as probleemstelling ontleed deur onder andere die Boer en die Kolonialer se onafhanklike ontstaan en ontwikkeling krities te vergelyk en te ontleed. Terselfdertyd word die twee paradigmas met mekaar vergelyk. Tydens die vergelyking word daar veral klem gelê op die teoretiese basis waarop identiteit by die twee groepe gevestig is.

Die sosiale ingenieurswese-proses in die 20^{ste} eeu lê ook klem op die teoretiese grondslag vir die ontstaan van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en die Afrikanernasie. Die rol wat die Afrikaner-elite as toepassers van sosiale ingenieurswese speel, word vanuit ’n teoretiese oogpunt geëvalueer (Deist, 2002:73). Die gevolglike spesifieke tradisie en paradigma oor Afrikaner-identiteit, wat binne die verskillende vakwetenskaplike dissiplines en by die meeste akademiese inrigtings ontstaan het en gehandhaaf is, word ontleed. Die uitbou en bevordering van alternatiewe sienings oor Afrikaner-identiteit is deur die handhawing van die geldende mening verhinder en is dus nie vrylik beskikbaar nie. Dit lei daartoe dat die navorser verplig is om alternatiewe aannames en afleidings oor ’n alternatiewe paradigma te postuleer. In hierdie navorsing word beide paradigmas volledig verken en ontleed. Een van die redes waarom historiese fases van die ontwikkeling van die Afrikaner nie eksplisiet aangedui word nie, is

⁵ **Die Kaap** verwys na die nedersetting om die Kaapse hawe, later ’n dorp en uiteindelik ’n stad. Dit kan ook verwys na die streek, provinsie of kolonie. Die konteks waarin dit gebruik word moet in gedagte gehou word.

waarskynlik juis vanweë die uiteenlopendheid van bestaande domeinaannames, tradisies en paradigmas oor die ontstaan van die Afrikaner, Afrikaner-identiteit en Afrikaner-nasionalisme.

Hierdie navorsing is dus toegespits op die ontleding van die oorsprong en die verskillende historiese fases van identiteitsontwikkeling by die Afrikaner asook die impak wat sosiale ingenieurswese daarop gehad het.

Soos reeds gemeld, is dit nodig om die ontwikkeling van die Boer en die Koloniale vanuit 'n teoretiese grondslag afsonderlik te ontleed, sodat die twee paradigmas se uitgangspunte sinvol met mekaar vergelyk kan word. Verder is dit nodig om die twee groepe se voorsate se unieke kulturele erfenisse wat ontstaan het, te vergelyk. Dit word regdeur die studie uitgelig, maar in Hoofstukke 6 en 7 volledig vergelyk en bespreek. Hierdie inligting kan moontlik daartoe bydra dat sinvolle ontleding oor die proses van sosiale ingenieurswese gedoen word en kan die moontlike verwarring oor die identiteit van BASA21 verklaar.

Die laaste fase van identiteitsontwikkeling van die Afrikaner vind ná 1994 plaas. Met die toepassing van transformasie en die gepaardgaande agteruitgang en uitfasering van die Nasionale Party (NP) en die Afrikaner Broederbond (ook bekend as die AB), het die ondersteuningsbasis vir die handhawing van die fiktiewe Afrikanernasie en die gepaardgaande paradoksale Afrikanereenheid ineengestort (Blaser & Van der Westhuizen, 2012:3). Afrikaner-identiteit het daarom onder die gelede van BASA21 in 'n vakuum beland, met die gevolg dat die verskillende en uiteenlopende kulturele erfenisse van die Kaapse Afrikaner en die Boer tans weer prominent en onderskeibaar na vore tree en waargeneem kan word. Hierdie verskille en die verwardheid ten opsigte van Afrikaner-identiteit wat tans onder BASA21 waarneembaar is, word ontleed, en die invloed wat die uiteenlopende kulturele erfenisse van die twee groepe op die huidige identiteitsverwardheid en verdeeldheid uitoefen, sal verder volledig ontleed word.

Tydens Fase 6 (Figuur 1.2 & 1.3) word die Afrikaner aan transformasie blootgestel. Dit het daartoe gelei dat die Afrikaner van die 21^{ste} eeu tans nie net meer verward is en in 'n vakuum verkeer nie, maar selfs in 'n oorlewingstryd gewikkel is. Duvenhage (2018:12) beskryf BASA21 as:

'n Kleinerwordende, ouerwordende bevolking in diaspora, gekonfronteer met groterwordende sosiale, ekonomiese en politieke uitdagings, sonder 'n toekomsvisie vasgevang in 'n krimpende dampkring waar persoonlike oorlewing en eiebelang vooropgestel word.

Die lig wat hierdie navorsing op Afrikaner-identiteit werp, kan moontlik bydra tot die verstaan van die oorsake van die krisis waarbinne die Afrikaner hom tans bevind. Dit sal waarskynlik 'n bydrae lewer tot die skep van 'n nuwe paradigma en mite, wat as deel van 'n oplossing vir die krisis binne

die geledere van BASA21 kan dien (Duvenhage 2018:13, 19, 21). Hierdie nuwe paradigma en mite kan die onderwerp vir verdere studie wees en sal nie in hierdie dissertasie ontleed kan word nie.

1.3 Sentrale teoretiese stelling

Kulturele identiteite ontwikkel voortdurend dinamies, en identiteitsbewussyn word ten tye van verandering uitgedaag om te vernuwe deur positief óf negatief aan te pas. Hierdie aanpassing geskied hetsy deur te groei, of deur alternatiewelik te degradeer of te verval. Ideologiesgedrewe, staatsgeoriënteerde of regime-gekoppelde programme kan dus deur die toepassing van sosiale ingenieurswese bepalend inwerk op die vorming en ontwikkeling van 'n bepaalde kulturele identiteit deur hetsy groei, of andersyds agteruitgang en verval, teweeg te bring.

Tydens die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit oor 'n tydperk van meer as drie eeue heen het verskillende vorme van sosiale ingenieurswese en ideologies gevestigde denkpatrone, soos kolonialisme, apartheid, Afrikanernasionalisme, blankisme en transformasie, op die voorsate van en op die Afrikanernasie self, ingewerk.

Hierdie inwerking van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit duur steeds voort en het tot verskillende grade van vooruitgang en/of agteruitgang van identiteit by die Afrikaner gelei. Hierdie verandering van identiteit by die Afrikaner en sy voorsate, sal volgens bepaalde teorieë geëvalueer en verduidelik word.

Die evaluering en verduideliking van die Afrikaner se identiteitsontwikkeling word vanuit die invalshoeke van twee uiteenlopende paradigmas geëvalueer. Hierdie paradigmas verteenwoordig nie 'n semantiese standpunt oor die "benamings van die Afrikaner" nie, maar verteenwoordig die persepsies rakende die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit. Paradigma A ondersteun die historiese ontwikkeling van die Afrikaner as 'n "eenheid" sedert 'n "volksplanting" tot en met die hedendaagse Afrikaner. Paradigma B ondersteun die uitgangspunt dat die Boer en die Kaapse Afrikaner as twee aparte groeperinge ontwikkel het, en dat die twee groepe tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu deur 'n proses van sosiale ingenieurswese saamgevoeg is om die "moderne Afrikaner" tot stand te bring. Die verdienstelikheid of geldigheid van elke paradigma word tydens die onderskeie fases geweeg en vergelyk.

1.4 Metateoretiese raamwerk

1.4.1 Inleiding

Om die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese as wetenskaplike studie te regverdig, is dit nodig om 'n teoretiese grondslag te lê en 'n analitiese raamwerk teen die agtergrond van 'n metateoretiese perspektief op te stel.

Om dit te bereik, moet sekere metateoretiese begrippe, soos sosiale wetenskap, dissipline, tradisie en paradigma, wat deel van die teoretiese basis vorm, eers gekonseptualiseer word. Verder moet begrippe soos: sosiale ingenieurswese (wat kolonialisme, apartheid, Afrikanernasionalisme, blankisme en transformasie insluit), identiteit, volk, nasie, volksnasionisme en mites, ook gekonseptualiseer word. Hierdie begrippe word geïntegreer as deel van die operasionele konteks (voorwetenskaplik, wetenskaplik, vakwetenskaplik en teoreties) binne die toepassing van die analitiese raamwerk (Figure 2.6 & 2.7 en Hoofstuk 2).

In hierdie studie sal eerstens 'n metateoretiese grondslag gelê word waarin die voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike konteks, waarbinne 'n analitiese raamwerk van tipologieë, modelle en teorieë ontwikkel kan word, beskou sal word. Die analitiese raamwerk sal gebruik word om die verskynsel van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese op kwalitatiewe en deduktiewe wyse te verken. Hierdie verkenning sal volgens 'n bepaalde paradigma, binne die raamwerk van historiese fasering van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit vanaf die 17^{de} eeu tot vandag toe, geskied (Figuur 1.1 & 1.2).

Bykomend tot, en gepaardgaande met die uitbouing van apartheid, is Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme gevestig. Ter wille van die totstandkoming en bevordering van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme, is Paradigma A oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gevestig en word dit as heersende siening en geldende mening gehandhaaf. Die alternatiewe siening, wat as Paradigma B in hierdie navorsing ondersoek word, daag sekere aspekte van Paradigma A uit. Hierdie konflik word in die studie volledig ondersoek.

Een van die gevolge van die bestaan van twee paradigmas is dat onsekerheid en verwarring oor identiteit by die subjekte (diegene op wie die sosiale ingenieurswese-proses gerig is), kan bestaan. Dit gee daartoe aanleiding dat Afrikaner-identiteit in die besonder tot so 'n mate blootgestel is dat die bestaan en selfs die toekoms van die Afrikaner in 'n krisis verkeer.

Die volledige vergelyking en verstaan van die twee paradigmas oor die *ontstaan* en *ontwikkeling* van Afrikaner-identiteit, asook moontlike uitkoms vir die negatiewe resultate van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit, word in hierdie studie verken.

1.4.2 Metateoretiese begronding

Daar bestaan veelvuldige definisies vir metateorie, maar dit kan beskou word as die teorie oor teorie (Stegen, 2018:34); met ander woorde dit lê die grondslag waarop die teoretiese (analitiese) raamwerk opgerig kan word. Dit behels dat die soeke en ordening van kennis of waarheid, binne die konteks van 'n voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike ingesteldheid, geskied. Hierdie aspekte word in Hoofstuk 2 volledig bespreek en lê die grondslag vir die konstruksie van 'n analitiese raamwerk vir die studie. Klem word in die besonder gelê op die konseptualisering van identiteit, sosiale ingenieurswese en paradigma.

1.4.3 Analitiese raamwerk

Daar bestaan verskeie definisies vir 'n *analitiese raamwerk*. Dit kan beskou word as 'n kombinasie van konsepte wat deur kwalitatiewe analise gevorm is en gebruik kan word om sosiale verskynsels te verduidelik en te verklaar (Stegen, 2018:60). Dit vorm in hierdie studie die raamwerk waarbinne die navorsing geskied. Hierdie aspekte word bloot kortliks genoem en sal in Hoofstuk 2.2 volledig verduidelik word.

Die analitiese raamwerk wat vir hierdie studie ontwikkel is, bestaan uit die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese, wat tot die verandering van identiteit, tydens die verskillende historiese fases binne die uitgangspunte van die besondere paradigma, aanleiding gee. Die verskillende teorieë verklaar die vestiging en/of veranderinge van Afrikaner-identiteit.

1.4.3.1 Sosiale ingenieurswese

Sosiale of maatskaplike ingenieurswese is 'n begrip wat aan die begin van die 20^{ste} eeu beskryf is en vorm die teoretiese grondslag wat tot die verandering in identiteit aanleiding gee; dit word volledig in Hoofstuk 2.4.5 gekonseptualiseer (Baradat, 2012:112-113; Miller, 1993:657). In hierdie studie kan sosiale ingenieurswese (of *sosioïeniëring*) voorlopig “binne 'n breër verwysingsraamwerk voorgehou word as 'n vorm van sentrale beplanning ('top-down') om sosiale verandering te probeer bewerkstellig deur regulatief die gedrag en ontwikkeling van die samelewing te bestuur en ook te beheer” (Duvenhage 2021:6). Die konseptualisering van sosiale ingenieurswese word in Hoofstuk 2 verder uiteengesit. Sosiale ingenieurswese sluit in hierdie studie die volgende vorme in: kolonialisme, apartheid, Afrikanernasionalisme, blankisme en transformasie. Hierdie verskillende vorme van sosiale ingenieurswese speel 'n rol tydens die verskillende historiese fases waartydens die vestiging van en verandering in Afrikaner-identiteit plaasvind. In Hoofstuk 2 word die drie komponente wat by die proses van sosiale ingenieurswese ter sprake is, naamlik die sosiale ingenieurs, die subjekte en die “simboliese inhoud van die

bouprojek” (data oor die vestiging van die paradigma of mite) volledig ontleed (Blignaut, 2019; Roos, 2015:1174).

1.4.3.2 Die teorieë ter sprake by die vestiging van en verandering in Afrikaner-identiteit

Die teorieë wat in hierdie navorsing toegepas word, verduidelik/verklaar hoe identiteit ontstaan en beïnvloed word. Identiteit word veral gemeet aan die mate van groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit wat by ’n bepaalde gemeenskap ontstaan. Faktore wat ’n rol in die ontwikkeling van identiteit speel, sluit in: eksterne bedreigings, die skepping van simbole en mites, die ontwikkeling van strukture en veral die ontstaan van ’n begrip van en onderskeiding tussen “ons” en “hulle” (Cleary, 2019:4-6; Harari, 2015:195-196). ’n Tipologie, model en verskillende teorieë word gebruik om die ontwikkeling en verandering van Afrikaner-identiteit te beskryf (Figuur 1.1).

Omdat identiteit ’n wye veld dek, is van die teorieë ook uit die veld van die geskiedenis ontleen. Dit sluit twee mikroteorieë in, naamlik: sosiale fenomenologie (Garfinkel 1978:281; Haas 1990:10) en simboliese interaksieteorie (Aksana *et al.*, 2009; Blignaut, 2019). Beide verklaar die ontwikkeling van identiteit by kleiner groeperings en word in Hoofstuk 2.5.7 volledig bespreek. Die analitiese raamwerk sluit ook twee makroteorieë in, naamlik: Benedict Anderson se idee van die “verbeelde gemeenskap” asook die “kulturele entrepreneur” (Anderson, 2006:5-7; Hutchinson, 1987:1-2). Beide verklaar hoe identiteit by groter groepe ontwikkel en word in Hoofstuk 2.5.6 volledig bespreek. Die effek wat konflik en oorlog op die samebinding van groepe het, word as ’n makroteorie aangewend, hoewel dit ook as mikroteorie kan dien (Gladwell, 2008:166-167; Haas, 1982:61). Carneiro se stappe van staatsvorming (Haas, 1990:10) word as tipologiese raamwerk gebied, waar verduidelik word hoe klein familiegroepe met groter groepe saamsmelt om uiteindelik ’n staat te vorm. Na analogie hiervan word die ontwikkeling van die *Boervolk*⁶ tydens die Groot Trek verduidelik. Die verskil in kulturele erfenis tussen die akkerbouwer en veeboer word as model gebruik om die verskil tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner te verduidelik en word met die stereotipering van groepe Amerikaners vergelyk (Gladwell, 2008:166-167).

⁶ *Boervolk* en *Boerevolk* word beide as die korrekte benaming verklaar deur Kritzinger *et al.*, (1956: s.v. *Boervolk/Boerevolk*). ’n Kort meningsopname in Augustus 2021 toon die gebruik 50:50. In hierdie studie, word merendeels na die *Boervolk* verwys.

1.4.3.3 Paradigmas betrokke by die interpretering van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit

Die konseptualisering van die term *paradigma* word in Hoofstuk 2.5.4 gedoen (Du Toit, 2019a:5; Duvenhage, 1994:37; Kuhn, 1970:10). Die verskillende paradigmas wat by die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit ter sprake is, word in Hoofstuk 2.5.4.2 en 2.5.4.3 bespreek, en in Hoofstukke 3-6 tydens die verskillende historiese fases vergelyk.

1.4.4 Aard van die navorsing

Die navorsing is kwalitatief, deduktief en verkennend van aard.

1.4.4.1 Die navorsing is kwalitatief van aard

'n Kwalitatiewe benadering beoordeel die aard, gesteldheid, waarde of gehalte van 'n stelling. In kwalitatiewe navorsing word teorie toegepas om gedrag te verklaar of om as lens (loep) te dien, waardeur die navorsingsvraag gevorm en die data versamel en ontleed kan word. Bestaande bronne word dus in die konteks van die analitiese raamwerk kwalitatief ontleed en geïnterpreteer (Schurink, 2010:422). Hierdie interpretasie geskied dus nie normatief nie en waardebepalings word nie oor stellings gemaak nie.

1.4.4.2 Die navorsing is deduktief van aard

Die navorsing is deduktief of afleidend van aard. Dit sal die aard van die verhouding tussen voorveronderstellings en die gevolgtrekkings rakende geldige argumente verduidelik. By deduktiewe stellings is empiriese evaluering nie van toepassing nie, want, indien die voorveronderstelling waar is, bevestig die gevolgtrekking die hipotese deur regverdiging. Deduktiewe logika word daarom in die konteks van geldigheid gebruik om teorieë te toets en vervul 'n toenemend groter rol in die konteks van verkenning en ontdekking (Kant 2015:18-19). Van den Berg (2018:42) stel dat deduktiewe logika vanuit die algemene na die spesifieke beweeg en stel verder dat die logika met 'n teorie of hipotese begin, waarna dit op die waarneming van verskynsels in die wêreld toegepas word. Hierdie verskynsels word dan deur toetsing as óf bewese óf verworpe beskou.

Inligting en stellings wat in hierdie navorsing verken word, word deduktief volgens 'n analitiese raamwerk tydens die verskillende historiese fases van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, beoordeel en aangebied.


1.4.4.3 Die navorsing is verkennend van aard

Verkennde navorsing word onderneem wanneer 'n onderwerp betreklik nuut of nog nie in diepte bestudeer is nie (Webb & Auriacombe, 2006:590). Dit word soms as 'n loodsondersoek bestempel. Die nadeel van verkennende navorsing is dat dit nie noodwendig tot bevredigende antwoorde op die navorsingsvrae lei nie, maar die verkennende navorsing kan wel aanduidend wees van moontlike antwoorde en kan insig bied ten opsigte van toepaslike navorsingmetodes wat benut kan word om die antwoorde te verkry.

Navorsing beoog in hierdie studie om die historiese fases van identiteitsontwikkeling van die Afrikaner te verken, terwyl klem geplaas word op 'n benadering dat die Afrikaner se ontwikkeling aan sosiale ingenieurswese gekoppel is. Die siening dat die Afrikanernasie aan die begin van die 20^{ste} eeu deur die samevoeging van twee uiteenlopende groepe tot stand gekom het, is 'n betreklik nuwe benadering of paradigma in die akademie, en die standpunt word nie in die breë deur historici en akademici ondersteun nie. In hierdie lig word die navorsing as 'n verkennende studie aangebied. Die oplossing wat vir die identiteitskrisis van die Afrikaner gepostuleer word, kan aanduidend wees van moontlike antwoorde op bestaande vrae. Verder kan dit nuwe navorsing oor alternatiewe paradigmas rakende Afrikaner-identiteit stimuleer.

1.4.5 Samevatting

'n Kwalitatiewe, deduktiewe en verkennende studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese word onderneem, en word teoreties gegrond op 'n analitiese raamwerk wat vanuit 'n bepaalde paradigma gekonstrueer is en berus op toepaslike tipologieë, modelle en teorieë (Figure 1.1 en 1.3).



Figuur 1.1: 'n Analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese

1.5 Literatuurstudie

1.5.1 Inleiding

Die kern van die verhandeling draai om die literatuurstudie. Aan die begin van die 20^{ste} eeu was die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 20^{ste} eeu (BASA20) kultureel, polities en ekonomies in 'n oorlewingstryd gedompel (Deist 2002: 72). Die elite het, terwille van oorlewing, volgens hom die geleentheid as volg benut:

These circumstances created a golden opportunity for the elite ideologues, aspiring to self-government and eventual liberation from British colonialism, to forge a new and powerful ethnic group out of historically different groups.

Om dié 'nuwe en magtige etniese groep' (soos hy dit noem die "fiktiewe Afrikanerdom") te skep, moes 'n nuwe paradigma geskep word, waarby volkstradisies, mites, rites en 'n nuwe ideologie, asook die herinterpretasie van die geskiedenis, ingesluit word (Deist, 2002:73; Duvenhage 2018:13, 19, 21). Die elite "*ideologues*" (akademici, onderwysers, predikante, politici en

kultuurleiers) is dus georiënteer om 'n bepaalde paradigma te bevorder. Hierdie paradigma is gemik op die bevordering van Afrikanereenheid, sodat politieke eenheid en oorlewing, bereik kan word. Deur middel van 'n proses van intensiewe sosiale ingenieurswese, het 'n bepaalde "geldende mening", wat in hierdie studie as Paradigma A beskryf word, tot stand gekom.

Dit het verder daartoe gelei dat 'n "konseptuele blok", by die subjekte van die proses van sosiale ingenieurswese tot stand gekom het. Ten opsigte van die vestiging van 'n nuwe "fiktiewe eenheid" stel Deist, dat die vestiging van 'n konseptuele blok nodig is (Deist 2002:78). Hy haal Stephen Jay Gould aan, wat die stelling maak dat: "*The greatest impediment to scientific innovation is usually a conceptual lock, not a factual lock.*" Anders gestel beteken dit dat, alhoewel alternatiewe feite ondubbelsinnig gestel word, vorm 'n konseptuele(begrips) blok in die denke of mende van 'n persoon of groep, ten opsigte van 'n bestaande siening. In hierdie dissertasie sal die term *gevestigde persepsie* in die plek van *konseptuele blok* gebruik word.

Voortspruitend uit die geldende mening en die gevestigde persepsie, kan drie groepe outeurs gedefinieer word: diegene wat Paradigma A bevorder, diegene wat Paradigma B bevorder en 'n tussengroep, wat hier onder verder bespreek word.

1.5.2 Bronne vir die Teoretiese basis

Voordat die drie groepe outeurs bespreek word, word die outeurs, waarvan gebruik gemaak is om 'n teoretiese basis vir die studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te vestig, eers uitgelig. Daar is veral gebruik gemaak van bronne soos Anderson (2006), Deist (2002), Degenaar (1987), Du Toit (2009), Duvenhage (1994), Hutchinson (1987), Kant (2015), Mouton en Marais (1990), en Van Jaarsveld (1959). Hermann Giliomee (2015-2021) en Charl Blignaut (2019) is per e-pos en telefonies oor teoretiese en historiese aspekte geraadpleeg. Historiese navorsing oor die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit is gedoen deur bestaande bronne te ontleed en te interpreteer.

Dan was dit ook nodig om die historiese fases vir die Afrikaner se identiteitsontwikkeling te konstrueer. Benewens die beskrywing van die ontwikkeling van Afrikaans as taal, word die ontwikkeling van die Afrikaner nie uitdruklik deur skrywers binne kultuurhistoriese perspektief in historiese fases behandel nie. Weens 'n tekort aan bronne wat die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit volgens verskillende tydperke en fases ontleed, is verskillende fases nuut gekonstrueer. Hierdie fase-indeling van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit kan 'n bydrae lewer tot die literatuur en kan die bestaande leemte aanvul. Om die verskillende fases te konstrueer, is verskeie bronne gebruik, veral die gesaghebbende werk van Hermann Giliomee (2004), *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Ander belangrike primêre bronne is Gustav Preller se werke oor die Groot

Trek, naamlik *Voortrekkermense Deel I tot VI*, wat hy vanaf 1920 tot 1938 gepubliseer het. 'n Verdere belangrike primêre bron is Floors van Jaarsveld (1980) se *100 Basiese Dokumente by die Studie van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1648-1961*. Pieter Bruwer (1988) se boek, *Vir Volk en Vryheid*, is ook ruimskoots geraadpleeg.

1.5.3 Drie groepe bronne gedefinieer

1.5.3.1 Outeurs en bronne van Paradigma A

Om die geldende mening te handhaaf en onder die invloed van die gevestigde persepsie, gaan hierdie groep outeurs en leiers van die standpunt af uit dat Boer en Afrikaner sinonieme is en uitruilbaar gebruik kan word, maar dat die term Afrikaner, terwille van Afrikanereenheid, voorkeurgebruik kry. Soms word die term Boer geïgnoreer of doelbewus uitgelaat of vervang met "Voortrekker". Hulle gaan haal die ontstaan van die Afrikaner by Jan van Riebeeck en projekteer die geskiedenis wat aan die Boer toegedig behoort te word, op die Afrikaner.

Die volgende outeurs kan as verteenwoordigend van Paradigma A en onder invloed van die geldende mening geklassifiseer word: Coetzee (1968), Degenaar (1987), Esterhuyse *et al.* (1987), Gerdener (1925), Giliomee (2004; 2016a; 2016b; 2016c), Liebenberg en Spies (1993), Muller (1979), Pienaar (1968), Van den Heever (1968), Van Jaarsveld (1959; 1980a; 1980b), Van Niekerk (1987), Wiid (1968), en Wypkema (1968).

Outeurs, wat, as deel van Paradigma A die terme Afrikaner en Boer uitruilbaar gebruik sluit onder andere in: HJC Pieterse (1948); Johannes van Wyk (1970); M.E.R. (1947); T. Van Rensburg, (1977); Genl. Manie Maritz (1939); Genl. J.C. Kemp (1941); Johanna Brandt (1958) en so kan vele bronne aangehaal word waar Boer en Afrikaner, as deel van Paradigma A uitruilbaar gebruik word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die invloed van die *Patriot* reeds gegeld het en dat die pers en latere radio, in die meeste van bogenoemde voorbeelde, deur middel van sosiale ingenieurswese die mense se begrip oor die Afrikaner (die gevestigde persepsie) reeds beïnvloed het.

1.5.3.2 Outeurs en bronne van Paradigma B

Paradigma B, se outeurs praat ook van die Afrikaner, maar verskil van Paradigma A deur 'n duidelik onderskeid in die geskiedenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner te tref. Paradigma B stel dan dat die twee onafhanklike groepe op verskillende tye en onder verskillende omstandighede gevorm is en gelei het tot onderskeibare kulturele erfenisse. Verder word beweer dat hierdie twee groepe, deur middel van sosiale ingenieurswese aan die begin van die 20^{ste} eeu met mekaar geïntegreer is.

Dis belangrik om daarop te let dat hierdie groep outeurs nie blootgestel is aan die geldende mening nie en dat die gevestigde persepsie nie by hierdie groep impak gehad het nie,.

Hierdie groep sluit buitelandse skrywers in soos die Kanadees, Theal (1886), Engelse historici soos Doyle (1902) en Nixon (1885), en die Amerikaners, Ridpath en Ellis (1899), wat die geskiedenis reeds in die 19^{de} eeu, voor die vestiging van die geldende mening deur die heersende elite (van die 20^{ste} eeu), opgeteken het. Hulle beskou die *Boer* as 'n onafhanklike volk en gebruik nie die term *Afrikaner* indien die *Boer* ter sprake is nie. Hulle beskou die Kolonialers as 'n afsonderlike groep en noem hulle, onder andere, die *Cape Dutch*.

Dié groep sluit ook hedendaagse rolspelers in, wat nie deur die geldende mening beïnvloed is nie, en deur die gevestigde persepsie kon breek. Skrywers soos Booyens (2006), Kemp (1994; 1995; 2008), Stromberg (1999), Stuijt (2008), en Van Tonder (1990) definieer twee groepe en wys daarop dat die Boer as 'n onafhanklike volk ontstaan het. Dié verskynsel word verder deur hierdie groep na die hedendaagse situasie deurgetrek.

Min ander bronne, wat die begronding en manifestasie van die *Kolonialer* en die *Boer* as twee afsonderlike groepe ontleed, kon opgespoor word. Hierdie navorsing kan daartoe bydra om die leemte te vul.

1.5.3.3 Outeurs en bronne van die derde groep

'n Derde groep wat ek voorlopig *Hipotese C* noem, se skrywers onderskei twee groepe maar onderskei nie duidelik wie die groepe is nie en trek die verskille ook nie na vandag se situasie deur nie.

Daar is aanvanklik oorweging geskenk aan die moontlikheid om hierdie groepering as 'n paradigma te ontleed. Daar is egter baie min outeurs hier ter sprake en oorvleuel in 'n mate met die groep van Paradigma A, wat die Boer en Afrikaner as sinonieme gebruik. Hierdie groepering is ook te vaag omskryf om aan die kriteria van 'n paradigma te voldoen (sien 2.2.4 vir die kriteria van 'n paradigma). Die ontleding van 'n moontlike Paradigma C kan 'n onderwerp vir 'n opvolgstudie wees.

Outeurs van Hipotese C⁷ onderskei wel die bestaan (ontstaan) van twee groepe, maar onderskei nie duidelik tussen die *Boer* en die *Kolonialer* nie. Hierdie tussenbenadering word gevolg deur outeurs soos Bruwer (1988), Deist (2002), Du Toit (2009, 2019b), Preller (1920a; 1920b; 1922; 1925a; 1925b; 1937; 1938a; 1938b & 1938c) en Roelofse (2009). Hulle erken wel die ontstaan

⁷ **Hipotese C** word doelbewus nie as volwaardige paradigma aangebied nie, aangesien dit nie volgens kriteria, vir 'n paradigma kwalifiseer nie (sien 2.2.4).

en bestaan van twee groepe, maar word onder invloed van die geldende mening en 'n gevestigde persepsie daarvan weerhou om 'n paradigmaskuif te maak deur die twee groepe by die naam te noem en na vandag toe deur te trek.

1.6 Navorsingsvrae

Die volgende vrae word in die navorsing behandel:

1. Deur watter fases het die Afrikaner histories ontwikkel?
2. Watter metateoretiese benaderings en teorieë is van toepassing vir die verklaring van die verskynsel: Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese?
3. Watter paradigmas oor Afrikaner-identiteit word gehandhaaf?
4. Wat was die rol van sosiale ingenieurswese by die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit?
 - 4.1 Wie was die sosiale ingenieurs wat die sosiale ingenieurswese tydens bepaalde fases bewimpel het?
 - 4.2 Watter prosesse is tydens die uitoefening van sosiale ingenieurswese toegepas?
 - 4.3 Wat was die impak van sosiale ingenieurswese op die verskillende ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit?
5. Wat is die resultate van die sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit?
 - 5.1 Was die resultate van die sosiale ingenieurswese ten opsigte van Afrikanereenheid volhoubaar?
 - 5.2 Indien nie, kan 'n sinvolle en bruikbare alternatiewe paradigma vir Afrikaner-identiteit, wat tydens die 21^{ste} eeu kan geld, gedefinieer word?

1.7 Doelstellings

Die hoofdoelstelling van die navorsing behels die verkenning van die totstandkoming van Afrikaner-identiteit (as afhanklike veranderlike) en die invloed wat sosiale ingenieurswese (as onafhanklike veranderlike) daarop uitgeoefen het. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord en die hoofdoelstellings aan te pak, sal die volgende subdoelstellings behandel word:


1. Die definiëring en beskrywing van die fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het.
2. Die skep van 'n metateoretiese en analitiese raamwerk vir die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit.
3. Die definiëring en ontleding van bestaande paradigmas rakende Afrikaner-identiteitsontwikkeling.
4. Die definiëring en ontleding van die invloed wat sosiale ingenieurswese op die verskillende

historiese ontwikkelingsfases gehad het (Figuur 1.3).

5. Die evaluering van die uiteindelijke impak van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit en die moontlike postulering van 'n nuwe benadering, paradigma en mite vir die definiëring van Afrikaner-identiteit.

1.8 Hoofstukuitleg

As subdoelstelling is dit nodig om die historiese fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het, as hipotese te definieer en te beskryf. Omdat die hoofstukindeling volgens die historiese fases geskied, is dit nodig om op hierdie stadium 'n grafiese voorstelling (Figuur 1.2) van die historiese fases weer te gee. Die inhoud van die fases word later beskryf.



Figuur 1.2: Die historiese fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het

Hoofstuk 1: inleiding

Hoofstuk 2: Metateoretiese en teoretiese vertrekpunte vir die studie

'n Metateoretiese en teoretiese grondslag word vir die navorsing gelê. 'n Analitiese raamwerk vir die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese word ontwikkel en kernbegrippe word gekonseptualiseer.

Hoofstuk 3: Die voorfase van Afrikaner-identiteit tydens die 17^{de} en 18^{de} eeue

Fase 1: Tydens die 17^{de} eeu ontwikkel die voorsate van die Boer en die Kolonialer gesamentlik. Tydens hierdie fase word almal aan die invloed van kolonialisme onderwerp.

Fase 2: Gedurende die 18^{de} eeu ontwikkel twee onderskeibare groepe onafhanklik van mekaar as die Proto-Afrikaner⁸ en Proto-Boer.⁹ Kolonialisme het tydens hierdie fase 'n groot en blywende invloed uitgeoefen, veral ten opsigte van die vestiging (deel word) van 'n kulturele erfenis by die Proto-Afrikaner.

Hoofstuk 4: Die Proto-Boer ontwikkel Volksidentiteit

Fase 3: Tydens die eerste helfte van die 19^{de} eeu ontwikkel die Boer as volk uit die Proto-Boer onder invloed van sosiale ingenieurswese. Verandering aan Afrikaner-identiteit tydens hierdie fase kan deduktief verklaar word op grond van verskeie teorieë.

Hoofstuk 5: Die Proto-Afrikaner toon tekens van Volksidentiteit

In Hoofstuk 5 word Fase 3 ontleed ten opsigte van die Kaapse Afrikaner of Kolonialer se ontwikkeling van 'n groepsbewussyn en tekens van Afrikaner-identiteit wat na vore begin tree. Verandering in Afrikaner-identiteit tydens hierdie fase word deduktief op grond van verskeie teorieë verklaar.

Hoofstuk 6: Die Afrikanernasie kom in die 20^{ste} eeu tot stand

Fase 4: Tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu word die Kolonialer en die Boer, tydens die vestiging van apartheid, aan doelbewuste en bewimpelde politieke sosialisasie blootgestel en deur middel van sosiale ingenieurswese gemanipuleer, geïndoktrineer en georiënteer om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme, Afrikaner-identiteit te bevorder

⁸ **Proto-Afrikaner:** dui op 'n lid van 'n groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans) wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue hoofsaaklik as amptenare, maar ook as ambagsmanne, handelaars en plaasboere (hoofsaaklik as akkerbouers) in die Kaapkolonie gevestig het en later as Kolonialers of Kaapse Afrikaners bekend gestaan het.

⁹ **Proto-Boer** dui op 'n lid van 'n besondere groep mense van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollands, Duits en Frans) wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue as plaasboere (hoofsaaklik as veeboere) gevestig het en daarna gestrewe het om vry en onafhanklik van koloniale onderdrukking te bestaan.

en die Afrikanernasie tot stand te bring. Verandering aan Afrikaner-identiteit, as uitkoms van sosiale ingenieurswese tydens hierdie fase, word deduktief ontleed en word op grond van verskeie teorieë verken.

Hoofstuk 7: Afrikaner-identiteit onder druk vanaf 1961 tot 1994


Fase 5: Ná republiekwording in 1961 word gepoog om die Afrikaner, ter wille van politieke eenheid, saam met ander blankes (veral Engelse) in Suid-Afrika te verenig as *Blanke Suid-Afrikaners*. Tydens hierdie fase word geleidelik van Afrikanereenheid en apartheid wegbeweeg, terwyl die Afrikaner aan blankisme onderwerp word (Bruwer, 1986:45).

Hoofstuk 8: Afrikaner-identiteit word in die 21^{ste} eeu onderdruk

Fase 6: Vanaf 1994 tot die 21^{ste} eeu is die politieke sosialisasie uitgebrei en word gepoog om 'n fiktiewe (sprokie) “reënboognasie”, waar wit, swart en bruin mense deel van 'n nasie vorm, tot stand te bring. As deel van die kunsmatige en fiktiewe groepering, word BASA21 verder aan transformasie, as deel van sosiale ingenieurswese, onderwerp (Figuur 1.3). Verandering aan Afrikaner-identiteit word binne konteks van die analitiese raamwerk ontleed.

Hoofstuk 9: Slotopmerkings en gevolgtrekkings

Die finale resultaat en impak van sosiale ingenieurswese op die Afrikaner, soos dit in die 21^{ste} eeu manifesteer, word ontleed en 'n gevolgtrekking gemaak.



Figuur 1.3: Die ses fases waardeur die Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21ste eeu (BASA21) se identiteit, as uitkoms van sosiale ingenieurswese, sedert 1652, ontwikkel het

HOOFSTUK 2: METATEORETIESE EN TEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE STUDIE

2.1 Inleiding

Wanneer 'n wetenskaplike poog om verskynsels, gebeure en probleme binne 'n bepaalde studieveld te beskryf, verklaar, beoordeel of te voorspel, word teoretiese konstrakte (denkbeelde of konsepte) van een of ander aard, as instrument gebruik. Nie-wetenskaplikes poog ook om hul eie omgewing beter te verstaan, deur bepaalde verwysingsraamwerke te gebruik. Dié verwysingsraamwerke is dikwels vanuit 'n bepaalde kulturele konteks afgelei en nie noodwendig wetenskaplik begrend nie. Om aanspraak te maak op die wetenskaplike status van materiaal wat aangebied word, is dit nodig om die “aanbieding” teoreties te begrend. Dit geld ook ten opsigte van die politiek as wetenskap (Duvenhage, 1994:15). Om die studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese binne die domein van die politieke wetenskap te plaas, is dit derhalwe nodig om dit teoreties te begrend. Hierdie hoofstuk hanteer die teoretiese begrending vir hierdie navorsing.

Teorieë word as wetenskaplike instrumente gebruik, wat verskynsels, gebeure en probleme binne 'n bepaalde studieveld beskryf, verklaar, beoordeel of voorspel. Om ordelik aangewend te word, moet die instrumente, as konseptuele raamwerke, teen die agtergrond van 'n metateoretiese perspektief geplaas word.

Om teoretiese konstrakte of denkbeelde binne die breër raamwerk van die wetenskap (asook ten opsigte van die politiek as wetenskap) te verreken, is volgens Duvenhage (1994:16) 'n hoogs omstrede aangeleentheid. Die omstredenheid kan verklaar word op grond van uiteenlopende voorwetenskaplike aannames,¹⁰ asook die diversiteit op die vlak van die wetenskapsfilosofie. Om metateorie beter te verstaan, word sekere verwante (en soms oorvleuelende) metateoretiese begrippe, soos wetenskap, dissipline, tradisie en paradigma, eers uitgelig.

Om 'n analitiese raamwerk vir Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te konstrueer, moet 'n metateoretiese en teoretiese grondslag eers gevestig word. Om dit in hierdie navorsingstudie te bewerkstellig, word die doelwitte vir hierdie hoofstuk soos volg uiteengesit:

- Die konseptualisering van sekere verwante metateoretiese begrippe.
- Die skep van 'n metateoretiese raamwerk (vir die wetenskap in die algemeen).

¹⁰ **Voorwetenskaplike aannames** behels die lewens- en wêreldbeskouing van die navorser of waarnemer en word later in meer besonderhede bespreek.

- Die skep van 'n konseptuele raamwerk vir die politiek as wetenskap.
- Die konseptualisering van sekere begrippe wat ter sprake is by Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese.
- Die konstruering van 'n analitiese raamwerk vir die verkenning van Afrikaner-identiteit en die inwerking van sosiale ingenieurswese daarop.

2.2 Die konseptualisering van geselekteerde metateoretiese begrippe

Alhoewel daar volgens Stegen (2018:34) twintig verskillende definisies vir *metateorie* bestaan, word haar definisie vir hierdie navorsing aanvaar. Sy definieer metateorie as “teorie oor teorie”, wat benut word as “*the theoretical assumptions that ground the study, guide the researcher in the research process and provides the reader with an understanding of the issue at hand.*” Sy verwys na Anchin (Stegen, 2008:235), wat argumenteer dat 'n metateorie nie 'n volledige verduideliking vir alle verskynsels hoef te verskaf nie, maar wel 'n alternatiewe raamwerk moet bied, waarbinne sekere vrae gevra word en wat daartoe kan bydra dat die verskillende komponente of onderdele (*body parts*) in 'n betekenisvolle struktuur saamgevoeg kan word. Hierdie struktuur stel dan die navorser, sowel as die leser, in staat om sinvol oor die komponente of onderdele te teoretiseer en die teorieë beter te verstaan. Verder verskaf die metateoretiese struktuur die moontlikheid dat verskillende teorieë met mekaar kan “praat” of met mekaar gekoppel kan word.

Die volgende begrippe of terme, wat deel van die “verstaan” van teorieë uitmaak, word kortliks onder die loep geneem: wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma en konseptuele raamwerke, wat insluit tipologieë, modelle en teorieë. Om die begrippe te verduidelik, word veral gebruik gemaak van Du Toit (2019a), Degenaar (1987), Duvenhage (1994; 2009), Mouton en Marais (1990), Stegen (2018), en Van Jaarsveld (1959; 1980a; 1980b).

2.2.1 Wetenskap

Daar bestaan wye en uiteenlopende wetenskapsfilosofiese strominge, waarna as “wetenskapskole” verwys kan word. In wese poog die verskillende skole om (al is dit uiteenlopend en selfs teenstrydig) antwoorde op dieselfde grondliggende vrae te vind. Vrae sluit onder andere in: *Wat is wetenskap? Wat is die wetenskap (en die wetenskaplike) se taak? Watter aspekte van die wetenskap (binne 'n bepaalde navorsingsveld) moet prioriteit geniet? Watter metodes is gepas vir 'n bepaalde studie?* Ten einde die tipe vrae binne 'n bepaalde studie te hanteer, is dit nodig om sekere domeinaannames te maak (Duvenhage, 1994:18; Stoker 1961:18, 133-136).

Die aard van wetenskap en die onderliggende wetenskapsbeskouing kom na vore in die onderlinge afhanklikheid van die volgende aannames (Duvenhage, 1994:29):

- dat voorwetenskaplike kennis bepalend is vir die beoefening van wetenskap;
- dat wetenskap op geldige en betroubare kennis ingestel is;
- dat wetenskap ten doel het om orde en struktuur in die werklikheid bloot te lê;
- dat wetenskapsbeoefening 'n planmatige, gesistematiseerde en gestruktureerde besluitnemingsproses impliseer;
- dat die beoefening van wetenskap kontekstueel gefundeerd is.

Uit die voorafgaande aannames en vir die doel van hierdie studie word wetenskap gedefinieer as: “die kennisresultaat (geldige en betroubare kennis, voorwetenskaplik en kontekstueel gefundeerd) van metodiese pogings (’n planmatige besluitnemingsproses) om ’n aspek van die werklikheid (probleem, verskynsel, gebeurtenis) teoreties (die soeke na orde en struktuur) te verstaan (beskryf, verklaar, voorspel en te beoordeel)” (Duvenhage, 1994:30; Kuhn 1970:111-135).

2.2.2 Dissipline

Die term *dissipline* word afgelei van die Latynse woord *discipulus*, wat student of volgeling beteken. Die term word aan ’n *vakwetenskap* gekoppel in die opsig dat dit dui op onderskeibare navorsingstradisies wat histories, metodologies, maar veral ten opsigte van teorieë, modelle en paradigmas, as basis vir navorsing dien (Stegen, 2018:51).

Binne ’n dissipline word mettertyd ’n sekere kenmerkende struktuur onderskei. Uit hierdie struktuur kan die volgende funksies onderskei word: onderrig en navorsing en die uitbouing van die bestaande “liggaam van kennis” (kennispoel). ’n Wetenskapsdissipline kan beskou word as ’n “afgebakende, outonome en eksklusiewe onderrig- en navorsingstradisie, met ’n bepaalde teoreties-metodologiese gesofistikeerdheid, gerig op die uitbouing van ’n liggaam van kennis betreffende die werklikheid, ’n aspek van die werklikheid of onderdeel daarvan” Duvenhage (1994:32). ’n Bepaalde kenmerkende struktuur binne ’n dissipline kan ook as vakwetenskaplike *tradisie* gekenmerk word.

2.2.3 Tradisie

Die woord *tradisie* dui op mondelinge en van-geslag-tot-geslag oordrag (Labuschagne & Eksteen, 2006: s.v. tradisie). Binne ’n vakwetenskaplike domein impliseer tradisie die oordrag of navolging van oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens en beginsels, deur die navolging van wetenskaplike filosofieë, navorsingsmetodes, benaderings, invalshoeke en algemene oriëntasies. ’n Vakwetenskaplike tradisie kan gedefinieer word as ’n “komplekse netwerk van filosofies/ideologiese en metodologiese oriëntasies eie aan ’n bepaalde dissipline, wat histories

gefundeer is en beïnvloedend inwerk op die beoefening van wetenskap op hierdie terrein” (Duvenhage, 1994:33, 37). Die “beïnvloeding” geskied onder andere deur middel van die geldende mening. Die term *tradisie* het verskeie raakpunte met die term *paradigma*.

2.2.4 Paradigma en paradigmaverandering

’n Paradigma behels (binne die konteks van wetenskapsfilosofie) ’n model of patroon, wat gebruik kan word as grondslag van ’n metodologie of teorie vir die konstruering van ’n konseptuele raamwerk waarbinne wetenskaplike navorsing kan geskied en idees teen mekaar opgeweeg en met mekaar vergelyk kan word (Microsoft Encarta, 2012: *sv paradigma*).

Daar is meer as een manier om ’n besondere fenomeen, verskynsel of idee te beskou en die siening word telkens deur die onderliggende paradigma beïnvloed. Die paradigmakonsept het sy oorsprong in Thomas Kuhn se werk *The Structure of Scientific Revolutions*, en *Postscript* in 1970 (Du Toit, 2019a:5). Aanvanklik het sy standpunt heelwat kritiek uitgelok, maar die begrip “paradigma” word vandag algemeen aanvaar en gebruik. Ook te midde van die nie-eksakte wetenskappe staan dit bekend onder die sinonieme meester-teorie, navorsingstradisie, denkmodel, eksemplaar en navorsingsprogram (Duvenhage, 1994:37).

Volgens Kuhn (1970:10) word *normale wetenskaplike* navorsing, wat op bestaande resultate gegrond is, gekenmerk deur die bestaan van ’n “paradigma van denke”. Hierdie paradigma van denke vorm die grondslag vir die konsensus oor bepaalde veronderstellings by wetenskaplikes, wat die paradigma van denke as rigtinggewende raamwerk vir die beoefening van wetenskap op ’n bepaalde terrein aanwend (Duvenhage, 1994:21).


Volgens die “statiese beskouing” van *normale wetenskaplike navorsing* word, onder andere, geïmpliseer dat nuwe kennis bloot tot die bestaande liggaam van kennis (kennispoel) kumulatief bygevoeg word. Dit impliseer dat nuwe teorieë, modelle en hipoteses bloot naas reeds bestaandes gevoeg/geplaas word.

Hierteenoor beskryf Kuhn ’n fase wat getipeer kan word as *wetenskapsrewolusie*. Tydens hierdie fase word die normale wetenskapsbeoefening radikaal en ingrypend uitgedaag. Binne die beoefening van normale wetenskap word nuwe en onverwagte verskynsels ontdek en word radikaal nuwe teorieë soms geformuleer. Bogenoemde benadering impliseer dat ’n nuwe teorie telkens geskep word, wat op sy beurt aan kritiek blootgestel word en nuwe navorsing stimuleer (Du Toit, 2019a:8; Duvenhage 1994:40).

Binne die beoefening van normale wetenskap kan entiteite, verskynsels, probleemsituasies of uitdagings georden word en aangepak word deur teorieë toe te pas deur middel van ’n raamwerk

van kriteria om orde en struktuur te skep. Die raamwerk vorm die grondslag om 'n teorie (óf empiries óf normatief) te formuleer (Labuschagne, 2001:4). Die teorie pak dan die behoeftes ten opsigte van die entiteite, verskynsels, probleemsituasies of uitdagings aan deur oplossings te verskaf. Wanneer 'n teorie inherente tekortkominge of leemtes openbaar, gee dit aanleiding tot kritiek. Die tekortkominge inspireer akademici dan om nuwe oplossings te soek en kan lei tot die formulering van nuwe teorieë. Die nuwe teorieë verskaf wel die oplossings, maar openbaar dikwels weer inherente tekortkominge, wat verdere nuwe kritiek uitlok, wat die proses herhaal. Die siklusse wat op hierdie wyse ontstaan word fases genoem. Hierdie verskynsel word in Figuur 2.1 skematies uitgebeeld.

Wanneer 'n nuwe teorie 'n teenstrydigheid teenoor 'n bepaalde paradigma openbaar, met ander woorde, met die besef dat die natuurlike verloop op die een of ander manier die verwagtinge van die paradigma verbreek het, ontstaan 'n anomalie. Indien die anomalie van so 'n aard is dat dit die grondliggende vertrekpunte van 'n paradigma onder verdenking plaas en die anomalie nie deur heroriëntering aangepas kan word nie, ontstaan 'n wetenskapskrisis. Wanneer wetenskaplikes deur middel van nuwe navorsing daarin slaag om van die bestaande paradigma weg te beweeg en 'n nuwe paradigma tree na vore, het 'n wetenskapsrewolusie plaasgevind (Figuur 2.2). In wese word 'n nuwe tradisie ('n nuwe "bestaande tradisie") binne die normale wetenskap geskep (Du Toit, 2019a:8-9; Duvenhage, 1994:40).



Figuur 2.1: Die ontwikkeling van teorieë gebaseer op die siening van Thomas Kuhn



Figuur 2.2: Kuhn se siening oor paradigmatverandering en wetenskapsrewolusie

Paradigmas speel 'n kernrol in hierdie navorsing. Om hierdie rol in perspektief te plaas, is dit belangrik om die struktuurkomponente van 'n paradigma, soos deur Duvnhage (1994:38) gestel, kortliks op te som:

- Die bestaan en aanvaarding (deur die akademiese gemeenskap) van bepaalde voorwetenskaplike aannames.
- Die bestaan en aanvaarding van bepaalde domeinaannames ten opsigte van die navorsingsaspekte.
- Die bestaan en aanvaarding van teorieë, wat as akademiese gereedskap binne die gedeelde paradigma van die betrokke akademiese gemeenskap aangewend word.
- Die gebruik van betreklik eenvormige metodologie (navorsingsmetodes en tegnieke).

Daar bestaan verskeie paradigmas oor die ontstaan van die Afrikaner. Elke paradigma lewer uiteindelik 'n waardevolle perspektief op 'n gekompliseerde verskynsel. In 'n poging om reg aan dié kompleksiteit te laat geskied, kan die beginsel van paradigmatisiese pluralisme, waarvolgens 'n pluraliteit van onherleibare aspekte van 'n historiese verskynsel erken word, gevolg word (Degenaar, 1987:230).

Die mees gewilde of mees algemene paradigma (voorwetenskaplike aannames, domeinaannames, teorieë en metodologie) wat in die 20^{ste} eeu oor Afrikaner-identiteit, onder die

invloed van intense sosiale ingenieurswese, gevorm is en steeds vandag deur die meeste akademici gehandhaaf word en deur die geldende mening “beheer word”, verklaar (paradoksaal/teenstrydig) dat die Afrikanernasie ’n eenheid vorm en uit een gemeenskaplike historiese “volksplanting” ontstaan het (Coetzee, 1968:119; Van Jaarsveld 1959:22, 99). Met die oog op hierdie studie word dit as deel van paradigma A beskou.

’n Alternatiewe paradigma verklaar dat die Afrikaner nooit werklik ’n eenheid gevorm het nie en dat twee onafhanklike groeperings, naamlik die Boer en die Kolonialer (of Kaapse Afrikaner), elk met ’n eie unieke kulturele erfenis, in die 18^{de} en 19^{de} eeue ontstaan het. Hierdie onafhanklike groeperings is volgens hierdie paradigma in die 20^{ste} eeu deur middel van sosiale ingenieurswese, kunsmatig saamgevoeg om die Afrikanernasie tot stand te bring (Deist, 2002:72-73). Volgens hierdie paradigma was die samevoeging onvolledig en kan daar steeds twee uitkenbare groepe, met unieke en onderskeibare kulturele erfenisse, in die 21^{ste} eeu binne die geledere van BASA21 waargeneem word. Dié alternatiewe paradigma handhaaf dieselfde struktuurkomponente as Paradigma A ten opsigte van die voorwetenskaplike aannames en die metodologie, maar verskil ten opsigte van die domeinaannames en voeg nuwe en alternatiewe teorieë by die bestaande kennispoel. Die alternatiewe siening word vir hierdie studie as Paradigma B gedefinieer.

Die resultate van die studie moet aandui of die bestaande Paradigma A korrek is, of Paradigma B bloot kennis by die kennispoel voeg, en/of Paradigma B die bestaande Paradigma A uitdaag.

2.2.5 Konseptuele of teoretiese raamwerke

Die soeke en blootlegging van die orde en struktuur van die werklikheid (wetenskapsbeoefening) tree na vore in die vestiging van ’n konseptuele of teoretiese raamwerk. Die funksie van die raamwerk is om die beskrywende, verklarende, voorspellende en beoordelingsfunksies van wetenskap te orden deur struktuur daaraan te verleen. Binne hierdie raamwerk word die voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste geïntegreer.

Met die oog op hierdie studie word ’n konseptuele raamwerk gedefinieer as ’n kombinasie van konsepte, wat deur ’n proses van kwalitatiewe ontleding gekonstrueer is, ten einde Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te verstaan en te verduidelik. Afrikaner-identiteit se paradigmatische pluralisme word ondervang deur ’n vergelykende studie tussen Paradigma A en Paradigma B ten opsigte van die historiese ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit, ’n deel van die raamwerk te maak.

Stegen (2018:136-137) onderskei drie kategorieë van konseptuele raamwerke op grond van hulle funksies, naamlik *tipologieë* (gegrond op klassifikasie), *modelle* (gegrond op analogieë) en *teorieë*

(gegrond op verklarings). Die klassifikasie is nie rigied nie, die grense is nie skerp omlyn nie en benodig verdere verduideliking.

2.2.5.1 Tipologie (klassifikasie/taksonomie)

'n Tipologie kan beskryf word as die mees eenvoudige konseptuele raamwerk en word beskryf as die indeling of klassifisering van bepaalde verskynsels of waarnemings gemeet aan die hand van bepaalde kriteria. In 'n tipologiese raamwerk bestaan 'n verband tussen die fenomene (verskynsels) of waarnemings, wat geklassifiseer moet word, en kan gemeenskaplike raakpunte waargeneem word. Verdere onderverdeling in subkategorieë kan op grond van bykomende kriteria gemaak word (Mouton & Marais, 1990:140).

Die waarde van 'n tipologie as konseptuele raamwerk is volgens Duvenhage (1994:48) beperk, maar het wel funksionele waarde deur:

- die identifisering van klasse en kategorieë van verskynsels;
- die verskaffing van 'n verwysingsraamwerk waarbinne data versamel kan word;
- die skepping van 'n grondslag van die ordening en sistematisering van data/materiaal;
- die inspirasie vir verdere navorsing.

In hierdie studie word die ontwikkeling van die *Boervolk* vanuit gesins- en familiegroepe tot die vorming van 'n volwaardige staat, onder andere, tipologies ontleed.

2.2.5.2 Model

'n Model kom tot stand wanneer probleme of verskynsels, waaroor min kennis bestaan, verduidelik of opgehelder word deur dit met 'n ander verskynsel of patroon, wat beter verstaan word of waaroor daar meer kennis beskikbaar is, te vergelyk. Daar word ook soms na 'n model as 'n metafoor verwys en dit verteenwoordig dikwels 'n afskaduwing van die werklikheid (Mouton & Marais, 1990:141-145).

Die gebruik van 'n model in die politieke wetenskap is omstrede, veral wanneer die onderskeid tussen 'n model en 'n teorie getref word. 'n Model word beskou as 'n hoër vlak konseptuele raamwerk as wat die geval met 'n tipologie is, en kan as 'n voorloper van 'n teorie gebruik word. Dit kan daarom 'n "prototipiese teoretiese model" genoem word (Duvenhage, 1994:49-51).

Die gebruik van Gladwell (2008) se verduideliking van die verskil tussen die karaktereienskappe van die noordelike en suidelike Amerikaners, om die verskil tussen die veeboer en die akkerbouer, asook die verskil tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner in hierdie navorsingstuk te verduidelik, kan as 'n model voorgehou word (sien Hoofstuk 2.5.5.2).

2.2.5.3 Teorie

’n Teorie is die grondreëls van ’n wetenskap om waargenome feite of verskynsels te verklaar (Odendal *et al.*, 1994: s.v. teorie). ’n Teorie kan ook beskryf word as: “*The scientific principle to explain phenomena: a set of facts, propositions, or principles analyzed in their relation to one another and used, especially in science, to explain phenomena*” (Microsoft Encarta, 2012: s.v. theory).

Kennis binne ’n politiek-wetenskaplike raamwerk kan vanuit twee invalshoeke bekom word, naamlik vanuit ’n empiries-teoretiese hoek, of vanuit ’n normatiewe hoek. Vanuit ’n empiries-teoretiese hoek word kennis deur ondersoek of navorsing verkry, terwyl dit uit ’n normatiewe hoek deur middel van logiese denke bekom word. By die empiriese beskouing word van empiriese gegewens gebruik gemaak en daar word na die verklaring van verskynsels gestreef. By ’n normatiewe beskouing word die klem op waardebeoordeling geplaas en word dit vanuit ’n filosofiese hoek benader (Labuschagne, 2001:4).

Die elemente binne die invalshoeke is onderling verbind: elke politieke filosofie berus gedeeltelik op ’n politieke teorie. Dit impliseer byvoorbeeld dat elke stelling oor *hoe* mense en owerhede *behoort* op te tree, ’n stelling behoort te bevat wat aandui *hoe* hulle wel *opgetree* het (Sargent, 2009:4). ’n Teorie kan volgens Duvenhage (1994:52) nie net empiries of net normatief wees nie, ’n gekwalifiseerde balans moet gevind word, gegrond op ’n normatiewe voorwetenskaplike konteks. Hy haal Kerlinger aan, wat ’n teorie definieer as “*a set of interrelated constructs (concepts), definitions and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables with the purpose of explaining and predicting the phenomena.*”

Die identifisering van selektiewe empiries meetbare veranderlikes, wat ingevolge konsepte rakende ’n bepaalde verskynsel uitgedruk word, vorm die sleutel tot die daarstelling van ’n teorie. Daar kan onderskei word tussen direkte veranderlikes en indirekte veranderlikes, sowel as afhanklike en onafhanklike veranderlikes (Duvenhage, 1994:53).

In die navorsing oor die vestiging van Afrikaner-identiteit, as uitkoms van sosiale ingenieurswese, speel veranderlikes ’n belangrike rol. Afrikaner-identiteit en die verskillende entiteite, soos die Boer en die Kaapse Afrikaner, dien as afhanklike veranderlikes, terwyl sosiale ingenieurswese as onafhanklike veranderlike beskou word.

Ander onafhanklike veranderlikes, wat rakende die voorsate van die Afrikanernasie en die vestiging van Afrikaner-identiteit ’n rol gespeel het, sluit sekere faktore in wat deur die makro- en mikro-teorieë behandel, en later in besonderhede bespreek sal word.

Mouton en Marais (1991:145) onderskei twee tipes teorieë (wat ook “verklarings” genoem word), naamlik kousaal en rasioneel. Onder kousaal is voorspellings en oorsake ter sprake. Die verskillende teorieë, wat veral voor die 20^{ste} eeu by Afrikaner-identiteit ’n rol gespeel het, werk kousaal, as onafhanklike veranderlike op die groepe (as afhanklike of direkte afhanklike) in, om “Afrikaner-identiteit” as resultaat te verkry. Die rasionele verklarings, wat handel oor die redes, motiewe of doelstellings, is veral van toepassing ten opsigte van die doelwitte van die ingenieurs by die uitoefening van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit.

Bogenoemde metateoretiese terme en konsepte is van belang sodat ’n metateoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening gekonstrueer kan word.

2.3 ’n Metateoretiese raamwerk vir die beoefening van politieke wetenskap

Uit die voorafgaande benadering is dit duidelik dat die metateoretiese begrippe of konsepte (wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma, konseptuele raamwerke, tipologieë, modelle en teorieë) nie los van mekaar staan nie. Hulle word as deel van die definisie van wetenskap met mekaar verbind, waar gestel word dat daar gestreef moet word om orde of struktuur in die werklikheid, of in aspekte van die werklikheid, bloot te lê deur die probleme, verskynsels of gebeurtenisse te beskryf, te verklaar of te voorspel en te beoordeel (sien Hoofstuk 2.2.1).

Die verskillende konsepte word sinvol geïntegreer wanneer wetenskap binne ’n raamwerk beoefen word en waar die volgende duidelik onderskeibare kontekste, as elemente van die raamwerk, beklemtoon word (Duvenhage, 1994:57-59):

- Die voorwetenskaplike konteks
- Die wetenskaplike konteks
- Die vakwetenskaplike konteks
- Die teoretiese konteks
- Die operasionele konteks

2.3.1 Die voorwetenskaplike konteks

Die voorwetenskaplike konteks waarbinne wetenskap beoefen word, is gegrond op die navorser (en waarnemer) se lewens- en wêreldbeskouing, wat insluit: religieuse beskouing, mensbeskouing, samelewingsbeskouing, staatsbeskouing en politieke siening. Die voorwetenskaplike konteks is van toepassing op wetenskaplikes, sowel as op nie-wetenskaplikes. ’n Wetenskaplike (en waarnemer) kan dus nie geskei word van sy of haar religieuse oortuigings (gevestig in sy of haar lewens- en wêreldbeskouing) en die siening ten opsigte van die “mens in die wêreld”, tydens die nastreef en poging om die werklikheid te verstaan

nie. In hierdie studie geld die vooropgestelde beskouing van die Afrikaner as, onder andere, 'n Christelike groepering, en word in Hoofstuk 2.5 verder bespreek.

2.3.2 Die wetenskaplike konteks

Die wetenskaplike konteks waarbinne wetenskap beoefen word, is net op die wetenskaplike van toepassing. Die benadering van die wetenskaplike is gegrond op sy/haar wetenskapsbeskouing in die soeke na geldige en betroubare kennis deur die toepassing van 'n bepaalde metodologie, in 'n poging om die wêreld wetenskaplik, dit wil sê – *die kennisresultaat (geldige en betroubare kennis, voorwetenskaplik en kontekstueel gefundeer) van metodiese pogings (’n planmatige besluitnemingsproses) om ’n aspek van die werklikheid (probleem, verskynsel, gebeurtenis) teoreties (die soeke na orde en struktuur) te verstaan (beskryf, verklaar, voorspel en te beoordeel)* (Duvénhage, 1994:30; sien Hoofstuk 2.2.1). In hierdie studie word Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese wetenskaplik ontleed deur van bestaande historiese bronne gebruik te maak.

2.3.3 Die vakwetenskaplike konteks

Die wetenskaplikes binne 'n bepaalde studieveld (vakwetenskaplikes), wat as 'n dissipline, subdissipline of interdissipline gestruktureer is, begrens die konteks van die navorsing, rig en karakteriseer die navorsing deur hul verbondenheid aan bepaalde (vak)tradisies, subtradisies, benaderings en paradigmas van denke. Dit werk in op die benadering en navorsing van die navorser, asook op die resultaat van die navorsing. Die *geldende mening* en die invloed van die vakwetenskaplike tradisies op nuwe navorsing speel 'n belangrike en dikwels deurslaggewende rol. Die verbondenheid aan Paradigma A en die toepassing van die geldende mening ten opsigte van Afrikaner-identiteit kom in hierdie navorsing duidelik na vore. Gedurende die proses word die geldigheid van Paradigmas A en B ten opsigte van die historiese feite vergelyk.

2.3.4 Die teoretiese konteks


Die invloed van die voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste vir die beoefening van wetenskap werk deur na die keuse en die ontwikkeling van 'n konseptuele raamwerk (teoretiese konteks) waarbinne die navorsing geskied. Dit behels, onder andere, die keuse en ontwikkeling van tipologieë, modelle en teorieë, soos in Hoofstuk 2.2.5 hierbo bespreek is, wat benut sal word om die tersaaklike feite, probleme, verskynsels en gebeurtenisse te bestudeer (beskryf/verklaar/verduidelik of voorspel). Die teoretiese konteks word in hierdie studie gebruik ten opsigte van die verstaan en verduideliking (begroning) van die invloed wat sosiale ingenieurswese op die elemente van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit uitgeoefen het. Die toepassing van die teoretiese konteks in hierdie studie word in Hoofstuk 2.5 verder ontleed.

2.3.5 Die operasionele konteks

Binne die operasionele konteks van wetenskapsbeoefening (uitvoering van die navorsing) moet die “verstaan van die werklikheid” (as primêre funksie van die wetenskap) deurentyd vooropgestel bly. Dit impliseer dat daar voortdurend gefokus moet word op die probleem/verskynsel/gebeurtenis wat, tydens die soeke na geldige en betroubare kennis, georden en gestruktureer moet word. In hierdie navorsing val die klem op die ontwikkeling (en paradigmas) rakende Afrikaner-identiteit as afhanklike veranderlike, asook op sosiale ingenieurswese as onafhanklike veranderlike. Die operasionele konteks vir hierdie studie word later volledig bespreek.

2.3.6 Gevolgtrekking

In hierdie gedeelte is die metateoretiese begrippe of konsepte (wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma, konseptuele raamwerke, tipologieë, modelle en teorieë) met mekaar verbind en is 'n algemene wetenskapsraamwerk gekonstrueer, waarbinne die onderskeibare kontekste, as elemente van die raamwerk, asook die onderlinge verband tussen die elemente, beklemtoon word. Hierdie raamwerk vorm 'n metateoretiese en teoretiese basis waarbinne wetenskaplike navorsing kan plaasvind. Die raamwerk toon, onder andere, aan dat kennis binne 'n voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike konteks georden kan word. Gegronde op bogenoemde, kan feite, stellings en konsepte vanuit 'n teoretiese konteks as tipologieë, modelle of teorieë in 'n analitiese raamwerk gekonstrueer word. 'n Metateoretiese raamwerk vir die begronding van wetenskapsbeoefening in die algemeen, word grafies in Figuur 2.3 voorgestel. Daar word beklemtoon dat hierdie raamwerk vir die beoefening van wetenskap in die algemeen ontwerp is en dat die toepassing van die verskillende aannames op die studie van Afrikaner-identiteit, as uitkoms van sosiale ingenieurswese, volledig verder bespreek word. Voordat die raamwerk vir hierdie studie beplan word, is dit nodig om die verskillende begrippe, wat tydens die bespreking en die konstruksie van die analitiese raamwerk vir die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit ter sprake sal kom, eers te konseptualiseer.



Figuur 2.3: 'n Metateoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening in die algemeen

2.4 Die konseptualisering van belangrike terme by die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese

Die hooftema van hierdie studie wentel om identiteit, sosiale ingenieurswese en die vertolking van paradigmas. Hierdie begrippe vorm die kern van 'n analitiese raamwerk wat vir hierdie studie gekonstrueer moet word. Voordat 'n analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese gekonstrueer word, is dit nodig om sekere tersaaklike begrippe te konseptualiseer. Van die belangrikste begrippe sluit in: *identiteit*, *volk*, *volksnasionalisme*, *nasie*, *politieke sosialisasie*, *mites*, *rites* en *sosiale ingenieurswese*. Sosiale ingenieurswese ondervang die begrippe: *kolonialisme*, *republikanisme*, *Afrikanereenheid*, *apartheid*, *blankisme* en *transformasie*.

2.4.1 Identiteit

Om Afrikaner-identiteit te verstaan, moet die ontstaan van die begrip *identiteit* beskou word. Dit sal aangetoon word dat identiteit aan die begrip “ons” teenoor “hulle” gekoppel kan word, asook aan 'n groep – dikwels “teenoor” 'n ander groep geposisioneer – aangesien die mens 'n xenofobiese wese is (Harari, 2015:171, 195). Hierdie koppeling aan 'n groep en gevolglike “groepvorming” lei tot 'n groepsbewussyn en groepsidentiteit. Om dit te omskryf word die mens binne die konteks van sy rol in die natuur, lewe en samelewing geprojekteer.

Eerstens word aanvaar dat die werklikheid (wat ook as “die natuur” bestempel kan word) onafhanklik van die mens bestaan en dat dit sonder die mens se teenwoordigheid sal bly bestaan. “Identiteite” kan binne die natuur op grond van die teenwoordigheid of die afwesigheid van sekere eienskappe onderskei word. Die eienskappe sluit onder andere sekere handelinge/optredes in en lei tot die onderskeiding van identiteite en tipering op grond van gemeenskaplike kenmerke (ooreenkomste en verskille). Hierdie handelinge/optredes (of die afwesigheid of “verlies” daarvan) kan óf geneties bepaal óf aangeleer word. Binne hierdie konteks kan mense onder andere ook fenotipies en tipologies geïdentifiseer word. Hierdie onderskeid speel 'n belangrike rol in die uitspeel en ontwikkeling van verhoudings.

Verhoudings tussen verskillende mense (individue en groepe) speel 'n baie belangrike rol in die wetenskaplike bestudering van die individu en groepe, en sluit noodwendig die verkryging van waarheid of kennis oor sy/haar/hulle verhoudings in. Binne die natuurlike wêreld waarin die mens leef, skep hy sy eie sekondêre (subjektiewe) leefwêreld van kultuur en idees. Dit ondervang tot 'n groot mate die verhouding en wisselwerking met, asook die verstaan van die natuur. Hierdie “sekondêre (subjektiewe) leefwêreld” skep die voorwetenskaplike konteks waarbinne verdere kennis bekom en vertolk word. Die sekondêre leefwêreld mag in 'n sekere mate uiteindelik as die

primêre leefwêreld en as “verteenwoordigend” van die objektiewe wêreld (vir die individu of groep) omvorm word (Cleary, 2019:2-3).

Die nuutgeskepte sekondêre leefwêreld kan van die natuurlike leefwêreld onderskei word, maar “bevat” die natuurlike wêreld. Daar word grootliks deur opvoeding en sosialisasie deur die mens by die natuurlike wêreld “aangepas”. Hierdie aanpassing geskied onder andere deurdat die natuurlike (genetiese) eienskappe voortdurend verfyn en geslyp word. Daar bestaan byvoorbeeld ’n natuurlike vermoë en aanleg by die mens om te kan praat. Om te kan praat, moet die vermoë om geluide te maak deur opvoeding en sosialisasie aangepas, verfyn en geslyp word tot die besondere gebruik van ’n spesifieke taal. Dieselfde aanpassing is ook van toepassing op ander terreine, soos die vermoë om te beweeg en die aanpassing van die beweging, byvoorbeeld, tot die beoefening van volksdanse (Cleary, 2019:3).

Die waarneming, verstaan, analise, uitbeelding, voorspelling en begrip van die verhouding van die mens met die natuur gee oorsprong aan onder andere filosofie, vakwetenskap, kuns, poësie, religie en die mistieke. Die mens se idees, menings, teorieë en emosionele reaksie word hierdeur beïnvloed. Die waarneming, verstaan, analise, uitbeelding, voorspelling en begrip van primêre/objektiewe verhoudings (die mens as deel van die natuur) lei daartoe dat die mens as individu homself weens objektiewe verskille onderskei van die res van die natuur. Aan die ander kant voel die mens aangetrokke tot die (mede)menslike spesie (*Homo sapiens*) weens objektiewe ooreenkomste. Binne die menslike spesie vind verdere onderskeid, hoofsaaklik gebaseer op onderlinge uiterlike *verskille* en *ooreenkomste*, plaas. Besondere ooreenkomste lê die grondslag waarop verhoudings, bondgenootskappe en groepe gevorm word. ’n Geldige uitsondering is die verhouding tussen verskillende geslagte, maar selfs hier speel ooreenkomste (byvoorbeeld in ras en taal) ’n belangrike rol (Cleary, 2019:4-6).


Harari (2015:195-196) ondervang verskille en ooreenkomste en die vorming van verhoudings by die mensdom in sy boek, *Sapiens: A Brief History of Humankind*, soos volg:

Evolution has made Homo sapiens, like other social mammals, a xenophobic creature. Sapiens instinctively divide humanity into two parts, ‘we’ and ‘they’. We are people like you and me, who share our language, religion and customs. We are all responsible for each other, but not responsible for them. We were always distinct from them, and owe them nothing. We don’t want to see any of them in our territory, and we don’t care an iota what happens in their territory.

Die mens se keuse ten opsigte van verhoudings, wat aanleiding gee tot “ons” en “hulle”, vorm die grondslag van die mens se identiteit en is ’n natuurlike uitvloeisel van die menslike aard. Identiteit

lei tot 'n verhouding waar 'n individu in groepsverband 'n “plek” of “tuiste” van “behoort” en “geborgenheid” vind. Binne identiteit kom 'n verskynsel na vore waar gesag binne die gemeenskap erken en waaraan lojaliteit betoon word.

Aristoteles het gesê dat die mens in wese 'n “politieke dier” is en nie volledig “mens” is as hy nie aan 'n sosiale gemeenskap behoort nie (Gaarder, 2007:115). Diegene wat deel van die “ons” vorm, neig tot samehorigheid, groeppvorming binne gemeenskappe en uiteindelik tot sosiale, kulturele en politieke bewuswording. Degenaar (1987:233) wys daarop dat sosiale, kulturele en politieke bewuswording onderskeidelik lei tot 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn. Die vorming van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn lei tot die vestiging identiteit, wat verder deur ideologie bevorder word (Figuur 2.4). Volksidentiteit lei nie noodwendig tot nasionale identiteit nie en kan onafhanklik in volksnasionisme, soos binne die Boererepublieke, ontwikkel. Die aanhangers van Paradigma A aanvaar nietemin die ontwikkeling van groepsidentiteit tot volksidentiteit en tot nasionale identiteit as noodwendig, om die paradoksale eenheid van 'n Afrikanernasie, wat deur die proses van sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu geskep is, te regverdig.



Figuur 2.4: Die ontwikkeling van identiteit en ideologie gebaseer op Degenaar (1987:233)

Cleary (2019:6) konstrueer verhoudings tussen mense soos volg:

Genetic bonds can be visualized as a series of concentric circles. At the very center is immediate family. Moving outwards from the center we come to extended family, clan, tribe, ethnicity, and race.

Die bindingskrag van die verhoudings binne die “ons-netwerk” is die sterkste in die kern en taan (byvoorbeeld ten opsigte van etnisiteit en ras) dienooreenkomstig na buite. Die verduideliking van ’n progressie van groeperings vind volgens Carneiro, soos daarna verwys in Haas (1990:10-11), veral plaas weens die mededinging om hulpbronne tussen groepe (“ons” en “hulle”). Dit noop kleiner groepe om groter groepe (binne die geledere van “ons”) te vorm, om sodoende ’n sterker mededingingsfaktor teen “hulle” te kan wees. Die groepe word deur Carneiro hiërargies geklassifiseer as: “*The states, from the least to the most hierarchical social organization, are the band, the autonomous village, the tribe or confederacy, the chiefdom, and the state.*”

Identiteit kan vir die oogmerk van hierdie navorsing gedefinieer word as die *sosiale, kulturele en politieke bewuswording* van mense gebaseer op *ooreenkomste*, wat lei tot die bevordering van *verhoudings* en *bondgenootskappe* (die totstandkoming van “ons”). Dit kan uiteindelik lei tot ’n *groepebewussyn* (byvoorbeeld godsdiensgroepe), *volksbewussyn* (byvoorbeeld die *Boervolk*) en *nasionale bewussyn* (byvoorbeeld die Afrikanernasie). Dit lei tot die bespreking van die terme *volk*, *volksnasionalisme* en *nasie*.

2.4.2 Volk, volksnasionalisme en nasie

Die term *volk* is uniek aan die Dietse volkere en is ’n kulturele konsep, wat verwys na ’n groep mense of samelewing, wat ontwikkel het en saamgebind is as ’n sosiale, kulturele en politieke eenheid. Degenaar (1987:239) beskryf ’n *volk* as ’n “kulturele konsep [wat] verwys na ’n groep mense met ’n gemeenskaplike lewenstyl en ’n kontinuïteit van ervaring wat gegrond is op ’n gemeenskaplike land, afstamming, verlede, tradisie, gewoontes, taal, godsdiens, sosiale organisasies en politieke ideaal”. In die ontwikkeling van die Boervolk word die vryheidstrewe, onder andere in die vorm van republikanisme, voortdurend vooropgestel en sal tydens die verskillende ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit uitgelig word.

’n *Volk* word gewoonlik gekoppel aan ’n gevoel van nasionalisme, ’n strewe na onafhanklikheid en patriotisme.¹¹ In Engels word die term “*a people*” asook “*nation*” gebruik (Labuschagne *et al.*, 2001:108-111). Die Engelse term *nation* skep egter verwarring in Afrikaans, omdat *nasie* nie dieselfde betekenis as *volk* het nie. Degenaar (1987:239) onderskei onder andere tussen *volk* en *nasie* en stel:

Volk en nasie kan as kulturele en politieke konsepte onderskei word. As politieke konsep verwys ’n nasie na ’n volk as kultuurgemeenskap wat bewus geword het dat soewereiniteit in hulself geleë is en gevolglik daarna strewe om hulself in ’n (nasionale) staat te organiseer.

Nasie behels dus ’n wyer begrip as *volk* en het in twee rigtings ontwikkel, naamlik ’n territoriale konsep en ’n kulturele konsep (Breytenbach, 1987:198). Die kulturele konsep word deur die term *volk* ondervang, terwyl die territoriale konsep meer dui op ’n breër politieke begrip wat aan die begrip *nasie* gekoppel kan word. Hiervolgens kan ’n Suid-Afrikaanse nasie byvoorbeeld saamgestel word uit volkere van verskillende groepe, rasse en etniese samestellings. Op dieselfde wyse kan geredeneer word dat die Afrikanernasie saamgestel is uit die *Kaapse Afrikaner* (Kolonialer) en die *Boervolk*.

Volksnasionalisme behels volgens Degenaar (1987:239) ’n “vorm van nasionalisme waarin die groep mense wat die hoogste politieke lojaliteit aan die nasie (nasionale staat) laat toekom, hulself sien as ’n volk met kulturele eienskappe wat eksklusief is ten opsigte van ander volke.” Dit behels dat, in ’n homogene samelewing die *volk*, wat tot die internasionale arena toetree, se nasionale bewussyn gelyk is aan volksbewussyn. Die OVS en die ZAR kon aanvanklik kwalifiseer vir die term *volksnasionalisme*, maar is spoedig oorweldig deur volksvreemde elemente. In heterogene lande word die term *nasie*, soos in die VSA of soos tans in Suid-Afrika, gebruik om die konglomeraat te beskryf (Pretorius, 2020).

Veral vanaf die dertigerjare (20^{ste} eeu) word Afrikanernasionalisme as ideologie vir die paradoksale Afrikanervolk gepropageer. ’n Mate van verwarring vind plaas aangesien die term nasionalisme (soos reeds gemeld) op ’n groter geheel of nasie kan dui (Figuur 2.4).

In hierdie navorsingstudie speel die begrippe *volk*, *volksgesindheid* en *volksisme* (gekoppel aan ’n strewe na vryheid) ’n baie belangrike rol en word onder die begrip *republikanisme* verder bespreek.

¹¹ **Patriotisme** behels die psigologiese identifisering met die vaderland (of moederland). Dit is daardie geografiese gebied of *patria*, wat ’n persoon as sy of haar tuisland beskou. Dit verwys dus na ’n staat se bevolking, wat ’n gemeenskaplike patriotisme deel, sonder dat die lede van die bevolking (noodwendig) ’n gemeenskaplike nasionalisme deel (Botha, 2005:xx).

2.4.3 Politieke sosialisasie¹²

Identiteit word gewoonlik deur 'n proses van sosialisasie van geboorte af in elke individu se *mende*¹³ ingeprent. Die mens word van geboorte af geleer dat “ons” onderskei kan word van “hulle” op grond van die verskil in *samestelling* en *graad*. *Samestelling* is byvoorbeeld gekoppel aan uiterlike ooreenkomste of andersyds, ongelykhede. *Graad* sluit ooreenkomste of, andersyds, ongelykhede in optrede en vermoë in (Cleary, 2019:4).

Die terreine waarop hierdie sosialisasie van die “nuwe lid” ten opsigte van sy/haar identifisering met die groep plaasvind, sluit in: die *familie, kerk, skool, vriendekringe, media, eweknie- en portuurdruk-groepe*. Dit sluit ook die gesindheid teenoor die regering en teenoor ander groepe in, sowel as die siening oor en houding teenoor verskillende klasse in die samelewing (Kotze, 2015:249-251; Sargent, 2009:16).

Vir hierdie studie kan politieke sosialisasie beskou word as die invloede en opvoedingsprosesse waaraan 'n individu binne 'n bepaalde samelewing en gemeenskap onderwerp word om sy/haar sosiale, kulturele en politieke bewuswording, wat insluit *waardes, benaderings, gesindheid, opinies, optredes en identiteit*, te vorm en te bepaal, met gevolglike identifisering met die “ons” en die totstandkoming van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en later 'n nasionale bewussyn. Die skep van mites en die oorvertel van die verhale van generasie tot generasie speel dikwels 'n belangrike rol in die sosialisasieproses.

2.4.4 Mites, rites, tempels en priesters

Verduidelikings oor religie word van generasie tot generasie in die vorm van mites oorgedra. Mites kan beskou word as 'n storie oor die gode, wat vertel word met die doel om te verklaar waarom die lewe is soos dit is (Gaarder, 2007:23-29). Die mens het 'n inherente psigologiese hunkering na sterk mitiese figure, hetsy in godsdienste, soos Moses, Josua, Dawid, Zeus en Apollo, of in volksmites, soos Piet Retief, Andries Pretorius, Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Paul Kruger. 'n Wêreld sonder mites is nie 'n menslike wêreld nie (Pretorius, 2020).

Rites word beoefen om mites in stand te hou en sluit handeling soos offerandes en religieuse seremonies in. Rites, in die vorm van onder andere byeenkomste en seremonies, het gewoonlik

¹² In hierdie studie word 'n onderskeid getref tussen die woorde **sosialiseer** (*socialising*), wat die alledaagse gesellige verkeer tussen persone behels, en **sosialisasie** (*socialisation*), wat die proses verteenwoordig waardeur mense en groepe se groepsidentiteit, politieke oriëntasie, waardes, benaderings, gesindheid, menings en optredes deur interaksie gevorm of verander word.

¹³ **Mende** is 'n neologisme, wat beskou kan word as die gedagtes, idees, verstand, intellek, gees, gemoed, binneste, bewussyn, belewenisse, argumente en inspirasies, wat in die mens se brein ontstaan en bestaan en in Engels met *mind* vertaal kan word.

op bepaalde plekke plaasgevind aanleiding gegee tot die oprigting van heilige plekke/tempels. Die priesters wat die rites uitoefen word deur die lede van die groep as *geleerdes* beskou, wat die elite vorm (die slim mense wat “weet”), wat die waarheid “mag” oordra en dus geglo “moet” word (Pretorius, 2020).

Soos mites religie verklaar, kan verskynsels in die alledaagse lewe (hoe of wat die lewe is), ook deur die vestiging van mites verklaar word. 'n Voorbeeld van die vestiging van 'n mite in die alledaagse lewe is die mite van Koning Arthur en die Ridders van die Ronde Tafel, wat 'n demokratiese bestel binne 'n koninkryk, gebaseer op regverdigheid, geregtigheid en moraliteit gevestig het (Lacy, 2008: s.v. Arthur).

Mites word ook gebruik om groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn te bevorder. Die vestiging van die Afrikaner as nasie is 'n sprekende voorbeeld (Deist, 2002: 72-73). Tydens die vestiging van die Afrikanernasie in die 20^{ste} eeu is die mite van 'n Afrikanernasie geskep deur die vestiging van die mite dat die Afrikaner met die “volkstigting” op 6 April 1652 ontstaan en in 'n volk ontwikkel het. Hierdie mite is deur rites bevestig, soos deur die viering van Stigtingsdag. Verder is die mite van die Afrikanernasie versterk deur die skepping van onder andere Volkspelerlaers en die Voortrekkerjeugbeweging en is die mite tydens seremonies (rites) soos Geloftefeeste verkondig, wat deur die “priesters” of *geleerde elite* (predikante, politici, kultuurleiers en akademici) gelei is. Hierdie rites het by “tempels” soos die Voortrekkermonument, Taalmonument, Bloedrivier, Vrouemonument en Geloftefeesterreine plaasgevind (Pretorius, 2020).

Van Jaarsveld (1980b:223) verwoord die verskynsel van 'n mite by die Afrikaner soos volg:

In die geskiedenis het hulle [die Afrikaner] tot geestelike eenheid geword en is 'n nasionale mite gevind wat die groep gebind het. Deur 'n Israel-vergelyking het die Groot Trek sin en betekenis gekry; ook is hul geskiedbeeld aan die godsdiens verbind. Hul het hulself as 'n geroepe en uitverkore volk met 'n opdrag gesien.

Die sosialisasieproses en die wyse van vestiging van mites deur die uitvoering van rites word in die toepassing van sosiale ingenieurswese weerspieël.

2.4.5 Sosiale ingenieurswese

Sosiale ingenieurswese is van die Nederlandse konsep *sosiogeniëring* afgelei (in Engels vertaal as “*social engineering*”), wat deur die industrialis JC van Marken in 1894 bekend gestel is. Hy het beweer dat, “net soos 'n samelewing tegniese kundiges nodig om tegniese kwessies te hanteer, ‘sosiogeniëringdenkers’ nodig word om sosiaal-maatskaplike kwessies aan te pak

en daarmee te handel” (Duvenhage 2021:6). Dit word ook soms *maatskaplike ingenieurswese* genoem (Giliomee 2004:296).

Die toepassing van sosiale ingenieurswese het volgens Duvenhage (2021:6) reeds in 1905 beslag gevind, toe die Duitse sosioloog Ferdinand Tonnies, in *The Present Problems of Social Structure 1905*, “beklemtoon het dat sosiale manipulerings op grond van data en syfers gebruik moet word om die samelewing progressief te verander ten einde ontwikkeling te bevorder en uitdrukking te gee aan waardes soos vryheid, voorspoed en geluk, gemeet volgens utilitaristiese bepalings.”

In Amerika en Europa het sosiale ingenieurswese in die 1930's verder na vore getree (Miller, 1993:657). Baradat (2012:112-113) verwys na John Dewey, wat sosiale ingenieurswese in die VSA koppel aan die “verandering van instellings om ’n besondere doel te bereik”. Dewey wou onder andere individue “omvorm” (*mould*) om sosiaal aanpasbaar te wees “*thereby improving human beings and making them more socially compatible.*” Die “aanpasbaarheid” wissel natuurlik afhangende van die ingenieur se doelwit.

Rosengarten (s a) rapporteer dat Antonio Gramsci (1891-1973), ’n politieke aktivis en sosiale teoretikus wat deur Marx beïnvloed is, beweer het dat die heersende klas die laer klasse deur politieke sosialisasie kan “beheer”. Dit moes geskied deur instellings soos skole, kerke en families. Hy beweer verder dat, indien politieke sosialisasie (’n uitvloeisel van “sosiale ingenieurswese”) effektief toegepas word, onderdrukking nie nodig is om ’n sosiale hegemonie tot stand te bring nie.

Drie komponente is ter sprake in die proses van sosiale ingenieurswese, naamlik die sosiale ingenieurs, subjekte en die “simboliese inhoud van die bouprojek” (data oor die vestiging van die paradigma of mite) (Blignaut, 2019). Die sukses van die “bouprojek” sal afhang van die insette deur die sosiale ingenieurs. ’n Voorvereiste is voldoende beskikbaarheid van “genereerbare” (genieerbare) wetenskaplike data, ’n toepaslike beleid, sowel as regulatoriese en administratiewe “ingenieursgereedskap”. Dit word soos volg deur Roos (2015:1174) verwoord: “*Society might be changed or managed – engineered – if one had adequate ‘scientific’ data to be engineered, and appropriate policy, regulatory, and administrative tools to carry out the engineering.*”

Om ’n sosiale ingenieurswese-projek suksesvol uit te voer, is “duur” en dit vereis groot investering en organisasie om ’n bestaande paradigma of mite te vestig of te verander (Harari, 2015:118). Die “ingenieurs” maak onder andere gebruik van terreine soos uitgestippel onder sosialisasie en die verkose boodskap (die vestiging van ’n paradigma of mite) word deur die regstelsel, kerk,

skool, media en verskeie ander instellings uitgedra, wat doelbewus gebruik word. Dikwels word “tempels” in die vorm van monumente en gedenktekens opgerig.

Sosiale ingenieurswese berus op ’n natuurlike interaksie tussen mikroverskynsels, byvoorbeeld waar kinders in ’n Sondagskool onderrig word, en makroverskynsels, byvoorbeeld Volksaamtrekke, onderwysbeleid, onderwys-kurrikulum en die beheer van instellings soos die media. Die sosiale ingenieurs, as die ideologiese, organisatoriese en institusionele rolspelers, verskaf die boustene vir die “sosiale bouprojek”. Die bouprojek kan beskou word as die vestiging van ’n paradigma of ’n mite by die subjekte (teikengroep). Die sosiale ingenieurs se planne (idees en arbeid) word kousaal in die samelewing openbaar, wat as die subjekte aan die planne onderwerp word. Die uitvoering van die planne kan beskou word as die skepping van toepaslike rites. Die boodskap of inhoud van die mite word met die hulp van die owerheid deur toepaslike “priesters” – gewoonlik lede van die elite – tydens toepaslike seremonies (rites) aan die subjekte oorgedra. Die invloed van die idees en arbeid deur die toepassing van rites het ’n invloed op beide die bewuste (objektiewe), soos die strukturele, ekonomiese, maatskaplike en politieke terreine, asook die onbewuste (subjektiewe) van die subjekte. Die subjektiewe sluit terreine in soos die moreel/godsdienstige, emosioneel/sielkundige, kulturele en ook die simboliese en mitologiese aspekte binne die samelewing (Blignaut, 2019).

Duvenhage (2021:6) beskou sosiale ingenieurswese of sosiogeniëring binne ’n breër verwysingsraamwerk as “’n vorm van sentrale beplanning (‘top-down’) om sosiale verandering te probeer bewerkstellig deur regulatief die gedrag en ontwikkeling van die samelewing te bestuur en ook te beheer.”

In die algemeen kan sosiale ingenieurswese beskou word as die toepassing van ’n doelgerigte, sistematiese en sistemies bewimpelde proses van sosialisasie van ’n groep of groepe mense, met die doel om sekere sosiale, kulturele en politieke resultate te bereik.

In hierdie studie behels sosiale ingenieurswese: Die aktiwiteite van die sosiale ingenieurs, wat hulleself besig hou met die vestiging van ’n sosiale bouprojek (paradigma of ’n mite) deur die toepassing van planne (o.a. in die vorm van rites en oprigting van tempels, onder andere in die vorm van monumente) op subjekte (teikengroepe) met die doel om besondere sosiale, kulturele (wat godsdienst insluit), of politieke resultate te verkry, wat ’n invloed op die groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn van die mense in die teikengroep(e) het (Degenaar, 1987:233).

Voorbeelde van hedendaagse sosiale ingenieurswese sluit volgens Duvenhage (2021:7) in:

[D]ie poging tot die skepping van die “new Soviet man” in die Sowjet Unie tydens die twintigerjare; die Nazi-bewind in Duitsland (1933–1945); die Chinese “Great Leap Forward” (1958–1961), en die Kulturele Rewolusie (1966–1976), asook die Khmer Rouge se “Deurbanization of Cambodia” (1975–1979). Ander voorbeelde van sosiale en politieke manipulerings sluit in die pogings tot etniese integrasie in Singapoer; Ujamaa-sosialisme tydens die sewentigerjare van die vorige eeu in Tanzanië, en grondhervorming in Zimbabwe sedert 1999.

Die sosiale ingenieurs in hierdie studie sluit in: die regimes en regerings van die VOC in die 17^{de} en 18^{de} eeue; die Britte tydens die 19^{de} eeu, sowel as aan die begin van die 20^{ste} eeu; die Unieregering tot 1961; sowel as die Afrikaner (NP) regime tot en met 1994 en laastens die regime van die ANC na 1994.

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, het veral *kolonialisme*, *Afrikanereenheid*, *apartheid*, *blankisme* en *transformasie*, as vorme van sosiale ingenieurswese, ’n beduidende rol gespeel en word vervolgens kortliks ontleed.

Gepaardgaande met die implementering van die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese word republikanisme by ’n deel van die ontlukende Afrikanergroep waargeneem. Alhoewel republikanisme ’n vorm van idealisme, asook ’n regeringsvorm verteenwoordig, kan dit ook as ’n vorm van sosiale ingenieurswese voordoen. Republikanisme, soos in hierdie navorsing beskryf, kom grootliks in die vorm van ’n ideologie voor (Hoofstuk 2.4.5.2). Hierdie ideologie dien as instrument waarbinne die strewe na vryheid, onafhanklikheid, selfregering en volksisme deur ’n groep binne die Afrikanerdom gekanaliseer word.

2.4.5.1 Kolonialisme

Tydens die koloniserings van ’n gebied oefen die koloniste (as sosiale ingenieurs) sosiale ingenieurswese op die plaaslike bevolking (subjekte) uit, deur die blootstelling aan kolonialisme (die bouprojek) en deur die toepassing van sekere wette en handeling (wat sekere rites insluit), sodat die gekoloniseerdes se sosiale, kulturele en politieke oriëntasie (bewussyn) aangepas word ten einde die kolonialiste se beleide en doelwitte te bevorder. Gedurende die proses word die subjekte se waardes, benaderings, gesindhede, menings en optredes dikwels getransformeer. Die Britse Ryk (*Empire*) het ’n belangrike rol tydens die koloniserings van gebiede regoor die wêreld gespeel, veral in die lig daarvan dat die vestiging van ’n ryk, volgens Harari (2015:191), drastiese veranderinge in bevolkings veroorsaak:

Empires were one of the main reasons for the drastic reduction in human diversity. The imperial steamroller gradually obliterated the unique characteristics of numerous peoples ... forging out of them new and much larger groups.

Verskillende kleiner groepe is dikwels in 'n groter groep inforseer, nadat grense arbitrêr bepaal is, sonder dat die verspreiding van etniese konsentrasies in ag geneem is. Dit het veral in Afrika plaasgevind en is steeds 'n oorsaak van konflik (Fisher, 2012; Wingard, 2009:21).

Kolonialisme lei dikwels by die subjekte tot weerstand teenoor die sosiale ingenieurswese-prosesse. Hierdie weerstand kan by die vryheidsgesindes, veral die Boer, waargeneem word, terwyl die Kaapse Afrikaner bereid was om die proses van kolonialisme te aanvaar en te internaliseer. Die Boer het, gedryf deur sy vryheidsgesindheid, uit die Kaapkolonie (Kolonie) weggetrek om van die invloed van kolonialisme te probeer ontsnap. Andersyds het kolonialisme 'n wesentlike en blywende invloed op die denke en vestiging van die kulturele erfenis van die Kaapse Afrikaner uitgeoefen. Hierdie verskynsel van pro-koloniale gesindheid en konformasie is 'n wesentlike eienskap van die Kaapse Afrikaner en kan steeds as kulturele erfenis by hulle nasate waargeneem word (Giliomee, 2016c:293).

Die Afrikaner se voorsate is tydens al die ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit aan kolonialisme blootgestel. Daardie invloed sal in die behandeling van die verskillende historiese fases ontleed word. Op hierdie stadium word net gemeld dat kolonialisme veral tydens die eerste drie fases (Figuur 1.3) van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit op die voorsate van die Afrikaner 'n besondere uitwerking gehad het, met die vorming van 'n nuwe groter groep uit voorheen diverse kleiner groepe (Harari, 2015:191).

2.4.5.2 Republikanisme

Alhoewel die verskynsel van republikanisme nie noodwendig as 'n vorm van sosiale ingenieurswese geklassifiseer kan word nie, kan dit onder bepaalde omstandighede op sy eie as 'n ideologie deur 'n groep of regime bevorder word. Die term *republiek* kom uit Rome en is afgelei van *res publica* uit Latyn, wat "die openbare aangeleentheid of saak" beteken (Orania webblad, 2017).

Republikanisme word soms in dieselfde asem as *demokrasie* genoem. Die politieke organisasie van die Germaanse stamme het elemente getoon van wat ons "demokrasie" noem. Botha (2005:37-38) haal die Romeinse geskiedskrywer Tacitus aan, wat gestel het: "*On more important business they all meet ... the decision of which lies with the people ... Their love of liberty makes them independent to a fault.*" Die term *republikanisme* is ook algemeen in Suid-Europa gebruik om na "heerskappy deur die volk" te verwys. Verder het Romeinse republikanisme (voor Julius

Caesar) ook kenmerke gehad wat ooreenkomste met die hedendaagse opvatting van die begrip *demokrasie* toon (Botha, 2005:37-38).

Die kern van republikanisme omsluit nietemin meer as *demokrasie*, en sluit begrippe in soos: “vrye, onafhanklike klas burgers wat eiendom besit en regte, pligte en voorregte het” (Giliomee, 2004:128). Die uiteindelijke doelwit van republikanisme is die verkryging van grondgebied en die stig van ’n soewereine republiek met eienskappe soos: ’n verkose volksraad met ’n verkose president wat gereeld gewissel het, ’n grondwet, ’n vlag, ’n volkslied, ’n verdedigingsmag en ’n staatsadministrasie (Orania, 2017). Vir die *Boer* was die verkryging van ’n republiek egter die vervulling van ’n *vryheidstrew*e en die *vestiging van vryheid*. Hierdie eienskap loop soos ’n goue draad deur die geskiedenis van die *Boervolk*.

Die republikanisme van die Kaapse burgers van die laat 18^{de} eeu en die vroeë 19^{de} eeu, asook dié van die Trekkers, het volgens Giliomee (2004:128) min politieke of filosofiese diepte gehad. Nogtans kon daar onder sekere inwoners ’n prominente republikeinse strew of republikanisme aangetoon word. Giliomee (2004:128) stel dat:

Die vernaamste idees was slagspreuke geleen van die republieke in die Verenigde State, Nederland of Frankryk. Daar is geen aanduiding dat die geskrifte van republikeinse denkers bestudeer is nie. Maar al die kerngedagtes van ’n ideologie van republikanisme was aanwesig: ’n vrye, onafhanklike klas burgers wat eiendom besit en regte, pligte en voorregte het. Hierdie idees het reeds lank voor die trek posgevat.

Die gedagtes van vryheidsgesindheid, patriotisme, en veral die gedagte van volksgesindheid of volksisme vorm die hooftema wanneer republikanisme in hierdie studie ter sprake is. Die republikanisme wat by die Boergesindes waargeneem word, moet binne konteks met die verkryging van ’n volkskap “binne ’n eie staat” geplaas word (Bruwer, 1988:207).

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis kom republikeinsgesindheid vroeg reeds voor. Reeds met die stigting van die Patriotte en die Republieke van Swellendam en Graaff-Reinet blyk die eerste tekens van republikanisme. Daar word gepraat van *burgerlike vryheid* en *vrye verkiesings d.m.v. die “volkstem”*. Die woorde “vryheid” en “vaderland” kom ook tydens hierdie gebeure voor (Van Jaarsveld, 1959:16).

Daarna gebruik die Pro-Republikeinse Kolonialer en veral die Proto-Boer en die *Boer* dieselfde woorde. Die verskynsel van ’n vryheidstrew het met verloop van die geskiedenis gedy en het tot die stigting van verskeie republieke gelei. Dit sal in al die historiese fases uitgelig word (Aanhangsel A).

In hierdie studie kan die term republikanisme beskou word as die ideologiese nastreef van vryheid en onafhanklikheid, waar die vrye en onafhanklike burgers wat eiendom besit en regte, pligte en voorregte het, as 'n volk in hulle eie gebied oor hulself op 'n demokratiese wyse kan regeer. Die staatshoof word op demokratiese wyse aangestel. Die term republikanisme word gevolglik dikwels as sinoniem vir *vryheidsgesindheid*, *volksgesindheid* en *volksisme*, selfs *Boeregesindheid*, in hierdie studie gebruik.

2.4.5.3 Afrikanereenheid

Die vestiging van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme het veral aan die begin van die 20^{ste} eeu tydens 'n intensiewe veldtog van sosiale ingenieurswese plaasgevind (Deist, 2002:73). Dit het 'n beduidende invloed op die vestiging van Afrikaner-identiteit gehad. Die prosesse van sosiale ingenieurswese het voor en gedurende die vestiging van apartheid plaasgevind en word in Hoofstuk 6 volledig ontleed.

2.4.5.4 Apartheid

Hoewel die term *apartheid* volgens Du Toit (2009:57) eers na 1947 gebruik is, is die beginsel van apartheid of segregasie deur Westerse lande in die algemeen en deur Engeland en Amerika in die besonder, veral in hulle kolonies, voluit toegepas (Giliomee, 2004:445). Ook in Suid-Afrika het die Engelse koloniale regering segregasie rigied toegepas (Giliomee, 2004:243, 251-252). *Apartheid* kan deels beskou word as die vestiging van Afrikaner-identiteit binne die voortsetting van 'n stel Britse reëls en die toepassing van Britse kolonialisme binne Afrikaner-verband (Duvenhage, 2019).

Tydens, of selfs voor die vestiging van apartheid in Suid-Afrika, is vryheidstrewes as deel van Afrikaner-identiteit en Afrikanereenheid, gekoppel aan republikanisme en as deel van 'n ideologie uitgebou. Degenaar (1987:234) verwoord dit as: "Die kweek van 'n groepsidentiteit onder Afrikaners en die implementering van die apartheidsbeleid op alle terreine met die doel om Afrikaner-identiteit en blanke oorlewing te waarborg."

Die sosiale ingenieurs, onder andere die AB en die NP, vestig die bouplan (apartheid en Afrikanernasionalisme as paradigma en mite) deur die promulgering van wette en uitvoer van handelinge, wat sekere rites insluit, die bou van "tempels" soos die Voortrekkermonument en die Taalmonument, en die skep van tuislande (Deist, 2002:73-74).

Die uitspeel van *apartheid*, as deel van sosiale ingenieurswese, op die vestiging van Afrikaner-identiteit word in Hoofstuk 6 verder bespreek. Let daarop dat Afrikanernasionalisme en

Afrikanereenheid as ideologiese komponente tydens die vestiging van *apartheid* ontwikkel en deel van die sosiale ingenieurswese-proses gevorm het.

2.4.5.5 Blankisme

Die term behels die vestiging van die identiteit van 'n blanke groep. Die vestiging van *blankisme* het 'n beduidende invloed op Afrikaner-identiteit gehad. Die prosesse van sosiale ingenieurswese en die uitbou van blankisme is deur die Afrikaner-elite veral na die totstandkoming van die RSA in 1961 bewimpel en word in Hoofstuk 7 volledig bespreek.

2.4.5.6 Transformasie

Die begrip *transformasie* en die skakeling met die ANC se *National Democratic Revolution* (NDR) word in Hoofstuk 8 volledig bespreek. Kortliks dui dit op radikale sosiale en politieke verandering (Jankielsohn, 2016:66). Tydens die proses kom kulturele aangeleenthede van minderheidsgroepe ook in gedrang. Soos *apartheid* die ideologiese grondslag van die NP gevorm het, so vorm die ANC se *National Democratic Revolution* (NDR) die ideologiese grondslag vir *transformasie* in Suid-Afrika: “On a political level, however, the NDR is still regarded as the defining ideological basis for the transformation of South African society and economy” (Jankielsohn, 2016:2).

Nadat die ANC aan bewind gekom het, is die beleid van *transformasie* toenemend geïmplementeer. Duvenhage (2021:7) verwoord dit soos volg:

Ooreenkomstig hierdie denkpatroon (soos veranker in Marxisties-Leninistiese, Maoïstiese en ander vorme van rewolusiedenke), is daar drie fases van die rewolusie, naamlik die politiekeoorname (beheer oor die regering en die groter regime); ekonomiese transformasie (staatsbeheer oor produksiefaktore naamlik grond, kapitaal, arbeid en ondernemerskap), en sosialetransformasie, met as uitkoms 'n samelewing waarin almal gelyk is (ANC 2017:4).


Transformasie in die 21^{ste} eeu het steeds 'n beduidende uitwerking op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. *Transformasie* in Suid-Afrika is veral gemik op die bemagtiging van swartmense, wat in die proses die ontmagtiging van witmense, veral die wit Afrikaner-man (die sogenaamde WAM), tot gevolg het. *Transformasie* se uitwerking op Afrikaner-identiteit word in Hoofstukke 9 en 10 (Fase 6) verder en volledig bespreek.

2.4.5.7 Gevolgtrekking: Die uitwerking van sosiale ingenieurswese op identiteit

In hierdie navorsing kan sosiale ingenieurswese beskou word as 'n verskynsel waar sosiale ingenieurs gebruik maak van 'n doelgerigte, sistematiese en sistemies bewimpelde bouprojek

waartydens die subjekte (’n groep of groepe mense) blootgestel word aan ’n proses van sosialisasie asook die toepassing van rites met die doel om ’n bepaalde beleid te vestig. Regulatoriese en administratiewe ingenieursgereedskap word gebruik om ’n samelewing te “genieer” deur die subjekte te verander of te manipuleer/bestuur/organiseer/bewerk, om sodoende ’n sekere sosiale en politieke resultaat te bereik.

Tydens die sosialisasieproses en die vestiging van ’n bepaalde mite word die subjekte se sosiale, kulturele en politieke waardes, benaderings, gesindhede, menings en optredes dikwels getransformeer ten einde sekere resultate, wat deur die ingenieurs ten doel gestel is, (veral) ten opsigte van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn, te bereik. Die terreine waarop die proses plaasvind, sluit onder andere in: die regstelsel, kerk, skool, media en ander openbare instellings. Die vorme van sosiale ingenieurswese wat hier bo bespreek is, sluit in: kolonisasie, Afrikanereenheid, apartheid, blankisme en transformasie en vorm deel van die analitiese raamwerk waarbinne hierdie navorsing geskied. Die invloed wat die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit uitgeoefen het, sal tydens die verskillende historiese ontwikkelingsfasies van Afrikaner-identiteit in meer besonderhede ontleed word (Figuur 2.5).



Figuur 2.5: Die uitwerking van sosiale ingenieurswese op identiteit

2.5 Die konstruksie van 'n analitiese raamwerk vir die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese

2.5.1 Inleiding

Met die voorafgaande konseptualisering van belangrike begrippe as onderliggende grondslag, word daar nou voortgegaan met die ontwerp van 'n analitiese raamwerk, om as grondslag vir die studie van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te dien. Hierdie raamwerk is gegrond op die vooraf geformuleerde metateoretiese basis en sal as grondslag vir die latere hoofstukke in die navorsingstudie dien. As deel van die analitiese raamwerk vorm die voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste van Afrikaner-identiteit die grondslag waarbinne die tersaaklike tipologie, model en teorieë gekonstrueer word. Die elemente wat nodig is vir die konstruering van 'n analitiese raamwerk om die Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te ontleed, sal vervolgens bespreek word.

2.5.2 Voorwetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit

Dit raak die lewens- en wêreldbeskouing, insluitend die religieuse oortuigings ten opsigte van identiteit in die algemeen en Afrikaner-identiteit in die besonder. Veral aspekte ten opsigte van die mensbeskouing, samelewingsbeskouing en staatsbeskouing ten opsigte van Afrikaner-identiteit word in oënskou geneem. Vanuit die verskillende paradigmas word die Afrikaner as 'n Christelike, demokratiese en republikeinsgeoriënteerde¹⁴ groepering beskou, wat histories in Suid-Afrika ontstaan het en uiteindelik deel van 'n volk of nasie binne 'n groter staat geword het.

2.5.3 Wetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit

Die wetenskaplike konteks handel met die wetenskaplike soeke (verkryging, sifting en ordening) na geldige en betroubare kennis, asook die voorsiening van orde en struktuur (metodologies) rakende die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese. Die navorsing ontleed beskikbare historiese bronne binne die raamwerk van historiese fases.

¹⁴ Republikeinsgesindheid kom slegs by 'n deel van die Afrikaner voor, maar is in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu deur die sosiale ingenieurs op almal van toepassing gemaak.

2.5.4 Vakwetenskaplike konteks aangaande Afrikaner-identiteit

2.5.4.1 Inleiding

Die benadering van die vakwetenskap word gekenmerk deur wetenskaplikes binne die betrokke vakgebied se verbondenheid aan bepaalde tradisies, subtradisies en benaderings. Binne hierdie verbondenheid word twee paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit uitgelig. Degenaar (1987:230) stel dat: “Die botsende interpretasies wat van Afrikaner-nasionalisme gegee word, dui op ’n verskeidenheid paradigmas wat gebruik kan word om ’n historiese verskynsel te verstaan,”

Soos reeds genoem, bepaal die leidende paradigma en tradisies enersyds dat Afrikaner-identiteit primordiaal en sinchronisties as ’n “saamgestelde groep” vanaf die “volksplanting” tot ’n volk/nasie ontwikkel het, terwyl andersyds verklaar word dat die *Boer* en die *Kolonialer* afsonderlik van mekaar ontwikkel het en op ’n later stadium saamgevoeg is om die mite van ’n paradoksale Afrikanernasie tot stand te bring. Hierdie tradisies en paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit word nou bespreek.

Die onderskeid tussen *tradisie* en *paradigma*, veral ten opsigte van Afrikaner-identiteit, is nie maklik nie, aangesien die twee terme baie raakpunte en ooreenkomste het (Duvenhage, 1994:37). Vir die ontwikkeling van ’n analitiese raamwerk vir hierdie studie ondervang die begrip *paradigma* ten opsigte van Afrikaner-identiteit die groter geheelbeeld, wat tradisies, sieninge, verwysingsraamwerke en hulphipoteses insluit. Trouens, binne die geraadpleegde bronne word waargeneem dat die uiteenlopende tradisies, sieninge, verwysingsraamwerke en hulphipoteses aanleiding gee tot die totstandkoming van twee paradigmas, gegrond op, en onderhewig aan die benadering van die betrokke outeur se onderskeid ten opsigte van die siening oor die ontstaan/bestaan van die *Boer* en die *Kolonialer* as twee onderskeibare groepe. Op grond hiervan word die twee paradigmas gevorm.

Volgens Malina (2006:283) is sekondêre bronne dikwels ondergeskik aan die paradigma en geldende mening wat deur die betrokke elite gehandhaaf word. Die geldende mening wat deur die aanhangers van Paradigma A gehandhaaf word en wat veral na die 1930's ten opsigte van Afrikanereenheid en Afrikaner-identiteit van toepassing was, het aanleiding gegee tot ’n gevestigde persepsie (Deist, 2002:72-73, 78). Hierdie gevestigde persepsie asook die geldende mening het daartoe gelei dat die meerderheid (twintigste-eeuse) outeurs die geskiedenis weergegee het sonder om daarop ag te slaan dat twee afsonderlike groepe, die *Boer* en die *Kolonialer*, waaruit die Afrikaner ontwikkel het, uiteenlopende kulturele erfenisse of kulturele nalatenskappe gehad het. Hulle ontken ook die feit dat die verskynsel vandag steeds na vore kom en waargeneem kan word. Dit is nietemin belangrik om daarop te let dat, weens die

intensiewe sosiale ingenieurswese wat aan die begin van die 20^{ste} eeu op die Afrikaner toegepas is, hierdie paradigma by 'n baie groot deel van BASA21 as gevestigde persepsie gevestig is.

2.5.4.2 Paradigma A: Boer en Kaapse Afrikaner is sinoniem

Outeurs en navorsers wat met Paradigma A geassosieer word, is reeds onder 1.5 bespreek en het bewustelik of onbewustelik deel geword van die benadering waar histories geen onderskeid tussen die *Boer* en die *Kolonialer/Kaapse Afrikaner* getref word nie, en wat van die standpunt uitgaan dat beide die *Boer* en die *Kolonialer* sinoniem met die term *Afrikaner/Afrikanervolk/Afrikaner-nasie* is. Die Boer en die Kolonialer word daarom deur hierdie outeurs gesamentlik as een groep onder die naam *Afrikaner* sinchronisties, anachronisties en mitologies uitgebeeld. Gebeure wat hoofsaaklik op die *Boer* betrekking gehad het, soos die gebeure tydens die Patriotbeweging, Slagtersnek-opstand, die Groot Trek, Vegkop, Bloedrivier, Majuba en die konsentrasiekampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog, word op die Afrikaner van toepassing gemaak (Degenaar, 1987:240-241).

2.5.4.3 Paradigma B: Tref onderskeid tussen die Boer en die Kolonialer/Kaapse Afrikaner

Die groep outeurs wat onder Paradigma B gegroepeer word, is ook onder 1.5 gelys en verkeer nie onder die invloed van die bestaande Paradigma A se geldende mening (veral prominent ná die 1930's) nie en toon daarom nie die uitwerking van 'n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit nie. Hierdie groep sluit buitelandse skrywers in, soos die Kanadees, Theal (1886), Engelse historici, soos Doyle (1902) en Nixon (1885), en die Amerikaners, Ridpath en Ellis (1899). Hierdie skrywers het as buitelanders die geskiedenis taamlik objektief reeds in die 19^{de} eeu opgeteken – chronologies voor die vestiging van Paradigma A en die handhawing van 'n geldende mening, tesame met die vestiging van 'n gevestigde persepsie deur die heersende elite. Hulle beskou die *Boer* as 'n onafhanklike volk en gebruik nie die term *Afrikaner* wanneer die *Boer* ter sprake is nie. Hulle beskou die *Kolonialers* as 'n afsonderlike groep en noem hulle, onder andere, die *Cape Dutch*.

Die groep sluit ook hedendaagse outeurs en rolspelers in, wat nie deur die geldende mening beïnvloed is nie en van die gevestigde persepsie kon ontsnap. Skrywers soos Booyens (2006), Kemp (1994; 1995; 2008), Stromberg (1999), Stuijt (2008) en Van Tonder (1990) definieer twee groepe en wys daarop dat die *Boer* as 'n onafhanklike volk ontstaan het. Dié verskynsel word deur hulle na vandag se situasie uitgebrei. In Tabel 2.2 word duidelik waargeneem dat die term *Boer* by die outeurs wat deel van Paradigma B uitmaak, vrylik gebruik word en die term *Afrikaner*, in vergelyking met *Boer*, baie minder. Wanneer dit wel voor die 20^{ste} eeu voorkom, word die term

Africander of *Afrikaner* dikwels gebruik, wat volgens Giliomee (2016b) niks meer as “van Afrika” kan beteken nie.

Paradigma B is diachronies gesentreer om die siening, buite die invloed van die geldende mening en gepaardgaande gevestigde persepsie, dat die Boer en die Kaapse Afrikaner onafhanklik en afsonderlik van mekaar ontwikkel het. Die terme *Boer* en *Afrikaner* is nie sinoniem nie en elke groep het ’n unieke kulturele erfenis ontwikkel. Die onderskeibare kulturele erfenisse is volgens hierdie paradigma vandag steeds aantoonbaar en kan bydra tot die verduideliking van die identiteitskrisis en verdeeldheid wat onder BASA21 teenwoordig is.

2.5.4.4 Hipotese C: Onderskei twee groepe, maar onderskei nie bepalend tussen die Boer en die Kolonialer nie

Hierdie groep outeurs is ook onder 1.5 gelys en erken wel die ontstaan en bestaan van twee groepe, maar word onder invloed van die geldende mening en die gevestigde persepsie, daarvan weerhou om die paradigmaverskuiwing te maak deur die twee groepe by die naam te noem en die onderskeid na vandag toe uit te brei. Bruwer noem byvoorbeeld die *Boer* die “Afrikaner” en die *Kaapse Afrikaner* die “Kolonialer” (Bruwer 1988:86).

Verskeie outeurs wat tans deel van Paradigma A vorm, kan ook moontlik hier ingebring word, aangesien hulle tot die besef kom dat daar twee afsonderlike groepe onder Afrikaner geledere ontstaan het. So kan Hermann Giliomee (2016c:293) as voorbeeld genoem word. Hy kan as gesaghebbend ten opsigte van Afrikaner-identiteit beskou word, en vorm deel van Paradigma A. Hy dui in onlangse artikels in die media asook persoonlike kommunikasie met hom daarop dat hy deesdae ’n duideliker onderskeid tussen die “noordelike Afrikaner” en die “suidelike Afrikaner” tref. Hy meld dat die twee Afrikaanse gemeenskappe tans besig is om terug te keer na wat hulle in die laaste dekades van die negentiende eeu was “voor Afrikanernasionalisme ontwikkel het”. Hy argumenteer dat die mense in die suide weer eens lojale onderdane is, “nou net nie meer aan die koningin van Engeland en haar Ryk nie, maar aan die NSA [Nuwe Suid-Afrika].” Daarteenoor stel hy dat die “noordelike Afrikaner” besig is om weer “burgers soos die republikeine van ouds [te word]” (Giliomee, 2016c:293).

2.5.4.5 Gevolgtrekking

Om ’n analitiese raamwerk van die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese te ontwerp, moet die bestaande paradigmas oor Afrikaner-identiteit in ag geneem word. Paradigmas A en B word daarom as die twee belangrikste benaderings aanvaar. Hipotese C is bloot ter wille van volledigheid genoem en vorm nie deel van die analitiese raamwerk nie.

Die geldigheid van die paradigmas sal tydens die behandeling van die verskillende fases van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit verken en vergelyk word.

Die belangrikste fassette of uitgangspunte van Paradigmas A en B word in Tabel 2.1 vergelyk.

Tabel 2.1: Vergelyking van die uitgangspunte van Paradigma A en Paradigma B

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
1	'n Volksplanting het in 1652 plaasgevind.	Verversingspos is gestig – geen volksplanting.
1	Die Afrikaner ontstaan en bestaan fundamenteel/oorspronklik vanaf die volksplanting.	Die Afrikaner ontstaan eers ná die tweede helfte van die 19 ^{de} eeu.
2	Die Afrikaner stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet.	Voorsate van die Boer (Proto-Boere) stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet.
2	Slagtersnek-opstand is deur Afrikaners gelei.	Die Afrikaner het toe nog nie bestaan nie.
3	Afrikaners was die betrokkenes/deelnemers aan die Groot Trek.	Proto-Boere en Boere was die betrokkenes of deelnemers aan die Groot Trek. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie.
3	Afrikaners het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg.	Die Boere het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie en die Geloofte is nie op die Afrikaner van toepassing nie.
3	Afrikaners het tydens die “Transvaalse opstand” teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin.	Boere het tydens die Eerste Vryheidsoorlog die oorwinning by die Slag van Majuba teen die Engelse behaal en daardeur die Eerste Vryheidsoorlog gewen.
3	Die Eerste Taalbeweging en die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is Afrikanergeskiedenis.	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is Afrikanergeskiedenis. Die Boere was nie direk betrokke nie.
3	Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het.	Dit was Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg het. 25 000 Kaapse Afrikaners het aan die kant van die Engelse teen die Boere geveg.
3	Dit was Afrikanervroue en kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het.	Dit was Boerekinders en -vroue wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het. Afrikaners (Hanskakies) het aan Britse kant geveg en die kinders en vroue help oppas.
4	Die 1914-rebellie is deur Afrikaners uitgevoer.	Die 1914 Boere-opstand is deur vryheidsgesinde Boere gelei, wat nie saam met hul eertydse vyand (Brittanje) wou veg nie.
4	Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig	Die Voortrekkermonument, Vrouemonument en die Oorlogsmuseum huldig die Boere se

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
	Afrikanergeskiedenis.	geskiedenis.
4	Die Taalmonument is 'n Afrikanermonument.	Die Taalmonument is 'n Afrikanermonument.
4	Die Ossewa-Brandwag was 'n Afrikanerbeweging	Die Ossewa-Brandwag was 'n Afrikanerbeweging deur Boere gedryf.
5	Afrikaners en Engelse vorm saam Blanke Suid-Afrika.	Die Boer bestaan steeds en word (onwillig) opgeneem en in 'n groter eenheid ingevoeg.
6	Alle lede van BASA21 is Afrikaners.	Daar bestaan vandag steeds baie mense onder die gelede van BASA21 wat hulleself as Boere (en nie Afrikaners nie) beskou.
1-6	Die term Boer en Afrikaner is sinoniem.	Die Boer en Afrikaner is afsonderlike entiteite.

In Tabel 2.2 is 'n paar historiese bronne wat die verskillende paradigmas verteenwoordig, ontleed. Let daarop dat dit nie 'n ontleding van die paradigmas is nie. Dit is ook nie 'n vergelyking van bronne nie en dien nie as wetenskaplike bewys van enige stelling nie. Al wat hier gebeur het is dat 'n paar bronne uit Paradigmas A en B asook uit Hipotese C geneem is en die voorkoms van die gebruik *Afrikaner* en *Boer* getel is. Die bronne wat Paradigmas A en B, asook Hipotese C verteenwoordig, is lukraak gekies volgens die elektroniese beskikbaarheid daarvan en is volgens kleure gemerk. Die volgende afleidings kan wel hieruit gemaak word:

1. Die outeurs van Paradigma A verwys aansienlik meer na *Afrikaner* as na *Boer*.
2. Die outeurs van Paradigma B verwys aansienlik meer na *Boer* as na *Afrikaner*.
3. Die buitelandse bronne (voor 1920) verwys glad nie na die *Afrikaner* nie.
4. Die term *Afrikaner* verskyn eers na 1920 in Preller se werke. Voor 1920 verwys hy na die "Afrikander".
5. Die invloed van die geldende mening en die gevestigde persepsie kan duidelik waargeneem word na die draai van die eeu (1900).
6. Let wel dat bronne waarvan ruim in hierdie verhandeling gebruik gemaak is naamlik Giliomee Paradigma A verteenwoordig en Bruwer Hipotese C verteenwoordig. Daar is relatief min verwys na outeurs wat Paradigma B ondersteun.

Tabel 2.2: Verspreiding of gebruik van die terme *Boer* en *Afrikaner* in verskillende bronne

DATUM	OUTEUR	BLADSYE	AFRIKANER	AFRIKANDER	BOER
1885	Nixon ¹⁵	434	0	3	986
1886	Theal ¹⁶	116	0	0	16
1899	Ridpath & Ellis ¹⁷	712	0	48	903
1901	Methuen ¹⁸	304	0	7	368
1902	Paul Kruger ¹⁹	323	1	23	145
1902	Genl. De Wet ²⁰	1554	0	7	149
1920-1938	Preller ²¹	3 514	240	0 ²²	1 718
1959	Van Jaarsveld ²³	200	133	0	51
1968	Pienaar ²⁴	425	484	0	57
1979	Muller ²⁵	567	141	0	63
1987	Esterhuyse ²⁶	342	254	0	2
1988	Bruwer ²⁷	539	890	3	148
1999	Stromberg ²⁸	26	30	0	135
2004	Giliomee ²⁹	676	1887	3	34
2006	Booyens ³⁰	69	51	0	124
Paradigma A		Paradigma B		Hipotese C	

¹⁵ Nixon, J. 1885. *The Complete Story of the Transvaal*.

¹⁶ Theal, G.M. 1886. *Boers and Bantu: A History of the Wanderings and Wars of the Emigrant Farmers from their leaving the Cape Colony to the overthrow of Dingan*.

¹⁷ Ridpath, J.C. & Ellis, E.S. 1899. *The Story of South Africa*.

¹⁸ Methuen, A.M.S. 1901. *Peace or War in South-Africa*.

¹⁹ Bredell, H.C. & Grobler, P. 1986. *The Memoirs of Paul Kruger* (Bredell & Grobler 1986).

²⁰ De Wet, C.R. 1902. *Three Years War*

²¹ Gustav Preller, G.S.: 1920a, 1920b, GS. 1922, 1925a, 1925b, 1937, 1938a, 1938b & 1938c. -1938. *Voortrekkermense Deel I tot VI*. Kaapstad: Nasionale Pers.

²² Preller gebruik nie die term *Afrikander* nie, maar die term *Voortrekker* 400 keer.

²³ Van Jaarsveld, F.A. 1959. *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn*.

²⁴ Pienaar, P. de V. (red). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*.

²⁵ Muller, C.F.J. (red). 1979. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*.

²⁶ Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.vd P. & Van Niekerk, A.A. (reds). 1987. *Moderne Politieke Ideologieë*.

²⁷ Bruwer, P.F. 1988. *Vir Volk en Vryheid*.

²⁸ Stromberg, J.R. 1999. *Maatskappy, State, and Empire: A Pro-Boer Revision*.

²⁹ Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*.

³⁰ Booyens, H. 2006. *When the Loerie sings again*.

2.5.5 Die tipologieë, modelle en teorieë wat deel vorm van die analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese

Hierdie studie val binne die velde van beide die politieke wetenskap en die geskiedenis. Binne die politieke wetenskap handel dit oor identiteit, die rol van die staat en die totstandkoming van strukture. Die historiese ontwikkeling van Afrikaner-identiteit word binne die veld van die geskiedenis in historiese fases uitgebeeld, terwyl die invloed van sosiale ingenieurswese op sosiale, kulturele en politieke aspekte van die groep/e aangedui word (Figuur 1.3). Die dualistiese aanslag lei daartoe dat tipologieë, modelle en teorieë uit die milieu van die geskiedenis, die psigo-geskiedenis, asook uit die politieke wetenskap, van toepassing is.

Daar bestaan 'n magdom tipologieë, modelle en teorieë binne die sosiale wetenskappe, wat as analitiese raamwerke met betrekking tot Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese toegepas kan word. Van die tipologieë, modelle en teorieë oorvleuel en kan afsonderlik of gekombineerd gebruik word, aangesien hulle epistemologies met mekaar "praat". Die volgende tipologie, model en makro- en mikroteorieë word as deel van hierdie analitiese raamwerk ingesluit:

2.5.5.1 'n Tipologie as deel van die analitiese raamwerk

Die ontwikkeling van die Afrikaner-identiteit en die totstandkoming van 'n Afrikanerstaat het stapsgewyse plaasgevind. Die stappe van staatsvorming is 'n tipologiese raamwerk wat deur Robert Carneiro (Haas, 1990:10) beskryf is. Die raamwerk kan ook as model voorgestel word en as deelteorie aan die Sosiale Fenomenologie-teorie (sien later) gekoppel word. Volgens hierdie tipologiese raamwerk volg staatsvorming 'n hiërgargiese progressie vanaf die individu as deel van 'n gesin en familie, wat verder deel word van tipologies onderskeibare groepe soos die groter familiegroep en die stam, wat uiteindelik lei tot die totstandkoming van 'n staatsvorm. Hierdie aspekte is beklemtoon tydens 'n konferensie oor die antropologie van oorlogvoering, wat saamgevat is in *The Anthropology of War* wat in 1990 onder die redaksie van Jonathan Haas gepubliseer is. Die belangrikste skrywers oor die onderwerp is onder andere Robert L Carneiro, Clark McCauley en Jonathan Haas.

Die stappe van die staatsvormingsmodel konstateer dat die ontwikkeling binne verskillende tipologies herkenbare groepe, vanaf 'n klein familie, opgradeer na 'n staatsvorm. Dit is dus 'n mikroverskynsel wat na die makroterrein ontwikkel.

Die verduideliking van 'n progressie van groeperings vind volgens Carneiro plaas weens die mededinging om hulpbronne (tussen "ons" en "hulle"). Dit noep kleiner groepe om groter groepe (van "ons") te vorm om 'n sterker mededingingsfaktor teen "hulle" te wees. Die groepe word deur

Carneiro hiërargies geklassifiseer as: “*The states, from the least to the most hierarchical social organization, are the band, the autonomous village, the tribe or confederacy, the chieftdom, and the state*” (Haas, 1990:10-11).

In hierdie navorsing word dié verskynsel veral opgemerk tydens die Groot Trek, toe die Trekkers (die Proto-Boere, later die Boere), wat in gesinne en klein familiegroepies met ’n paar waens begin trek het, later trekgroepe gevorm het. Die groepe het in ’n hooflaer en “Volksvergadering” gekulmineer, wat later tot die stigting van republieke gelei en uiteindelik as ’n staat gefunksioneer het. By die Kaapse Afrikaner het geen vergelykbare ontwikkeling plaasgevind nie. Hierdie onderskeid sal in die verskillende historiese fases, in besonder tydens Fase 3 uitgewys word.

Die waarde van hierdie tipologiese raamwerk blyk as dit gebruik word om die ontwikkeling van die *Boervolk*, asook deels die verskil tussen die *Boer* en die *Kaapse Afrikaner*, te verklaar. Hoewel die tipologiese raamwerk afsonderlik bespreek is, word dit gekombineer en verder as deel van die Sosiale Fenomenologie-teorie hanteer (sien Hoofstuk 2.5.7.2).

2.5.5.2 Die Akkerbouer-Veeboer-model as deel van die analitiese raamwerk

Die benadering van Gladwell (2008) word as die Akkerbouer-Veeboer-model gebruik om die onderskeid tussen veeboer en akkerbouer ten opsigte van verskil in omstandighede waarbinne die onderskeie bedrywe funksioneer, uit te lig. Dié model verduidelik ook die invloed wat besondere omstandighede op die vorming van die onderskeie kulturele erfenisse kan uitoefen. Dit verklaar ook verskillende vorme van samehorigheid en onderlinge afhanklikheid wat tussen lede (van die “ons”), wat aan soortgelyke omstandighede blootgestel is, ontstaan het (Gladwell, 2008:166-167).

Hierdie model is aanvanklik van toepassing op kleiner groepe, maar kan uiteindelik op ’n groot groep, soos ’n volk, ook ’n invloed uitoefen. Daar word byvoorbeeld stereotipes gevorm oor hoe ’n Duitser, Skot, Jood of Boer “gewoonlik optree”. Volgens hierdie model vorm akkerbouers en veeboere outentieke stereotipes. Veeboere en akkerbouers kan afsonderlik as groepe ooreenkomstig mikro- of makroteorieë verklaar word en kan ook as “verbeelde gemeenskappe” onder makroteorieë geplaas word.

Volgens die Akkerbouer-Veeboer-model verskil die omstandighede waarbinne ’n veeboer opgroei en ’n bestaan maak aansienlik van dié van die akkerbouer. Die veeboer moet voortdurend daarop ingestel wees om sy kudde te beskerm. Wanneer sy kudde gesteel word, verloor hy sy bestaansmiddele. Die akkerbouer hoef nie bekommerd te wees dat sy bestaansmiddele gesteel sal word nie, tensy ’n dief bereid is om die hele oes in te samel. ’n Veewagter/veeboer moet egter voortdurend op sy hoede en bekommerd wees en is voortdurend aan die moontlike verlies van

sy vee blootgestel. Dit noop hom tot aggressiewe optrede, sodat sy woorde en daade dit duidelik maak dat hy nie 'n swakkeling is nie en bereid sal wees om te veg om sy kudde te beskerm. Dit lei tot 'n "kultuur van eer", waar sy reputasie in die kern van sy menswees en selfbeeld staan. Hierdie kulturele erfenis word uiteindelik ook aan sy nasate oorgedra (Gladwell, 2008:166-167, 175).

Die model verduidelik hoe 'n bepaalde kulturele erfenis daartoe lei dat opvolgende geslagte dieselfde "kultuur" openbaar. Gladwell (2008:167-168) verduidelik hoe die kultuur van die gemeenskappe in die Appalachieëse gebergtes en die suidelike state van Amerika dramaties verskil van die Amerikaners in die noordelike state. Hy verduidelik dat die oorsprong van die suidelike groep hoofsaaklik uit gebiede in Skotland en Ierland was, waar die inwoners daaraan gewoond was om oor 'n tydperk van honderde jare by oorlog en geveg betrokke te wees. Hy stel dat hulle oorspronklik hoofsaaklik veeboere was, wat in die klipperige en onvrugbare berggrond van Skotland en Ierland met hul kuddes moes oorleef. Hulle het lojale familie-groepe (*clans*) gevorm en het 'n gees van aggressie teenoor hul vyande ontwikkel ("ons" teen "hulle"): *"They were herdsman, scraping out a living on rocky and infertile land. They were clannish, responding to the harshness and turmoil of their environment by forming tight family bonds and placing loyalty to blood above all else."*

Dié model werk ook psigo-histories in op groepe, deurdat dit die kulturele erfenis, wat binne groepe, volkere en nasies ontstaan, verduidelik (Opperman Lewis, 2018:29,139). Ten opsigte hiervan bespreek Gladwell (2008:175) die kulturele erfenis wat binne 'n gemeenskap ontwikkel en aan die nageslag oorgedra word:

Cultural legacies are powerful forces. They have deep roots and long lives. They persist, generation after generation, virtually intact, even as the economic and social and demographic conditions that spawned them have vanished, and they play such a role in directing attitudes and behavior that we cannot make sense of our world without them.

Die waarde van die Akkerbouer-Veeboer-model vir die navorsing lê in die verklaring van die verskil in kulturele erfenis tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner. Hierdie verskil hou verband met die feit dat die *Kaapse Afrikaners* wat geboer het, oorwegend akkerbouers was en die Proto-Boere, wat getrek het, hoofsaaklik veeboere was. Die verskil word veral tydens Fase 2 en Fase 3 tot so 'n mate gevestig dat daar tot vandag toe, soos in Amerika, twee groeperings met uiteenlopende kulturele erfenisse onder BASA21 geïdentifiseer kan word. Hierdie model verklaar ook die huidige verskil tussen die twee uiteenlopende groeperings binne BASA21.

2.5.5.3 Teorieë as deel van die analitiese raamwerk

Die verskillende teorieë wat in hierdie navorsing toegepas word, word ingedeel in makroteorieë en mikroteorieë. Die onderskeid word getref na aanleiding van die teikens waarmee gehandel word. Makroteorieë handel met groot, saamgevoegde eenhede van die samelewing of selfs volledige samelewings. Dit sluit, onder andere, die mededinging en magstryd tussen ekonomiese klasse, internasionale verhoudings en die verhoudings tussen groot instellings in. Mikroteorieë handel met aangeleenthede van die sosiale lewe op die vlak van die individu en klein groepe. Dit sluit, onder andere, sosiale reëls, hoe huwelike plaasvind en die interaksie tussen kleiner groepe en die gemeenskap, byvoorbeeld die aanwysing van 'n jurie, in (Van der Waldt, 2018:70).

Die onderskeid tussen die mikro- en makroteorieë kan ook getref word na aanleiding van die rol wat die sosiale ingenieurs speel: die toepassing van die ingenieur se idees en arbeid word as 'n makroverskynsel, en die sosiale interaksie tussen subjekte (die uitwerking van die plan) word as mikroverskynsel beskou (Blignaut, 2019).

Gedurende die verskillende fases van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit kan die verskillende teorieë afsonderlik of gekombineerd toegepas word.

2.5.6 Makroteorieë

2.5.6.1 Inleiding

Makroteorieë behels die teorieë van 'n *Verbeelde Gemeenskap* asook die *Kulturele Entrepreneur*. Die uitwerking wat oorlog en konflik op 'n groep mense het, lei daartoe dat die betrokke groep (se identiteit) as makroteorie gekoppel kan word aan die Verbeelde Gemeenskap-teorie, maar kan ook as mikroteorie gekoppel word aan die Sosiale Fenomenologie-teorie. Die teorie van Konflik en Oorlog word afsonderlik as makroteorie aangebied aangesien die uitwerking daarvan dikwels op groter gemeenskappe van toepassing is.

2.5.6.2 Benedict Anderson se idee van die Verbeelde Gemeenskap

'n Nasie of volk word as 'n "verbeelde politieke gemeenskap" uitgebeeld "*because the members of even the smallest nation will never know most of their fellow-members, meet them, or even hear of them, yet in the minds of each lives the image of their communion*" (Anderson, 2006:5-7; Harari, 2015:362).

Die belangrikste denkers/outeurs in die verband, sluit in: Anderson (2006), Deist (2002), Franco (1997), Harari (2015) en Kitromilides (1989).

Hoewel die teorie na 'n "verbeelde gemeenskap" verwys, verwys die verbeelde werklikheid nie na 'n leuen nie. Harari (2015:31) verwoord dit as: "*Unlike lying, an imagined reality is something that everyone believes in, and as long as this communal belief persists, the imagined reality exerts force in the world.*" Dit staan in akademiese kringe as *fiksies, sosiale konstrakte of verbeelde realiteite* bekend. Deist (2002:72) stel: "*That it is indeed possible to create fictitious 'ethnic' identities may be indicated by various historical examples...*"

Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap kan as 'n makroteorie geklassifiseer word, aangesien dit 'n sosiale konstrak is wat 'n groter geheel, soos 'n volk of nasie, insluit (Figuur 2.4). Dit kan egter ook as mikroteorie die verbeelde gemeenskap van kleiner sosiale groeperinge, soos die aanhangers van 'n popster of 'n sportspan, verduidelik.

Binne die ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit is die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap van toepassing op die Fase 3-ontwikkeling van die *Boervolk* gedurende die 19^{de} eeu, asook in die 20^{ste} eeu tydens Fases 4 en 5 (Figuur 1.2 & 1.3), met die ontstaan van die Afrikanernasie. Tydens die ontwikkeling van die *Boere* as 'n volk glo, of verbeel die trekkende Proto-Boere hulleself as 'n groep wat deur God uitgesonder is en beskerm word. Hierdie ingesteldheid word deur die sosiale ingenieurs aan die begin van die 20^{ste} eeu beklemtoon.

In die 20^{ste} eeu, met die toepassing van intensiewe sosiale ingenieurswese op die Boer en Kaapse Afrikaner, het die *verbeelde/fiktiewe Afrikanernasie* tot stand gekom. Deist (2002:73) argumenteer dat die eerste stap om die nuwe, "fiktiewe All-Afrikanerdom-eenheid" tot stand te bring, was om ideologieë, volkstradisies en die historiese gebeure wat in die geheues van die uiteenlopende groepe geleef het, met ander woorde die onderskeie kulturele geheues van die Boer en die Kaapse Afrikaner, saam te voeg en te herinterpreteer, sodat dit "nasionale betekenis" kon verkry. Dit sluit langs hierdie weg aan by, of "praat" met die teorie van Simboliese Interaksie.

Ná die stigting van die RSA is die klem van sosiale ingenieurswese vanaf Afrikanereenheid na Blanke-eenheid verskuif. Hierdie aspekte word in Hoofstuk 7 (tydens Fase 5) in meer besonderhede bespreek. Die "Blanke Suid-Afrikaanse nasie" is ook 'n verbeelde gemeenskap. Dieselfde geld vir die fiktiewe "reënboognasie", wat met die bespreking van Fase 6 in Hoofstuk 8 ter sprake kom.

Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap is dus van toepassing en van waarde om die vorming van die *Boervolk*, sowel as die groter *Afrikanerdom* en die *blankedom*, wat in die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, asook die futiele pogings om 'n *reënboognasie* tot stand te bring, beter te verstaan.

2.5.6.3 Die rol van die Kulturele Entrepreneur

In die teorie van die Kulturele Entrepreneur is die rol van die sosiale ingenieur 'n kernaspek. Sosiale ingenieurs, veral wanneer hulle 'n posisie van mag as deel van die owerheid beklee, oefen as kulturele entrepreneurs invloed uit op groter groeperings, soos etniese groepe en volkere. Die kulturele entrepreneurs kan ook deel van 'n groep se leierskorps vorm. Van die belangrikste denkers oor die rol van die kulturele entrepreneur is, onder andere: J Hutchinson, AD Smith en C Marx.

Om die teorie van die Kulturele Entrepreneur te verstaan, moet onderskei word tussen die kulturele nasionalis en die politieke nasionalis. Hierdie twee standpunte word beskou as die klassieke konfrontasie, wat dikwels in die geskiedenis van nasionale bewegings herhaal word. Die kulturele nasionalis poog om die nasionalisme van binne die groepsbewussyn op te bou, terwyl die politieke nasionalis die politieke weg volg en glo "*that only through the exercise of self-determination as citizens of an independent state could individuals find dignity*" (Hutchinson, 1987:1-2). Die verwesenliking van selfbeskikking geskied dan, volgens die politieke nasionalis, deur die skep van 'n gesentraliseerde politieke masjien, wat die diverse samestelling van die nasie in 'n massabeweging mobiliseer. Dit is insiggewend om daarop te let dat die stryd om die verkryging van "nasieskap" in die moderne wêreld telkens deur die opkoms van kulturele nasionaliste voorafgegaan word (Hutchinson 1987:2). Alhoewel die einddoel van 'n onafhanklike staat kan ooreenstem, gebeur dit dikwels dat kulturele nasionaliste en politieke nasionaliste teen mekaar werk. Die kulturele nasionalis bied dikwels weerstand teen die strewe van die politieke nasionalis se pogings en beleid om 'n groter (politieke) nasie of nasionale eenheid tot stand te bring, aangesien kulturele selfbeskikking en "volkseenhed" vir die kulturele nasionalis vooropgestel is. Die kulturele nasionalis steun op 'n historiese geheue, eerder as (net) taal as sodanig (dikwels deur die politieke nasionalis) en steun op die oorvertel van mites, legendes en volksverhale (Hutchinson, 1987:9).

Vergelyk as modelle, die Baske in Spanje en die Koerde in die Midde-Ooste, wat kulturele onafhanklikheid binne 'n groter politieke geheel nastreef. Die *Boervolk* in Suid-Afrika streef ook na kulturele onafhanklikheid en vryheid. Die Boere het wel politieke entiteite, naamlik republieke opgerig, maar het eers 'n etniese herlewing, 'n volksverhuising (die Groot Trek) teweeggebring (vergelyk Hutchinson, 1987:3, 9). By die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit kan in die algemeen gestel word dat die Boer, wat eerstens *kulturele* bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel het, telkens as *kulturele nasionalis* na vore getree het, terwyl die Kaapse Afrikaner, wat meer geneig was tot *sosiale* bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, met betrokkenheid by ekonomiese en politieke groeperings, as *politieke nasionalis* gekenmerk kan word. Tydens die finale samevoeging en vorming van die Afrikaner in die 20^{ste} eeu, is klem gelê

op die mites, legendes en geskiedenis van die *Boervolk* en het die kulturele nasionalis, soos Hutchinson (1987:2) beweer, die politieke nasionalis voorafgegaan.

Hutchinson (1987:4-5), 'n belangrike denker oor kulturele nasionalisme, beklemtoon vyf belangrike terreine wat in Noord-Ierland in die verhouding tussen die moderniserende staat en die ontwikkeling van kulturele nasionalisme 'n rol gespeel het. Hierdie aspekte word veral tydens die sosiale ingenieurswese-proses in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu beklemtoon:

1. Akademici en kunstenaars speel 'n rol in die “herlewing” van die nasionale geskiedenis en kultuur.
2. Die omstandighede waaronder hierdie kulturele projekte deur politieke intellektuele as sosiale ingenieurs in ekonomiese, sosiale en politieke programme omgeskakel is.
3. Die konteks waarbinne hierdie politieke doelwitte deur die politieke intellektuele (die sosiale ingenieurs), as die kaders van die beweging, tot 'n “*counter-culture against the state*” aangeneem en getransformeer is.
4. Die omstandighede waarbinne die politieke intellektuele (die sosiale ingenieurs) in staat is om hulle programme binne, en deur middel van, die staatsbestel te institusionaliseer.
5. Die faktore wat die herhalende voorkoms van kulturele nasionalisme binne die onafhanklike nasiestaat verklaar.

Die teorie van die Kulturele Entrepreneur speel 'n baie opvallende rol binne hierdie studie en verklaar die rol wat die sosiale ingenieurs tydens Fases 3 tot 6, maar veral tydens Fase 4, gespeel het. Bogenoemde terreine word aan die begin van die 20^{ste} eeu, gedurende die vestiging van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit en die Afrikanernasie, deur die sosiale ingenieurs – politieke nasionaliste van daardie tydperk – met groot welslae geïmplementeer. Om die mite van 'n Afrikanernasie te vestig, moes die sosiale ingenieurs die kulturele erfenisse van die *Boer* (as kulturele nasionalis) en die *Kaapse Afrikaner* (as politieke nasionalis) suksesvol integreer. Hierdie aspekte, ook die sukses van die integrasie, word in Hoofstuk 6.5.3 in meer besonderhede verken.

2.5.6.4 Konflik en oorlog bevorder groepsbewussyn

Die Konflik en Oorlog-teorie behels dat konflik, veral gepaardgaande met beide defensiewe en offensiewe aksies, aanleiding gee tot konsolidasie en groeppvorming. Dit bevorder verhoudings en solidariteit tussen kleiner groepe en kan tot vorming van groter groepe lei (Haas, 1990:10, 173). Outeurs wat hierdie standpunt ondersteun, sluit onder andere in: Carneiro (1990), Epstein en Palmer (2016), Haas (1982; 1990), Keeley (1996) en McCauley (1990).

Keeley (1996) omskryf oorlog in sy boek, *War before Civilization*. Hy stel dat gewapende konflik, voor of sonder die geskiedkundige dokumentering daarvan, *per se* as oorlog bestempel word – onafhanklik van die omvang daarvan. Strooptogte wat tussen stamme en bevolkingsgroepe in Afrika plaasvind, is dus per definisie oorlog. Keeley (1996:x) maak die volgende stelling ten opsigte van oorlog: “*Warfare – the armed conflict between societies – whether its scale is large or small ... leaves very enduring effects.*”

Die graad van bedreiging het duidelik verskil ten opsigte van die akkerbouers en die veeboere, asook ten opsigte van die intensiteit van konflik waaraan die westelike en oostelike veeboere of Trekboere blootgestel was. Die verskil in omvang en intensiteit van konflik was ’n verdere bepalende faktor van hoe die kulturele geheue van die groepe verskillend ontwikkel het. Hierdie verskynsel word in Hoofstuk 4.5.2 onder Fase 3 verder bespreek.

Haas (1982:61) stel dat: “*In the face of external conflict, social groups voluntarily came together and submitted to a governing authority in order to gain the military and economic benefits of centralization.*” Die voortdurende konflik waaraan die Trekboere blootgestel was, het sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook sentralisasie en die totstandkoming van orde-reëlins onder die betrokkenes tot gevolg gehad. Dit het verder gelei tot die vorming van strukture soos die kommandostelsel. Hierdie verskynsel dui op die relevansie van, en verbandhoudendheid met die teorie van Sosiale Fenomenologie, waar die totstandkoming van sosiale strukture meewerk tot groepsbewussyn en identiteit.

Die Konflik en Oorlog-teorie werk op op groter groeperings in en resorteer dus as makroteorie binne die groter klassifikasie, maar kan ook op kleiner groepe van toepassing wees en as mikroteorie geklassifiseer word. Dit kan as onafhanklike teorie aangebied word, maar toon ook verbandhoudendheid met die teorie van ’n Verbeelde Gemeenskap, aangesien oorlog dikwels onder die vaandel van ’n “verbeelde gemeenskap” gevoer word (Epstein & Palmer 2016:6). Die bedreiging, konflik, of oorlog gee dan aanleiding tot saamhorigheid en groepsvorming, sentralisasie en orde-reëlins binne groepsverband. Hierdie saamhorigheid kan tussen verskillende “verbeelde gemeenskappe” plaasvind, maar kan ook bande en strukture binne ’n reeds bestaande “verbeelde gemeenskap” versterk.

Die konflik tussen die koloniale regering en die Trekboere, met die toepassing van kolonialisme aan die Oosgrens tydens Fases 2 en 3, het bygedra tot groepsvorming by die Boere, asook saamhorigheid en die vorming en ordening van groter groepe, wat daarna uit die Kolonie getrek het (Muller, 1979:133; Van Jaarsveld, 1959:17). Die Konflik en Oorlog-teorie verklaar hierdie verskynsel, wat tot die Groot Trek aanleiding gegee het. Die teorie verklaar ook die bevordering van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, wat by die Proto-Boere en latere

Boere as verset teen die geweld en bedreigings waaraan hulle in die 1830's aan die oosgrens, asook tydens die Groot Trek blootgestel is, ontstaan het (Wiid, 1968:20).

Die Konflik en Oorlog-teorie kan bydra tot die verstaan van hoe die Proto-Boer aan die Oosgrens, maar veral die trekkende Boere tydens die Groot Trek, weens die voortdurende bedreigings, gevare, konflik en oorloë, 'n vorm van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit ontwikkel het, terwyl die ontwikkeling van 'n soortgelyke groepsbewussyn by die Kaapse Afrikaner grootliks ontbreek het (Van Jaarsveld, 1959:23). Die aanhoudende gevaar/konflik/oorloë het tot saamhorigheid van/tussen "ons" in 'n groepsbewussyn ontwikkel, wat uiteindelik tot die ontwikkeling van 'n volksbewussyn, nasionale bewussyn en staatsvorming gelei het (Van Jaarsveld, 1980b:221-222).

Die Konflik en Oorlog-teorie verklaar ook die effek wat die Eerste Vryheidsoorlog en die Tweede Vryheidsoorlog en die toepassing van die beleid van imperialistiese kolonialisme deur die Britse regering tydens en na die oorlog, op die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn by die Afrikanerdom gehad het.

2.5.7 Mikroteorieë

2.5.7.1 Inleiding

Die volgende mikroteorieë word bespreek: die Sosiale Fenomenologie-, asook die Simboliese Interaksie-teorie. Die stappe van staatsvorming van Carneiro (Haas 1990:10), wat as tipologiese raamwerk hierbo bespreek is, word as deel van die Sosiale Fenomenologie-teorie aangebied (Figuur 2.6). Die Akkerbouer-Veeboer-model van Gladwell oorvleuel ook as moontlike mikroteorie.

2.5.7.2 Sosiale Fenomenologie-teorie

Die Sosiale Fenomenologie-teorie aanvaar dat die samelewing 'n menslike konstruksie is. Die teorie behels die studie van formele strukture waaruit die samelewing bestaan en waar "dade van intensionele bewussyn geanaliseer en beskryf kan word" (Blignaut, 2019). Die volgende outeurs dra by tot die formulering van die Sosiale Fenomenologie-teorie: Carneiro (1990), Garfinkel (1978), Haas (1982; 1990), Reckwitz (2002) en Schutz (1967).

Die Sosiale Fenomenologie-teorie is aanvanklik van toepassing binne die mikroterrein, maar het uiteindelik sy grootste invloed op die makroverskynsel. Die teorie van Sosiale Fenomenologie kan verstaan word as die vorming van groter strukture deur sosiale interaksie en kommunikasie van individue en kleiner groepe wat met mekaar assosieer. Kleiner entiteite, soos die familie, groei om by groter groeperings in te skakel, om later binne groter eenhede en uiteindelik in

staatsverband te manifesteer (Haas, 1990:10). Harold Garfinkel (1978:281) verwys na Alfred Schutz en stel: *“Basing our usage upon the work of Alfred Schutz, we shall call such knowledge of socially organized environments of concerted actions ‘common sense knowledge of social structures.’*”

Die strukture en aksies, soos deur Carneiro (Haas, 1990:10), Garfinkel en Schutz gedokumenteer en as 'n tipologiese model bespreek, vind tydens die sosiale organisering en ontwikkeling van die Boer op pad na staatskap, net onder ander benamings plaas. Die groepe kan tipologies as huisgesinne, familie-groepe, laers, trek-groepe, 'n hooflaer en republiekvorming (staatsvorming) onderskei word.

Hierdie stappe vind nie by die Kaapse Afrikaner plaas nie en verklaar verder die onderskeid wat tussen die twee groepe getref kan word. Die sosiale ingenieurs rig wel aan die begin van die 20^{ste} eeu uiteenlopende strukture op om Afrikanernasionalisme en Afrikanereenheid te bevorder.

Die teorie van Sosiale Fenomenologie dra in hierdie studie by tot die verstaan van die oprigting van strukture wat bygedra het tot die ontwikkeling van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn by die Afrikaner, met gevolglike ontwikkeling van groeps-, volks- en nasionale identiteit.

2.5.7.3 Simboliese Interaksie-teorie

Die Simboliese Interaksie-teorie is toegespits op die simboliese betekenis van die verhoudings wat tydens die proses van sosiale interaksie tussen rolspelers ontstaan. Die teorie verduidelik hoe individue deur simboliese interaksie en assosiasie deel van die groter groep of geheel (met identiteit) word. Dit ontwikkel dus vanuit die mikro- na die makroverskynsel.

Volgens die Simboliese Interaksie-teorie word samelewings ontleed deur met die subjektiewe betekenis, wat mense se optredes en gedrag aan bepaalde objekte en gebeure koppel, te handel. Die simboliese betekenis van objekte en gebeure word beklemtoon en gekoppel aan die mense se optrede ten opsigte van *wat hulle glo* en is nie noodwendig op die “objektiewe waarheid” gegrond nie (Blignaut, 2019).

Die teorie verduidelik hoe groepe individue die waarneming en ervaring van sekere objekte, gebeure en verskynsels as simbolies van toepassing op die groep, asook op elke individu binne die groep, ervaar en interpreteer. Simboliese interaksie en gemeenskaplike benadering ten opsigte van gebeure en objekte lei tot saamhorigheid, sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit tussen individue en groepe.

Die gebruik van die Simboliese Interaksie-teorie speel 'n baie belangrike rol in hierdie navorsing. As voorbeelde kan verwys word na sommige van die leiers van die Groot Trek se voornemens, voordat die Trek begin het, wat demonstreer dat hulle van plan was om 'n *onafhanklike volk* tot stand te bring (Bruwer, 1988:163; Giliomee, 2004:123; Muller, 1979:217; Van Jaarsveld, 1980a:54). Die rol van die Gelofte en die Slag van Bloedrivier as simboliek in die totstandkoming van die *Boervolk* en die latere aanwending van die simboliek by die totstandkoming van die Afrikaner, kan nie gering geskat word nie (Van Jaarsveld, 1959:24). Die vestiging van mites en die rol van rites by die vestiging van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn speel derhalwe 'n belangrike rol (Du Toit, 2019b:75).

2.5.7.4 Gevolgtrekking en kommentaar

Die tipologie, model en die mikro- en makroteorieë wat hier bo bespreek is, vorm die kern van die analitiese raamwerk wat as grondslag vir die verduideliking van identiteitsvorming by die Afrikaner dien. In die volgende hoofstukke (3 tot 8) word die verskillende historiese fases bespreek, waartydens die analitiese raamwerk telkens as uitgangspunt vir bespreking sal dien. Nie al die teorieë is by elke fase ter sprake nie, soms vind net minimale identiteitsontwikkeling plaas (sien Hoofstuk 5). Daar sal nogtans gepoog word om tydens die besprekings aan te dui of 'n teorie ter sprake is al dan nie. Die verskillende elemente word nou gekonstrueer om as analitiese raamwerk te dien vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese.

2.5.8 Die konstruksie van 'n analitiese raamwerk vir die studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese


Die vorming van 'n analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese is nodig om wetenskaplike status aan die ondersoek te verleen. Om dit te bereik moet die verskillende paradigmas oor Afrikaner-identiteit, sowel as die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese, wat op Afrikaner-identiteit ingewerk het, beskou word. Laastens is dit nodig om die tersaaklike tipologie, model en teorieë wat die identiteit van die Afrikaner kan verklaar, as grondslag te gebruik.

Twee paradigmas rakende die samestelling van Afrikaner-identiteit is as tersaaklik geïdentifiseer en sal as deel van die analitiese raamwerk ingesluit word. Die geldigheid van die twee paradigmas sal tydens die beskrywing van die historiese fases getoets en vergelyk word.

Vyf vorme van sosiale ingenieurswese is bespreek, naamlik: kolonialisme, Afrikanernasionalisme (Afrikanereenheid), apartheid, blankisme en transformasie (Figure 1.3 en 2.5). Die voorsate van die Afrikaner (die subjekte van sosiale ingenieurswese) sal telkens getoets word aan die kriteria vir die totstandkoming van, asook die veranderinge aan bestaande identiteit, wat as gevolg van

die impak van sosiale ingenieurswese tydens die verskillende historiese fases geïdentifiseer kan word.

'n Tipologiese raamwerk, 'n model en verskeie makro- en mikroteorieë is hier bo volledig bespreek en word as deel van die raamwerk in die analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese ingevoeg. Die analitiese raamwerk word saamgestel uit die paradigmas oor veranderende Afrikaner-identiteit, wat aan 'n vorm van sosiale ingenieurswese blootgestel is, en verklaar word deur die verskillende tipologieë, modelle en teorieë en word in Figuur 2.6 diagrammaties uitgebeeld.




Figuur 2.6: 'n Analitiese raamwerk vir die bestudering van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese

2.6 Gevolgtrekking

Om die studie van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese as wetenskaplike studie te regverdig, is dit nodig om 'n analitiese raamwerk teen die agtergrond van 'n metateoretiese perspektief te konstrueer.

Om dit te bereik, was dit nodig om sekere metateoretiese begrippe, naamlik: wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma en konseptuele raamwerke te konseptualiseer. Verder is begrippe soos: identiteit, volk, volksnasionaisme, nasie, sosialisasie, mites, sosiale ingenieurswese, kolonialisme, Afrikanereenheid, apartheid, blankisme en transformasie gekonseptualiseer. Hierdie begrippe word geïntegreer as deel van die operasionele (voorwetenskaplike, wetenskaplike, vakwetenskaplike en teoretiese) konteks binne die benutting van die analitiese raamwerk (Figuur 2.6). Die analitiese raamwerk word binne die konteks van 'n metateoretiese basis in Figuur 2.7 skematies uitgebeeld. Dit dien as grondslag om Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese in die volgende hoofstukke deur die opeenvolgende historiese fases te ontleed en te verken.



Figuur 2.7: 'n Analitiese raamwerk vir Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese (uit 'n metateoretiese perspektief)

HOOFSTUK 3: DIE VOORFASE VAN AFRIKANER-IDENTITEIT TYDENS DIE 17^{DE} EN 18^{DE} EEU

3.1 Inleiding


'n Metateoretiese begroonde analitiese raamwerk vir die studie oor Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese is in Hoofstuk 2.5 uiteengesit. Binne die analitiese raamwerk en teen die agtergrond van die bestaande paradigmas, word die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese binne die historiese fases (Figure 1.1 & 1.2 & 1.3) in die volgende hoofstukke voorgestel en ontleed. In hierdie hoofstuk word Fases 1 en 2 van die historiese ontwikkeling van Afrikaner-identiteit onder die loep geneem. Alhoewel die fases oorvleuel, vind Fase 1 min of meer tydens die 17de eeu plaas, terwyl Fase 2 hoofsaaklik in die 18de eeu geplaas word. Tydens Fase 1 ontwikkel die voorsate van die Afrikaner gesamentlik. In Fase 2 kan 'n duidelike onderskeid tussen twee groepe getref word.

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n kort historiese oorsig oor die eerste twee fases gegee (Figure 1.3 & 3.1). Die Europese herkoms van die Afrikaner se voorsate, die aankoms van Jan van Riebeeck, die ontstaan van die Vryburgers en interaksie tussen amptenare en Vryburgers word kortliks genotuleer, met klem op die ontwikkeling van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit.

Die verdieping van die verskille wat tussen die verskillende groepe ontstaan het, word verder gedokumenteer. Organisasies soos die Patriotbeweging en die Oranje-manne, asook die rol wat deur dié organisasies ten opsigte van identiteitsontwikkeling gespeel het, word ontleed.

Die totstandkoming van die Veeboerbeweging en die wegbeweeg van die Trekboere uit die Kaap lei 'n nuwe fase in, wat kulmineer in die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet. Tydens dié fase kan die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner duidelik geïdentifiseer word.

Na 'n kort historiese agtergrondskeets, word die ontwikkeling van die identiteit van die voorsate van die Afrikaner verklaar deur die historiese ontwikkeling vanuit die analitiese raamwerk te ontleed. Die uitgangspunte van die twee paradigmas, asook die rol van kolonialisme wat in hierdie fase na vore tree, word ontleed. Daarna word die aanvang van Afrikaner-identiteitsontwikkeling by die Proto-Boer en Proto-Afrikaner aan die hand van die tersaaklike teorieë verklaar.



Figuur 3.1: Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese, soos ontleed vanuit die analitiese raamwerk en binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit (Fases 1 & 2)

3.2 Historiese oorsig betreffende die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die 17^{de} eeu (fase 1) en die 18^{de} eeu (fase 2)

3.2.1 Inleiding

Die historiese tydperk (Fases 1 & 2) begin reeds in Europa (in die 17^{de} eeu) en eindig met die aanvang van die Groot Trek. Fase 1 duur min of meer tot aan die begin van die 1700's, met die vorming van die Veeboerbeweging. Die gebeure rondom die amptenare van die *Verenigde Oost Indische Compagnie* (VOC), die Vryburgers, die Trekboere en die Veeboerbeweging, veral die Patriotbeweging en Oranje-manne, en die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet word kortliks gedokumenteer. Daar word op sekere plekke na bestaande teorieë verwys, maar 'n volledige teoretiese begronding vir die vestiging van Afrikaner-identiteit binne die konteks van die analitiese raamwerk vir Fases 1 en 2 word na die beskrywing van die historiese agtergrond ontleed.

Tydens die historiese ontleding word die hoofasette van die paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit vir die betrokke tydperke as uitgangspunte geneem. Hiervolgens word die volgende aspekte van die geskiedenis onder die loep geneem:

- Die Europese oorsprong van die Afrikanervoorsate
- Die aankoms van Jan van Riebeeck en sy gevolg aan die Kaap
- Die VOC-amptenare
- Die Vryburgers
- Groepsvorming en -verskille
- Die Trekboere en die Veeboerbeweging
- Die stigting van die republieke: Swellendam en Graaff-Reinet
- Die Slagtersnek-opstand
- Die Proto-Afrikaner
- Die Proto-Boer

Wanneer hierdie onderwerpe kortliks behandel word, word die geldigheid van die toepaslike uitgangspunte van Paradigmas A en B met mekaar vergelyk.

3.2.2 Die Europese oorsprong van die Afrikanervoorsate

Die Europese gemeenskap was tydens die 1600's in die algemeen, en die Nederlandse samelewing in die besonder, in vier klasse verdeel, naamlik: die *burger*, *boer*, *pronckert* en *hovenier* (landman), (Ufer, 2010:2, 7). Duidelike onderskeid is tussen die *boereklas* (landbouers) en die *burgerklas* (dorpenaars en stedelinge) getref. Die Europeër het met hierdie "klas-bagasje" in die Kaap aangekom. Die plaaslike omstandighede in die Kaap het egter ten opsigte van verskeie aspekte van die Europese omstandighede verskil, en die ooreenstemmende Europese klasverskille het nie in Suid-Afrika bly voortbestaan nie; trouens, nuwe groeperings en klasse, of die verlies daarvan, het ontwikkel.

3.2.3 Die aankoms van Jan van Riebeeck

Saam met Jan van Riebeeck het 90 Europeërs as amptenare van die VOC op 6 April 1652 in die Kaap aan wal gestap met die opdrag om 'n verversingspos van die VOC aan die Kaap op te rig (Muller, 1979:15). Bruwer (1988:39) beweer dat: "Daar was dus geen sprake van 'n 'volksplanting' nie – slegs van 'n 'volkswording'." In die amptelike joernaal van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC)³¹ het Jan Van Riebeeck nooit opgehou om na Nederland as die "Vaderland" te

³¹ **Die VOC:** Volgens Bruwer (1988:21) het die Nederlandse regering deur die State-Generaal 'n "oktrooi aan die VOC toegeken vir 'n handelsmonopolie in die Ooste. Verder is daar aan hulle magtiging gegee om oorlog te maak en vrede te sluit, vlote en gewapende magte aan te hou, kolonies te stig en forte op te rig. Dit was 'n federasie van stedelike handelskamers wat betrokke was in die Asiatiese koophandel en waarin

verwys nie. Die Kaap van Goeie Hoop was nooit vir hom iets anders as 'n projek en 'n verversingstasie tot voordeel van die VOC, en indirek tot voordeel van Nederland, nie (Thom, 1954: Vol 1 tot 3).

'n Aantal amptenare wat in 1657 van normale Kompanjie-pligte vrygestel is, is die geleentheid gebied om onafhanklik te gaan boer en is daarom Vryburgers genoem. Sedert die beginjare in die Kaap het daar dus twee herkenbare groepe, naamlik die amptenare en die Vryburgers, ontstaan.

3.2.4 Die amptenary

Die VOC-amptenare was bes moontlik dorpenaars en daarom betreklik onbevoeg om 'n nedersetting in die wildernis aan die gang te kry as gevolg van 'n gebrek aan boerdery-ervaring (Bruwer, 1988:27-28). Die amptenare van die VOC is skandelik onderbesoldig. Die salaris van 'n goewerneur-generaal was byvoorbeeld 'n skamele 700 riksdalders per maand, terwyl daar jaarliks sowat 10 miljoen riksdalders deur sy kantoor na die VOC as inkomste gevloei het. Die amptenare se stryd was dus ekonomies van aard (Bruwer, 1988:24-25). In die proses het hulle vir hulleself gesorg, teen die Vryburgers gediskrimineer en 'n ekonomiese welvarende bedryf gevestig, wat in vele gevalle in 'n permanente sakebedryf ontwikkel het. Dit het dikwels tot konflik met die Vryburgers gelei (Bruwer, 1988:64-65).

Onder die amptenare was daar geen demokratiese ingesteldheid nie en geen strewe tot onafhanklikheid nie. Hulle het hulleself volkome onderwerp aan die maatskappy se ideologie, reëls en styl waarvolgens die VOC die Kaap bestuur het.

Verder is amptenare nie noodwendig permanent in die Kaap gevestig nie en kon enige tyd verplaas word of na Nederland teruggeroep word (Bruwer, 1988:67). Hulle het, in teenstelling met die meeste Vryburgers, nie verinheems nie, alhoewel dit ekonomies voordelig was om, onder watter gesag ook al, hulle besigheid te bedryf (Bruwer, 1988:110-111; Giliomee, 2004:43). Hierdie ingesteldheid vind mettertyd inslag in die kulturele erfenis van die latere Proto-Afrikaner en Kaapse Afrikaner en vorm verdere gronde vir die onderskeid tussen die *amptenare* en *Vryburgers*.

3.2.5 Die Vryburgers

Na die vestiging van die aanvanklike Vryburgers het die behoefte ontstaan om die getalle wat boerdery kon behartig, aan te vul. Werwing is uitgebrei en later nie net tot Nederland beperk nie; Duitsers en Franse is ook betrek. Giliomee (2004:40) haal J.A. Heese aan, wat bereken het dat die samestelling (oorsprong) van die burgergemeenskap in die Kaap teen 1807 uit "36% Nederlands, 35% Duits, 15% Frans en 7% nie-Europeërs" bestaan het.

Amsterdam 'n oorheersende aandeel gehad het. Aan die hoof van hierdie reuse onderneming sou die **Here XVII** staan."

Volgens Bruwer (1988:35) toon die Kaapse Argief (C493, pp. 394-96) aan dat persone wat onder die beheer van Van Riebeeck as Vryburgers na die Kaap gekom het, kontraktueel verbind was om 'n minimum tydperk van *10 jaar* in die land te bly, terwyl hulle kinders vir 'n minimum tydperk van *20 jaar* in die land moes bly. Van Riebeeck se invoeging van hierdie klousules was gegrond op suiwer korttermyn *ekonomiese* redes. Hy wou verhoed dat die Vryburgers, as ervare landbouprodusente, die land te gou verlaat. Die streng voorwaardes in die Vryburgers se kontrakte het volgens Bruwer (1988:35) baie voornemende Vryburgers afgeskrik, sodat dit uiteindelik 'n unieke groep “uitskieters” was wat die kern van die Vryburgers gevorm het (Gladwell, 2008:166-168). Aan die ander kant het die effek van hierdie reëling dieper inslag gevind en op die lang termyn tot gevolg gehad dat die meeste Vryburgers verinheems het. Dit het daartoe bygedra dat 'n grondslag vir die vorming van 'n (inheemse) *volk* gelê is. Die voorwaardes ten opsigte van amptenare, aan die ander kant, was nie so beperkend nie en verinheemsing onder die amptenary is dus tot 'n mindere mate bevorder. Die amptenaar het gebly, omdat dit vir hom finansiële voordelig was as gevolg van sy “byverdienste” benewens sy amptelike pligte (Giliomee, 2004:43).

Hoewel die Vryburgers aanvanklik gewerf is om voedsel en landbouprodukte vir die halfwegstasie te lewer, het almal nie begin boer nie. Daar kon onder die Vryburgers wat wel geboer het, teen die middel 1700's twee herkenbare groepe geïdentifiseer word, naamlik die akkerbouers, wat hoofsaaklik gewasse geproduseer het en die veeboere, wat hoofsaaklik met vee geboer het (Bruwer, 1988:68-73). Laasgenoemde het tot die totstandkoming van die Veeboerbeweging bygedra, wat oor die “limiete” (grense) van die Kolonie getrek het op soek na beter weiding as wat die fynbos rondom die Kaap kon bied. Hulle het (en wou) terselfdertyd die juk van die beperkende regulasies en beheer van die koloniale owerheid afskud. Dié tendens het aanleiding gegee *tot die vestiging van 'n vryheidstrewende onder die veeboere, wat verder ontwikkel het en tot vandag toe nog bestaan* (Giliomee, 2016c:293; Roelofse, 2009).

Die Vryburgers het hulle eie mites oor die stigting van die Kaap en hul onmisbaarheid geskep en hulleself as die “verdedigers van die land” beskou. Dit was van die eerste tekens van groepsvorming en ontluikende politieke bewustheid (Giliomee, 2004:7).

3.2.6 Groepsvorming en verskille tussen amptenare en Vryburgers ontwikkel

Dit het net 'n jaar geneem nadat die eerste Vryburgers hul ontslag (in 1657) ontvang het, voordat die eerste krakie (in die eenheid) tussen die Vryburgers en die VOC-amptenare verskyn het. Dit sou met die verloop van jare tot groeiende konflik ontwikkel. Die stryd tussen die Vryburgers en die Kompanjie-amptenare “het voortdurend verhewig namate eersgenoemde desperaat probeer het om aan die lewe te bly [stryd teen eksterne faktore] en laasgenoemde ewe desperaat gepoog het om hul swak inkomste te vergroot” (Bruwer, 1988:37,62).

Die mate van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit van die groep wat hier onder as die Proto-Boer gedefinieer word, is reeds tydens Fase 1 waarneembaar, veral ná die vrystelling van die eerste Vryburgers. 'n Duidelike kloof het tussen die amptenary en die Vryburgers, asook tussen die akkerbouers en die veeboere, begin ontstaan (Bruwer, 1988:37, 110-111). Op daardie stadium was nog geen tekens van volksbewussyn of nasionale bewussyn ter sprake nie (Degenaar, 1987:233). Die veeboere het geleidelik begin om dieper die binneland in te trek, terwyl die amptenary en die akkerbouers in en om die Kaap agtergebly en daar gevestig geraak het.

Vir die Amptenaar was die Kaap 'n kolonie om maksimale wins te maak en terug te neem na sy vaderland waar sy vrou, kind en huis was. Vir die Vryburger, daarenteen, was hierdie sy vaderland. Die Vryburger het die burger geword, terwyl baie amptenare tydelik in 'n kolonie gewerk het.³²

Die kloof het dus fisies tussen die trekkende veeboere en die amptenare en akkerbouers, wat in die Kaap agtergebly het, ontstaan. Die totstandkoming van die *Trekboere* en die *Veeboerbeweging*, wat Fase 2 inlei, word nou verder ontleed.

3.2.7 Die Trekboere en die Veeboerbeweging

Vee het tot so 'n mate in en om die Kaap aangeteel dat die Vryburgers teen 1710 alreeds "reuse kuddes van 20 000 beeste en 131 000 skape gehad het". Geskikte weidingsplase in en om die Kaap het mettertyd te min geword en veeboere se seuns moes oor die grense uitwyk op soek na voldoende weiding en nuwe grond. Die amptenare het weidingspermitte aan die veeboere uitgereik om die gebied buite die bestaande grense te benut (Bruwer, 1988:69-70).

Die uitwyking van die veeboere na die binneland het hoofsaaklik in twee rigtings plaasgevind: eerstens noord na die westelike en sentrale gebiede van die binneland, en tweedens na die ooste. Omdat die ooste in vergelyking met die gebied om die Kaap, asook ten opsigte van die westelike en sentrale dele van die land, meer geskik was vir die aanhou van beeste, het die meeste Trekboere tussen die kus en die bergreekse en valleie, wat parallel met die suidelike kuslyn loop, al verder weg van die Kaap in 'n oostelike rigting migreer (Bruwer, 1988:68-73). Die westelike en sentrale groepe se plase was, weens die ekologiese omstandighede, ver verwyderd van mekaar. Veiligheidsomstandighede was ook 'n minder ernstige bedreiging in vergelyking met dié van die mense aan die oosgrens. As gevolg van die invloed van verskillende omstandighede op die psige van die inwoners, kan daar tussen die Trekboere 'n onderskeid gemaak word tussen 'n westelike (en sentrale) groepering en 'n groep gesetel aan die oostelike limiete.

³² Mondelinge kommentaar deur dr Wilhelm Pretorius 2021.

3.2.8 Die Kaapse Patriotte, die uitroep van republieke en die Oranje-manne

3.2.8.1 Inleiding

Die politieke klimaat en die konflik gedurende die laaste deel van die 18^{de} eeu in Europa, veral in Nederland tussen die pro-demokratiese Patriotte (ondersteuners van die Prins van Oranje) en die pro-Britse Oranje-manne, het ook in die Kaap weerklink gevind met die stigting van die *Kaapse Patriotte* en die *Oranje-manne*.

3.2.8.2 Die Kaapse Patriotte

Die ontstaan van die *Kaapse Patriotte* is deur die Patriotbeweging, wat in daardie tyd in Nederland aktief was, geïnspireer (Giliomee, 2004:42). Die Kaapse Patriotte het hoofsaaklik uit die middelslagboere van die Kaap ontstaan, gedurende die jare 1778 tot 1787 (Giliomee, 2004:29). Die Kaapse Patriotte was 'n demokraties gesinde, plaaslike revolusionêre en rebelse politieke beweging (Muller, 1979:71). Die Patriotbeweging in die Kaap het op plaaslike aangeleenthede gefokus en was op die herstel van die geskende regte van die "boerende burgers" of Vryburgers gerig. Dit was ook gemik teen die amptenary, wat hulleself tydens handelsaktiwiteite "onregmatiglik bevoordeel het" (Giliomee, 2004:43).

Alhoewel die Patriotbeweging in die westelike dele van die Kaapkolonie ontstaan het, het die invloed na die oostelike dele, veral onder diegene met 'n vryheidsgesindheid, oorgespoel, waar dit verder ontwikkel en uiteindelik tot die uitroep van twee republieke, Swellendam en Graaff-Reinet, gelei het (Bruwer, 1988:83, 102; Degenaar, 1987:235; Muller, 1979:78; Van Jaarsveld, 1959:16). Hierdie optredes bevestig die teenwoordigheid van republikanisme onder 'n sekere deel van die koloniale bevolking aan die Oosgrens.

3.2.8.3 Die uitroep van republieke

Die onafhanklikheidsverklaring van die twee grensdistrikte van Graaff-Reinet (6 Februarie 1795) en Swellendam (17-18 Junie 1795), en die skepping van plaaslike owerhede, wat as *representante van de volkstem* beskryf is, kan deur die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar word, waarvolgens die vorming van strukture ter sake is (Bruwer, 1988:83, 102; Degenaar, 1987:235). Die onafhanklikheidsverklaring van die twee grensdistrikte kan ook deur die teorie van Simboliese Interaksie, waar 'n simboliese aangeleentheid soos volksvorming ter sprake is, verklaar word. Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap is ook hier ter sprake, waar die *republikeinsgesindes* of *vryheidsgesindes* reeds tekens van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit en selfs 'n mate van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit openbaar het.³³

³³ Republikeinsgesindheid word later onder republikanisme volledig bespreek.

Die gebeure rondom die Patriotbeweging is duidelik 'n reaksie op en 'n weerstand teen die invloed wat kolonialisme op die inwoners gehad het. Die belangrikheid van hulle optrede lê in die besliste en doelbewuste afskud van die diktatoriale VOC-gesag (Bruwer, 1988:105-106). Let daarop dat die uitdrukking van 'n vryheidstrewe deur die Patriotte na vore getree het aan die einde van die Hollandse bewind aan die Kaap, net voor die Britse oornam in September 1795. Die pro-Britse Oranje-manne het waarskynlik die oornam deur die Britte verwelkom.

3.2.8.4 Die Oranje-manne

Die Oranje-manne was 'n groep mense aan die Kaap wat, in dieselfde tyd as die Kaapse Patriotte, met gebeure in Nederland geïdentifiseer het. Anders as die Kaapse Patriotte, het die Oranje-manne, soos in Nederland, 'n Britsgesinde (monargistiese) groep tot stand gebring, wat hulleself die *Oranjemannen* genoem het (Bruwer 1988:100). Hulle was antirevolusionêr en het 'n antidemokratiese gesindheid openbaar. In teenstelling met die gesindheid en optrede van baie Vryburgers, wat Kaapse Patriotte was, was die Kompanjie-amptenare almal Oranje-manne, antirevolusionêr en pro-Brits (Giliomee, 2004:53, 78; Figuur 3.2). Dit is belangrik om daarop te let dat die Oranje-manne se beweging gegrond was op *ekonomiese gerief* en nie daarop ingestel was om 'n *nasionale stryd* te voer nie (Bruwer, 1988:102). Die kulturele geheue, wat in die Koloniale met sy pro-Koloniale-gesindheid gevestig is, blyk hier reeds duidelik. Hierdie aspek word in Hoofstukke 5 en 6 verder ontleed.

Die verskil tussen die Kaapse Patriotte en die Oranje-manne beklemtoon die klaarblyklike onversoembare ingesteldhede van die twee groepe. Die vryheidstrewe van die Graaff-Reinetters en die Swellendammers, teenoor die kolonialergesindheid en konformerende gees van die Oranje-manne, is onuitwisbaar en onderskeidelik in die kulturele erfenis van die twee groepe gevestig. Hierdie kloof wat tussen die twee groepe ontstaan het, bly dwarsdeur die geskiedenis voortbestaan – tot vandag toe – en word later weer bespreek (Roelofse 2009).

3.2.9 Slagtersnek

Slagtersnek (1813-1815) is 'n omstrede opstand, wat deur uiteenlopende benaderings beskou word. Dit word onder andere beskou as 'n opstand wat sommige grensboere se reaksie op filantropie uitbeeld. Nogtans moet die historiese betekenis van Slagtersnek nie oorbeklemtoon word nie, geoordeel aan die houding van sommige persone wat aan die Groot Trek deelgeneem het, "wat hulle nie met die opstandelinge vereenselwig het nie, maar hulle selfs aan Britse kant geskaar het om die opstand te help onderdruk" (Muller, 1979:119-120). Die optrede van die Britse owerheid met die gebeure tydens die ophang van vyf van die opstandelinge het egter by baie 'n emosionele letsel gelaat.

Degenaar (1987:240) beskou dit as 'n volksimbool en deel van 'n volksmitologie as “die simbool van onderdrukking en tirannie” deur Brittanje. Bothma (2015:40) verwoord die opstand soos volg: “Soos die tyd aanstap, sal Slagtersnek deur die nageslag opgediep, verdraai en tot 'n heroïese martelaarsmoment in die geskiedenis van die stryd tussen Boer en Brit uitgelig word.” Die skep van mites en die teorie van Simboliese Interaksie kom hier ter sprake, waar die voorstanders van Paradigma A 'n mite om die *Afrikaner* as martelaar opbou. Die ironie is dat die Afrikaner, soos in Hoofstuk 5 aangetoon sal word, op daardie stadium nog nie tot stand gekom het nie. Daar kan wel reeds 'n onderskeid tussen die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer getref word.

3.2.10 Die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer

3.2.10.1 Inleiding

Die onderskeid of kloof tussen die amptenare en Vryburgers het, soos gemeld, met die totstandkoming van die Veeboerbeweging verder verdiep. Hierdie onderskeid word beklemtoon met die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet. Die kloof word tydens Fase 2 (c. 1700-1800) tot so 'n mate verdiep dat twee duidelik onderskeibare groepe onafhanklik van mekaar gedefinieer kan word (Bruwer, 1988:111). Toe die Engelse in 1795 aan bewind gekom het, het die nuwe heersers, voortspruitend uit hulle bestaande Europese agtergrond as verwysingsraamwerk en volgens die Europese klasverskille, ook tussen twee groepe onderskei (Ufer, 2010:7), en hulle noem die twee groepe *Cape-Dutch* en die *Boer* (Giliomee, 1989:6,14). Die groep mense wat op daardie stadium met die term *Boer* geassosieer word, kan as voorlopers van die latere *Boervolk* gesien word, en word met die oog op hierdie studie as Proto-Boere gedefinieer. Die *Cape-Dutch* word hierteenoor as voorlopers van die latere Kaapse Afrikaner as die Proto-Afrikaners gedefinieer (Figuur 3.2). Die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer se uniekheid en uiteenlopende eienskappe word nou kortliks ontleed.

3.2.10.2 Die Proto-Afrikaner

Verskillende terme word deur verskillende skrywers arbitrêr aan die Koloniale van die 1700's en vroeë 1800's toegedig, onder andere: *Cape-Dutch* (Ridpath & Ellis, 1899:381), *Anglomanne* (Bruwer, 1988:112), *Koningin-Victoria-se-Afrikaners* (Giliomee, 2004:154), *Kaapse Afrikaners* (Muller, 1979:262), *Hollandse-Afrikaners* (Giliomee, 2004, 2016) en *Kolonialers* (Bruwer, 1988). Hierdie verskeidenheid terme dui aan dat die outeurs (veral van Paradigma A) bewus is van die bestaan van twee groepe, maar dat hulle, ter wille van die geldende mening en die gevestigde persepsie ten opsigte van Paradigma A, nie daaraan volledig erkenning wil gee of die verskynsel wetenskaplik wil ontleed nie. Vir die doel van hierdie studie word al die verskillende terme ondervang deur die term *Proto-Afrikaner* te gebruik.

Die Proto-Afrikaner word saamgestel uit mense vanuit verskillende klasse, beroepe en nerings. Nie alle Vryburgers het geboer nie en van hulle het ander beroepe beoefen, en was onder andere: houtkappers, jagters, bouers, meulenaars, bakkers, steenmakers, kleremakers, bierbrouers, herbergiers en kroegmanne (Bruwer, 1988:36). Verder was die omstandighede in die nabyheid van die Kaap van so 'n aard dat dit akkerbou bevoordeel het en tot gevolg gehad het dat die Vryburgers wat naby die Kaap (die Boland) gesetel was, hoofsaaklik met vrugte, druiwe en koring geboer het. Hierdie Vryburgers word daarom ook as deel van die Proto-Afrikaner beskou. Die Kompanjie-amptenary en die soldate, tesame met die Vryburgers wat as akkerbouers, vakmanne en ambagslui 'n bestaan gemaak het, vorm dus die kern van die Proto-Afrikaner (Figuur 3.2).

Die Proto-Afrikaner kan vir hierdie studie beskryf word as 'n groep mense van Europese afkoms (aanvanklik Hollanders, Duitsers en Franse en later ook Engelse), wat hulle tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue in suidelike Afrika gevestig het. Hulle was hoofsaaklik amptenare, maar het ook as ambagsmanne, handelaars en plaasboere 'n bestaan gemaak. Die plaasboere was hoofsaaklik akkerbouers en het veral vrugte, wingerde en koring, betreklik naby die Kaap, verbou. Hulle het daardeur onder die invloedseer van die Kaapse regering gebly. Hulle het grotendeels na ekonomiese welvaart gestreef, sonder om enigsins 'n nasionalistiese of republikeinse onafhanklikheidstrewe te openbaar, aangesien hulle nie aan wesentlike demografiese en geografiese omstandighede, wat volksvorming bevorder het, blootgestel was nie.

Rakende hul houding ten opsigte van koloniale gesag het sir David Baird, kort na die aankoms van die tweede Britse besettingsmag op 8 Maart 1806, oor die inwoners van die Kaap [*Proto-Afrikaners]³⁴ geskryf: "Dis met groot genoegdoening dat ek kan sê dat die kolonie rustig is, die inwoners, uit alle range, het hulle verenig en hul vertrouwe gestel in die geregtigheid en matigheid van Sy Majesteit se regering en het hul tevredenheid uitgespreek omdat hul land weereens onder sy beskerming geplaas is" (Bruwer, 1988:151).

3.2.10.3 Die Proto-Boer

Proto-Boer is 'n neologisme en dui op 'n lid van 'n unieke groep mense waaruit die latere *Boervolk* ontwikkel het. Hulle was van Europese afkoms (hoofsaaklik Hollanders, Duitsers en Franse), wat hulself in suidelike Afrika tydens die 17^{de}, 18^{de} en 19^{de} eeue as plaasboere, hoofsaaklik as veeboere, gevestig het. Hulle het daarna gestrewe om vry en onafhanklik van koloniale onderdrukking te bestaan. Reeds vroeg het hulle as deel van die Veeboerbeweging die koloniale grense oorgesteek op soek na weiding vir hulle vee en sodoende onder die invloedseer van die koloniale regering

³⁴ Daar word van 'n asterisk tussen blokhakies [*] gebruik gemaak as aanduiding dat die navorser sy eie vertolking of konteks ten opsigte van die vertaling, beklemtoning of betekenis van 'n term of woord in 'n aanhaling of verwysing weergee.

uitbeweeg. Hierdie migrasie van Proto-Boere het hoofsaaklik na die gebied aan die Oosgrens, wat later as die “Wieg van die Boervolk” beskryf kan word, plaasgevind (Figuur 4.2).


Geskiedskrywers, akademici en outeurs koppel verskeie benamings aan die Proto-Boere. Tydens die ontwikkelingsfasies van die Proto-Boer word, onder andere, na hulle verwys as: Vryburgers (Bruwer, 1988:34), *Immigranten* (Preller 1922:169), Trekboere (Giliomee, 2004:45), Grensboere (Giliomee, 2004:45), *Emigranten-Boeren* (Van Jaarsveld, 1980:91, 128), Afrikaanse-Afrikaners (Wilkens & Strydom, 1978:52-70), Republikeinse Trekkers (Giliomee, 2004:128) en Republikeinse Afrikaners (Giliomee, 2004:150).

Die eienskappe en kulturele erfenis van die Proto-Boer en die latere *Boervolk* word deur Van Jaarsveld (1959:15) soos volg saamgevat:

Uit die grenspionier het 'n nuwe tipe kolonis te voorskyn gekom, iemand wat die land leer liefkry en sy probleme geken het. Hulle was afgesny van die buitewêreld en sou in isolasie besondere eienskappe ontwikkel wat hulle 'n eie identiteit gegee het. Die wa, die os, die geweer, die perd was onskeibaar verbonde aan die boer wat tot volk van 'Boere' of 'Afrikaanse Boere' sou word. Daar was eienskappe soos individualisme, wat deur die geïsoleerde plase bevorder is, en selfstandigheid, behendigheid, koppigheid, verset teen dwang, liefde vir die vryheid en die veld met sy ruimte. Daarby het die mense 'n besondere godsdiens in die Calvinistiese Protestantisme gehad. Ook dit het hulle aaneengebind en besondere eienskappe laat ontwikkel soos individualisme en demokratiese neiginge, 'n drang om selfstandig op te tree en vry te wees.

3.2.11 Samevatting

Die historiese agtergrond vir die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in Fases 1 en 2 (Figure 1.2 & 3.1) is kortliks bespreek. Die postulaat (hipotese) word gevestig dat die omstandighede aan suidelike Afrika tydens die 17^{de} en 18^{de} eeue van so 'n aard was dat daar twee duidelik herkenbare groepe met afsonderlike en unieke kulturele erfenisse ontstaan het. Die twee groepe word in hierdie studie as die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer gedefinieer. Die ontwikkeling van die twee groepe word grafies in Figuur 3.2 uitgebeeld. Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese in hierdie tydperk, word nou, op grond van die analitiese raamwerk wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is, verder ontleed.



Figuur 3.2: Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2

3.3 'n Teoretiese verkenning van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese tydens die 17^{de} en 18^{de} eeu

3.3.1 Inleiding

Die historiese agtergrond van Fases 1 en 2 word nou binne die konteks van die analitiese raamwerk wat in Hoofstuk 2 gekonstrueer is, ontleed. Die voorwetenskaplike konteks bly by al die volgende hoofstukke dieselfde, waarvolgens word die Afrikaner beskou word as 'n Christelike, demokratiese en republikeinsgeoriënteerde groepering, wat histories in Suid-Afrika ontstaan het en uiteindelik deel van 'n volk of nasie binne 'n groter staat geword het.

Die tersaaklike aspekte van Fases 1 en 2 rakende die twee paradigmas oor die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit word eerstens genoem. Daarna word die geskiedenis deduktief vanuit die analitiese raamwerk ontleed. Daar word tydens die ontleding gekonsentreer op die totstandkoming en verandering van Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2, met klem op die invloed wat kolonialisme as vorm van sosiale ingenieurswese uitgeoefen het. In hierdie gedeelte word, met die analitiese raamwerk as basis, die volgende beskou:

- Die aspekte van die twee paradigmas wat in Fases 1 en 2 uitgelig word
- Die rol van sosiale ingenieurswese tydens Fases 1 en 2
- Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar Afrikaner-identiteit
- Afrikaner-identiteit uit 'n makroteoretiese oogpunt
 - Die rol van die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap

- Die rol van die Kulturele Entrepreneur
- Die impak van die teorie van Konflik en Oorlog
- Afrikaner-identiteit uit 'n mikroteoretiese oogpunt
 - Die rol van die teorie van Sosiale Fenomenologie
 - Die rol van die teorie van Simboliese Interaksie

3.3.2 Paradigmas rakende Afrikaner-identiteit

Paradigmas A en B is volledig in Hoofstuk 2.5.4 bespreek. Slegs die uitgangspunte van die aanhangers van die twee paradigmas ten opsigte van hierdie fases (Fases 1 en 2), wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, word nou aangeteken en met mekaar in Tabel 3.1 vergelyk. Die tersaaklike historiese aspekte wat tydens Fases 1 en 2 na vore tree, sluit in:

- Die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 – aspekte rakende 'n volksplanting
- Die ontwikkeling van groeppvorming en 'n groepsbewussyn tydens Fases 1 en 2
- Die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet
- Die Slagtersnek-opstand en Afrikaner-identiteit

Paradigma A se aanhangers beskou Jan van Riebeeck se aankoms as 'n volksplanting en beskou dit as die “begin” van die Afrikaner. Verder beskou hulle die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet as “produkte van die Afrikaner”. Laastens beskou hulle die opstand van Slagtersnek as “deur Afrikaners geloods” en wend dit aan om Afrikanerlyding te beklemtoon (Hoofstuk 8.3.2.1).

Andersyds beskou die aanhangers van Paradigma B Jan van Riebeeck se aankoms as die stigting van 'n verversingspos en geensins as 'n volksplanting nie. Verder is hulle van oortuiging dat die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet die werking van die voorsate van die *Boervolk* was. Daar word later bewys dat die Afrikaner nog nie tydens Fases 1 en 2 bestaan het nie en dus nie by enig aktiwiteite tydens Fases 1 en 2 – soos die opstand van Slagtersnek – betrokke kon wees nie. Nogtans wend die sosiale ingenieurs van die 20^{ste} eeu die Slagtersnekopstand paradoksaal aan as bewys van Afrikanerlyding en Afrikaneronderdrukking.

Tabel 3.1: Die uitgangspunte van Paradigmas A en B tydens die historiese Fases 1 en 2

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
1	'n Volksplanting het in 1652 plaasgevind	Verversingspos gestig – geen volksplanting
1	Die Afrikaner ontstaan en bestaan primordiaal sedert die volksplanting	Afrikaner ontstaan eers na die helfte van die 19 ^{de} eeu
2	Die Afrikaner stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet en openbaar republikanisme	Voorsate van die Boer (Proto-Boere) stig die republieke Swellendam en Graaff-Reinet en openbaar vryheidstrewer, terwyl die Koloniale kolonialisme ondersteun en bevorder
2	Slagtersnek-opstand is deur Afrikaners gelei	Die Afrikaner het nog nie bestaan nie en kon dus nie aan die opstand deelneem nie

3.3.3 Die invloed van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2

Sosiale ingenieurswese is in die vorm van kolonialisme tydens Fases 1 en 2 op die inwoners van die Kaap toegepas. Hoewel die Kaap nie as 'n Nederlandse kolonie bedryf is nie, het die VOC mettertyd koloniale beleid, beginsels, wette en regulasies, soos in Java en Ceylon, op alle inwoners van Suid-Afrika toegepas (Giliomee, 2004:7, 11, 29). Bruwer (1988:37) stel dat: "Alhoewel dit aanvanklik glad nie hul doel was nie, het die VOC hom spoedig in die Kaap tot kolonialisering gewend." Toe die Britte in 1806 die Kaap finaal oorgeneem het, is dit wel as 'n kolonie bedryf en is Suid-Afrika met die volle impak van die Britse imperiale-koloniale-masjien van uitbreiding en eksploitasie getref (Van Jaarsveld, 1959:17). Telkens was die bewindhebbers die *ingenieurs* van sosiale ingenieurswese, wat die koloniale beginsels gevestig het. Die invloed wat die koloniale beleid, beginsels, wette en regulasies op die identiteit van die onderskeie blanke inwoners gehad het, word hier onder uitgewys.

3.3.4 Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar Afrikaner-identiteit

Die Akkerbouer-Veeboer-model is volledig in Hoofstuk 2 bespreek. Die kloof wat tussen die akkerbouers en die veeboere tydens Fase 1 en 2 begin ontstaan het, kan deels op grond van hierdie model verklaar word (Bruwer, 1988:37, 110-111). Hiervolgens word gepostuleer dat die akkerbouer in die Boland (die gebied om die Kaap) minder blootgestel was aan eksterne faktore wat hul eiendom (oeste) bedreig het. Die veeboer moes, aan die ander kant, voortdurend daarop ingestel wees om sy eiendom (kuddes) te beskerm. Soos in Hoofstuk 2.5.5.2 aangedui, het dit die veeboer tot aggressiewe optrede geroep, sodat sy woorde en daad dit duidelik maak dat hy nie 'n swakkeling is nie en bereid sal wees om te veg om sy kudde te beskerm. Die *kultuur van eer* wat onder die Trekboere ontstaan het, het tot 'n groepsienskap ontwikkel, waarbinne reputasie sentraal tot sy menswees en selfbeeld staan. Hierdie kulturele erfenis word uiteindelik ook aan sy nasate oorgedra

(Gladwell, 2008:166-167, 175). Alhoewel dit onder die veeboere, veral aan die oosgrens, aanleiding gegee het tot die vestiging van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, het die vestiging van 'n volksbewussyn of nasionale bewussyn nog nie werklik by die meerderheid van die veeboere tot stand gekom nie (Degenaar, 1987:233; Figuur 2.4). Die sosiale bewuswording, groepvorming en identifisering met 'n groep het wel tot 'n vorm van groepsidentiteit gelei.

3.3.5 Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 1 en Fase 2 uit 'n makroteoretiese oogpunt beskou

3.3.5.1 Inleiding

Die makroteorieë, wat die ontwikkeling van identiteit by die voorsate van die Afrikaner verklaar, sluit in: die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap en die teorie van 'n Kulturele Entrepreneur. Laasgenoemde teorie speel nie tydens hierdie fase 'n belangrike rol nie.

3.3.5.2 Die rol van die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap.

Daar het geen werklike groepsbewussyn onder die amptenare na vore getree tydens Fases 1 en 2, waarbinne 'n *verbeelde gemeenskap* gedefinieer kon word nie. Die amptenare het wel 'n Politieke Raad gevorm, maar dit het 'n ekonomiese onderbou gehad (Bruwer, 1988:92).

Die Vryburgers het daarteenoor weerstand teen die koloniale beleid en onregverdige praktyke van die VOC gebied (Bruwer, 1988:36). Dié weerstand teen 'n gesamentlike vyand het wel tot die vorming van 'n groepsbewussyn gelei. Die Patriotte toon tekens van 'n verbeelde gemeenskap met die stigting van *De Kongres van Volksrepresentanten* en die oprigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet (Bruwer, 1988:83, 100, 102).

Van Jaarsveld (1959:16) rapporteer die gebeure rondom daardie tyd soos volg:

Hier word bedoel die 'Patriotte-beweging' van 1779 en 1782 waarvan die sentrale idee was dat die volk seggenskap in die landsregering moes kry. Die gedagte van burgerlike vryheid en vrye verkiesings d.m.v. die 'volkstem' is ook gelug. In die woordeskat uit die tyd kom die woorde 'vryheid' en 'vaderland' ook voor. Sterker groei die politieke bewustheid met die Patriotte-opstande in die grensdistrikte Graaff-Reinet en Swellendam in 1795. 'n Mate van saamhorigheid en volksbewustheid word selfs aan die dag gelê.

Alhoewel die Patriotte die term *volk* gebruik het, kan hierdie groepering nog nie werklik as 'n groep met 'n volksbewussyn gereken word nie (Degenaar, 1987:233). Die neiging om terme soos *volk* en *vaderland* te gebruik, word verduidelik deur die skep van 'n *verbeelde gemeenskap*. Dié terme, soos Degenaar en Van Jaarsveld hier bo noem, kan histories teruggespoor word as retoriek van die vryheidsgesindes en latere Boer, maar dit het nooit by die Kolonialer-Afrikaner weerklank gevind nie.

Dié retoriek het deel van die Boer se kulturele nalatenskap/erfenis geword, wat tot vandag toe by diegene met 'n Boeregesindheid, volksgesindheid of vryheidsgesindheid gevind kan word (Roelofse, 2009).

Sosiale Ingenieurs in die 20^{ste} eeu motiveer die totstandkoming van 'n Afrikanernasie deur 'n "volksplanting" met die koms van Jan van Riebeeck en die bestaan van 'n verbeelde gemeenskap daarna te beskryf (Coetzee, 1968:119; Giliomee, 2004:161; Preller, 1937:132, 320; Wypkema, 1968:38, 39). Die stigting van Swellendam en Graaff-Reinet, asook die opstand van Slagtersnek, word op soortgelyke wyse aan 'n verbeelde gemeenskap gekoppel. Hierdie aspekte word tydens Fase 5 weer bespreek.

Gevolgtrekking

Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap verklaar in 'n mate die groepsbewussyn en vroeë volksbewussyn en gepaardgaande identiteit wat by die Trekboere, Patriotte en Proto-Boere ontwikkel het. Gebeurtenisse wat tydens Fases 1 en 2 ter sprake is, word later (Hoofstuk 6.5.2) deur sosiale ingenieurs aangewend, deur die toepassing van die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, ter skepping van 'n *verbeelde Afrikanernasie*. Geskiedskrywers en akademici in die 20^{ste} eeu pas gebeure rondom Fase 1 en 2 dus sinchronisties toe om Paradigma A en die vestiging van Afrikanereenheid te bevorder.

3.3.5.3 Die rol van die Kulturele Entrepreneur

Die teorie van die Kulturele Entrepreneur speel nie tydens Fases 1 en Fase 2 'n beduidende rol nie, behalwe dat die Patriotte die rol van kulturele nasionaliste vertolk, teenoor die Oranje-manne, wat as politieke nasionaliste na vore tree. Dienooreenkomstig vervul die Proto-Boere die rol van kulturele nasionaliste, terwyl die Proto-Afrikaners as politieke nasionaliste na vore tree.

3.3.5.4 Die impak van konflik en oorlog

Ná die aanvanklike aankoms in die Kaap is al die bewoners aan geweld deur die Hottentotte blootgestel (Bruwer, 1988:28-30). Dit het gelei tot verskillende oorloë tussen die setlaars en die Hottentotte en Boesmans (Bruwer, 1988:37-38). Hierdie konflik het waarskynlik volgens die Konflik en Oorlog-teorie tot 'n mate van saamhorigheid onder die setlaars gelei. Die konflik het egter mettertyd minder geword en het tot 'n einde gekom na die verskillende pokke-epidemies (Bruwer, 1988:73, 75). Die VOC het oor 120 jaar daarin geslaag om vyandighede deur die Boesmans en Hottentotte rondom die Kaap grootliks onder beheer te bring. Verder was die naaste (vyandige) swartes 600 kilometer van die Kaap af aan die Oosgrens geleë (Bruwer, 1988:73; Stuijt, 2008: s.v. Mills). Die akkerbouers in die omgewing van die Kaap kon dus in betreklike rustigheid en veiligheid met hulle boerdery voortgaan. Die invloed van konflik en oorlog, met gevolglike groepsbewussyn,

het dus nie op die amptenare, Vryburgers en akkerbouers (Proto-Afrikaners) rondom die Kaap 'n blywende impak gehad nie.

Andersyds was die Trekboere, veral aan die Oosgrens (Proto-Boere), voortdurend aan konflik blootgestel. Bruwer (1978:77-78) haal die Engelse reisiger, Barrow, aan, wat die situasie soos volg beskryf:

'n Inwoner van die Sneeuberge [in die omgewing van Graaff-Reinet] het nie net voortdurende vrees vir eiendomsverliese [gehad] nie, maar bly leef [te] midde [van] 'n voortdurende persoonlike gevaar vir sy lewe. Selfs al beweeg hy net 500 meter van sy opstal af moet hy sy roer saamneem. Hy kan nie ploeg of plant of oes sonder om gewapend te wees nie. Hy kan nie eers groente in sy tuin gaan pluk sonder 'n geweer in die hand nie. Om so 'n bestaan van konstante vrees en onsekerheid te kan hanteer, moet 'n persoon sedert sy geboorte daaraan gewoon wees, of geen beter manier van lewe ken nie.

Bruwer (1988:77) weerspieël die situasie met volgende statistieke: "Vanaf 1 Julie 1786 tot 31 Desember 1788 is daar byvoorbeeld 107 skaapwagters deur die Boesmans vermoor en 99 perde, 6 299 beeste en 17 970 skape is of deur hulle gesteel of doodgemaak." Die statistieke dui onteenseglik op oorlog as Keeley (1996:x) se benadering tot oorlog toegepas word.

Volgens die teorie van Konflik en Oorlog dryf konflik en oorlog die slagoffers na mekaar toe en samehorigheid word gevorm, wat tot sentralisasie en organisasie lei. Die ontstaan van gesentraliseerde en georganiseerde strukture, soos die kommandostelsel, kan as sosiale bewuswording, groepsvorming en die vestiging van groepsidentiteit, wat later tot 'n volksidentiteit ontwikkel het, beskou word.

Gevolgtrekking

In die beginjare van die Kaapse nedersetting is al die inwoners aan konflik en oorlog blootgestel en die mate van groepsbewussyn en groepsvorming wat daardeur ontstaan het, word deur die teorie van Konflik en Oorlog verklaar. Mettertyd het konflik en oorlog 'n al kleiner rol in die lewe van die inwoners van die Kaap of te wel die Proto-Afrikaners gespeel. Aan die ander kant is die Proto-Boere voortdurend aan konflik en oorlog onderwerp, en verklaar die teorie van Konflik en Oorlog die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en gepaardgaande identiteit (vergelyk Figuur 2.4). Die verskil in blootstelling aan konflik en oorlog verklaar ook verder waarom die kulturele erfenis van die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner verskil.

3.3.6 Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 1 en Fase 2 uit 'n mikroteoretiese oogpunt ontleed

3.3.6.1 Inleiding

Die mikroteorieë, wat Afrikaner-identiteit tydens Fase 1 en 2 gedurende die 17^{de} en 18^{de} eeue verklaar, sluit die rol van die teorie van Sosiale Fenomenologie, asook die rol van die teorie van Simboliese Interaksie in.

3.3.6.2 Die rol van Sosiale Fenomenologie

By die amptenare het wel 'n sosiale bewussyn ontstaan, wat tot die oprigting van instellings gelei het. As voorbeeld het die amptenare 'n Politieke Raad tot stand gebring, wat slegs aan die Here XVII (gesagsliggaam van die VOC) verantwoording gedoen het. Sitting op die Politieke Raad was die alleenreg van die plaaslike VOC-amptenare en nie 'n enkele Vryburger het dwarsdeur die 150 jaar van VOC-bewind sitting daarop gehad nie. Dit het verder ook tot verdeeldheid tussen die amptenare en die Vryburgers bygedra (Bruwer, 1988:92). Die uitgangspunt was suiwer ekonomies van aard en toon nie 'n volksbewussyn nie. Die Oranje-manne, in teenstelling met die gesindheid en optrede van die Kaapse Patriotte, was 'n Britsgesinde groep (Bruwer, 1988:100). Hulle was antirevolusionêr en het 'n antidemokratiese en pro-koloniale gesindheid openbaar. Die Kompanjie-amptenare was almal Oranje-manne, antirevolusionêr en pro-Brits (Giliomee, 2004:53, 78). Die groeps-bewussyn voortspruitend uit die stigting van die Oranje-manne was wel, polities beskou, parallel aan 'n handelsorganisasie, maar het nie bygedra tot die ontwikkeling van kulturele bewuswording of volksbewussyn en die uitspel van 'n volksidentiteit nie.

Die Trekboere (Proto-Boere) het daarteenoor onder andere, deur die stigting van die Kaapse Patriotte, *De Kongres van Volksrepresentanten*, die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet, asook die betrokkenheid by kommando's en grensoorloë, duidelike sosiale betrokkenheid by groepsbewussyn- en volksbewussynvormende strukture en instellings getoon (Bruwer, 1988:83, 100, 102). Die kommando's is as gevolg van eksterne bedreigings, veral in die vorm van aanvalle deur die Hottentotte, Boesmans en Xhosas, tot stand gebring. Die meeste ander instellings is dikwels as verzet teen die koloniale beleide van die regerende sosiale ingenieurs tot stand gebring.

Gevolgtrekking

Die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar die ontwikkeling van groepsbewussyn en identiteit deur die betrokkenheid van Patriotte en Proto-Boere by die stigting van instellings tydens Fases 1 en 2. Die stigting van die instellings het dikwels plaasgevind as verzet teen die toepassing van kolonialisme deur die sosiale ingenieurs.

3.3.6.3 Die rol van die teorie van Simboliese Interaksie

Die teorie van Simboliese Interaksie speel 'n belangrike rol by vestiging van die uitgangspunte van Paradigma A in die 20^{ste} eeu, wat konstateer dat 'n volksplanting met die aankoms van Jan van Riebeeck plaasgevind het (Coetzee, 1968:119; Van Jaarsveld, 1959:22, 99). Coetzee (1968:119) stel, onder andere: "Van Riebeeck het nie net die eerste volksplanting aangelê nie, hy het ook die grondslag gelê van 'n nuwe volk." Daar is vroeër aangetoon dat Giliomee (2016b) argumenteer dat sommige twintigste-eeuse outeurs, soos Kotze, Thom, Van Jaarsveld en Van Schoor, die ontwikkeling van die Afrikaner primordialisties beskou deur verkeerdelik te beweer dat die Afrikaner so te sê reeds by die volksplanting met die aankoms van Jan van Riebeeck ontstaan het. Hierdie *nuwe volk* is dan as *Volk* betrokke by gebeure soos die Patriotbeweging en Slagtersnek-opstand. Hierdie simboliese gebeurtenisse word, in ooreenstemming met die teorie van Simboliese Interaksie, "geglo" sonder dat dit (noodwendig) die *objektiewe waarheid* verteenwoordig. Hierdie aspekte word in Hoofstuk 6 volledig bespreek.

Paradigma B beskou die aankoms van Jan van Riebeeck nie in die lig van 'n volksplanting nie. Bruwer (1988:82) gaan van die standpunt uit dat die fout gemaak word deur van 'n staatkundige veronderstelling uit te gaan, deur aan te neem dat "die begin van die staatkundige bedeling aan die Kaap in 1652, *ipso facto* beteken dat dit ook die begin van die Afrikanervolk was." Wiid (1968:15) deel die siening en stel: "Toe Van Riebeeck op 8 April 1652 met sy stigtingswerk begin het, was dit geensins met die doel om 'n volksplanting vir Nederlanders hier aan te lê nie."

Ten opsigte van die Patriotbeweging en tydens die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet as republieke, verklaar die teorie van Simboliese Interaksie waarom terme soos volk, vaderland en volksverteenvoording by die vryheidsgesindes na vore getree het. Die Patriotte stig ook *De Kongres van Volksrepresentanten* in November 1784, waarin hulle vryheidstrewes duidelik weerklank vind (Bruwer, 1988:83, 100, 102). Degenaar (1987:235) verwoord die situasie deur te stel dat die Patriotbeweging die ideale van burgerlike vryhede en vrye verkiesings verkondig het. Hy stel dat terme met 'n "nasionalistiese inslag, soos 'volkstaat', 'vryheid', 'volkstem', 'vaderland' en 'land en volk', [gebruik is] om uitdrukking aan die Patriotte se aandrang op seggenskap in die regering te gee." Dit dui op die vorming van groepsbewussyn, groepsvorming en groepsidentiteit. Dit gee verder 'n aanduiding van die ontwikkeling van 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit. Alhoewel die begrip Afrikaner of Boer nog nie op daardie stadium gevestig was nie, is die kiem van volksidentiteit reeds by sommige inwoners teenwoordig en aanwysbaar.

Bruwer (1988:83, 102) beskou die uitroep van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet simbolies as die "geboorte van die Afrikaner" [**Boervolk*]. Alhoewel die konsep van 'n *verbeelde gemeenskap* hier ter sprake kom, voer Bruwer dit moontlik te ver met die stelling dat dit die "geboorte van die *Boervolk*" is. Ander elemente van volksvorming, soos 'n gevestigde kulturele onderbou, strukture, simbole en 'n werklike volksbewussyn was nog nie op daardie stadium aanwesig nie. Die

nuutgestigte republieke en volkstrukture is baie gou deur die Britse owerheid in die kiem gesmoor (Bruwer, 1988:108). Nogtans stem die skrywer saam met Bruwer dat dit 'n belangrike gebeurtenis was en kan dit dalk as die *konsepsie van die Boervolk* gepostuleer word. Die “geboorte” van die *Boervolk* kan moontlik eerder beskou word as die geleentheid toe die eerste amptelike grondwet op 2 Desember 1836 by Thaba Nchu geskryf is (Van Jaarsveld, 1980a:55). Dit word in Hoofstuk 4.5.3 volledig ontleed.

Voordat 'n gevolgtrekking oor Fases 1 en 2 gemaak kan word, moet die vertolking van die historiese gebeure uit die hoek van die twee Paradigmas ontleed word.

3.4 Die bespreking van die belangrikste historiese gebeure tydens fases 1 en 2 met verwysing na die paradigmas

3.4.1 Inleiding

Die historiese gebeure word verskillend deur die aanhangers van die twee Paradigmas vertolk. So word die teorie van Simboliese Interaksie byvoorbeeld deur die aanhangers van Paradigma A gebruik om die simboliek van die gebeure rondom die aankoms van Jan van Riebeeck as 'n volksplanting te bestempel en die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet, sowel as die Slagtersnek-opstand, word as bydraende gebeure tot die vorming van Afrikaner-identiteit aangebied.

Aan die ander kant stel aanhangers van Paradigma B dat identiteit bevorder is deur die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn weens die reaksie op kolonialisme en word dit verklaar deur die oprigting van 'n *verbeelde gemeenskap* en deur simboliese interaksie tydens die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet. Die aanhangers van Paradigma B beskou verder die aankoms van Jan van Riebeeck as bloot die vestiging van 'n verversingspos en nie as 'n volksplanting nie. Die optrede van die Kaapse Patriotte en die oprigting van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet word as behorende tot die voorsate van die *Boervolk* beskou.

3.4.2 Bespreking van kernverskille tussen paradigmas A en B ten opsigte van fases 1 en 2

Vier belangrike historiese feite word beklemtoon voordat afleidings oor die verskille tussen Paradigmas A en B gemaak kan word (Tabel 3.1). Eerstens maak die joernaal van Jan van Riebeeck geen melding van 'n volksplanting nie en Van Riebeeck het, volgens die strekking van die joernaal, duidelik opdrag gehad om 'n *verversingstasie* op te rig (Muller, 1979:15; Thom, 1954: Vol 1 tot 3). Terugskouend kan moontlik beweer word dat die latere resultaat van die “oprigting” die totstandkoming van 'n volk was, maar die stelling van 'n volksplanting is debatteerbaar (Bruwer, 1988:39).

Tweedens is bevind dat daar aan die einde van die 18^{de} eeu twee afsonderlike groepe in die Kaap onderskei word. Die twee groepe blyk duidelik uit die amptenary en die Vryburgers; die akkerbouers en veeboere; asook die Oranje-manne en die Patriotte onderskeidelik. In hierdie studie is die twee groepe as die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer gedefinieer.

Derdens kan sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit wel by die Proto-Afrikaner gedemonstreer word, soos tydens die vorming van die Politieke Raad en die stigting van die Oranje-manne (Bruwer, 1988:92; Giliomee, 2004:53, 78; Figuur 3.2). Geen kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit kon egter by die Proto-Afrikaner aangetoon word nie. Darenteen kan duidelike sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit by die Proto-Boer gedemonstreer word, byvoorbeeld tydens die totstandkoming van die Veeboerbeweging (Bruwer, 1988:68-73), die betrokkenheid by die Kaapse Patriotte (Giliomee, 2004:29, 42; Muller, 1979:71), en die stigting van *De Kongres van Volksrepresentanten* in November 1784 (Bruwer, 1988:83, 100, 102). Die totstandkoming van 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit blyk veral duidelik by die Proto-Boer by die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet (Bruwer, 1988:83, 102; Degenaar, 1987:235; Muller, 1979:78; Van Jaarsveld, 1959:16).

Vierdens is sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme deurentyd op die inwoners van die Kaap toegepas (Giliomee, 2004:7, 11, 29). Dit het 'n blywende invloed op die identiteit en die aard van die vestiging van 'n kulturele erfenis van die Proto-Afrikaner gehad. As verset teen kolonialisme, het die Proto-Boer aan die ander kant as Trekboere tydens die Veeboerbeweging weg van die Kaap af getrek, by die Kaapse Patriotte betrokke geraak, die republieke Swellendam en Graaff-Reinet gestig, en sommige het selfs by die Slagtersnek-opstand betrokke geraak. In die proses is sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, sowel as kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by dié groep bevorder.

3.5 Samevatting en gevolgtrekking rakende fases 1 en 2

In hierdie hoofstuk hang die teoretiese begronding van Afrikaner-identiteit tydens Fases 1 en 2 effens in die lug. Die rede daarvoor is dat, hoewel sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit aangetoon kan word, het daar nog nie werklik wesentlike kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die verskillende groepe plaasgevind nie. Die enigste uitsondering is die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet, waartydens 'n vryheidstrewe gedemonstreer word, wat in die vorm van republiekvorming uiting vind.

Daar kan wel gevolgtrekkings uit die voorafgaande hoofstuk gemaak word. Eerstens kan gestel word dat die uitgangspunt van Paradigma A, naamlik dat daar 'n volksplanting met die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap plaasgevind het, nie werklik gegrond is nie.

Verder word bevind dat die standpunt van Paradigma B, wat stel dat daar twee onderskeibare blanke groepe tydens Fases 1 en 2 in Suid-Afrika ontstaan het, meer gewig dra as die uitgangspunt van Paradigma A, wat konstateer dat slegs een volk, die Afrikaner, ontstaan het. Hierdie *Afrikanervolk* het volgens Paradigma A reeds by Jan van Riebeeck se volksplanting ontstaan.

Die twee groepe wat volgens Paradigma B ontstaan het, word vir hierdie studie as die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer gedefinieer. Die twee groepe tree ook verskillend op tydens sekere historiese gebeurtenisse. Die Proto-Afrikaner toon wel sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, maar geen kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit nie. Daarteenoor toon die Proto-Boer wel tekens van kulturele bewuswording, volksbewussyn en 'n vroeë mate van volksidentiteit, en is betrokke by die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet.

'n Afleiding ten opsigte van die invloed van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van identiteit is tweeledig. Aan die een kant het die Proto-Afrikaner geen weerstand teen sosiale ingenieurswese (in die vorm van kolonialisme) gebied nie. Die koloniale beleid is in teendeel omarm. Daarteenoor het die Proto-Boer van vroeg af 'n vryheidsgesindheid (republikanisme/volksgesindheid/volksisme) openbaar en het weerstand teen die onderdrukkende invloed van kolonialisme gebied.

Laastens kan gestel word dat Afrikaner-identiteit tydens hierdie fase nog by geen groepering waargeneem word nie. Die Afrikaner het dus nog nie tydens Fases 1 en 2 bestaan nie.

HOOFSTUK 4: DIE PROTO-BOER ONTWIKKEL KULTURELE BEWUSWORDING, VOLKSBEWYSSYN EN VOLKIDENTITEIT

4.1 Inleiding


In Hoofstuk 3 is Fases 1 en 2 van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese (tydens die 17de en 18de eeue) ontleed. Daar is bevind dat twee blanke groeperinge, wat as die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner gedefinieer kan word, ontstaan het. Die verdere ontwikkeling van identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese by die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner, as voorsate van die Afrikanernasie, word as Fase 3 ontleed (Figure 1.3 en 4.1). Die ontwikkeling van die Proto-Boer en die latere Boervolk word in hierdie hoofstuk behandel, terwyl die ontwikkeling van die Proto-Afrikaner in Hoofstuk 5 bespreek word.

Fase 3 verteenwoordig 'n tydperk wat strek vanaf die aanvang van die Groot Trek tot aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog en onderspan min of meer die 19de eeu (Figure 1.3 en 4.1). Die invloed van sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit word vanuit die betrokke uitgangspunte van Paradigmas A en B as deel van die analitiese raamwerk bestudeer (Figuur 4.1).

Daar word in hierdie hoofstuk op die volgende aspekte van Fase 3 gefokus:

- Die invloed van sosiale ingenieurswese op die identiteit van die Proto-Boer tydens die 19de eeu. Die invloed wat kolonialisme, as vorm van sosiale ingenieurswese, versus 'n vryheidstrewa (republikaanskap) op die ontwikkeling van die identiteit by die Proto-Boer en latere Boer uitgeoefen het, word ondersoek.
- Die uitgangspunte van Paradigmas A en B ten opsigte van Afrikaner-identiteit, wat van toepassing is op die Proto-Boer en Boer tydens die 19de eeu – veral met betrekking tot die Groot Trek en die Vryheidsoorloë. Die sienings wat deur aanhangers van die twee paradigmas gehuldig word, word vergelyk. Om die vergelyking te tref, is dit nodig om die historiese begroning van die Groot Trek in oënskou te neem. Hoewel die Eerste Taalbeweging en die rol van die GRA ook in hierdie hoofstuk genoem word, sal aangetoon word dat die GRA min invloed op die ontwikkeling van identiteit by die Boer gehad het. Hierdie aspekte word volledig in Hoofstuk 5 ontleed.
- 'n Historiese grondslag vir identiteitsontwikkeling by die Proto-Boer en die latere Boervolk word gelê. Eerstens word die persone wat aan die Groot Trek en later aan die Vryheidsoorloë deelgeneem het, geïdentifiseer. Dan word die redes vir die Groot Trek ontleed. Daarna word die teoretiese begroning vir die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die latere Boervolk beskou.

- Die teoretiese onderbou, wat die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die latere Boer tydens die 19de eeu verklaar en verduidelik, word sistematies ontleed. Die tipologie, model en teorieë wat die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die latere Boer tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë verklaar, word as deel van die analitiese raamwerk ontleed.



Figuur 4.1: Afrikaner-identiteit (die ontwikkeling van die Proto-Boer en die Boer) as uitkoms van sosiale ingenieurswese, binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit, tydens Fase 3

4.2 Die invloed van sosiale ingenieurswese op die identiteit van die Proto-Boer tydens die 19^{de} eeu (fase 3)

Kolonialisme, as vorm van sosiale ingenieurswese, werk op verskeie wyses in op die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer tydens Fase 3. Die Britse regering het die Kaap finaal in 1806 by die Bataafse owerheid oorgeneem. Hierna is Britse koloniale beleid voluit toegepas. Dit het verskillend op die identiteit van die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer, as voorsate van die Afrikaner, ingewerk (Giliomee, 2004:154). Die Koloniale het die koloniale beleid aanvaar maar die Proto-Boer nie.

Die aanvaarding van en onderwerping aan kolonialisme deur die Proto-Afrikaner word in Hoofstuk 5 bespreek. In Hoofstuk 2 is nietemin reeds bevind dat die Proto-Boer weerstand teen die koloniale owerhede openbaar het, onder andere deur die stigting van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet (Bruwer 1988:83). Die betrokkenheid van sommige Proto-Boere by die opstand van Slagtersnek demonstreer die verskynsel van weerstand verder (Degenaar, 1987:240; Muller, 1979:119-120). Alhoewel dit nie die enigste oorsaak vir die Groot Trek was nie, is die uittog uit die Kolonie tydens Fase 3 'n belangrike openbaring van die weerstand van die Proto-Boere teen die beleid van kolonialisme (Bruwer, 1988:114, 133; Giliomee, 2004:111, 114). Hierdie aspekte word in dié hoofstuk verder ontleed.

Die Engelse kolonialiste het die deelnemers aan die Groot Trek nie met rus gelaat nie en hulle meedoënloos gevolg. Die Engelse het telkens aanspraak gemaak op die gebiede wat deur die Proto-Boere en die latere *Boere* bekom en beset is, en daardeur hul koloniale invloed verder afgedwing (Bruwer, 1988:193). Dit het tot botsing en verskeie skermutselinge, soos Congella, Boomplaats en die twee Vryheidsoorloë, tussen die *Boere* en die Engelse gelei (Bruwer, 1988:194, 200). Verskillende teorieë verklaar die ontwikkeling van die identiteit (sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit) van die *Boer* as gevolg van hierdie konflik en oorloë met die Engelse. Veral die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë lei tot die bevordering van 'n nasionale bewuswording en identiteit (Van Jaarsveld 1959:8). Die uitwerking wat kolonialisme op die ontwikkeling van die identiteit van die *Proto-Boer* en die latere *Boervolk* gehad het, word vervolgens teoreties begrond.

4.3 Paradigmas oor Afrikaner-identiteit van toepassing op die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer tydens die 19de eeu

Die volledige uitgangspunte van Paradigmas A en B ten opsigte van Afrikaner-identiteit word in Tabel 2.1 gedokumenteer. Die uitgangspunte wat op Fase 3 in hierdie hoofstuk van toepassing is, word uit Tabel 2.1 geëkstrapoleer en in Tabel 4.1 weergegee. Dit kan opgesom word as aspekte rakende die ontwikkeling van identiteit van die Boer met betrekking tot die Groot Trek, die Gelofte, die oorloë

teen die Engelse en aspekte rakende die identiteit van die persone betrokke by die Eerste Taalbeweging.

Die aanhangers van Paradigma A gaan van die standpunt uit dat die *Afrikaner* by die Groot Trek betrokke was, dat die *Afrikaner* teen die Zoeloes geveg het en dat die Bloedriviergelofte deur die *Afrikaner* afgelê is. Verder word die oorwinning teen die Engelse magte by Majuba as 'n *Afrikaneroorwinning* beskou. Sommige akademici en outeurs beskou die Slag van Majuba as deel van 'n "Transvaalse opstand" en gee nie erkenning aan die feit dat die Boere in 'n oorlog met Brittanje gewikkel was nie (Giliomee, 2004:182)³⁵. Ten opsigte van die Tweede Vryheidsoorlog teen Brittanje, noem hulle dit die Anglo-Boereoorlog, maar beskou dit as 'n oorlog deur die *Afrikaner* waarin *Afrikanervroue* en kinders groot opofferings gemaak het.

Paradigma B konstateer aan die ander kant dat die Groot Trek deur die *Proto-Boere* begin is, maar dat die *Boervolk* tydens die Groot Trek tot stand gekom het en uiteindelik as volwaardige volk binne hul eie republieke gewoon en regeer het. Die *Boervolk* het hulle land in verskeie oorloë teen die Britse koloniale besetters verdedig. Die Slag van Majuba word gesien as 'n hoogtepunt in die Boeregeskiedenis en is volgens Paradigma B 'n oorwinning in 'n oorlog teen Brittanje. Paradigma B konstateer verder dat dit Boere was wat teen die Engelse in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het en dat dit Boerekinders en -vroue was wat in Engelse doodskampe gely en gesterf het.

Paradigmas A en B huldig beide die standpunt dat die Eerste Taalbeweging onder *Afrikanergelede* in die Kaap (Paarl) plaasgevind het, maar verskil ten opsigte van twee standpunte. Volgens Paradigma B was die Boer nie in die Kaap teenwoordig nie en dus nie direk by die taalbeweging betrokke nie (Bruwer 1988:281; Giliomee 2004:179). Die Boer het die gedagte van die *Afrikanervolk* en die bevordering van Afrikaans as taal, later positief beïnvloed ten opsigte van die ontwikkeling van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit, deur die lees van *Die Patriot*, wat as deel van die Eerste Taalbeweging ook na die Vrystaat en Transvaal versprei is (Bruwer 1988:282).

Giliomee (2004:178) beskryf die doelwit van die GRA as volg:

Die GRA se doelwit was om die Hollands- en Afrikaanssprekende wit mense te oorreed dat Afrikaans 'n belangrike rol in hul nasionale bewussyn kan speel en om hulle self te beskou as 'n besondere gemeenskap met die naam *Afrikaner*. Du Toit en sy kollegas het die term *Afrikaner* as 'n erenaam beskou wat 'n eksklusiewe groep aandui.

³⁵ Die anneksasie van die ZAR deur Engeland was 'n daad van oorlog teen 'n bestaande (reeds byna 30 jaar) internasionaal erkende republiek, daarom was die Slag van Majuba die finale oorwinning tydens 'n oorlog, wat uit die onwettige anneksasie voortgespruit het. Die skrywer verskil dus van Giliomee, wat Majuba as 'n "Transvaalse opstand" beskryf, en beskou die Slag van Majuba as die deurslaggewende veldslag tydens die Boere se Eerste Vryheidsoorlog en nie as 'n "opstand" nie.

Tabel 4.1: Paradigmas A en B ten opsigte van identiteitsontwikkeling by die Afrikaner in die 19de eeu

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
3	Afrikaners was die betrokkenes by/deelnemers aan die Groot Trek	Proto-Boere en Boere was die betrokkenes by of deelnemers aan die Groot Trek. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie
3	Afrikaners het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg	Die Boere het die Geloofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie
3	Afrikaners het tydens die “Transvaalse opstand” teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin	Boere het tydens die Eerste Vryheidsoorlog die oorwinning by die Slag van Majuba teen die Engelse behaal en die oorlog gewen
3	Die Eerste Taalbeweging en die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is Afrikanergeskiedenis.	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is inderdaad Afrikanergeskiedenis. Die Boere was nie betrokke nie
3	Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het.	Dit was Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg het. 25 000 Kaapse Afrikaners het aan die kant van die Engelse teen die Boere geveg.
3	Dit was Afrikanervroue en -kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het	Dit was Boerekinders en -vroue wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het

Om die twee paradigmas effektief met mekaar te vergelyk, is dit belangrik om te let op wie die persone was wat aan die Groot Trek deelgeneem het. Die antwoord word gevind in die ontleding van die historiese gebeure, wat ’n grondslag vir die ontwikkeling van identiteit gelê het.


4.4 ’n Historiese grondslag vir identiteitsontwikkeling by die Proto-Boer

4.4.1 Inleiding

Daar is reeds aangedui dat die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer en die latere Boervolk veral tydens die Groot Trek en tydens die twee Vryheidsoorloë na vore gekom het. Om die teoretiese begronding van die identiteitsontwikkeling te ontleed, moet bepaal word wie aan die Trek deelgeneem het, aangesien betrokkenheid by die Groot Trek op hierdie stadium noodsaaklik is om byvoorbeeld as Proto-Boer te kwalifiseer. Die ondersteuningsbron van, en deelnemers aan die Groot Trek was hoofsaaklik inwoners van die distrik Graaff-Reinet (Bruwer, 1988:280). Die volgende plekke word by die distrik ingesluit: Graaff-Reinet, Somerset-Oos, Cradock, Middelburg, Colesberg, Steynsburg, Tarka, Nieu-Bethesda, Bathurst, Albany, Alexandrië, Uitenhage, Prins Albert, Willowmore, Jansenville, Aberdeen, Beaufort-Wes, Murraysburg, Richmond en Hanover. Hierdie gebied, wat in Figuur 4.2 uitgebeeld word, kan met reg as die “Wieg van die Boervolk” bestempel

word. Bruwer stel dat: “nieteenstaande die groot getal Engelse name, as teken van latere Britse oorheersing, sou hierdie gebied steeds die bakermat van die Afrikanervolk [*Boervolk] bly.”

Alhoewel slegs ongeveer 20% van die Wieg se inwoners by die Groot Trek betrokke geraak het, was baie van die agtergeblewenes in die Kolonie die Trekkers goedgesind en het hulle die gees van vryheid met die Trekkers gedeel. Die rol wat die “agtergeblewenes” in die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gespeel het, word in Hoofstuk 5 verder bespreek.



Figuur 4.2: Die Wieg van die Boervolk (ontwerp deur die skrywer op grond van Bruwer (1988:280) se data)

Om die vraag oor wie uit die Kolonie getrek het en wie die “agtergeblewenes” verteenwoordig te beantwoord, word die volgende aspekte beskou:

- Die identiteit en getalle van diegene wat uit die Kolonie getrek het
- Die redes waarom hulle getrek het

4.4.2 Identiteit en getalle van diegene wat aan die Groot Trek deelgeneem het

Die eerste emigrasie-golf van die Groot Trek uit die Kolonie na die binneland het tussen 1835 en 1840 plaasgevind. Ongeveer 6 000 mense (20% van die oostelike distrikte en 10% van die Koloniese totale wit bevolking) het teen 1840 getrek. Teen 1845 het altesaam 2 038 families of 15 000 burgers en familieleden reeds die Kolonie verlaat (Giliomee, 2004:120).

Hierdie getalle raak 'n belangrike aspek aan. Verskeie twintigste-eeuse skrywers, soos Wiid (1968:20) en Bosman (1968:51), laat 90% van die *blanke bevolking*, wat nie by die Groot Trek betrokke was nie, met hulle benadering tot Afrikaner-identiteit buite rekening. Hulle beskryf egter die doen en late van die Trekkers, wat slegs 10% van die blanke bevolking was, sinchronisties en anachronisties, asof dit op almal (die Afrikanervolk) van toepassing is. Dit is nietemin 'n feit dat slegs Proto-Boere tydens die eerste vlaag van die Groot Trek getrek het en 90% van die blanke bevolking (die latere Afrikaners) in die Kaap agtergebly het en nie tydens die Groot Trek getrek het nie.

Bogemelde vertolking van die getalle vorm 'n ander prentjie as die indruk wat dikwels deur historici (van Paradigma A) voorgehou word – veral met die selektiewe aanbieding van geskiedenis op skool – naamlik dat die *Afrikanervolk* getrek het. 'n Belangrike feit om in ag te neem is dat die Afrikaner nog nie in 1835 tot 1840, toe die Groot Trek plaasgevind het, bestaan het nie (sien Hoofstuk 5.3). Wiid (1968:20) stel byvoorbeeld sinchronisties, anachronisties en histories heeltemal foutief, dat:

Die Britse owerheid het nie daarin geslaag om sy nuwe Afrikaner-onderdane met sy beleid te versoen nie en in die jare dertig [1830's] het die vervreemding al hoe meer die vorm van verset teen die regering aangeneem. Aangesien die verset onder die bestaande kroonkolonieregeringsvorm nie op gewone konstitusionele maniere kon geskied nie, het Afrikaners, soos ontevredenes in alle lande, besluit om te emigreer, om te trek na gebiede wat nie onder die Britse vlag verkeer het nie.

Daar is min aandag op skool aan die interpretering van bogenoemde getalle gegee en die perspektief dat net 'n klein persentasie van die inwoners van die Kolonie aan die Groot Trek deelgeneem het, is nie beklemtoon nie. Die mite is eerder geskep dat *die Afrikaner* as 'n groep, sonder om verder te spesifiseer, aan die Groot Trek deelgeneem het. Bosman (1968:59) stel byvoorbeeld: “In 1921 het Langenhoven daarop gewys hoe Geus (d.w.s. Hollander), Hugenoot (d.w.s. Fransman) en Duitser saamgevloei het tot die *stroom van die Afrikaanse volk* soos dit hom ten tyde van die Groot Trek openbaar” (my beklemtoning).

Die vraag word nou gevra: Waarom het die Proto-Boere getrek? Die antwoord op hierdie vraag gee ook meer duidelikheid ten opsigte van die vraag oor wie getrek het.

4.4.3 Waarom het die Proto-Boere getrek?

Die antwoord is nie eenvoudig nie aangesien daar verskeie redes opgeteken is waarom die Proto-Boere uit die Kolonie getrek het. Belangrike redes word in Retief se manifestasie saamgevat (Van Jaarsveld, 1980a:54). Die weerstand teen die beleid van kolonialisme is reeds hierbo genoem en was waarskynlik oorsaaklik tot die meeste redes (Giliomee, 2004:108-115). Die volgende stelling is van groot belang ten opsigte van die weerstand en ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer (Giliomee, 2004:114): “Hier kry ons dus ’n manifestasie van die soort politieke bewustheid wat in die dekade voor die Trek en selfs aan die vooraand van die Trek nog afwesig was.”

Hierdie politieke bewustheid word veral in sommige van die leiers van die Groot Trek se verklarings, voor en tydens die Groot Trek, waargeneem. Dit dui nie net op politieke bewustheid nie, maar van die stellings dui op die teenwoordigheid en ontwikkeling van identiteit in die vorm van ’n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook ’n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit (Figuur 2.4):

- Retief stel in sy manifestasie, onder andere, dat hulle [*die Proto-Boere] van plan is om *selfregering*, sonder Britse inmenging, tot stand te bring (Van Jaarsveld 1980a:54).
- Piet Uys stel dat hulle [*die Proto-Boere] beplan om hulle *volk* op dieselfde beginsels van vryheid as die Verenigde State van Amerika te vestig (Muller, 1979:217).
- Potgieter skryf op 3 Desember 1838 aan die Kaapse Goewerneur dat hulle (die *Emigranten*) hulself as *vrye burgers* beskou en dat hulle soos alle *vry nasies*, sonder om afbreuk aan andere te doen, kan gaan (trek) waarheen hulle wil (Bruwer, 1988:163).
- Andries Pretorius het gesê dat indien die Trek volgens die wil van God is en Hom behaag, hulle [*die Proto-Boere] ’n *volk* sal word en dat hulle (die volk) volgens Sy wil sal leef (Bruwer, 1988:163).
- Retief en Maritz het aan Goewerneur D’Urban geskryf dat hulle (die *Emigranten-Boeren*) as ’n *vry en onafhanklike volk* erken wil word (Preller, 1920:280-281).
- Dit is veral Maritz wat ’n duidelike *volksvisie* gehad het. Maritz het die trek beskou as ’n “gemeenskaplike onderneming – ’n verenigde ‘maatskappy’ of ’n *volk* – en het daarop aangedring dat die leiers hulle aan ’n gekose raad se besluite moet onderwerp” [*eie beklemtoning] (Giliomee, 2004:123).

In die vyfde verslag van die Volkstaatraad (1996) word die ingesteldheid of bedoelinge van die Proto-Boere met en tydens die Groot Trek (as uitgangspunt van Paradigma A) soos volg opgesom (Robbertze, 1996:17):

Afrikanerboere [*Proto-Boere] wat aan die Groot Trek deelgeneem het se bedoeling was om nooit terug te keer nie; om Britse gesag finaal af te skud en iewers in die binneland op vrye

grond, buite Britse gesag, 'n nuwe staat te stig. Hulle wou vry en onafhanklik met 'n eie bestuur wees. Met ander woorde, hulle wou eksterne selfbeskikking hê.

Hierdie strewe na selfbeskikking as ideologie, het deurentyd in die vorm van vryheidsgesindheid en volksgesindheid (republikanisme) tydens die Proto-Boere en die latere Boere se identiteitsontwikkeling, 'n belangrike rol gespeel.

4.4.4 Gevolgtrekkings rakende 'n historiese basis vir identiteitsontwikkeling by die Proto-Boer en die latere Boer tydens die 19^{de} eeu

Die volgende gevolgtrekkings kan ten opsigte van die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en van die latere Boer tydens die 19^{de} eeu (Fase 3) gemaak word: Eerstens het die Proto-Boere, nie die Afrikaner nie, die Groot Trek onderneem en laat realiseer. Verder moet beklemtoon word dat slegs 10% van die totale blanke inwoners van die Kolonie deel van die Groot Trek was (Hoofstuk 4.4.2). Die outeurs, wat die trek toeskryf aan 'n volksverskuiwing deur die bestaande bevolking in die Kaap (veral die Afrikaner), begaan 'n historiese mistasting (Muller 1979:132). Historici wat die term *Afrikaner* koppel aan die deelnemers aan die Groot Trek, doen dit (foutiewelik) as deel van Paradigma A se gevestigde persepsie en het min substansie om dit te regverdig – hulle is sinchronisties, anachronisties en histories heeltemal verkeerd (Giliomee, 2004:633; Opperman Lewis, 2018:13; Wiid 1968:20).

Verder word ontleed dat die redes en oorsake vir die Groot Trek gewentel het om die uitwerking wat kolonialisme op die Proto-Boere aan die Oosgrens gehad het. Kolonialisme as vorm van sosiale ingenieurswese het dus 'n direkte asook indirekte uitwerking op die vorming van identiteit by die voorsate van die Afrikaner, naamlik op die Proto-Boere, gehad. Reaktief tot kolonialisme, het die Proto-Boer samehorigheid ondergaan en 'n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook die begin van 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel en gedemonstreer.

Vervolgens word die rol wat die Groot Trek en die verskillende oorloë en konflikte waarby die Boere betrokke was, by die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gespeel het, beskou.

4.5 Het Afrikaner-identiteit tydens die Groot Trek en tydens die Twee Vryheidsoorloë ontwikkel?

4.5.1 Inleiding

Om die vraag te beantwoord, word die ontwikkeling van identiteit binne die konteks van die analitiese raamwerk ontleed. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie hoofstuk toegespits is op die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer, wat gelei het tot die totstandkoming van die Boer of *Boervolk* tydens die 19^{de} eeu (Fase 3). Aangesien die oorgang vanaf Proto-Boer na Boer geleidelik

was, impliseer die verwysing na die Boer of *Boervolk* soms ook na die Proto-Boer, waar van toepassing. Die volgende aspekte van die analitiese raamwerk word gebruik om die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die Boer te ontleed:

- Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar die ontwikkeling van identiteit
- Die ontwikkeling van identiteit uit 'n makroteoretiese oogpunt:
 - Die rol van die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap
 - Die rol van die Kulturele Entrepreneur teorie
 - Die impak van die teorie van Konflik en Oorlog
- Die ontwikkeling van identiteit uit 'n mikroteoretiese oogpunt:
 - Die rol van die teorie van Sosiale Fenomenologie
 - Die rol van die teorie van Simboliese Interaksie

4.5.2 Die Akkerbouer-Veeboer-model verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boer tydens die Groot Trek asook tydens die Vryheidsoorloë

Daar is in Hoofstuk 3 aangedui dat die Akkerbouer-Veeboer-model sekere verskille tussen die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner verklaar. Hierdie hoofstuk bevestig die eienskap van die Proto-Boer en die latere Boer (as veeboere), wat hom tot aggressiewe optrede noop, sodat sy woorde en daade dit duidelik maak dat hy nie 'n swakkeling is nie en bereid sal wees om te veg om sy kudde (en eiendom) te beskerm (Hoofstuk 2.5.5.2). Die "kultuur van eer", as deel van sy identiteit en kulturele erfenis, waar sy reputasie sentraal tot sy menswees en selfbeeld staan, kom ook duidelik in hierdie fase na vore (Gladwell, 2008:166-167, 175). Die Boer as veeboer kom by uitstek na vore gedurende die fase van die Groot Trek. Later, tydens die vestiging van die ZAR en OVS republieke, beoefen baie Boere saai- en veeboerdery as deel van hul aktiwiteite en is die Akkerbouer-Veeboer-model nie meer direk van toepassing nie.

4.5.2.1 Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van die Akkerbouer-Veeboer-model

Die Akkerbouer-Veeboer-model het nie 'n wesentlike rol gespeel by die verklaring van die identiteitsontwikkeling van die Boer tydens Fase 3 nie, maar bevestig slegs 'n aspek, (eienskappe van die veeboer) van sy kulturele erfenis.

4.5.3 Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die *Boervolk* tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë

4.5.3.1 Inleiding

Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap speel 'n belangrike rol by die verklaring van die *Boervolk* se identiteit tydens die Groot Trek, asook tydens die uitspeel van die Vryheidsoorloë.

4.5.3.2 Die teorie van die Verbeelde Gemeenskap verklaar identiteitsontwikkeling by die Boervolk tydens die Groot Trek

Die totstandkoming van die Boer se identiteit, wat weerspieël word deur die leiers se verklarings voor en tydens die Groot Trek (soos hier bo uiteengesit), word deur die teorie van die Verbeelde Gemeenskap verklaar. Die gebruik van terme soos *vry*, *volk*, *onafhanklik* en *Emigranten-Boeren* is aanduidend van die verskynsel van 'n *verbeelde gemeenskap*.

Tydens die eerste Volksvergadering (2 Desember 1836), wat as die Geboorte van die *Boervolk* bestempel kan word, word die term *Boer* nog nie algemeen gebruik nie, maar die gebruik van die term *Maatschappy van vereenigen Laagen* (verbeelde gemeenskap) wel. Die grondwet wat tydens die tweede Volksvergadering op 2 Junie 1837 opgestel is, dui op die *Boervolk* se sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit (Van Jaarsveld, 1980a:55-56). Hulle het hul onafhanklikheid openbaar deur hulleself as die sogenaamde Vrye Provinsie Nuwe Holland in Suidoos-Afrika te beskou, wat dui op kulturele en politieke bewuswording (as verbeelde gemeenskap) asook die ontwikkeling van nasionale identiteit (Giliomee, 2004:123).

Die verskynsel van 'n verbeelde gemeenskap word verder beklemtoon met die stigting van die Republiek Natalia (20 Oktober 1838), asook die betrokkenheid by die oprigting van 18 ander republieke (Aanhangsel A). Op hierdie stadium vereenselwig die Proto-Boere hulleself met die Nederlandse term *Boeren*. Die Natalse Volksraad skryf byvoorbeeld op 21 Februarie 1842 namens die *Zuidafrikaansche Boeren* (Van Jaarsveld, 1980a:78). Daar word ook, onder andere, verwys na *Emigranten-Boeren* (Van Jaarsveld, 1980a:91-92). Die gebruik van bogenoemde terme is aanduidend van die bestaan van 'n *verbeelde gemeenskap*.

Kemp (1995:6) stel dat daar geen Afrikaner op die Trek teenwoordig was nie, maar slegs Boere. Tydens die gesprekke, wat Preller (1920; 1922; 1937; 1938) met tientalle persone voer van wie familie in die trek was, of wat self as kinders betrokke was, word die term *Boer* as naam vir die *verbeelde gemeenskap*, wat tydens die Groot Trek tot stand gekom het, deurgaans gebruik.

Die aflegging van die Gelofte tydens/voor die Slag van Bloedrivier, dui ook op 'n *verbeelde gemeenskap*, waar die verteenwoordigers van die Boere in Natal as gemeenskap met God 'n *ooreenkoms* namens die gevormde *gemeenskap* aangegaan het.

Met die verkryging van onafhanklikheid van die twee Boererepublieke en die opstel van die konvensies, word ook na die *verbeelde gemeenskap* as *Emigrante Boere* verwys (Van Jaarsveld, 1980a:92).

Die totstandkoming van identiteit soos hierbo uitgestippel, word deur die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap verklaar.

4.5.3.3 Die impak van die teorie van die Verbeelde Gemeenskap tydens die Vryheidsoorloë

Tydens die verskillende gewapende konflikte en oorloë tree die Boere telkens as 'n groep op om die *verbeelde gemeenskap* se belange en voortbestaan te verdedig.

Die Eerste Vryheidsoorlog, en spesifiek die oorwinning tydens die Slag van Majuba, word deur die voorstanders van Paradigma A as 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit uitgesonder (Giliomee, 2004:180; Van Jaarsveld, 1980b:230). Hierdie aspekte word deur Paradigma B bevraagteken aangesien Boer en Afrikaner as sinoniem beskou word. Die oorwinning by Majuba word in Hoofstuk 5 volledig bespreek.

Voordat die impak van die Tweede Vryheidsoorlog op identiteit bespreek word, verdien die benaming van die oorlog kortliks kommentaar, aangesien dit op identiteit inwerk. Die term *Anglo-Boereoorlog* word vry algemeen, as deel van 'n gevestigde persepsie, aanvaar en gebruik. Die term is egter 'n beskrywing soos beskou vanuit die oogpunt van 'n *buitestander*, wat die stryd tussen die Boere en die Engelse beskryf. Die algemene aanvaarde wyses waarop 'n oorlog beskryf word, behels die koppeling aan, onder andere, die plek waar dit plaasgevind het, die tydperk wat dit geduur het, die tydperk wanneer dit plaasgevind het, die doel van die oorlog, of die naam van die vyand wat betrokke was by die oorlog. Om dit die *Boereoorlog* te noem, word die Boer beskryf as die vyand vanuit die hoek van die Engelsman. Vanuit die Boer se hoek behoort die oorlog die *Engelse Oorlog*, of meer korrek die *Anglo/Afrikaneroorlog* genoem te word, aangesien 25 000 Kaapse Afrikaners in die oorlog saam met die Engelse teen die Boeremagte geveg het en dus deel van die vyand van die Boer was (Bruwer, 1988:363).

Indien die term *Anglo-Boereoorlog* gebruik word, word daar afstand geskep tussen die persoon wat die geskiedenis lees en die Boer as volk. Selfs persone wat 'n Boeregesindheid openbaar en solidariteit met die *Boervolk* behoort te ervaar, word deur die afstand wat geskep is, as leser subtiel in 'n posisie geplaas om nie solidariteit met die Boer te ervaar en met die *Boervolk* te identifiseer nie. Hierdie aspek word in Hoofstuk 6 verder bespreek (Pretorius, 2020).

Die terme *Eerste Vryheidsoorlog* en *Tweede Vryheidsoorlog* (vanuit die hoek van die *Boervolk*) word in hierdie navorsing gebruik.

4.5.3.4 Gevolgtrekking betreffende die teorie van die Verbeelde Gemeenskap

Eerstens het die Boer tydens die verloop van die Groot Trek 'n duidelike ontwikkeling van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ondergaan en verwys later na hierdie *verbeelde gemeenskap* as die *Boer*, *Boere*, *Boervolk* en die *Boerevolk*.

Verder kan aangeteken word dat met die oprigting van die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) as onafhanklike republieke, die reeds bestaande groepsbewussyn, volksbewussyn en volksidentiteit van die *Boervolk*, verder ontwikkel het om 'n nasionale bewussyn, wat as volksnasionisme gedefinieer kan word, tot stand te bring (Degenaar, 1987:237; Hoofstuk 2.4.2; Figuur 2.4).

Daar kan ook gestel word dat daar tydens die Vryheidsoorloë 'n duidelike volksbewussyn en nasionale bewussyn by die *Boervolk* na vore getree het, aangesien die Boer as *verbeelde gemeenskap* in konflik met 'n ander *verbeelde gemeenskap* getree het.

Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap speel dus 'n belangrike rol in die verduideliking van die ontwikkeling van die identiteit van die Boer tydens die Groot Trek, asook tydens die Vryheidsoorloë.

Laastens word gemeld dat daar geen substansie verleen kan word aan die stelling dat die Afrikaner as *verbeelde gemeenskap* by die Groot Trek betrokke was nie. Die Afrikaner se betrokkenheid by die Vryheidsoorloë word in Hoofstuk 5 bespreek en geen afleiding word nou daaroor gemaak nie.

4.5.4 Die teorie van die Kulturele Entrepreneur verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die *Boervolk* tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë

4.5.4.1 Die impak van die teorie van die Kulturele Entrepreneur op Boere-identiteit

Die Proto-Boer en later die *Boervolk* tree telkens op as kulturele nasionalis in sy strewe na onafhanklikheid. Die Boer het wel republieke langs 'n politieke weg gestig, maar het eers deur 'n proses van 'herlewing' van etnisiteit beweeg om daarby uit te kom (Hutchinson, 1987:9; Hoofstuk 3.3.5.4). In die proses het 'n duidelike kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit tot stand gekom. Die vestiging van 'n unieke groep, met 'n unieke kultuur, wat as 'n volk onafhanklik en vry kan bestaan, was deurentyd vir die Boervolk belangrik. Die totstandkoming van 'n unieke Boere-identiteit word deur die teorie van die Kulturele Entrepreneur verklaar. Die oprigting van republieke en in die besonder die republieke van die ZAR en die OVS, is duidelik gebore uit werklike volksisme en volksnasionisme en was per definisie volksrepublieke (Degenaar, 1987:237).

Die unieke Boerekultuur, wat tot stand gekom het, word in Hoofstuk 6 in meer besonderhede bespreek en dan word aangetoon hoe die Boerekultuur deur die sosiale ingenieurs aangewend is as deel van die vestiging van die mite rondom 'n Afrikanernasie.

Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van die Kulturele Entrepreneur

Die teorie van die Kulturele Entrepreneur verklaar die ontwikkeling van die identiteit (kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit) van die Boer as kulturele entrepreneur. Die Boervolk tree telkens na vore as kulturele entrepreneur, wat gepoog het om onafhanklikheid deur

middel van kulturele nasionalisme te bereik. Die teorie van 'n Kulturele Entrepreneur verklaar ook die totstandkoming van die twee republieke as uitkoms van “kulturele nasionalisme”.

4.5.5 Die teorie van Konflik en Oorlog verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë

4.5.5.1 Die impak van die teorie van Konflik en Oorlog

Konflik en oorlog speel 'n baie belangrike rol in die geskiedenis en die totstandkoming van die identiteit van die Boervolk. Die teorie van Konflik en Oorlog verklaar waarom die konflik en oorlog met die Engelse en swart volkere tot die vorming van identiteit (groepsidentiteit, volksidentiteit en nasionale identiteit) gelei het. Konflik en oorloë bring verder sterk figure of (mitologiese) helde na vore, wat in die mites en verhale van die volk opgeneem kan word en aansluit by die teorie van Simboliese Interaksie.

Die gebeure waar konflik en oorlog by die Boer ter sprake was, word vervolgens in Tabel 4.2 getabuleer.

Tabel 4.2: Belangrike konfliktsituasies in die Boervolk se geskiedenis gedurende die 19de eeu

DATUM	KONFLIK	DATUM	KONFLIK
1836	Slag van Vegkop	1843	Brittanje annekseer Natalia
1837	Strafkommando teen Silkaats	1848	Brittanje annekseer Transoranjie
1837	Slag van Mosega en Kapain	1876	Sekoekoeni-oorlog
1838	Moord op Retief se geselskap	1848	Die Slag van Boomplaats
1838	Moorde by Bloukrans en Weenen	1895-1896	Die Jameson-inval
1838	Die Slag van Italeri	1877	ZAR geannekseer
1838	Die Slag van Bloedrivier	1890-1881	Eerste Vryheidsoorlog
1842	Slag van Congella	1899-1902	Tweede Vryheidsoorlog en konsentrasiekampe

Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van Konflik en Oorlog en identiteitsontwikkeling

Die Proto-Boere en latere Boere is tydens die Groot Trek en tydens die latere twee Vryheidsoorloë voortdurend aan konflik en oorlog onderwerp. Volgens die teorie van Konflik en Oorlog, lei konfrontasie met 'n vyand tot saamhorigheid, organisasie, sentralisasie, 'n sosiale bewuswording, groepsbewussyn, en groepsidentiteit. By die Boere het dit daartoe gelei dat die verskillende

familietrekke gekonsolideer het om uiteindelik 'n volkslaer te vorm en 'n volksleër en 'n staat tot stand te bring. Hieraan is volksidentiteit en nasionale identiteit gekoppel.

4.5.6 Die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë

4.5.6.1 Die impak van die teorie van Sosiale Fenomenologie

Die teorie van Sosiale Fenomenologie speel 'n baie belangrike rol by die verklaring van die identiteitsontwikkeling van die *Boervolk* deur sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, wat ontwikkel het met die oprigting van instellings en strukture tydens Fase 3. Die tipologiese raamwerk van Carneiro verklaar die aanvanklike ontwikkeling van strukture vanaf gesinne, familie-groepe, laers, trek-groepe en Trekke tot die vorming van 'n Volksvergadering (Haas 1990:10). Verdere ontwikkeling van strukture en instellings, soos die vorming van kommando's, demokratiese regerings, grondwette, volksrade en republieke, word verklaar deur die teorie van Sosiale Fenomenologie en dui op die vestiging van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn, wat dienooreenkomstig ook lei tot die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk.

Die wyse waarop die teorie van Sosiale Fenomenologie die totstandkoming van identiteit by die Boervolk verklaar, word onder die volgende hoofde kortliks bespreek:

- Vestiging van instellings: regerings, grondwette en republieke lei tot Boere-identiteit
- Die vestiging van beskermingsinstellings soos veiligheidstrukture (kommando's en leërs) en die betrokkenheid by oorlog lei tot die Boer se identiteit
- Die verkryging van grondgebied lei tot die Boer se identiteit

4.5.6.2 Vestiging van regerings, grondwette en republieke lei tot identiteit

Die eerste regering en grondwet word op 2 Desember 1836 by Thaba Nchu tot stand gebring (Van Jaarsveld, 1980a:55). Die eerste amptelike grondwet van die Boervolk kan as die "geboortesertifikaat" van die Boervolk beskou word. Die tweede regering en grondwet, wat op 5 Junie 1837 langs die Vetrivier gevorm is, vorm die grondslag waarop instellings en strukture deur die elite van die Boervolk verder gebou word (Van Jaarsveld, 1980a:56). Preller (1937:444-445) skryf die volgende:

... die allereerste wetgewing in Suid-Afrika, wat uitgegaan het van 'n vryverkose, demokratiese liggaam, die is van die Winburgse Boere Volksraad, van Desember 1836... Byna al die ouer manne van Winburg was mense wat op die een of ander wyse betrek gewees het in die ontstaan van die republieke Graaff-Reinet en Swellendam.

Op 23 Oktober 1838 word Pietermaritzburg as hoofstad van die Republiek Natalia aangelê en Andries Pretorius word op 28 November 1838 as kommandant-generaal van die republiek Natalia ingesweer (Gerdener, 1925:64). Die strukture wat voortspruitend tot stand kom, lei volgens die teorie van Sosiale Fenomenologie tot die ontwikkeling van identiteit.

Die Republiek van Natalia se grondwet het 16 klousules en is deur die *Raads der Representanten van het Volk* onderteken. Daar is ook 'n *President van Politie ofte de Volks-Raad* aangewys. Op hierdie stadium verwys hulle na hulself in 'n skrywe aan Napier as *het Volk* en as *Zuidafrikaansche Boeren* (Van Jaarsveld, 1980a:69-70, 77-78).

Die Boere stig uiteindelik oor 'n wye front verskeie republieke (Aanhangsel A). Hierdie republieke is aanduidend van die vryheidstrewa van die Boer en dra by tot die ontwikkeling van sy identiteit. Uiteindelik kulmineer die oprigting van instellings en strukture in die uitroep van twee internasionaal erkende republieke, naamlik die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1852 en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) in 1854 (Giliomee, 2004:x). Preller (1937:129) beweer dat daar volgens sy kennis in die pioniersgeskiedenis van die ganse wêreld geen vestiging van 'n staat sneller ontwikkel het nie. Die ontwikkeling van groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn, met die gepaardgaande ontwikkeling van identiteit, word verklaar deur die teorie van Sosiale Fenomenologie.

4.5.6.3 Die vestiging van veiligheidstrukture (kommando's en leërs) en betrokkenheid by oorlog dra by tot die vestiging van identiteit by die Boervolk

Verskeie veldslae en militêre optredes, waarvan die belangrikste in Tabel 4.2 opgeteken is, is deur die Boere onderneem. Verskeie kleiner veldslae en skermutselinge, asook die vestiging van identiteit (die vestiging van 'n groepsbewussyn en volksbewussyn, met gepaardgaande groepsidentiteit en volksidentiteit), is tydens die bespreking van die teorie van Konflik en Oorlog (Hoofstuk 4.4.5) aangedui. Dit blyk weer eens dat die teorieë oorvleuel of "met mekaar praat". Die teorie van Sosiale Fenomenologie speel 'n belangrike rol by konflik, omdat strukture en instellings tot stand gebring is.

Die belangrikste oorloë na die Groot Trek, waar strukture gevorm is om die burgers tot militêre aksie in die vorm van 'n leërmag op te roep, is die twee Vryheidsoorloë. Hierdie vorming van strukture gee aanleiding tot saamhorigheid, groepsbewussyn en volksbewussyn met gevolglike vestiging van identiteit.

4.5.6.4 Die Eerste Vryheidsoorlog, die Slag van Majuba en die ontwikkeling van identiteit

Die vestiging van identiteit en volkstrots by die burgers van die ZAR na die Slag van Majuba, het 'n belangrike rol in die Boervolk se geskiedenis gespeel (Van Jaarsveld, 1980b:139). Voorstanders van Paradigma A pas die oorwinning egter wyer toe en koppel dit aan Afrikaner-identiteit. Hierdie aspekte word in Hoofstukke 5.3.4 en 7 volledig bespreek.

4.5.6.5 Die Tweede Vryheidsoorlog

Die Tweede Vryheidsoorlog het 'n baie belangrike rol in die vestiging van die identiteit van die Boervolk gespeel, wat reeds verklaar is onder die bespreking van die teorie van Konflik en Oorlog (Hoofstuk 4.4.5). Die betrokkenheid van die Kaapse Afrikaner by die Tweede Vryheidsoorlog en die rol wat die lyding van Boerekinders en -vroue in die konsentrasie-kampe gespeel het, word later in meer besonderhede in Hoofstuk 6.5.4 (Fase 4) bespreek.

Die teorie van Sosiale Fenomenologie verduidelik verder hoe die skep van instellings, soos dit tydens 'n oorlog 'n sentrale rol speel, bydra tot die ontwikkeling van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook die ontwikkeling van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit. Met die internasionale status wat aan die oorlog toegeken is, het die burgers se nasionale identiteit ook verder ontwikkel.

4.5.6.6 Die verkryging van grondgebied vestig identiteit by die Boervolk.

Die bewoning van 'n eie grondgebied vestig identiteit deur die ontwikkeling van groepsbewussyn en volksbewussyn (Wiid, 1968:21). Grond is deur die Boere bekom deur onderhandeling, besetting van onbewoonde grond, wettige oorlogvoering en deur skenking.


- i) Onderhandelinge vir grond het plaasgevind, onder andere met die Zoeloes (Preller, 1920:151); Bataung (Norval, 2002:81; Potgieter & Theunissen, 1938:26; Van Zyl & Rabe 2004:12) en die Swazi's (Preller 1925a:29).
- ii) Onbewoonde grondgebied word by verskillende geleenthede deur die Boere bekom. Twee gevalle word uitgesonder. Eerstens het die gebiede wat deur Hottentot-stamme in die Kaap bewoon is, onbewoon geraak nadat drie pokke-epidemies in 1713, 1755 en 1767 die Hottentotte feitlik uitgewis het. Die onbewoonde gebied wat van die Kaap af ooswaarts tot by die Visrivier gestrek het, is deur die Trekboere beset (Bruwer, 1988:75; Muller, 1979:53). Dit is insiggewend dat die eerste ontmoeting van die Trekboere met swart stamme by die Gamtoosrivier, naby die huidige Port Elizabeth, in 1771 plaasvind (Bruwer, 1988:73; Oakes, 1988:26; Stuijt, 2008: s.v. Mills). Hierdie ontmoeting tussen wit en swart vind plaas *120 jaar nadat Jan van Riebeeck aan wal gekom het en 600 kilometer van Kaapstad af*. Tweedens is die gebiede Vrystaat en Sentraal-Transvaal ter sprake. As nadraai van die Mfecane, het die Zoeloes Natal beset en het die Matabeles ('n afsplintering van die Zoeloes) onder Silkaats hulle in die westelike deel van die Transvaal, in die opvanggebied van die Maricorivier, gevestig. Jankielsohn (2016:209) haal Changuion en Steenkamp aan, wat stel dat: "[W]hen the 'Voortrekkers' arrived in the interior of the country, only about 33,56% of South Africa's current land was occupied by Bantu tribes." Die oorspronklike inwoners van die sentrale deel van die Transvaal, asook die noordelike deel van die Vrystaat, is óf uitgemoor óf het gevlug en die gebied heeltemal onbewoon gelaat. Die leiers van die Zoeloes en die Matabeles het die gebied as 'n onbewoonde buffersone gelaat

(Bruwer, 1988:158-159; Giliomee, 2004:121).

- iii) Verowering van grond deur die *wet van oorlog (jus belli)* het by verskeie geleenthede plaasgevind. Twee oorloë word hier uitgesonder, naamlik dié teen die Zoeloes in 1838 en die Matabeles in 1837. In beide gevalle het die Boere die oorwinning behaal en kon die Boere kragtens *jus belli* en die wet van verowering op die verowerde gebiede aanspraak maak. In die geval van die Zoeloes is die meeste van die verowerde gebied aan hulle teruggegee en het die Boere die “met Dingaon-onderhandelde gebied”, asook ’n gedeelte van Zoeloeland, as die Republiek Natalia verder bestuur (Bruwer 1988:159; Preller, 1937:17, 109). In die geval van die Matabeles het die Boere hulle tot so ’n mate verslaan dat Silkaats sy blyplek ontruim en tot in die huidige Zimbabwe gevlug het. Potgieter het die verowerde gebied daarna deur ’n proklamasie in November 1837 namens die Boere in besit geneem (Preller, 125a:16). Ook in hierdie geval is ’n gedeelte aan die oorspronklike eienaars teruggegee (Preller, 1922:7). Engeland moes die verowering en die teruggawe ook erken (Preller, 125a:32).
- iv) Grond as skenking het by meer as een geleentheid plaasgevind. ’n Belangrike geval is waar Lucas Meyer die Zoeloes tydens ’n stamgeskil gehelp het. Die regerende Zoeloe-vors het uit dankbaarheid vir die verleende hulp ’n stuk land aan die Boere afgestaan, wat die Nuwe Republiek genoem is en later as die distrik Vryheid by die ZAR ingelyf is (Preller, 1925:29).

4.5.6.7 Gevolgtrekking betreffende die teorie van Sosiale Fenomenologie en identiteitsontwikkeling by die Boervolk

Die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar die ontwikkeling van ’n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit asook ’n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Boervolk tydens Fase 3. Hierdie identiteitsontwikkeling vind plaas as gevolg van die oprigting en skepping van verskeie strukture en instansies deur die Boervolk (Figuur 4.3).



Figuur 4.3: Sosiale Fenomenologiese ontwikkeling van strukture en identiteit by die Boervolk

4.5.7 Die teorie van Simboliese Interaksie verklaar die ontwikkeling van die identiteit van die Boer tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë

4.5.7.1 Die impak van die teorie van Simboliese Interaksie

Sonder die teorie van Simboliese Interaksie kan die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk nie volledig verklaar word nie. Hierdie teorie verduidelik hoe groepe individue die waarneming en beleving van sekere objekte, gebeure en verskynsels as simbolies van toepassing op die betrokke groep, asook op elke individu binne die groep, maak, ervaar en interpreteer. Die simboliese betekenis van die verhoudings wat tussen die rolspelers ontwikkel het wat aan die Groot Trek en aan die verskillende gewapende konflikte deelgeneem het, verduidelik hoe individue deur middel van simboliese interaksie en assosiasie deel van die groter groep of geheel (die Boervolk) word. Die samelewing, wat as die Boervolk bekend gestaan het, het subjektiewe betekenis aan die Groot Trek, aan gebeurtenisse soos die Slag van Bloedrivier, asook aan die strewe na vryheid tydens die twee Vryheidsoorloë gekoppel. Hierdie simboliese interaksie en gemeenskaplike benadering ten opsigte van gebeure en objekte lei tot saamhorigheid, sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit tussen die individue wat by die Groot Trek en die oorloë betrokke was. Voorts lei dit tot kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit.

As voorbeeld word die gebeure rondom die Slag van Bloedrivier en die Geloofte beskou. Dit het eerstens 'n simboliese betekenis vir die Boervolk gehad, wat die oorwinning as 'n wonderwerk en redding deur God beskou het. Stromberg (1999:10) stel dat die Trekkers die Slag van Bloedrivier as 'n Ou Testamentiese wonderwerk beskou het, wat die besondere verbond met God gedemonstreer het. Bloedrivier en die bevestiging van die Geloofte kan simbolies vergelyk word met die Ou Testamentiese Israeliete se trek deur die Jordaanrivier om as volk in hulle eie land te vestig. Giliomee (2004:136) haal byvoorbeeld *De Zuid-Afrikaan* aan, wat ten opsigte van die trekkers [*Boere] stel, dat hulle "nou die Trek beskou as soortgelyk aan die uittoeg van die Israeliete uit Egipte en as 'n middel om die evangelie en 'beskawing' aan die wilde stamme in die binneland van Suid-Afrika te bring."

By die vestiging van 'n mite rondom die bestaan van die Afrikanernasie, vestig die voorstanders van Paradigma A (in die 20^{ste} eeu) die gedagte verder. Dit word in Hoofstuk 6 volledig bespreek.

4.5.7.2 Gevolgtrekking met betrekking tot die teorie van Simboliese Interaksie en identiteit

Die teorie van Simboliese Interaksie verduidelik deels die totstandkoming van 'n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Boervolk tydens Fase 3. Dit word veral gedemonstreer deur die Boervolk se aanname dat hulle 'n "uitverkore volk" is en dat dit met die Gelofte van Bloedrivier bevestig is.

4.6 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer en die latere Boervolk tydens Fase 3 ontleed. Die afleidings, gegrond op die analise van die invloed van sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme op Afrikaner-identiteit, asook die geldigheid van die argumente van Paradigmas A en B, kan soos volg saamgevat word: Die koloniale beleid van die Engelse koloniale regering, as deel van sosiale ingenieurswese, het tot gevolg gehad dat die Proto-Boere uit die Kolonie weggetrek het en was dus grootliks 'n oorsaak tot die ontstaan van die Groot Trek. Die Groot Trek het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer en die ontstaan van die Boervolk. Die koloniale beleid van eksploitasie deur die Engelse regering was ook direk oorsaaklik tot die ontstaan van gewapende konflik tussen Boer en Brit. Die konflik het volgens die teorie van Konflik en Oorlog, die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, die teorie van Simboliese Interaksie, asook die teorie van Sosiale Fenomenologie, aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk.

Volgens die uitgangspunte van Paradigma A word die Afrikaner sinchronisties, anachronisties en histories foutief by beide die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë as die hoofrolspelers geplaas. Tydens die ontleding van die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer tydens Fase 3, kon die Kaapse Afrikaner egter nie as belangrike rolspeler (teen die koloniale besetters) aangedui word nie. Die Kaapse Afrikaner het tydens die Tweede Vryheidsoorlog sy gewig by die Boervolk se *vyand* ingegooi en het tydens die konflik geen identiteitsontwikkeling ondergaan nie (Bruwer, 1988:363). Hierdie aspek word in die volgende hoofstuk bespreek.

Ten opsigte van die ontwikkeling van die identiteit van die Boer is bevind dat die benadering van Paradigma B, wat stel dat die Boervolk apart van die Kolonialer tydens en as gevolg van die Groot Trek en die Vryheidsoorloë ontstaan het en ook volksidentiteit ontwikkel het, meer substansie het as dié van Paradigma A, wat beweer dat die Afrikaner die Groot Trek onderneem het en dat Afrikanervroue en -kinders in die konsentrasie kampe gesterf het. Die ontwikkeling van die

identiteit van die Proto-Afrikaner en die betrokkenheid van die Kaapse Afrikaner by die Groot Trek, die Eerste Taalbeweging en die Tweede Vryheidsoorlog word in Hoofstuk 5 ontleed.

HOOFSTUK 5: DIE PROTO-AFRIKANER TOON VROEË TEKENS VAN VOLKSIDENTITEIT

5.1 Inleiding

Tydens die 19^{de} eeu het die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit op twee fronte plaasgevind. Die eerste front behels die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Boer en die totstandkoming van die Boervolk en is in Hoofstuk 4 as deel van Fase 3 beskryf. Die tweede front behels die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Afrikaner (Kolonialer of Kaapse Afrikaner) en word in hierdie hoofstuk ontleed. Soos reeds in Hoofstukke 3 en 4 gemeld, word die ontwikkeling van identiteit by beide die Proto-Boer en die Proto-Afrikaner, as voorlopers en as deel van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, ontleed.

Die ontleding van die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner geskied vanuit die konteks van die analitiese raamwerk. Eerstens word die impak van sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme, op identiteitsontwikkeling ontleed. Die Nederlandse heersers het tydens die 1600's en die 1700's 'n koloniale beleid op die inwoners van die Kaap toegepas (Hoofstuk 3.3.3). Hierna (veral na die tweede besetting van die Kaap in 1806) het die Engelse 'n beleid van kolonialisme op die Proto-Afrikaner uitgeoefen (Bruwer, 1988:151; Van Jaarsveld, 1959:17).

In hierdie studie word gekonsentreer op die invloed wat Britse kolonialisme, as deel van sosiale ingenieurswese, op die ontwikkeling van die Afrikaner-identiteit, veral tydens die 1800's, uitgeoefen het. Die ontwikkeling van onafhanklikheid en vryheid (republikanisme), as teenpool vir kolonialisme, speel 'n belangrike rol by die onderskeid tussen die verskillende groepe wat in die Kaapkolonie tot stand gekom het (Degenaar, 1987:236). Dit word in Figuur 5.1 as deel van sosiale ingenieurswese skematies uitgebeeld.

Na die bespreking van die invloed van kolonialisme en republikanisme op die ontwikkeling van die Proto-Afrikaner word die bevestiging al dan nie, van die uitgangspunte van die verskillende paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit aangedui. Die belangrikste uitgangspunte ten opsigte van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit tydens die 19^{de} eeu (Fase 3) wentel, soos in Hoofstuk 4, om identiteitsontwikkeling van die Afrikaner tydens die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die ontstaan van die Eerste Taalbeweging. Die uitspeel van hierdie aspekte op die identiteit van die Proto-Boer en die Boervolk is in Hoofstuk 4 ontleed en word in hierdie hoofstuk ten opsigte van die Proto-Afrikaner en die Afrikaner ontleed. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die ontwikkeling van 'n bepaalde identiteit tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë meer prominent op die Proto-Boer van toepassing is, terwyl die ontwikkeling van 'n bepaalde identiteit tydens die Eerste Taalbeweging meer prominent by die Proto-Afrikaner na vore getree het.


Die verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaner-identiteit, as deel van die analitiese raamwerk, word as grondslag vir die ontleding van identiteitsontwikkeling getoets en benut om die ontwikkeling wat plaasgevind het, te evalueer en te verklaar en sluit die volgende in (Figuur 5.1):

- Die Akkerbouer-Veeboer-model
- Die ontwikkeling van identiteit uit 'n makroteoretiese oogpunt:
 - Die rol van die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap
 - Die rol van die Kulturele Entrepreneur
 - Die impak van die teorie van Konflik en Oorlog
- Die ontwikkeling van identiteit uit 'n mikroteoretiese oogpunt:
 - Die rol van die teorie van Sosiale Fenomenologie
 - Die rol van die teorie van Simboliese Interaksie

By die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in hierdie fase (Fase 3) speel die Akkerbouer-Veeboer-model geen rol nie. Van die makroteorieë speel die teorie van 'n *Verbeelde Gemeenskap* en die teorie van die *Kulturele Entrepreneur* wel 'n geringe rol. Van die mikroteorieë speel slegs die teorie van *Simboliese Interaksie* 'n rol.

Om 'n volledige beeld rakende die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner te vorm, moet die verskillende postulate ten opsigte van die gebeure wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, onder die loep geneem word. Hierdie postulate word uit 'n historiese konteks aangebied en vorm 'n integrale deel van die bespreking rakende die twee paradigmas van toepassing op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit.

Die ontwikkeling van die identiteit by die Proto-Afrikaner as uitkoms van sosiale ingenieurswese, soos ontleed vanuit die analitiese raamwerk en binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit (Fases 3), word in Figuur 5.1 grafies uitgebeeld.



Figuur 5.1: Die ontwikkeling van die identiteit by die Proto-Afrikaner as uitkoms van sosiale ingenieurswese, soos ontleed vanuit die analitiese raamwerk en binne die konteks van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit (Fase 3)

Die teoretiese begronding vir die moontlike ontwikkeling van Afrikaner-identiteit by die Proto-Afrikaner word bespreek deur in hierdie hoofstuk twee aspekte wat 'n invloed op identiteitsontwikkeling tydens Fase 3 kon hê, te ontleed, naamlik:

- Die invloed van kolonialisme as vorm van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner tydens die 19de eeu (Fase 3)
- Paradigmas oor Afrikaner-identiteit van toepassing op die ontwikkeling van die identiteit by die Proto-Afrikaner tydens die 19^{de} eeu (Fase 3)

5.2 Die invloed van Kolonialisme as vorm van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner tydens die 19^{de} eeu (fase 3)

5.2.1 Inleiding

Na die Britse oorname van die Kaap in 1806 het die toepassing van koloniale reëls en beleid verskillend op die identiteite van die Proto-Afrikaner en die Proto-Boer (as voorsate van die Afrikaner) ingewerk. In Hoofstuk 4 is uitgewys dat die Proto-Boer weerstand teen die uitoefening van kolonialisme gebied het. Die Proto-Afrikaner, aan die ander kant, het die invloed van kolonialisme meestal omarm. Die Engelse, as die nuwe heersers, wou hulle stempel veral in Kaapstad en die vernaamste dorpe afdruk deur “die bevordering van Engels as 'n ‘progressiewe taal van beskawing’, en van Engelse kleredrag, argitektuur en sosiale etiket” (Giliomee, 2004:154).

Om die reaksie van die Proto-Afrikaner teenoor kolonialisme en die situasie in die Kaapkolonie beter te verstaan, word die blanke Hollandssprekende inwoners in die Kaapkolonie (Kolonialers) vir die doel van hierdie studie in twee groepe ingedeel. Die groepe word na die ontstaan van die Groot Trek soos volg geïdentifiseer: Die republikeinsgesindes, wat nie getrek het nie, word as die *Pro-Republikeinse Kolonialers*, en die kolonialergesindes, wat nie getrek het nie, word as *Pro-Koloniale Kolonialers* gedefinieer. Hierdie twee groepe in die Kaapkolonie word tydensgewys geplaas binne die tydperk (naastenby) 1836 tot om en by die 1880's. Dit verteenwoordig ruweg die tydperk tussen die aanvang van die Groot Trek tot voor daar 'n aanduiding van die totstandkoming van 'n groepsbewussyn onder die Proto-Afrikaner was, in die laaste helfte van die 19^{de} eeu (Hoofstuk 5.3.4.2).

5.2.2 Die Pro-Republikeinse Kolonialer

In die vorige hoofstuk is aangedui dat net 10% van die inwoners van die Kaapkolonie aan die Groot Trek deelgeneem het (Giliomee, 2004:120). 'n Beduidende deel van die agtergeblewenes het egter steeds 'n nasionalistiese en pro-republikeinse onafhanklikheidsgeinde vryheidstrewe

openbaar en word die *Pro-Republikeinse Kolonialers* genoem (Figuur 5.2). Alhoewel hierdie republikeinsgesinde groep positief teenoor die vryheidstrewende van die trekkende Boere ingestel was, was hulle nie sterk genoeg oortuig om saam te trek nie. Hoewel hulle tog op 'n stadium (voor die Groot Trek) deel uitgemaak het van die groep wat as Proto-Boere geïdentifiseer kon word, het die feit dat hulle nie getrek het nie, veroorsaak dat hulle op daardie stadium (na die Groot Trek) nie deel van die Proto-Boer en latere Boervolk gevorm het nie.

Gaandeweg vestig die terme *Kolonialer* en *Afrikaner*, wat in die Kaap ontstaan het, soos in die geval van die *Pro-Koloniale Afrikaners*, ook by die *Pro-Republikeinse Kolonialers*. Aangesien baie van die agtergeblewe Proto-Boere steeds die republikeinse onafhanklikheidsesinde vryheidstrewende van die Trekkers gedeel het, word hulle nou *Pro-Republikeinse Kolonialers* genoem om hulle van diegene wat getrek het te onderskei (Figuur 5.2). Verder word hulle onderskei van die *Pro-Koloniale Kolonialer*, wat saam met hulle in die Kaapkolonie woon, maar by wie geen vryheidstrewende gevind word nie. Laasgenoemde was intendeel gretig om onder Britse koloniale gesag voort te leef.

Die pro-Boeregesindheid en vryheidsgesindheid wat by die *Pro-Republikeinse Kolonialer* teenwoordig was, het aanvanklik weerstand teen die koloniale invloed gebied, maar die weerstand het mettertyd verwater. Selfbeskikking het nooit weer, na die totstandkoming van die Republiek van Swellendam en Graaff-Reinet, by die *Pro-Republikeinse Kolonialer* tot uiting gekom nie. Die rede daarvoor was waarskynlik dat die *Pro-Koloniale Kolonialer*, met die “gees van die Kolonialer”, die politiek in die Kolonie oorheers het. Onder dié koloniale invloed is die *Pro-Republikeinse Kolonialer* se weerstand teen die koloniale bewind afgetakel. Nog 'n faktor was dat die meeste “uitskieters” waarskynlik getrek het en hulle invloed verdwyn het (Gladwell, 2008:166-168; Hoofstuk 3.2.5). Sommige *Pro-Republikeinse Kolonialers* het wel hul republikeinsgesindheid en solidariteit met die Boer behou en betoon met hulle deelname aan die Tweede Vryheidsoorlog, en later aan die Boereopstand van 1914-15 (Bothma, 2015:17, 77, 95, 104, 113, 118, 133, 189, 317, 360, 387; Shearing, 2004:iv). Van die wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het, is honderde na krygsgevangenekampe gestuur, 44 is gefusilleer en uiteindelik het 3 442 na Mei 1902, die wapen neergelê (Shearing, 2004:iv).

'n Groot deel van die *Pro-Republikeinse Kolonialers* was in die “Wieg van die Boervolk” gevestig (Figuur 4.2), maar baie van die inwoners van die noordelike en sentrale dele van die Kaapkolonie word ook weens hul republikanisme en vryheidsgesindheid by die klassifikasie van *Pro-Republikeinse Kolonialers* ingereken (Degenaar, 1987:236).

5.2.3 Die Pro-Koloniale Kolonialer

Pro-Koloniale Kolonialer is 'n benaming wat aan 'n deel van die Proto-Afrikaner, wat ten tye van die Groot Trek in die Kaap agtergebly het, gegee kan word om hulle van die *Pro-Republikeinse Kolonialer* te onderskei (Bruwer, 1988:284, Figuur 5.2).

Dit is belangrik om hier na die statistieke van die blanke bevolking in die Kaap rondom die tyd van die Groot Trek te verwys. Sommige moderne skrywers, vanuit die oogmerk van Paradigma A, laat dikwels 90% van die blanke bevolking wat nie by die Groot Trek betrokke was nie buite rekening wanneer hulle na die geskiedenis tydperk vanaf die aanvang van die Groot Trek verwys. Hulle beskryf die doen en late van die Trekkers, wat slegs 10% van die bevolking verteenwoordig, sinchronisties en anachronisties, asof dit op almal (100% van die blankes) van toepassing is. Die feit is: *Negentig persent van die bevolking het nie getrek nie!* Doelbewus word die Kolonialers, veral die *Pro-Koloniale Kolonialers*, se doen en late veral in die skoolgeskiedenis wat aangebied is, vir die tydperk van ongeveer 1834 tot 1870 afgeskaal of geïgnoreer en word hoofsaaklik gefokus op die gebeure rakende die Groot Trek. Die mite word voorgehou asof die Groot Trek op die *Afrikaner* van toepassing is, terwyl die *Afrikaner*, soos later in die hoofstuk aangedui sal word, in werklikheid nog nie op daardie stadium bestaan het nie.

Die negatiewe en selfs vyandige gesindheid van die *Pro-Koloniale Kolonialer* teenoor die Boere, soos getipeer deur die optrede van die Kaapse NG Kerk en die feit dat handelaars in die Kaap ter wille van ekonomiese oorwegings Napier ondersteun en aangehits het in sy voorneme om die republiek Natalia te annekseer, word doelbewus verswyg (Preller, 1937:78). Dit word verder verswyg dat Cloete, 'n Afrikaner, wat Engelse troepe in Natal aangevoer het, die Zoeloes aangemoedig het om die Boere se beeste te steel (Preller, 1937:260). Hierdie verswyging van feite deur die aanhangers van Paradigma A vind neerslag in die rol van sosiale ingenieurswese, wat in die volgende hoofstuk bespreek sal word.

5.2.4 Die invloed van kolonialisme op die Kolonialer

Veral onder die regering van Somerset, is hard gepoog om Engels as die amptelike en enigste taal, as deel van die koloniale beleid, te vestig. Engels word die enigste amptelike taal van die Kaapkolonie op 5 Julie 1822 (Eybers, 1918:23-34; Van Jaarsveld, 1980a:41). Verskeie maatreëls, as deel van sosiale ingenieurswese, is ingestel om Engels as enigste taal in die kerk en in skole te vestig. Van 1828 af is Engels as die enigste amptelike verslagtaal in die howe gebruik. Getuienis wat in Hollands of Afrikaans afgelê is, is vertaal na Engels. Die Proto-Afrikaner se gesindheid teenoor die verengelsing was gemeng. Daar moes duidelik 'n onderskeid tussen groepe binne die Proto-Afrikaner gewees het, want daar is waargeneem dat die jong mense


gedink het die “Engelse taal is mooi” (Van Jaarsveld 1980a:41). Daar word ook in *Die Patriot* gepraat van “Afrikaanders met Engelse harte. En daar is Afrikaanders met Hollanse [sic] harte. En dan is daar Afrikaanders met Afrikaanse harte” (Van Jaarsveld, 1980a:117-119). Stockenstrom was bekommerd oor die houding van sommige Kaapse Afrikaners “se ‘apatiese instemming’ met alles wat die regering doen.” Dit het (volgens hom) die indruk gelaat dat daar “met die Kaapse koloniste enigiets gedoen kan word omdat hulle in alles berus” (Giliomee, 2004:158). Die afleiding wat gemaak kan word, is dat sommiges (die *Pro-Republikeinse Kolonialers*), weens ’n republikeinsgesindheid ’n mate van weerstand teen verengelsing gebied het, terwyl ander (die *Pro-Koloniale Kolonialers*) met die koloniale sosiale ingenieurswese vereenselwig het en selfs aktief gepoog het om te verengels. Vandaar ook die verwysing na *Koningin Victoria se Afrikaners*. Hiervolgens het sommige Kaapse Afrikaners “die spanning van hul dubbele politieke persoonlikheid – lojale Britse onderdane en tog ook nie Britte nie – probeer versoen deur die fokus van hul lojaliteit koningin Victoria te maak” (Giliomee, 2004:154-157, 160-164).

5.2.5 Gevolgtrekking

Tydens die 19^{de} eeu, nadat die Groot Trek ’n aanvang geneem het, kon twee blanke Afrikaanssprekende groepe (wat nie getrek het nie) in die Kaap onderskei word. Die een groep, wat as die *Pro-Republikeinse Kolonialers* gedefinieer kan word, was republikeinsgesind en simpatiek teenoor die Trekkers se vryheidsideaal en bied ook ’n mate van weerstand teen die verengelsingsbeleid en die invloed van die Britse Kolonialiste, maar ontwikkel nie ’n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit nie.

Aan die ander kant is daar die groep, wat as die *Pro-Koloniale Kolonialers* gedefinieer kan word, wat die verengelsingsbeleid van die Britse kolonialiste aanvaar en selfs omarm het en bereid was om te verengels. Hulle toon ’n gebrek aan ’n vryheidstrewa en is selfs openlik antagonisties teenoor diegene met ’n vryheidstrewa. Verder is hulle pro-Brits en pro-koloniaal gesind. Die twee groepe word skematies in Figuur 5.2 uitgebeeld.

Hierdie twee groepe het aanvanklik verskillend teenoor die invloed van kolonialisme, as deel van sosiale ingenieurswese, gereageer. Die *Pro-Republikeinse Kolonialer* het aanvanklik weerstand gebied, maar mettertyd, met die uitsondering van ’n deel van die *Pro-Republikeinse Kolonialers* wat lojaal aan die republikeinse gesindheid en die Boere gebly het, met die liberale koloniale ideologie versoen. Dit het egter nie tot ’n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit gelei nie.



Figuur 5.2: Die onderskeid tussen die Pro-Koloniale Kolonialer en Pro-Republikeinse Kolonialer teenoor die Boer tydens die 19de eeu (Fase 3)

5.3 Paradigmas wat tydens die 19de eeu (fase 3) op Afrikaner-identiteitsontwikkeling betrekking het

5.3.1 Inleiding

Die uitgangspunte van Paradigma A ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, tree veral in die begin van die 20^{ste} eeu met die toepassing van sosiale ingenieurswese, duidelik na vore. In 'n neutredop gestel gaan hulle van die standpunt uit dat die Afrikaner vanaf 'n volksplanting as een groep ontwikkel het. Die aannames, wat deur die ondersteuners van Paradigma B gemaak word, behels dat die Boer en die Kaapse Afrikaner aanvanklik apart ontwikkel het en aan die begin van die 20^{ste} eeu, deur middel van sosiale ingenieurswese, saamgevoeg is om die Afrikanernasie te vorm. Die uitgangspunte wat deur die ondersteuners van die twee Paradigmas ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die 19^{de} eeu (Fase 3) gehandhaaf word en wat in hierdie hoofstuk van toepassing is, is vanuit Tabel 2.1, wat die volledige uitgangspunte van die paradigmas uiteensit, geëkstrapoleer en in Tabel 5.1 weergegee.

Die uitgangspunte van die twee paradigmas wat op die ontwikkeling van die Boervolk betrekking het, is in Hoofstuk 4 bespreek en tree weer in hierdie hoofstuk na vore. Die klem word nou egter geplaas op die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn by die Kaapse Afrikaner en vanuit die analitiese raamwerk ontleed. Die verskille tussen Paradigmas A en B ten opsigte van Stellings 1

tot 6 in Tabel 5.1, met die uitsondering van Stelling 4, is reeds in Hoofstuk 4 volledig bespreek. Let daarop dat die twee paradigmas ten opsigte van Stelling 4 deels ooreenstem, naamlik dat die gebeure rondom die Eerste Taalbeweging 'n uitsluitlike Afrikaner-aangeleentheid was. Die enigste aspek waaroor die twee paradigmas ten opsigte van Stelling 4 verskil, handel oor die feit dat die Boervolk nie in die Kaap betrokke of teenwoordig was waar die gebeure wat as die Eerste Taalbeweging bekend staan, plaasgevind het nie. Volgens Paradigma A was die Eerste Taalbeweging deel van die Afrikanergeskiedenis waarby alle Afrikaners, en by implikasie ook die Boere, betrokke was. Volgens Paradigma B het die Boere wel *Die Patriot* ontvang en gelees, maar was nie werklik deel van die Eerste Taalbeweging nie. Die Boere se strewe na vryheid het nie rondom 'n "taal" gewentel nie. Dit is interessant om daarop te let dat die Afrikaner sy identiteit tydens latere fases, ook vandag, baie sterk rondom en amper hoofsaaklik op "taal" sou vestig.

Tabel 5.1: Die uitgangspunte van die paradigmas oor Afrikaner-identiteit soos van toepassing vir Fase 3

FASE	PARADIGMA A	PARADIGMA B
1	Afrikaners was die betrokkenes/deelnemers aan die Groot Trek	Proto-Boere en Boere was die betrokkenes of deelnemers aan die Groot Trek. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie
2	Afrikaners het die Gelofte afgelê en by Bloedrivier geveg	Die Boere het die Gelofte afgelê en by Bloedrivier geveg. Die Afrikaner het nog nie op daardie stadium bestaan nie
3	Afrikaners het tydens die "Transvaalse opstand" teen die Engelse geveg en by die Slag van Majuba oorwin	Boere het tydens die Eerste Vryheidsoorlog die oorwinning by die Slag van Majuba teen die Engelse behaal
4	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is Afrikanergeskiedenis	Die Eerste Taalbeweging en die GRA is Afrikanergeskiedenis. Die Boervolk is nie direk betrokke nie
5	Dit was Afrikaners wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen die Engelse geveg het	Dit was Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Engelse geveg het. 25 000 Kaapse Afrikaners het aan die kant van die Engelse teen die Boere geveg
6	Dit was Afrikanervroue en -kinders wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het	Dit was Boerekinders en -vroue wat in die Britse konsentrasiekampe gely en gesterf het

Gegronde op die paradigmas se verskillende uitgangspunte, ontleed vanuit die oogpunte van die teorieë van 'n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur en die Simboliese Interaksie, word die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit onder die volgende temas verder ontleed:

- Die gebruik van die term Afrikaner
- Onsekerheid oor die Afrikaner se ontstaan
- Postulate oor die ontstaan van die Afrikaner

5.3.2 Die gebruik van die term *Afrikaner*

Die term *Afrikaner* is oor jare heen op verskillende wyses en met verskillende betekenisse gebruik. Die term *Africander* of *Afrikander* word ook *Africaander* en *Afrikaander* gespel. Verskeie geskiedskrywers verwys na Hendrik Bibault (ook gespel Bibouw), wat op 24 Februarie 1707 “*Ik ben een Africaander*” uitgeroep het toe hy met deportasie gedreig is (Bruwer, 1988:86; Opperman Lewis, 2018:432; Van Jaarsveld, 1959:15). Giliomee (2016b) is van mening dat dit niks meer as “van Afrika” kan beteken nie. Die skrywer stem saam met Giliomee, aangesien daar in 1707 van ’n groepsbewussyn, volksbewussyn en gepaardgaande identiteit nog geen sprake was nie. Die teorieë van ’n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur en Simboliese Interaksie is ook nie hier van toepassing nie.

*De Zuid-Afrikaan*³⁶ definieer die term *Afrikaner* in 1830 inklusief as “diegene, hetsy Engels of Hollands, wat die land bewoon en deur plig en belang [teenoor die land] gebonde is om die welsyn van die land te bevorder” (Giliomee, 1989:5).

Die term *Afrikander* is ook dikwels in ’n ander opsig gebruik. Giliomee (1989:6-7) haal E van Heyningen aan, wat stel dat *Africanders* mense van gemengde bloed was en in 1886 die leidende groep op die lys van prostitute in Kaapstad uitgemaak het. Die term *Afrikaner* tree eers na die vorming van die GRA in 1875 werklik na vore as van toepassing op die blanke groep en word hier onder verder bespreek. Daar word vooraf kortliks by die onsekerheid rakende die ontstaan van die *Afrikaner* stilgestaan.

5.3.3 Onsekerheid oor die Afrikaner se ontstaan

5.3.3.1 Inleiding

Daar bestaan heelwat verskil van mening onder historici en politieke wetenskaplikes rakende die ontstaansdatum en die ontwikkeling van ’n groepsbewussyn en ’n groepsidentiteit by die Afrikaner. Sommige plaas dit aan die begin van die 18^{de} eeu, ander aan die einde van die 18^{de} eeu, terwyl party dit gedurende die Groot Trek plaas (Van Jaarsveld, 180b:221). Die verwarring word duidelik geïllustreer deur Van Jaarsveld (1959:voorwoord), waar hy poog om die ontstaan van ’n fiktiewe

³⁶ *De Zuid-Afrikaan* was ’n invloedryke (die eerste) Nederlandse koerant, wat na 1830 in Suid-Afrika verskyn het (Muller 1979:186).

eenheid en die sameflansing van die Afrikanernasie te verduidelik deur die volgende ingewikkelde en anachronistiese geskiedkundige hutspot op die tafel te plaas:

Die Vrystaters, Transvalers, Kapenaars en Natallers was almal lede van die Afrikanervolk maar nie 'n staatsvolk binne 'n nasiestaat nie. 'n Mens kan in wyere sin van hulle as kultuurnasie praat. Hulle het teen 1881 daarna gestreef om in 'n verenigde Suid-Afrika tot staatsvolk of nasiestaat te word. Na 1881 kon die Republikeine hulle nasieskap uit lewe, maar na 1902 verdwyn die Afrikanernasie en maak plek vir 'n Suid-Afrikaanse nasie, waarbinne die Afrikanervolk as kultuurgroep voortbestaan.

Giliomee (2016b) argumenteer dat sommige twintigste-eeuse outeurs, soos Thom, Van Schoor, Kotze en Van Jaarsveld, die ontwikkeling van die *Afrikaner* primordialisties beskou deur verkeerdelik te beweer dat die *Afrikaner* byna reeds by die volksplanting met die aankoms van Jan van Riebeeck ontstaan het. As voorbeeld kan verwys word na Van Jaarsveld (1959:16), wat “primordialisties” beweer dat:

Teen die einde van die agtiende eeu het die koloniste wat Afrikaans gepraat het reeds al die eienskappe gehad wat hulle tot aparte volk sou maak. Hulle het egter verspreid gewoon, elkeen koning op sy terrein. Die belange van veeboer, landbouer en wynboer het verskil en was uiteenlopend sodat soliderende invloede swak was en 'n volksbewussyn moeilik kon deurbreek – al was hulle in werklikheid al volk.³⁷

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar verskillende menings gehuldig word oor die ontstaan van 'n groepsbewussyn en groepsidentiteit wat uiteindelik sou ontwikkel tot 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit wat as die *Afrikaners* bekend sou staan. As beginpunt kan gestel word dat daar in die eerste helfte van die 19^{de} eeu (tydens die totstandkoming van die Boervolk) nie sprake van 'n Afrikaner-groepsbewussyn bestaan het nie.

5.3.3.2 Geen Afrikanereenheid voor 1850

'n Groepsbewussyn by die *Afrikaner* het stadig en wisselvallig ontwikkel en die bestaan van 'n *Afrikaner*-identiteit voor 1850 is onduidelik en onseker (Giliomee, 1989:3). Die Kaapse koloniste, wat Hollands of Afrikaans gepraat het, het eers teen die 1870's die term *Afrikaner* aan identiteit gekoppel (Giliomee, 2016). Hierdie aspek word in meer besonderhede hier onder bespreek. Wat wel met sekerheid gestel kan word, is dat daar geen eenheid of eensgesindheid onder die Kaapse Afrikaner (Kolonialers) in die eerste helfte van die 19^{de} eeu bestaan het nie. Giliomee (1989:14)

³⁷ Hier bevestig Van Jaarsveld, ten spyte van sy eie gevestigde persepsie, die fundamentele verskille in die ontwikkeling en vestiging van 'n kulturele erfenis by die veeboer en die akkerbouer onderskeidelik.

bevestig dit deur te beweer dat daar teen 1850 geen etniese eenheid onder die Hollandse Afrikaner sigbaar was nie. Dit is ook Bruwer (1988:87) se siening en hy stel dat daar tussen 1776 tot 1876 tevergeefs gesoek word na enige teken dat diegene tussen die berge en die see hulleself as 'n volk beskou of hulself *Afrikaners* genoem het. Van Jaarsveld (1959:95) beaam dit by implikasie deur te beweer dat daar by die "Kaapse Afrikaanssprekendes*..... voor die jare [agtien]sewentig geen innerlike noodsaak was om hulle met die verlede te bemoei nie: hulle het sonder geskiedenis gelewe en geen behoefte daaraan gehad nie [*beklemtoon]." By implikasie was daar by hulle ook geen gemeenskaplike behoefte om *volk* te wees nie. Voor 1876 speel die teorieë van 'n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur en die teorie van Simboliese Interaksie geen wesentlike rol by die Proto-Afrikaner nie. Hierdie teorieë kan net van toepassing wees op 'n entiteit wat as 'n groep met sekere kenmerkende eienskappe na vore tree. As die eienskappe nie bestaan nie, kwalifiseer die gespesifiseerde groep nie amptelik as 'n besondere entiteit nie en is die teorieë nie van toepassing nie.

Aan die ander kant is reeds in die vorige hoofstuk aangetoon dat die Boer duidelike stappe na groepsvorming, volkswording en staatswording geneem het en reeds in 1836 sy eerste regering gevorm het. Verder het die Boer die pad na volledige staatskap tot so 'n mate voltooi dat hulle teen 1854, as die Boervolk, moderne demokratiese state in die vorm van onafhanklike republieke gevestig het (Haas, 1982:61, 83). Let egter daarop dat die Boer nie die term *Afrikaner* as benaming vir enige van sy gevormde instellings gebruik het nie.

5.3.3.3 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat daar nie 'n pertinente aanvangsdatum aan die totstandkoming van die Afrikaner voor 1870 gekoppel kan word nie. Die werklike aanvangsdatum hang in die lug en gee aanleiding tot verskillende postulate oor die ontstaan van Afrikaner-identiteit en Afrikanernasionalisme, wat nou bespreek sal word.

5.3.4 Postulate oor die ontstaan van Afrikaner-identiteit en Afrikanernasionalisme

5.3.4.1 Inleiding

Alhoewel Degenaar (1987:231) van mening is dat die historiese afbakening van die verskynsel Afrikanernasionalisme problematies is, maak hy die volgende stelling ten opsigte van die oorsprong van Afrikanernasionalisme:

Die swaartepunt kan of geplaas word op die nasionale bewuswording in die dertigerjare, of in die eerste helfte van die twintigste eeu, of in 'n bewuswording wat sy oorsprong in

gebeurtenisse rondom die tagtigerjare van die vorige eeu het, of dit kan verbind word met 'n historiese lyn wat ook verder terug in die geskiedenis geprojekteer word.

Hierdie stelling gee 'n aanduiding van die verskillende postulate wat bestaan. In hierdie studie kan histories vier postulate geïdentifiseer word wat die totstandkoming van die Afrikaner of die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit kan verklaar. Die eerste postulaat draai om die stigting van die GRA, ZABBV³⁸ en Afrikanerbond. Met die tweede postulaat word die oorwinning by Majuba as die baken van Afrikaner-identiteit genoem. Die derde postulaat konstateer dat die *Afrikaner* se ontstaan grootliks bevorder is gedurende en net na die Tweede Vryheidsoorlog, terwyl die vierde postulaat konstateer dat die Afrikaner eers na die aanvang of toepassing van sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu, 'n werklike groepsbewussyn, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel het.

5.3.4.2 Postulaat een wentel om die stigting van die GRA, ZABBV en die Afrikanerbond

5.3.4.2.1 (i) Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)

As verset teen die miskenning en die “verwaarlosing van Hollands” in die Kaap reageer “konserwatiewe plattelandse Afrikaners” [*Pro-Republikeinse Kolonialers of republikeinsgesindes] deur die GRA (in 1875) te stig (Muller, 1979:184-185). Muller verwoord die gebeure soos volg:

... onder leiding van A. Pannevis, C. P. Hoogenhout, ds. S. J. du Toit e.a. 'n taalvereniging – “Die Genootskap van Regte Afrikaners” – en die Patriot-beweging ontstaan het, wat 'n volksbeweging geword het vir die verkryging van taal- en politieke regte. Publikasies in De Zuid-Afrikaan, Het Volksblad en Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift het 'n volksgevoel by duisende Afrikaners gekweek en 'n belangrike rol gespeel in die verheffing van Afrikaans as skryftaal en Hollands as amptelike taal.

SJ du Toit het die term *Afrikaner* as 'n ere naam, behorende tot 'n unieke groep, gebruik. Dit is belangrik om die definisie van *Afrikaner* wat deur Du Toit gebruik is, te beskou. Soos voorheen genoem, het hy drie kategorieë van *Afrikaners* onderskei, naamlik *Afrikaners met Engelse harte*, *Afrikaners met Hollandse harte* en *Afrikaners met Afrikaanse harte*. Laasgenoemde het hy die “Regte Afrikaners” genoem (Giliomee, 2004:178). Dit is ironies dat hierdie verwarrende begrip oor die term *Afrikaner* tot vandag toe voortbestaan. In Generaal JBM Hertzog se beroemde Smithfieldtoespraak in 1935 (Wilkins & Strydom, 1978:52-70), verwys hy byvoorbeeld na “Afrikaanse-Afrikaners” en “Engelse-Afrikaners”. Dit is 'n sprekende voorbeeld van die

³⁸ Die Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermingsvereniging.

dubbelslagtige begrip wat oor die term *Afrikaner* bestaan het. Later in hierdie studie word die verwarring rondom die begrip in die 21^{ste} eeu verder uitgelig.

Du Toit en sy vriende het dit as hulle roeping beskou om 'n groepsbewussyn en groepsvorming by die “Regte Afrikaners” of republikeinsgesindes, wat hy ook “Afrikaners met Afrikaanse harte” genoem het, te bevorder en uit te bou. Hierdie groepsbewussyn en groepsvorming kan verklaar word volgens die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, waar Du Toit poog om 'n *verbeelde gemeenskap* te skep. Die Afrikanergroepe wat Du Toit gedefinieer het en in die besonder die “Afrikaners met Afrikaanse harte”, het net in sy (en hulle) verbeelding bestaan. Om die verbeelde gemeenskap te bevorder, moes hy 'n medium bekom om die nodige propaganda vir die nuwe groep te maak.

Dit gee aanleiding tot die stigting van die GRA op 14 Augustus 1875, en kort daarna begin hulle met die totstandkoming van die koerantjie, *Die Afrikaanse Patriot*, in die Paarl (Bruwer, 1988:281). Die organisasie (GRA) en koerant bevorder die sosiale interaksie en gee aanleiding tot 'n groepsbewussyn en groepsvorming, asook groepsidentiteit.

Die GRA se doelwit was om die Hollands- en Afrikaanssprekende witmense te oorreed dat Afrikaans 'n belangrike rol in hul nasionale bewussyn kan speel en om hulself te beskou as 'n besondere (verbeelde) gemeenskap met die naam *Afrikaner* (Giliomee, 2004:178). Die teorie van die Kulturele Entrepreneur is ook hier ter sprake. Die groepsbewussyn en groepsvorming is veral gesentreer in die taal, Afrikaans, wat deel is van hulle kultuurgoedere. Hier tree die republikeinsgesinde *Pro-Republikeinse Kolonialer*, wat die minderheid vorm, as kulturele nasionalis na vore, terwyl die *Pro-Koloniale Kolonialer*, wat die meerderheid vorm en meer ingestel is op die ekonomie en die politieke terrein, as politieke nasionalis na vore kom. Soos telkens in die geskiedenis van die wêreld staan die politieke nasionalis teenoor die kulturele nasionalis (Hutchinson, 1987:1-2). Voordat die verskille en vyandskap tussen die twee groepe bespreek word, moet die rol wat die koerantjie, *Die Patriot*, gespeel het, beskou word.

5.3.4.2.2 (ii) *Die Patriot* stimuleer groepsbewussyn en volksidentiteit

Die teorieë van 'n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur en die teorie van Simboliese Interaksie verklaar die mate van ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die gebeure rondom die stigting van die GRA en die uitgee van *Die Patriot*. Die jong Paarlse idealiste wat by hierdie gebeure betrokke was, was besiel met “nasionale bewustheid en bestemmingsoortuiging”. Die nuwe gees word goed weerspieël in sekere woordgebruike wat oor en oor in *Die Patriot* herhaal is. Voorbeelde hiervan is “voorvaders”, “nageslag”, “toekoms”, “die Afrikaanse saak”, “ons Afrikaners”, wat “vyande” gehad het en “deur en deur Afrikaners” is (Van

Jaarsveld, 1959:94). Republikenisme (en volksisme) kom ook in die koerantjie in die gees na vore. Hier verklaar die teorie van Simboliese Interaksie, waar die geskiedenis op simboliese wyse met nasionalisme geïntegreer is, die vorming van identiteit. Dit word op die wyse wat hier onder bespreek word, na vore gebring.

Die ontwikkeling van Afrikaans as taal was die spil waarom die vestiging van groepsbewussyn, volksbewussyn en die poging om volksnasionanisme tot stand te bring, aanvanklik gedraai het. Spoedig het die lede van die GRA besef dat 'n verdere kulturele element, naamlik die geskiedenis, belangrik is vir die volledige ontwikkeling van 'n volksbewussyn en volksidentiteit. Hulle het tot die besef gekom dat die vestiging van 'n "nasionale mite en verbeelde gemeenskap, die sin vir die historiese [sal] laat ontwikkel." Die tweede publikasie na *Die Patriot* is dan tereg 'n geskiedenisboek. "Om die volk nasionaal bewus te maak, het ook beteken om hom histories bewus te maak, sou noodwendig ook nasionale selfbewuswording meebring" (Van Jaarsveld, 1959:95). Die simboliese interaksie wat hier gevestig is, verklaar en dra by tot die ontwikkeling van 'n groepsbewussyn en groepsvorming. *Die Patriot* het 'n spesiale rubriek vir "Afrikaanse Geskiedenis" gehad. 'n Rubriekskrywer, "Regte Afrikaander", het ontdek dat daar nog niks oor die voorvaders geskryf is nie. Daarom moes herinneringe uit die mond van "geloofwaardige ou mense" in die rubriek weergegee word, sodat dit nie vir die "kinders verlore gaan nie" (Van Jaarsveld, 1959:97). Du Toit, CP Hoogenhout en Gideon Malherbe sorg dat die eerste geskiedenisboek in Afrikaans, *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, in 1877 die lig sien. Die boek verteenwoordig die ontluikende "uitdrukking van die nasionale selfbewuswording van die Kaaplandse Afrikaanssprekende", maar voeg die geskiedenis van die Boere (as "Voortrekkers"), sinchronisties en anachronisties, as deel van die Afrikanergeskiedenis by. Dit word gedoen ten spyte daarvan dat waargeneem is "dat die Afrikaanssprekendes van die Kolonie toeskouers was van die drama oorkant die Oranje- en Vaalriviere", en daardeur erkenning gegee word dat die Boervolk 'n afsonderlike geskiedenis ontwikkel het (Van Jaarsveld, 1959:95, 98).

Dit is belangrik om daarop te let dat Van Jaarsveld hier bo pertinent verwys na die "Kaaplandse Afrikaanssprekendes". Dit sluit die Boer (in die Vrystaat en Transvaal) uit, terwyl die Kaaplandse Afrikaanssprekendes waarna hy verwys, waarskynlik die *Pro-Republikeinse Kolonialer* behels, aangesien hy terselfdertyd stel dat 'n "ander deel van die Kaapse Afrikaner" (**Pro-Koloniale Kolonialers*), hulle as vyande van (vyandig tot) die ontwikkelende republikenisme, kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit geposisioneer het – tot so 'n mate dat daar gestel kan word dat sommige Afrikaners "meer Engelsgesind as 'n Engelsman self" is (Van Jaarsveld, 1959:94).

Ds J.D. Kestell (1920) het in 1920 die geskiedenis van die *Voortrekkers* opgeteken. Toe die GRA gestig is, was hy ongeveer 30 jaar oud en is sekerlik blootgestel aan die invloed, wat die Patriot ten opsigte van die gebruik van die term Afrikaner uitgeoefen het. Let daarop dat hy die boek oor die Voortrekkers eers in 1920 geskryf het, 45 jaar na die stigting van die GRA. Op hierdie stadium was die prosesse van sosiale ingenieurswese reeds in werking. Hy kan egter gesien word as 'n apologet van Paradigma A, wat die terme Boer en Afrikaner uitruilbaar gebruik het.

5.3.4.2.3 (iii) Antagonisme deur *Pro-Koloniale Kolonialers* openbaar

Baie gou was daar openlike antagonisme van die kant van die *Pro-Koloniale Kolonialers* (latere politieke nasionaliste) teenoor die *Pro-Republikeinse Kolonialers* (kulturele nasionaliste) waarneembaar. Bruwer (1988:281-282) verwys na Von Wielligh, wat beweer dat dit inderdaad so erg gegaan het dat hulle van skuilname gebruik moes maak “omdat daar algou gepraat is van teer en veer, van sambok en bedorwe eiers, pap tamaties en dies meer – nee, selfs van doodskiet.”

Bruwer (1988:282) verwys verder na Von Wielligh, wat beskryf hoe die volgende planne deur die *Pro-Koloniale Kolonialers* (by name die NG Kerk) teenoor die *Pro-Republikeinse Kolonialers* gesmee is:

Die Kaapse sinode [*NG Kerk] besluit om duisende klein boekies te laat druk om die gemeentes te waarsku teen Die Afrikaanse Patriot. Die boekies was deur al die predikante saam huis toe geneem om deur die kerkrade onder die gemeentelede te versprei. Individue is verneder en vervolg. Persone met Die Afrikaanse Patriot in die sak was versoek deur die eienaar om die huis te verlaat omdat hy nie die vuil blad in die hande van sy kinders wil laat kom nie; Kosgangers is gestraf omdat hulle Die Afrikaanse Patriot in die koshuis ingebring het. Kosgangers wat lede van die Genootskap geword het, was gedwing om as lede te bedank, of is uit die inrigting geskors. Studente, wat geldelike ondersteuning van private persone geniet het, was gedreig om as intekenare van Die Afrikaanse Patriot te bedank of die geldelike ondersteuning sal afgesluit word. Onderwysers wat gelees en ondersteun het, moes van toe af met minder salaris tevrede wees, of was afgedank en kon moeilik weer 'n aanstelling kry.

Hierdie antagonisme van die meerderheid teenoor die minderheid word selde aangehaal. Dit is insiggewend dat die minderheid (die GRA) se siening – ter ondersteuning van die standpunte van Paradigma A – deur akademici en skrywers van die 20^{ste} eeu aangebied, beklemtoon en bespreek is, terwyl die antagonistiese optrede van die meerderheid teenoor die minderheid doelbewus verswyg word en min verdere ontleding of bespreking oor die meerderheid plaasvind. Hierdie

antagonisme, wat deur die lede van die *Pro-Koloniale Kolonialers* of Kaapse Afrikaners openbaar is, word doelbewus deur die meeste geskiedskrywers en akademici verswyg, omdat dit nie inpas by die argumente van Paradigma A, wat die vestiging van 'n fiktiewe geskiedenis van *Afrikaner-teenheid* voorhou nie. Bogenoemde stukkie geskiedenis het waarskynlik deurgeglim, nie omdat die meerderheid antirepublikeinse sentimente weergegee wou word nie, maar om die minderheid, wat pro-republikeins is, se stryd te beklemtoon as “deel van die Afrikanernasie se geskiedenis”.

5.3.4.2.4 (iv) Die ZABBV en die Afrikanerbond (Bond)

Lede van die GRA het voortgegaan om te poog om 'n groepsidentiteit en volksidentiteit by die “Regte Afrikaners” te kweek deur 'n wesentlike rol te speel in die totstandkoming van 'n “pro-nasionale beweging”: die Afrikanerbond. Die Bond is in 1880 in die Paarl gestig en moet nie met die Afrikaner-Broederbond, wat in 1918 gestig is, verwar word nie (Wilkens & Strydom, 1978). Let daarop dat die Bond in die Kaap en nie deur die Boere in die Vrystaat of die ZAR gestig is nie. Die ondersteuningsbron en deelnemers, wat die eerste algemene vergadering van die Bond bygewoon het, was *Pro-Republikeinse Kolonialers*, afkomstig uit die “Wieg van die Boervolk”, veral uit die distrik van Graaff-Reinet (Bruwer 1988:283; Figuur 8). Onder hulle invloed was die Bond aanvanklik daarop ingestel om nasionalistiese doelwitte en republikaanse na te streef (Bruwer, 1988:283).

Soos dikwels in die geskiedenis plaasgevind het, neem die meer liberale faksie (die *Pro-Koloniale Kolonialers* in dié geval) die meer konserwatiewe groep (die *Pro-Republikeinse Kolonialers*) se organisasie oor. Die wyse waarop dit geskied het, word nou bespreek.

Na die stigting van die GRA in 1875 stig tweehonderd *Pro-Koloniale Kolonialers*, onder die leierskap van JH Hofmeyr, 'n landbou-belangegroep, *De Zuid-Afrikaansche Boeren Beschermings Vereeniging* (ZABBV) in Oktober 1878 (Giliomee, 2004:175). Die vereniging is gestig met die doel om as 'n landbou-ekonomies-politieke belangegroep te funksioneer (Bruwer, 1988:283). Die ZABBV het verder ten doel gehad om as liberale teenpool vir die *Pro-Republikeinse Kolonialer* se GRA op te tree en besluit om die Bond te kaap (Bruwer 1988:284-287). Die Kolonialers (**Pro-Koloniale Kolonialers*) van die ZABBV het slinks te werk gegaan en onder leiding van Jan Hofmeyr die oorname fyn beplan. Met die “vertroulike” samewerking van die Engelse redakteur van die *Cape Argus* koerant, is samesmelting van die ZABBV en die Bond bewimpel. Hierna het die *Pro-Koloniale Kolonialers* die Bond gedomineer en uiteindelik oorgeneem. Hulle het die term *Afrikaner* begin gebruik en benut om die Afrikaanssprekendes te manipuleer (Bruwer, 1988:284). JC Steyn (1987:38) bewoord die oorname as “in vandag se politieke jargon, 'n geslaagde kapingspoging.”

Nadat die *Pro-Koloniale Kolonialers* beheer oor die Bond verkry het, verander hulle (in 1883) die grondwet om by hulle pro-koloniale uitgangspunte aan te pas. Artikels 1 en 2 van die Bond se veranderde grondwet volg hier in die oorspronklike Nederlands:

Art. 1. *De Bond kent geen nationaliteit hoegenaamd, dan alleen die der Afrikaners, en beschouwt als daartoe behorend een ieder, van welke afkomst ook, die de welvaart van Zuid-Afrika beoogt.*

Art. 2. *Het doel van de Afrikanerbond is: het vormen van een Zuidafrikaanse nationaliteit door de aankweeking van een ware vaderlandsliefde als voorbereiding der eindbestemming: Een Verenigd Zuid-Afrika (Van Jaarsveld, 1980:137).*

Die “nuwe Bond” se uitgangspunt was ten gunste van die totstandkoming van ’n verenigde Suid-Afrika met die oogmerk om as kolonie onder Brits-imperiale bewind te ressorteer. Hierdie strewe verskil drasties van die aanvanklike republikeinse en nasionalistiese doelwitte wat tydens die stigting gegeld het. In plaas daarvan om republikeinse doelwitte na te streef, help hulle (die Bond) byvoorbeeld vir Cecil John Rhodes, wat ’n uitgesproke vyand van die Boererepublieke was, in 1890 om eerste minister van die Kaap te word. Hulle het hom “met elke tree wat hy gegee het om die Republieke onder te ploeg, ondersteun” (Bruwer, 1988:287; Giliomee, 2004:199-200).

Die Bond is mettertyd as ’n politieke party uitgebou en aangewend om tot na Uniewording, in die baadjie van die Suid-Afrikaanse-Party (die Sappe), steeds ’n beduidende “pro-kolonialistiese” rol in die Suid-Afrikaanse politiek te speel. Dit is alom bekend dat die Sappe die Boere nie goedgesind was nie en ’n imperiale stelsel vir Suid-Afrika ten doel gehad het (Giliomee, 2004:223).

5.3.4.2.5 (v) Kommentaar

Al propageer die Bond die term *Afrikaner* nadat hulle die grondwet in 1883 verander het, kan daar geensins van ’n Afrikaner-identiteit en ’n Afrikanervolk wat tot stand gekom het, gepraat word nie. Die Bond, as politieke party met sy hoofkwartier in die Kaap, koppel die term *Afrikaner* aan “elkeen, van enige afkoms”, wat dus nie net blankes insluit nie. Dit verteenwoordig die ontstaan van ’n Suid-Afrikaanse nasionale bewussyn en “nie die ontwikkeling van ’n Afrikaner volksbewussyn en ’n volksidentiteit nie” (Van Jaarsveld, 1980:137).

Jan Hofmeyr bevestig hierdie uitgangspunt as hy by geleentheid sê: “Met die oog op die komende algemene verkiesing is dit gevaarlik om die Bond te beperk tot die blanke bevolking ” (Bruwer 1988:286). Dit is insiggewend om daarop te let dat Hofmeyr neergesien het op die *Afrikaners*. Hy het by geleentheid verklaar dat hy “liewer 5 Engelse as lede van die Bond sou wou inskryf as 100

Afrikaners" [*Boergesindes of republikeinsgesindes] (Scholtz, 1977:291). Dit is ironies dat Hofmeyr as 'Onze Jan' in skole se geskiedenisboeke in dieselfde ("geliefde") asem as Oom Lokomotief en SJ du Toit as "taalheld" uitgesonder is, terwyl hy inderwaarheid baie antagonistes teenoor die Boere was (Nienaber, 1968:280; skrywer se persoonlike skool-herinnering).

Let daarop dat die latere liberale Bondslede (*Pro-Koloniale Kolonialers*) die *Afrikaner* gedefinieer het as "een ieder, van welke afkomst ook" (Van Jaarsveld, 1980:137). Van 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit is hier niks ter sprake nie. Die Kaapse koerant, *Ons Land*, gee die volgende definisie vir 'n Afrikaner: "iemand die Zuid-Afrika als zijn vaderland erkent en liefheeft het komt er niet op aan van welke ras of welke nationaliteit hij afkomstig is" (Scholtz, 1977:253). Hulle het dus vanuit die staanspoor 'n nasiebegrip, wat alle rasse insluit, van die begrip *Afrikaner* probeer maak en in voortdurende polemieke betrokke geraak om te "bewys" dat die woord *Afrikaner* niks met volkskap te make het nie: *Ons Land* ontken in die hoofartikel ten sterkste 'n bewering van die *Cape Times* dat "*Afrikaander partij*" staan vir "*Hollandsch-sprekende partij*". "Dit is niet de juiste en algemeene beteekenis dit is niet de beteekenis die de personen, die zich bij dezen naam noemen, eraan geven" (Steyn, 1987:15). Dié tydgenootlike bron verklaar dus dat die Kolonialers nooit die term *Afrikaner*, as 'n volksbegrip gebruik het nie (Bruwer 1988:89).

5.3.4.2.6 (vi) Gevolgtrekking

Die eerste postulaat bevestig wel die amptelike gebruik van die term *Afrikaner* deur die GRA, sowel as deur die Bond. Die groeperinge wat tydens daardie tydperk op die term *Afrikaner* aanspraak maak, of wie by die term ingesluit word, is uiteenlopend en verwarrend. Soos reeds gemeld, verwys die GRA inklusief en verwarrend/anachronisties na *Afrikaners met Engelse harte*, *Afrikaners met Hollandse harte* en *Afrikaners met Afrikaanse harte*, terwyl die Bond na 1883 selfs na *Afrikaners* oor 'n wyer basis verwys, waar ras nie 'n kriterium vir Afrikanerskap is nie.

Die lede van die GRA het wel as *Pro-Republikeinse Kolonialers*, veral deur die stigting van die GRA, die publisering van 'n geskiedenisboek en die verspreiding van *Die Patriot*, gepoog om 'n volksbegrip en volksnasionisme te propageer. Met die lees van *Die Patriot* is volksnasionisme wel by die Boere in die Vrystaat en ZAR, veral om die taalbegrip as kulturele onderbou vir republikaanisme en volkskap, bevorder (Degenaar, 1987:236).

Alhoewel daadwerklike pogings aangewend is om Afrikanernasionisme tot stand te bring deur die bevordering van Afrikaans as taal, asook deur die bevordering van geskiedskrywing, het die

meerderheid³⁹ (*Pro-Koloniale Afrikaners*) die poging tot volkswording in die wiele gery. Die term *Afrikaner* is wel sedert hierdie tyd al meer gebruik, maar die verwarrende vertolking van wie aan hierdie term voldoen, verwater grootliks die (eerste) postulaat dat die *Afrikaner* tot stand gekom het in die tyd van die GRA, ZABBV en Bond.

5.3.4.3 Postulaat twee wentel om die situasie na die Majuba-oorwinning

5.3.4.3.1 (i) Die situasie na die Majuba-oorwinning

Van Jaarsveld (1980b:230) haal GD Scholtz aan, wat beweer dat die militêre oorwinnings van die Transvalers nie op die Transvalers alleen 'n uitwerking gehad het nie, maar ook op die res van die "Afrikaanse volk". Let (terloops) daarop dat die term *Afrikaanse volk* daarop dui dat dit die "volk is wat Afrikaans praat" en dat dit 'n wanbenaming (*misnomer*) is. Daar kan terloops gemeld word dat hierdie term vandag nog deur sommige mense gebruik word, wat die onsekerheid oor Afrikanerskap beklemtoon. Scholtz gaan verder en stel: "In stede van dat daar alleen 'n Transvaalse nasionalisme ontstaan het, het dit 'n omvattende Afrikaanse nasionalisme van Kapenaar, Nataller, Vrystater en Transvaler geword" (Van Jaarsveld, 1980b:230). Indien dit waar sou wees, word hierdeur aangedui dat deur simboliese interaksie 'n *verbeelde gemeenskap* tot stand sou gekom het.

Giliomee (2004:180-182) maak verder die stelling dat Afrikanernasionalisme vir 'n kort rukkie gestimuleer is "deur die Transvalers se skouspelagtige oorwinning oor 'n Britse mag by Majuba op 27 Februarie 1881", en dat die Kaapse burgers op baie plekke openlik solidariteit met die Transvaalse burgers betoon het. Hy stel verder dat daar gesê is dat "die Transvaalse opstand [*sic*] almal aanspreek wat 'n ware Afrikaanse gees het." Hy rapporteer verder dat JH Hofmeyr (*Onze Jan*) die "Kaapse Afrikaner" in gedagte gehad het toe hy die volgende gesê het:

*"De Anneksatie van de Transvaal ... heeft haar goede zijde gehad. Zij heeft het Zuidafrikaansche Volk geleerd, dat bloed dikker is dan water. Zij heeft de anders te zeer aan het materiële slijk verkleefde Afrikaners vervuld met een nationale gloed van sympathie voor de broeder over de Vaal ..."*⁴⁰

Hierdie emosies, wat deur die "*nationale gloed van sympathie*" ontstaan het, het waarskynlik hoofsaaklik onder die republikeinsgesindes of *Pro-Republikeinse Kolonialer* posgevat, aangesien

³⁹ Daar bestaan geen duidelikheid oor die getalle anti- en pro-republikeine gedurende hierdie tyd in die Kaap nie. Die afleiding uit die data is dat die meerderheid teen die republikeine was, maar dit was nie in ooreenstemming met die geldende mening (wat Paradigma A verdedig) om die getalle na te speur nie. Veral nie as die meerderheid teen vryheid gekant was nie (Pretorius 2021).

⁴⁰ Die vraag ontstaan onwillekeurig wie hierdie *Zuidafrikaansche Volk* is waarna hy verwys.

hulle, soos reeds aangetoon, die Boere simpatiekgesind was. Die simpatie in die Kaap is aan die ander kant deur die liberale Kaapse Afrikaner polities aangewend en gekanaliseer om politieke voordeel te bewerkstellig. Hofmeyr sou om politieke redes die bestaan van 'n "*Zuidafrikaansche Volk*" bevorder. Die situasie het gelei tot die omskakeling van die Bond na die eerste politieke party in Suid-Afrika (Giliomee, 2004:180). Wat verder oor die hoof gesien word in histories-politieke kommentare, ontledings of besprekings, is die gedeelte van die sin, "*de anders te zeer aan het materiële slijk verkleefde Afrikaners.*" *Onze Jan* gee hier 'n baie goeie beskrywing van die (ekonomiese) fundamente van die kulturele nalatenskap van die *Afrikaner* [*Kaapse Afrikaner] – wat nie as kulturele nasionaliste nie, maar vanuit 'n polities-ekonomiese basis, as politieke nasionaliste, na vore tree. Hierdie materialistiese gesindheid is as kulturele erfenis vandag nog by 'n groot deel van BASA21 waarneembaar.

Dit is insiggewend dat die Kolonialers of Kaapse Afrikaners hulleself as "steeds die loyaalste [*sic*] onderdane van die Koningin" beskou het en gegrief gevoel het omdat hulle van dislojaliteit beskuldig is, net omdat sommige (van die Kapenaars) met die Transvaal gesimpatiseer het (Van Jaarsveld, 1959:168).

Dit is ironies om te sien dat dieselfde politieke party, wat uit die "nasionale gloed van simpatie" ontstaan het, later deel van die Kaapse owerheid was, wat besluit het om betrokke te raak in 'n handelsoorlog teen die ZAR in 1895 en 'n dreigement van oorlog te uiter oor spoorwegtariewe wat die ZAR gehef het. Hulle het verder oorgegaan tot uitvoering van die dreigement deur die Kaapse spoorweë oop te stel vir gratis gebruik deur die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog, en het Afrikaners in die Kaapkolonie opgekommandeer om saam met die Engelse teen die Boere te veg (Bredell & Grobler, 1986:145). Uiteindelik het 25 000 Kaapse Afrikaners saam met Engeland teen die Boervolk geveg (Bruwer, 1988:363). Om dus op hierdie stadium van 'n volksgevoel (wat Boer en Kaapse Afrikaner insluit) te praat, is 'n anachronisme.

Giliomee (2004:182) argumenteer dat die "Transvaalse opstand [*sic*] in 1880 en vroeg in 1881, vir 'n kort rukkie Hofmeyr se politieke ewewig versteur het. Die vernederende nederlaag by Majuba het die Engelse gemeenskap baie ontstel en SJ du Toit verheug. Du Toit het inderdaad geglo dat die "Afrikanernasie by Majuba gebore is". Hier speel die teorie van Konflik en Oorlog, soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, by die Boere 'n rol, maar die Kolonialers se gevoel van betrokkenheid word verklaar deur die teorie van Simboliese Interaksie. Van Jaarsveld (1980b:221) verwys na SJ du Toit se argument dat die Bond op Majuba "wortel gevat het". Hy haal ook GD Scholtz aan, wat anachronisties hierop uitbrei deur te beweer dat "Afrikanernasionalisme op Majuba wortel geskiet het".

Let daarop dat die geveg by Majuba teoreties moontlik, soos Giliomee (2004:182) beweer, as 'n opstand beskou kan word, aangesien Engeland op daardie stadium reeds die Transvaal geannekseer het. Die anneksasie was egter, soos reeds gemeld, 'n daad van oorlog teen 'n bestaande (vir reeds amper 30 jaar) internasionaal erkende republiek. Daarom was die Slag van Majuba die finale oorwinning tydens 'n *oorlog*, wat uit die onwettige anneksasie voortgespruit het. Die skrywer verskil dus van Giliomee, wat Majuba as 'n "Transvaalse opstand" beskryf, en beskou die Slag van Majuba as die deurslaggewende veldslag tydens die Boervolk se Eerste Vryheidsoorlog en nie as 'n opstand nie.

Nixon (1885:45, 49) gebruik die sinsnede: "Boer wat die Engelse verslaan het" in sy publikasie, *The Complete story of the Transvaal*, vier jaar na die Slag van Majuba. In die publikasie verwys hy nie een keer na die *Afrikaner* nie. Ridpath en Ellis se publikasie, *The Story of South Africa*, verskyn in 1899 en stel ook dat dit *Boere* was wat die Engelse verslaan het (Ridpath & Ellis, 1899:223). Ook hulle maak geen melding van die *Afrikaner* nie (Tabel 2.2).

5.3.4.3.2 (ii) Kommentaar

Die gedagte dat die oorwinning by Majuba sekere Afrikaners in die Kaap geïnspireer en 'n tydelike gevoel van simpatie met die Boere van die ZAR se kant tot gevolg gehad het, kan aanvaar word, maar dat dit werklik by al die Kolonialers aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit, word ernstig in twyfel getrek. Dit was waarskynlik slegs die *Pro-Republikeinse Kolonialers* wat werklik geïnspireer was. Dit het in elk geval nie verhoed dat die Kolonialers minder as 20 jaar later logistieke hulp aan die Britse magte in hul stryd teen die Boere verleen het nie, en ook nie verhoed dat 25 000 Kaapse Afrikaners (plus 25 000 Engelse setlaars) saam met die Britse magte teen die Boere van die ZAR en die OVS in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het nie (Bruwer, 1988:363). In hierdie geval kan aanvaar word dat dit *Pro-Koloniale Kolonialers* was wat by die Britse magte aangesluit het, terwyl van die republikeinsgesinde *Pro-Republikeinse Kolonialers* by die Boeremagte aangesluit het, van wie sommige later as rebelle veroordeel is (Shearing, 2004:iv).

5.3.4.3.3 (iii) Gevolgtrekking

Giliomee (2016a:32) ondersteun beide die eerste en die tweede postulate as moontlike bydraende elemente ten opsigte van die ontstaan van Afrikaner-identiteit en stel dat:

*These three developments – the founding of the GRA and the so-called First Afrikaans Language Movement, the establishment of the [ZA]BBV and Bond, and the Transvaal revolt [*Eerste Vryheidsoorlog] – are often considered by historians as constituting the*

‘awakening’ of Afrikaner nationalism, and there is indeed some evidence to support this view.

Dit is belangrik om daarop te let dat die mense betrokke by die Slag van Majuba in die noorde, en die mense betrokke by die GRA en die Bond in die suide, geen direkte verband met mekaar gehad het nie. Die Slag van Majuba het nietemin ’n simboliese en emosionele impak op ’n deel van die Kolonialers gehad, daarom word die situasie rondom die Slag van Majuba deur twintigste-eeuse akademici en historici (onder invloed van Paradigma A) op so ’n wyse sinchronisties gestel, dat dit die indruk skep dat die gevoel van republikanisme en nasionalisme by een groep – te wete die “Afrikanernasie” – ontstaan het, asof die twee gebeure met dieselfde groep mense gebeur het. Dit word ter wille van die “All-Afrikanerdom-eenheid” in dieselfde asem genoem (Deist, 2002:73; Giliomee, 2004:180).

Die postulaat dat die Slag van Majuba die begin van Afrikaner-identiteit en Afrikanereenheid was, is nie oortuigend nie. Daar kan wel gestel word dat, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, die Boervolk se republikanisme, volksbewussyn en nasionale bewussyn en gepaardgaande bevestiging van identiteit deur die veldslag en oorwinning bevorder is. Verder kan gestel word dat ’n sekere deel van die Kaapse Afrikaner (die *Pro-Republikeinse Kolonialer*) simpatie openbaar het en inspirasie uit die oorwinning by Majuba geput het, maar geen bevestiging kon gevind word dat die Kolonialers deur die Slag van Majuba geïnspireer is om in groot getalle “Afrikaners te word” nie (Degenaar, 1987:236).

5.3.4.4 Postulaat drie wentel om die reaksie op die Tweede Vryheidsoorlog

5.3.4.4.1 (i) Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op Afrikaner-identiteit

Die reaksie op die “Anglo-Boereoorlog” (**Tweede Vryheidsoorlog*) kon moontlik aanleiding tot ’n volksgevoel gegee het en speel waarskynlik ’n veel belangriker rol as die eerste twee oorsake, alhoewel dit ook nie deurslaggewend was nie (Giliomee, 2017). Die Boer se volksbewussyn en nasionale bewussyn, met gepaardgaande identiteitsvorming, is wel sterker beklemtoon en bevestig deur die deelname aan die *Tweede Vryheidsoorlog*. Hierdie aspek is in die vorige hoofstuk volledig bespreek. Dieselfde argument wat by die Majuba-postulaat gebruik is, naamlik dat dit waarskynlik slegs ’n simboliese en emosionele impak op die *Pro-Republikeinse Kolonialer* gehad het, is meer waarskynlik ook hier van toepassing. Op die *Pro-Koloniale Kolonialer* het dit onwaarskynlik enige positiewe reaksie tot gevolg gehad. Die feit dat die Kolonialers die vyande van die Boere logisties ondersteun het en dat ’n groot kontingent van Kolonialers saam met die Engelse in die *Tweede Vryheidsoorlog* geveg het, en ’n groot groep as kampwagte (Hans-Kakies) by die konsentrasiekampe diens gedoen het, kompliseer onomwonde hierdie postulaat.

Van Jaarsveld (1959) plaas klem op die Slag van Majuba (*Eerste Vryheidsoorlog*) as belangrikste oorsaak vir die totstandkoming van die *Afrikaner* en beskou die *Tweede Vryheidsoorlog* nie in dieselfde mate belangrik by die ontstaan van en oorsaak vir die totstandkoming van die *Afrikaner* as volk nie (Van Jaarsveld, 1959, 1980b).

5.3.4.4.2 (ii) Gevolgtrekking

Die derde postulaat oor die begin van Afrikaner-identiteit, waarin beweer word dat die *Afrikaner* tydens die *Tweede Vryheidsoorlog* tot stand gekom het, is net geloofwaardig in die opsig dat die Boervolk as soewereine volk in 'n amptelik en internasionaal erkende oorlog betrokke was en daardeur nie net kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit versterk het nie, maar ook 'n nasionale bewussyn en nasionale identiteit ontwikkel het. Die teorie van Konflik en Oorlog verklaar die groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn, met gevolglike verdere ontwikkeling van identiteit by die Boervolk, wat hier na vore getree het. Die betrokkenheid van die *Afrikaner* by die *Tweede Vryheidsoorlog* openbaar geen volksbewussyn of nasionale bewussyn nie, intendeel, die gedokumenteerde aksies van die *Afrikaner* kan beskou word as die uiting van anti-republikanisme deur samewerking met die koloniale onderdrukker en vyand van die Boer. Hulle het ook teen die behoud van die Boer as volk opgetree.

5.3.4.5 Postulaat Vier wentel om sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu

5.3.4.5.1 (i) Die rol van sosiale ingenieurswese

Die vierde siening of postulaat behels dat die Afrikanernasie in werklikheid eers na die Vrede van Vereeniging en na die aanvang van sosiale ingenieurswese, in die tydperk 1920 tot 1960, as 'n *politieke magsblok* tot stand gekom het. Na die verkryging van politieke beheer deur die Afrikaner-elite in 1948, kon die beheer afgewentel word om beheer oor stelsels en instellings, wat as instrumente benut kon word by die implementering van sosiale ingenieurswese, te verkry. Hierdie aspek, wat van toepassing is op die vierde postulaat, word net kortliks genoem, maar word in die volgende hoofstuk (6) volledig ontleed.

Tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu is die Boer en Kaapse Afrikaner deur 'n proses van sosiale ingenieurswese saamgevoeg. Die Proto-Afrikaner-groepeerings, wat voor die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, demonstreer nie 'n volksbewussyn nie en voldoen geensins aan die definisie om die *Afrikaner* as volk te erken nie. In die 20^{ste} eeu kan daar vir die eerste keer op Afrikanernasionalisme as ideologie aanspraak gemaak word, as gevolg van politieke sosialisasie wat op die Boer en die Koloniale toegepas is, ter bevordering van die totstandkoming van 'n "*All-Afrikanerdom-eenheid*" (Deist, 2002:73). Daar kan wel genoem word dat die mite van 'n volk of nasie geskep is deur die beklemtoning van nasionale feeste, simbole en volksliedere. Hierdie

aspekte en die teoretiese begronding van volkswording en Afrikaner-identiteit word in besonderhede in die volgende hoofstuk bespreek.

5.3.4.5.2 (ii) Gevolgtrekking

Die postulaat dat die Afrikaner deur sosiale ingenieurswese in die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, blyk die mees aanvaarbare van die vier postulate te wees. Hierdie postulaat bring die rol van die sosiale ingenieurs na vore en beklemtoon die verskille tussen Paradigma A en Paradigma B, soos in Tabel 5.1 vir die 19^{de} eeu (Fase 3) uiteengesit is.


5.4 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die identiteit van die Proto-Afrikaner tydens die 19^{de} eeu onder die loep geneem. Die rol van sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme asook die rol van republikanisme by die totstandkoming van 'n Afrikaner-identiteit is ontleed. Die twee gemelde paradigmas ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gedurende die 19^{de} eeu is met mekaar vergelyk. Die begrip *Afrikaner*, asook die vier verskillende postulate oor die aanvang en die totstandkoming van die begrip *Afrikaner* is terselfdertyd bespreek. Aangesien die volksidentiteit by die Kolonialer nie werklik gedurende hierdie tydperk na vore getree het nie, speel die drie teorieë wat hier van toepassing kan wees, naamlik die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur en die teorie van Simboliese Interaksie 'n geringe rol. Daar is nietemin aangetoon waar hierdie teorieë wel 'n mate van identiteitsontwikkeling verklaar.

Sosiale ingenieurswese, in die vorm van kolonialisme soos deur die Engelse regering toegepas, het wel 'n invloed op die Koloniale Afrikaner gehad. Die *Pro-Republikeinse Kolonialer* het weens 'n ingesteldheid van republikanisme 'n mate van weerstand getoon, maar het mettertyd onder die toegepaste kolonialisme van die Engelse bewind geswig. Die meerderheid Kolonialers, naamlik die *Pro-Koloniale Kolonialers*, het ingeskakel (kompromisme) by die maatreëls en beleid van kolonialisme. Sosiale ingenieurswese het egter gedurende die 19^{de} eeu, anders as by die Boervolk, min bygedra tot die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit by die Kaapse Afrikaner.

Ten opsigte van die vergelyking tussen die twee paradigmas, is dit duidelik dat die Kaapse Afrikanergroepeerings by die totstandkoming van die GRA en die Bond, tydens die Eerste Taalbeweging, betrokke was. Dit is verder duidelik dat die Boervolk nie direk by die Eerste Taalbeweging betrokke was nie, maar dat die verspreiding van *Die Patriot* wel volksidentiteit by die Boere in die Vrystaat en Transvaal bevorder het. Beide paradigmas is gevolglik korrek ten opsigte van die betrokkenheid van die Afrikaner by die Eerste Taalbeweging, maar Paradigma B is korrek ten opsigte van die nie-betrokkenheid van die Boervolk by die Eerste Taalbeweging.

Giliomee (2017), wat deur baie as gesaghebbende oor Afrikaner-identiteit beskou word, stel dat hy al meer tot die oortuiging gekom het dat die eintlike *faktore* vir die totstandkoming van die Afrikaner tot vandag toe nog nie geïdentifiseer is nie. Die skrywer stem met hom saam en postuleer dat van die “faktore” waarna hy verwys, waarskynlik die rol is wat sosiale ingenieurswese gedurende die eerste helfte van die 20^{ste} eeu, veral om en by die 1940’s en 1950’s, gespeel het. Hierdie faktore word volledig in die volgende hoofstuk ontleed.



Figuur 5.3: Die wisselwerking tussen die GRA, BBV en Afrikanerbond tydens die ontwikkeling van ’n groepsbewussyn by die Kaapse Afrikaner

HOOFSTUK 6: DIE AFRIKANERNASIE EN AFRIKANER-IDENTITEIT ONSTAAN IN DIE 20^{STE} EEU

Alle Boere is Afrikaners, maar alle Afrikaners is nie Boere nie

6.1 Inleiding


In hierdie hoofstuk sluit die verskillende paradigmas oor Afrikaner-identiteit, sowel as die sosiale ingenieurswese wat lei tot die vestiging van Afrikaner-identiteit, by mekaar aan. Omdat die postulaat van Paradigma B 'n verkennende analise en 'n nuutskepping is, bestaan daar nie altyd verwysings vir die gebeure waaroor in hierdie hoofstuk gerapporteer word nie. Verskillende afleidings oor die resultate wat in die vorige hoofstukke bereik is, asook persoonlike belewenis en selfs bespiegeling oor hedendaagse omstandighede en gebeure, word daarom soms weergegee.

In die vorige hoofstukke is die ontwikkeling van die identiteit van die voorsate van die Afrikaner ontleed. Die navorsing het aangetoon dat die Boervolk en die Kaapse Afrikaner as afsonderlike entiteite, met afsonderlike kulturele erfenisse, ontwikkel het. Verskillende postulate oor die tydperk en totstandkoming van Afrikaner-identiteit by die Kaapse Afrikaner is bespreek. Die mees waarskynlike benadering ten opsigte van Afrikaner-groepvorming, asook die vestiging van Afrikaner-identiteit, word verwoord deur die postulaat wat stel dat Afrikaner-identiteit eers tydens die eerste helfte van die 1900's ontwikkel het. Die ontleding van hierdie postulaat vorm die kern van hierdie hoofstuk. Die postulaat kan gekonseptualiseer word as: *Die studie van die ontstaan van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit, tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu, as resultaat van die samevoeging van twee entiteite, te wete die Boer en die Kaapse Afrikaner, deur middel van die toepassing van sosiale ingenieurswese, met Paradigma A as riglyn.*

Daar moet in gedagte gehou word dat die Kolonialers vanaf die 1930's tot en met 1954, toe Strijdom eerste minister geword het, die politieke toneel oorheers het. Gedurende die res van die NP se termyn, wat ook Fase 5 insluit, is die meeste besluite oorheers deur die Kolonialergesinde Afrikaners in die Kaap (Giliomee, 2004:370). Dit word in hierdie studie as historiese Fase 4 (Figuur 6.1) van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit beskryf.

Drie fasette van sosiale ingenieurswese en politieke sosialisasie kan tydens Fase 4 waargeneem word: die uitbou van kolonialisme, die bevordering en vestiging van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit, asook die toepassing van die beleid van apartheid.

Hierdie vorme van sosiale ingenieurswese word in hierdie hoofstuk eerstens kortliks ontleed. Daarna word die kulturele erfenisse van die Boer en die Kolonialer-Afrikaner met mekaar vergelyk, sodat die paradigmas wat ten opsigte van Afrikaner-identiteit geld, ontleed en vergelyk kan word. Laastens word die totstandkoming en ontwikkeling van Afrikaner-identiteit vanuit 'n teoretiese grondslag ontleed en verklaar.



Figuur 6.1: Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20ste eeu onder invloed van sosiale ingenieurswese, vanuit 'n paradigmatiese perspektief

Die hoofstuk word soos volg ingedeel (Figuur 6.1):

- Die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese tydens Fase 4
- Onderskeid tussen die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner tydens Fase 4

- Die rol van Paradigmas A en B tydens Fase 4
- Die teoretiese begronding vir die beginsels wat by die toepassing van sosiale ingenieurswese op die blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners van die 20^{ste} eeu (BASA20) gegeld het tydens die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit

6.2 Vorme van sosiale ingenieurswese tydens die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu (fase 4)

Drie vorme van sosiale ingenieurswese beïnvloed die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu, naamlik die uitbou van kolonialisme, die skepping van Afrikanereenheid, en die vestiging van apartheid. Politieke sosialisasie ter bevordering van Kolonialisme het onder die invloed van die Britse maghebbers plaasgevind, terwyl Afrikanereenheid en die vestiging van apartheid onder invloed van die politieke-elite – hoofsaaklik Kolonialer-Afrikaners, wat in beheer van die Unie-regering was – tot stand gekom het. Die vestiging van republikaanse speel ook 'n rol by die skepping van strukture wat Afrikaner-identiteit bevorder.

6.2.1 Kolonialisme bevorder Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu (Fase 4)

Die Britse invloed deur middel van politieke sosialisasie tydens Fase 4, was suiwer op die Boervolk gemik en het onmiddellik na die Vrede van Vereeniging deur Milner en sy *Kindergarten*⁴¹ 'n aanvang geneem (Bruwer, 1988:485, 493). Volgens Giliomee (2004:222) het Milner drie oogmerke gehad:

Om blywende Britse dominasie te vestig, moes Milner drie dinge doen: hy moes die Engelssprekendes in die land verenig as 'n politieke blok; die Afrikaners verdeel deur lojaliste en nasionaliste, hendsoppers en bittereinders teen mekaar uit te speel; en snelle ekonomiese groei bevorder.

Hierteenoor moes die Afrikaanssprekende politici poog om die Afrikaanssprekendes in 'n politieke blok te verenig. Beskou teen die agtergrond soos in die vorige hoofstukke beskryf, was dit vir die *Kindergarten* baie maklik om die *Afrikaners* in kampe bestaande uit *Britse lojaliste*, *nasionaliste*, *hensoppers* en *bittereinders* te verdeel en die beginsel van “verdeel en heers” toe te pas.

Milner se optrede geskied tipies volgens die verskynsel deur Harari (2015:191, 197) beskryf, naamlik: “*Empires have played a decisive part in amalgamating many small cultures into fewer*

⁴¹ **Die Kindergarten** is 'n naam wat gegee is aan 'n aantal jong Engelse, almal Oxford-gegradueerdes, wat deur Milner geworf is. Hulle moes sy imperialistiese ideale in Suid-Afrika help uitvoer (Bruwer 1988:293).

big cultures.” Die mikpunt van Milner was om die Boervolk “heeltemal te verdelg, deur getalle, onderwys en einde ten laaste deur assimilasië” (Bruwer 1988:485, 493). Milner het gesê daar mag nie eers ’n fragment van die Boererepublieke oorbly nie, dit moet vernietig word (Bruwer, 1988:450). Milner het volgens Bruwer (1988:485) oor die Boervolk gevoel soos Cato in die Romeinse senaat oor Kartago homself uitgedruk het, en gebruik vervolgens die aanhaling van Cato: “[Die Boerevolk] *delenda est!*”⁴²

Robbertze (1996:27) stel dit in die vyfde verslag van die Volkstaatraad soos volg: “Milner en Chamberlain wou Suid-Afrika in alle opsigte so Brits maak dat daar van ’n Afrikaanse [*Boere-] nasionalisme, identiteit of sentiment, geen sprake sou wees nie.”

Milner het nie net politieke sosialisasie op die BASA20 toegepas nie, maar pas, om sy doel te bereik, ook politieke geweld op die Boervolk toe. Die Engelse het al drie vorme van politieke geweld op die Boervolk as deel van sosiale ingenieurswese toegepas. Politieke geweld vind plaas wanneer iemand of ’n groep se oorlewing, welsyn, identiteit of vryheid bedreig word. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog, asook na die vredesluiting van Vereeniging, is politieke geweld voortdurend en in alle opsigte deur die Engelse op die Boervolk toegepas (Bruwer, 1988:482). Volgens definisie behels die drie tipes politieke geweld: direkte geweld, kulturele geweld en strukturele geweld (Kotzé, 2009:16-18).

6.2.1.1 Direkte politieke geweld

Direkte politieke geweld sluit in: eksterminasie (uitwissing) en volksmoord, wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan die lig gekom het in die weerhouding van welsyn, soos klere, komberse, kos en medisyne aan die kinders en vrouens in die Konsentrasiekampe, en tydens die beleid van verskroeië aarde van Kitchener, wat op die burgerlike bevolking gemik was (Bruwer, 1988:450; Wiid, 1968:31). Volgens Giliomee (2004:209) was die verskroeië-aarde deur die Engelse “meer genadeloos” as dié van generaal Sherman tydens die Amerikaanse burgeroorlog.

Ten opsigte van die beleid van verskroeië aarde is dit belangrik om daarop te let dat die *Pro-Koloniale Kolonialer* se eiendom nie beskadig is nie. Daar was gemengde reaksie by die Kolonialer oor die oorlog teen die Boere (Giliomee, 2004:310). Die Kolonialers in die breë se gesindheid word weerspieël deur verskeie identiteite en simpatieke gesindhede te kombineer, soos deur Giliomee (2004:186) saamgevat is as:

⁴² **Kartago delenda est:** “Kartago moet vernietig word”, is die woorde, wat deur Cato, senator in Rome, gebruik is om aan te dui dat Kartago tydens die derde Puniese oorlog (149-146 VC) vernietig moes word.

... patriotisme teenoor die Kolonie; lojaliteit teenoor die monargie en ryk; solidariteit met hul republikeinse bure oorkant die Oranjerivier; en 'n vereenselwiging met hul eie kulturele uniekheid, soos uitgedruk in Hollands as kerk- en koeranttaal. Die koloniale Afrikaners se lojaliteit teenoor die ryk en later die Britse Statebond sou lank duur.

Bruwer (1988:451) stel: “[D]aar kan dus min twyfel bestaan dat die Engelse dit ten doel gehad het om die Afrikanervolk [*Boervolk] as geheel te vernietig en te laat verdwyn ... sodat die Engelse die meerderheid van die blanke bevolking kon uitmaak.” Bruwer (1988:450) stel verder dat, terwyl die Duitsers die Jode as 'n rassevraagstuk gesien het, die Engelse die Afrikaners (*Boervolk) as 'n kulturele/demografiese vraagstuk beskou het. Beide sou egter dieselfde “oplossing” hê, naamlik *volksmoord*. Die Duitsers het dit die “*Final Solution*” genoem en die Engelse het dit die “*Final Settlement*” genoem”. Dat die Engelse die volksmoord beplan en laat uitvoer het deur die toepassing van direkte geweld, dwang en assimilasië, blyk uit die volgende (Bruwer 1988:486):

Asof dit nie erg genoeg is nie, het J Stanley Little net voor die uitbreek van die oorlog die volgende verklaar: ‘We must tolerate no silly sentimentality which stands in the way of a COMPLETE AND FINAL SETTLEMENT of the century old quarrel.’ (Little, 1903, p462.) Weer eens word 'n mens getref deur die ooreenkoms – Die Nazi's met hul ‘Final Solution’ en die Engelse met hul ‘Final Settlement’.

Dit is insiggewend om daarop te let dat die Engelse regering tot vandag toe geen berou oor hul optrede uitgespreek het nie. Professor Amie van Wyk⁴³ skryf in *Rapport Weekliks* (18 November 2018:5):

Dit val op dat daar ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) geen enkele Anglikaanse teoloog was wat 'n woord van spyt en jammer uitgespreek het oor die verwoesting, gruweldade en ontmensliking wat tydens hierdie oorlog, veral in die konsentrasiekampe, voorgekom het nie. Behalwe die eensame stem van Emily Hobhouse. Wie weet, indien daar ná hierdie vernietigende oorlog ook 'n WVK⁴⁴ gehou was, is apartheid dalk nooit gebore nie.

Die gesindheid en lojaliteit van die Kolonialer was bepalend ten opsigte van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog – hulle kon die oorlog voorkom het. Indien hulle teen die oorlog gekant was, sou Brittanje nie betrokke geraak het nie, maar die Kapenaars was volgens Giliomee (2004:230) vasgevang in hulle veelvuldige lojaliteite en het hulle gesindheid teenoor die Britse

⁴³ **Amie van Wyk** is 'n afgetrede teologieprofessor van Potchefstroom.

⁴⁴ **WVK**: Waarheids- en Versoeningskommissie.

kroon as die belangrikste geag. Die rol van die Bond was in hierdie verband na alle waarskynlikheid van deurslaggewende belang.

Dit is belangrik om daarop te let (soos hier bo genoem) dat die misdade teen die mensdom en menseregteskendings, wat deur Brittanje teen die Boervolk gepleeg is deur bykans 'n derde van die Boerebevolking uit te roei in nagenoeg 50 doodskampe, nog nooit deur die Engelse erken en bely is nie en nog geen verskoning is gevra of vergoeding betaal nie.

6.2.1.2 Kulturele en strukturele geweld

Politieke geweld is ook in die vorm van kulturele en strukturele geweld op die Boervolk toegepas. Die Boervolk se identiteit is na 1902 ontken, deur die internasionalisering van die Boer se kultuur en deur sy taal, Afrikaans, te degradeer deur Engels as enigste taal in die staatsdiens en in skole af te dwing. Die Boer is afgradeer na 'n tweederangse burger wat nie werk kon kry nie. Ironies word dieselfde tipe politieke geweld vandag, 'n honderd jaar later, onder die ANC-regering (weer) op die Boer en op BASA21 toegepas. Die gevolge hiervan kan nog nie voorspel of bereken word nie.

Strukturele politieke geweld het behels dat die stelsels en strukture op so 'n wyse aangewend is dat dit die gees en gedagtewêreld van die groep (in hierdie geval die Boervolk) tot so 'n mate beïnvloed is, veral deur kulturele afdwinging (*penetrasie*),⁴⁵ dat die Boer se kultuur, gebruike en regte ondergeskik aan die Engelse kultuur gestel is. Milner het ook gepoog om deur *fragmentasie*⁴⁶ die Boere te verarm, deur hulle van hul plase af stede toe te verdryf en die plase met Engelse te beset (Bruwer 1988:486). Giliomee (2004:340) bevestig hierdie stelling:

Sowel die SAP [*Kolonialergesinde Afrikaners, wat lede van die Sappe is] as Engelssprekendes was oorverteenvoortwoordig in die staatsdiens, die beroepe en die bestuursposte van die ekonomie. Hulle het belang daarby gehad om te verhinder dat die Afrikanernasionaliste [*Boergesindes] Afrikaans as middel gebruik om die Afrikaners agter hulle te mobiliseer.

Ten opsigte van die hantering van Afrikaans as taal rapporteer Wilkens en Strydom (1978:35):

Under the British regime, Afrikaans became a despised language. Children were allowed to speak it only three hours a week at school, otherwise they had to carry a placard

⁴⁵ **Penetrasie:** is 'n vorm van kulturele geweld, waar die oorheersende party in 'n samelewing sy kultuur op die ondergeskikte party afdwing (Kotzé 2009:18).

⁴⁶ **Fragmentasie:** is 'n vorm van kulturele geweld, waar die oorheersende party in 'n samelewing die ondergeskikte party verhoed om 'n saamhorigheidsbewussyn te ontwikkel en dit geskied deur mense uitmekaar te dryf (Kotzé 2009:18).

proclaiming, 'I am a donkey, I spoke Dutch.' O'Meara observes: 'Within the imperialist colonial states, a clear cultural oppression operated against Afrikaans speakers.'

Bruwer (1988:484) haal 'n besoeker aan die Transvaal in 1906 aan, wat die diskriminasie en effek van sosiale ingenieurswese in die Transvaal soos volg beskryf:

Sodra 'n mens die Transvaalse gebied bereik is alles Engels waar alles vroeër Hollands was. Die spoorwegbeamptes en kondukteurs is vir die grootste deel Skotte ... Die voorstede is herdoop na Engelse voorstede en die strate van die stede is verengels.⁴⁷ Kennisgewings, ook vir die ou bevolking, is net in Engels. Die taal van die geregshoue, die amptenare, die handel, die skole is Engels.

6.2.1.3 Bespreking

Die onderdrukking, konflik en geweld waaraan die Boere blootgestel is het, soos veral in Hoofstuk 4 beskryf is, volgens die teorie van Konflik en Oorlog aanleiding tot groepsbewussyn, groepsvorming en groepsidentiteit gegee. Die verskillende fasette van politieke geweld en sosiale ingenieurswese waaraan die BASA20 tydens en na die Tweede Vryheidsoorlog blootgestel is, het uiteindelik tot saamhorigheid, sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit aanleiding gegee. Hierdie aspekte en die vorming van Afrikaner-identiteit word verder in Hoofstuk 6.5 bespreek.

6.2.2 Die vestiging van Afrikanereenheid bevorder Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu

Ter wille van perspektief moet die situasie aan die begin van die 20^{ste} eeu diachronisties bekyk word. Die Unie van Suid-Afrika is in 1910 tot stand gebring. In die vyfde verslag van die Volkstaatraad word JEH Grobler aangehaal (Robbertze 1996:28), wat aandui dat:

Plaaslike selfbeskikking – weliswaar onder Britse gesag – is dus in die twee voormalige Boererepublieke herstel. Botha, Smuts en talle Afrikaners was hiermee tevrede. Wat hulle betref, het die toekoms van die Afrikanervolk eerder binne die Britse Ryk as in onafhanklikheid gelê.

Dié stelling is korrek van toepassing op Botha, Smuts en sekere Afrikanerleiers (Kolonialer-Afrikaners), maar dit is beslis nie van toepassing op die Boervolk nie. Die openlike verwerping (deur 'n groot deel van die burgers) van Botha en Smuts, asook die Boereopstand vier jaar later (1914), wys duidelik dat die Boere nie tevrede was nie (Bruwer, 1986:28). Die Boere se

⁴⁷ Vergelyk in Pretoria: Lynnwood, Brooklyn, Hatfield en Sunnyside.

ontevredenheid was gegrond op die feit dat Uniewording niks met onafhanklikheid en vryheid te make gehad het nie. Die Volkstaatraad rapporteer: “Met unifikasie in 1910 het selfbeskikking geen rol gespeel nie. Trouens, die beleid van Smuts en Botha was op konsiliasie ingestel.” Verder word gestel dat: “Die gedagte van een land, een staat, een ras, en een nasie, het sterk op die voorgrond getree” (Robbertze, 1996:31).

Die spelreëls wat in daardie tyd binne die Unie gegeld het, was die reëls soos uitgespel deur die Westminster stelsel en het bepaal dat die politieke party wat die meeste stemme kon verenig, regeer. Die heersende wêreldpolitiek het ook bepaal dat “manlike blanke persone” stemgeregtig was.⁴⁸

Die Kolonialer was reeds vanaf net na die Engelse besetting van die Kaap by die Westminster-gegronde partypolitieke stelsel betrokke en het vanaf die 1880's selfbestuur in die Kaap gehad. Hulle was dus ingeburger in dié politieke stelsel teen die tyd dat die Unie in 1910 gestig is. Dit was in teendeel net die Boervolk vir wie die Westminsterstelsel heeltemal vreemd was. Dit het tot gevolg gehad dat die Kolonialer-elite die politieke terrein oorheers het (Bruwer, 1986:12; Giliomee, 2004:372).

Om die *Blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 20^{ste} eeu* (BASA20) se toekoms in Afrika te probeer verseker, was dit volgens die elite noodsaaklik om politieke mag te bekom en was die doelwit om die meeste lede van BASA20 in 'n politieke magsblok te organiseer, om daardeur eenheid te bewerkstellig. Die politieke mag sou gebruik word om die regering te vorm en om die politici in staat te stel om beleid oor die verloop van die toekoms te bepaal.

Die eenheid wat beplan is, is op Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme geskoei. Om dit te bereik moes die term *Afrikaner* bevorder word en die term *Boer* vanaf 1902 uit die geskiedenis geskryf word. Die plan was om “een geskiedenis” vir die “nuwe volk” wat 'n eenheid moes vorm, tot stand te laat kom. Om dit te bewerkstellig is die Boer se geskiedenis en kulturele erfenis met die Kolonialer se kultuur en taal (Afrikaans) kunsmatig, wetend of onwetend, saamgesmelt om sodoende die mite van 'n Afrikanernasie tot stand te bring. Die Engelsman is as die gemeenskaplike vyand van BASA20 voorgehou en is aanvanklik as dryfveer gebruik om dié eenheid te bevorder (Degenaar, 1987:232; Esterhuyse *et al.*, 1987:318). Hier figureer die teorie van Konflik en Oorlog, wat verklaar hoe konflik en oorlog tot identiteit lei.

⁴⁸ Vroue het eers in 1930 in Suid-Afrika stemreg gekry (Giliomee 2004:310).

Met hierdie ontleding word nie 'n normatiewe⁴⁹ evaluasie of waardebeplating gemaak deur te evalueer of die besluite reg of verkeerd was nie. Die optredes van die rolspelers moet nietemin diachronisties geëvalueer word, met ander woorde hulle omstandighede ten opsigte van hulle bedoelings binne die tydperk waarin hulle geleef het, moet in aanmerking geneem word (Giliomee, 2004:463, 468). Hulle doelwit was die “oorlewing van BASA20”, met inagneming van alle volkere binne Suid-Afrika (Giliomee, 2004:562). Dit neem egter nie die feit weg dat die Boervolk daarvoor op die altaar geplaas is nie. Om dit te bewerkstellig moes die term *Boer* ontmoedig word en die term *Afrikaner* bevorder word. Die ondersteuners van Paradigma A is nie geneë om hierdie gegewe te erken of amptelik te verkondig nie, maar dit word in die praktyk toegepas.

6.2.2.1 Die gebruik van die term Afrikaner ter bevordering van Afrikaner-identiteit

Daar is reeds in Hoofstuk 5.3.2 bespiegel oor die gebruik van die term *Afrikaner*. Vanaf die Eerste Taalbeweging en veral na die oorname van die Bond deur die Pro-Koloniale Kolonialers in die begin van die 1880's, gebruik die Kolonialers vir die eerste keer die term *Afrikaner* (Bruwer, 1988:284). Ten spyte daarvan dat die *Afrikaner* nie as volk gemanifesteer het nie, word die term toenemend in publikasies en dokumente gebruik. Selfs die Boervolk, wat as Boere in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, is geleidelik, veral met die verspreiding (deur die Kaapse Afrikaners) van die *Patriot*, aan die term *Afrikaner* blootgestel en gewoond gemaak.

Met die doelbewuste uitskakeling van die term *Boer* ná 1902, word sedertdien toenemend van die *Afrikaner* gepraat. Sommige Boere begin om, weens die sosialisasieproses en waarskynlik veral weens die lees van die *Patriot*, die term *Afrikaner* vir hulleself toe te eien.

6.2.2.2 Die Boer is ontvanklik vir sosiale ingenieurswese

Na 1902 was die Boer in armoede gedompel, en deur die Engelse verneder en onderdruk deur die toepassing van politieke geweld. Die Engelse word as die gemeenskaplike vyand van die Boer en ander Afrikaans- en Hollandssprekendes voorgelê en beskou (Degenaar, 1987:232). Die Boer is vatbaar vir “sameswering” met bereidwillige Kolonialers teen die Engelse as die gemeenskaplike vyand, sonder om te besef dat die resultaat uiteindelik sou lei tot negering van die Boer as volk (Degenaar, 1987:232; Esterhuyse *et al.*, 1987:318).

Verder was die Boere teen die einde van die 19^{de} eeu hoofsaaklik bestaansboere met 'n lae graad van geleterdheid en daarom tot 'n groot mate afhanklik van 'n volksgeheue ten opsigte van die

⁴⁹ 'n **Normatiewe** benadering behels dat daar 'n waardebeplende evaluasie of oordeel oor 'n stelling, handeling of situasie wat beskryf word, gemaak word.

geskiedenis.⁵⁰ 'n Groot gedeelte van die Boervolk is deur die gevolge van die Tweede Vryheidsoorlog ontredde gelaat. Die meeste van die twee-derdes van die bevolking wat oorleef het, was verarm deur die verlies van hul opstalle, kuddes, boorde en plase tydens die oorlog. Die wat van vooraf begin boer het, is geteister deur misoeste, veesiektes en -peste, het teen 1930 twee griepiepidemies en twee finansiële depressies deurleef, en baie is teen wil en dank aan kultureel volksvreemde stedelike invloede blootgestel deur toenemende verstedeliking. *“These circumstances created a golden opportunity for the elite ideologues, aspiring to self-government and eventual liberation from British colonialism, to forge a new and powerful ethnic group out of historically different groups.”* (Deist, 2002:72; Opperman Lewis, 2018:306).

Tydens die eerste tydperk van Fase 4 bekom die Kolonialer geleidelik beheer oor die politieke terrein. Die AB is aanvanklik deur 'n groepie Boere gestig.⁵¹ Die beweging word geleidelik deur Kolonialer-Afrikaners geïnfiltreer en die leierskap word algaande deur die “geleerdes”, wat by die Victoria-kollege gegradueer het, oorgeneem. Die AB besluit op 26 Augustus 1921, tydens 'n vergadering in die Ou Carlton Hotel, om as geheime organisasie voort te gaan en verkry beheer oor die meeste fasette van die sosiale lewe van die BASA20 (Wilkens & Strydom, 1978:46, 59). Volgens Giliomee (2018) het die AB nie so 'n groot impak op die Kaapse Afrikaner gehad nie. Dit is waarskynlik waar, maar die omgekeerde is ook waar, naamlik dat die Kaapse Afrikaner deur middel van meningsvormers, wat uit die Kaap afkomstig was en tot die totstandkoming van die Afrikaner-elite bygedra het, 'n bepalende invloed (en 'n beslissende uitwerking) op die beleid en planne van die AB gehad het. Predikante, regsgeleerdes, politici en akademici wat in die suide opleiding ontvang het, het later leiersposisies in die samelewing in die Vrystaat en Transvaal asook in die AB beklee. Hierdie verskynsel word beklemtoon wanneer aangedui word dat die eerste ministers in Fase 4 almal lid van die AB was en van die “suide” afkomstig was (Giliomee, 2004:372).

Daar word nie geïmpliseer dat die Kolonialer/Afrikaner die Boervolk doelbewus en kwaadwillig probeer vernietig het nie, maar die geskiedenis toon 'n gevestigde patroon van die twee uiteenlopende en opponerende groepe wat naas mekaar ontwikkel het. Die geskiedenis toon ook 'n gevestigde patroon dat die Kolonialers 'n meer administratief georiënteerde groep was, wat telkens geneig was (en is) om organisasie(s) wat die Boer tot stand gebring het, te infiltreer en oor te neem, of om die Boer openlik en aggressief te opponeer. Die patroon kan aangetoon word sedert die tyd van die Kompanjie-amptenare en Vryburgers, die Oranje-manne en Patriotte, die antagonisme van die Kaapse Afrikaner en die NG Kerk tydens die Groot Trek, die ZABBV teenoor

⁵⁰ Gustaf Preller het 'n reuse taak vervul met die versameling en samestelling van die Boerevolk se geskiedenis.

⁵¹ Persoonlik deur mnr Henning Klopper (stigterslid) in 1983 aan skrywer meegedeel.

die GRA, en die verloop van die oorname van die Bond, die steun van die Kaapse Afrikaner vir die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog, en na die oorname van die AB deur die Afrikaners. Hierdie patroon word verder openbaar in die politiek as die *Sappe*, later die *Verenigde Party (VP)*, teenoor die *Pro-republikeinse NP* van (circa 1948). Die patroon word selfs later voortgesit met die “na-links-geskuifde” liberale NP teenoor die HNP, KP, AWB en AVF in die laaste fase van die NP-bewind (Bruwer, 1988:247, 286-288).⁵²

6.2.2.3 Die rol van Akademici, politici en die Afrikaner-elite by die vestiging van Afrikaner-identiteit

Die politieke sosialisasieproses, of sosiale ingenieurswese, moet beoordeel word teen die agtergrond dat die meeste leidende politieke rolspelers in die beginjare van die 20^{ste} eeu uit die dampkring van Stellenbosch (Victoria-kollege) gekom het. Op daardie stadium was dit die enigste nie-buitelandse tersiêre instelling waarheen Afrikaanssprekendes hulle kon wend. Victoria-kollege en die latere Stellenbosch Universiteit, het die reputasie dat ’n oorwegend liberale invloed op studente uitgeoefen word. Meer konserwatiewe tersiêre inrigtings, soos die Transvaalse Universiteitskollege (TUK), Grey University Kollege (GUK) – latere Universiteit van die Oranje Vrystaat (UOVS) in Bloemfontein en die universiteit op Potchefstroom (PU vir CHO), het eers later vir die Boervolk (en Afrikaners) in die noorde beskikbaar geraak. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die geldende mening, wat deur die Victoria-kollege (latere Stellenbosch Universiteit) gevestig is, op die noordelike universiteite ’n beduidende invloed uitgeoefen het. Die eerste lektore en professore, met hul gevestigde (suidelike) sienings, is aanvanklik vanuit die suide deur die noordelike universiteite gewerf.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat die politieke bestel van ’n Unie met vier provinsies na 1910 ’n gegewe was. Om oorlewing vir BASA20 te verseker, het die Afrikaanssprekende elite (as politieke nasionaliste) gereken dat dit alleen langs die weg van ’n politieke eenheid, met ’n magsbasis in ’n Westminster regeringstelsel, kan geskied. Dit het die paradigma onder die elite gevestig dat eenheid noodsaaklik is vir die oorlewing van die blanke in Suider-Afrika. Hierdie patroon van denke het deurgewerk na die geldende mening, Paradigma A, en die kulturele erfenis van die Kaapse Afrikaner (Wilkens & Strydom, 1978:17).

As oplossing is dus gepoog om eenheid te grond op Afrikanernasionalisme of ’n Afrikanernasie, wat geskoei is op ’n fiktiewe *All-Afrikanerdom-eenheid* (Deist, 2001:73). Let daarop dat die nasionale strewes, nasionale klanke en mikpunte wat deur die AB en later deur die NP gepropageer is, politieke gewin en mag as enigste mikpunt in gedagte gehad het. Die feit dat die


⁵² Tydens die “oorname” van die AVF deur Afrikanerpolitici, asook van die APK deur meer liberale Afrikanerteoloë, was die skrywer betrokke by die organisasies en ’n waarnemer van die oornames.

NP in 1961 'n republiek opgerig het, dui op 'n pragmatiese toegeeflikheid om die vryheidsgesinde Boer tevrede te stel.

Die Boer het nietemin, meestal volgens die gevestigde patroon, benewens enkele uitsonderings, teruggestaan wanneer partypolitiek prakties bedryf is. Soos reeds gemeld, is die aanvanklike leiersposisies, op 'n paar uitsonderings na, deur "geleerde Afrikaners" wat in die Kaap gestudeer het, ingeneem. 'n Verdere faktor wat in gedagte gehou moet word, is die feit dat die Boer finansiëel vernietig was na die Tweede Vryheidsoorlog en die Boereopstand van 1914-15. Droogtes en uitbrekings van runderpes het ook hulle tol geëis. Die Boere moes oorleef, alhoewel hulle nie in 'n posisie was om partypolitiek suksesvol te bedryf nie. Baie Boere is in 1944 geïnterneer en in die tronk gestop waardeur verdere finansiële skade gely is. Die Boer moes dus fisies en finansiëel oorleef en het nie die tyd of die middele gehad om voltyds by die akademie of partypolitiek betrokke te raak nie (Deist, 2002:72).

'n Verdere belangrike rede waarom die Boer nie by die akademie of partypolitiek en die regering van die dag betrokke geraak het nie, word deur sosiopolitieke rypwordingsprosesse, soos deur Gladwell (2008:151-158) beskryf, verklaar (Figuur 6.2). Hy verklaar dat verskeie Joodse immigrante in Amerika se families volgens 'n patroon ontwikkel het: eers as kleremakers, dan suksesvolle besigheidsmense, daarna het kinders dokters en regsgeleerdes geword, en eers daarna was daar tyd om by ander aktiwiteite, soos politieke belange, betrokke te raak.

'n Soortgelyke situasie was deel van die Boer se kulturele erfenis. Deur die jare worstel generasie na generasie om onder moeilike omstandighede sukses op plase te behaal. Tyd en dikwels geleenthede om te gaan studeer, het ontbreek. Daar was ook nie tyd beskikbaar om by partypolitiek betrokke te raak nie. Hierdie situasie, waar die Boer leierskap in politieke aangeleenthede vermy het, het later geleidelik en tot 'n mate verbeter en positief verander na gelang die Boer meer gevestig geraak het en sy nasate ook die geleentheid gekry het om akademies onderrig te word. Al meer onderwysers en ander beroepslui het mettertyd deel van die Boer se samestelling geword. Selfs nadat Boere professionele posisies bekleed het, is hulle weens toewyding aan hulle beroep, ook nie maklik oorgehaal om by partypolitiek betrokke te raak nie. Die betrokkenheid van Boere by partypolitiek het deurentyd traag gebly aangesien die Boer telkens weens die gevolge van sy vryheidstryd, teruggeplaas is in 'n situasie van dag-tot-dag oorlewingstryd (Figuur 6.2).



Figuur 6.2: Sosiopolitieke ryppwordingsfases binne 'n pioniersgroep gebaseer op Gladwell (2008:151-158)

Bespreking

Weens die Boer se aanvanklike agterstand ten opsigte van akademiese ontwikkeling, het hy betreklike ongeërgdheid en onbetrokkenheid by politieke aangeleenthede ("laat dit aan die slim mense oor"), openbaar. Die Kaapse Afrikaner-elite het die voortou geneem om die politieke terrein en die gepaardgaande sosiale ingenieurswese, wat tot Afrikanereenheid en Afrikaner-identiteit gelei het, te bewerkstellig. In die opsig het politieke leiers 'n belangrike rol gespeel wat baie kortliks bespreek word.

6.2.2.4 Die rol van politieke leiers in die vorming van Afrikaner-identiteit in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu

Politieke partye en politieke leiers is primêr ingestel op politieke mag, wat deur middel van stemme by die stembus binne die Westminster stelsel verkry word. Bruwer (1986:11) verwoord dit soos volg:

.... 'n politieke party wat aanvanklik 'n middel tot 'n doel is, spoedig 'n doel op sigself word en dan 'n algehele wesensverandering ondergaan. Die feit dat 'n party in 'n voortdurende stryd betrokke is om mag te bekom, veroorsaak dat stemme vir hom belangriker as beginsels word, met die gevolg dat die behoud of die verkryging van mag, op enige manier moontlik, die hoofdoelwit word.

Teen hierdie agtergrond moet die verskil tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner se benaderings teenoor die Westminster partypolitieke stelsel beoordeel word. Die Kaapse Afrikaner is gewoon aan die partypolitieke stelsel en beywer hom vir die verkryging van mag en beheer deur middel van die politieke party. Daarteenoor is die Boer vryheidsgesind en volksgesind en poog om hierdie doelwitte deur middel van kulturele aksies, vryheid en republikenisme te bevorder. Dit bevestig die groep se kulturele nasionalisme.

Afrikaner-politici, soos Louis Botha, Smuts, Hertzog, Malan en Verwoerd, is voorbeelde van politieke leiers wat 'n suiwer politieke agenda bedryf het. Hertzog mag moontlik 'n mate van uitsondering gewees het, aangesien hy ook kultuuraksies gedryf het. Hy was nietemin bereid om met die Engelse saam te werk en het na "Engelse Afrikaners" verwys (Wilkens & Strydom, 1978:52-70). Botha en Smuts het nie die republikeinse vryheidstrewer of ideologie van die Boervolk gedeel nie en het die oorlewing van die Blanke en politieke mag bo 'n volksideaal vooropgestel.

6.2.2.5 Gevolgtrekking

Die vestiging van Afrikaner-identiteit het veral tot stand gekom as gevolg van die bevordering van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme weens politieke doelwitte. Dit is veral bevorder deur die benutting van sosiale ingenieurswese deur die Kaapse Afrikaner-elite. Die Boer was ontvanklik vir die vestiging van Afrikaner-identiteit en het dit aanvaar weens veral ekonomiese omstandighede, maar ook weens die feit dat die Boer oor die algemeen nie akademies en administratief geletterd was nie en dus taamlik onbetrokke en oningelig met die "geleerde mense" vereenselwig het. Die wortel van vryheid en die oprigting van 'n republiek is deur die politici aan die Boergesindes voorgehou. Terselfdertyd is die term *Afrikaner*, ten koste van die term *Boer*, bevorder.

Die Afrikanernasie is dus die produk van korttermyn politieke krisisbestuur en het na die vestiging van die RSA getaan, nadat Afrikanereenheid na blankisme omgeskakel is, wat in die volgende hoofstuk bespreek word. Die rol van partypolitiek, waar die wenner by die stembus "alles vat", is ongelukkig dikwels ter wille van politieke sukses van "oorwinning by die stembus", telkens bo die volksideaal van "vryheid" gestel. Ongelukkig geld die verskynsel van imperiale uitbreiding, soos deur Harari (2015:191, 197) beskryf, dat tydens ontwikkeling van groter kulture, die kleiner kulture in die groter groepering opgeneem word en verdwyn, ook hier. Die Boer sou waarskynlik as noodwendige gevolg binne die Afrikanernasie verdwyn het as die kulturele erfenis van die Boervolk nie so pertinent gevestig was nie. Hierdie aspek word in Hoofstuk 6.3 bespreek.

6.2.3 Apartheid dra by tot die vestiging van Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu

Die term *apartheid* word direk aan die Afrikanerregerings van die 20^{ste} eeu gekoppel. Die begrip van aparte, of afsonderlike ontwikkeling, die eksklusiewe woonplek en die eksklusiewe gebruik van geriewe, is egter so oud soos die mens self. In die Bybel word vermenging met ander volkere uitdruklik verbied (Josua, 23:7). In die Romeinse samelewing het die *plebs* of gewone mense geleidelik, eers vanaf 509-44 v.C. siviele en sosiale regte bekom (Microsoft Encarta, 2009: s.v. *plebs*). Segregasie is algemeen, en in die besonder deur Engeland en Amerika, veral in hulle kolonies, toegepas (Giliomee, 2004:445). Ook in Suid-Afrika het die Engelse koloniale regering segregasie rigied toegepas (Giliomee, 2004:243, 251-252). Shepstone het byvoorbeeld reeds in die tweede helfte van die 19^{de} eeu segregasie in Natal toegepas (Degenaar, 1987:246). Die veelbesproke voorval, waartydens Gandhi van 'n "blanke trein" verwyder is, het tydens Britse bewind plaasgevind (Nanda, 2012: s.v. Gandhi).

Segregasie (apartheid) is deur die Engelse tot institusionele patroon in Suid-Afrika ontwikkel. Rondom Uniewording (1910) het Afrikanerleiers die ideologie van segregasie van die Engelse oorgeneem. Degenaar tref 'n onderskeid tussen segregasie en apartheid: "Apartheid (wat later NP beleid geword het) het van die tradisionele segregasiebeleid daarin verskil dat, terwyl in segregasie teen nie-blankes gediskrimineer is met behoud van die bestaande politieke struktuur, het apartheid diskriminasie binne die konteks van die ideaal van aparte selfregerende politieke eenhede beoefen" (Degenaar, 1987:246).

Degenaar (1987:247) sit die rol wat ras (en apartheid) in Afrikaner-nasionalisme en die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gespeel het, soos volg uiteen: "Hoe meer radikaal rasse-segregasie deurgevoer word, hoe beter sal dit wees, en hoe meer konsekwent die beleid van apartheid toegepas word, des te meer suksesvol sal ons suiwerheid van bloed en ons onvermengde Europese rasse-oorlewing gewaarborg word."

Tydens, of selfs voor die vestiging van apartheid in Suid-Afrika, het die Afrikaner-elite (as sosiale ingenieurs) Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme as ideologie uitgebou. Degenaar (1987:234) verwoord dit as: "Die kweek van 'n groepsidentiteit onder Afrikaners en die implementering van die apartheidsbeleid op alle terreine met die doel om Afrikaner-identiteit en blanke oorlewing te waarborg." Soos reeds gemeld, beskou Duvenhage (2019) apartheid as die "vestiging van Afrikaner-identiteit binne die voortsetting van 'n stel Britse reëls en die toepassing van Britse kolonialisme binne Afrikaner-verband".

Dit is belangrik om daarop te let dat die Boervolk en die Kaapse Afrikaner verskillende standpunte oor apartheid gehad het; trouens, apartheid is in die Wes-Kaap gebore (Giliomee, 2004:397). Om meer duidelikheid oor hierdie uitgangspunt te gee, moet die kulturele erfenisse van die Boer en die Kolonialer of Kaapse Afrikaner meer diepgaande ondersoek en vergelyk word (Hoofstuk 6.3).

6.2.4 Republikanisme dra by tot die vestiging van Afrikaner-identiteit

Die NP en sosiale ingenieurs van die eerste helfte van die 20^{ste} eeu moes vir die republikeinse vryheidstrewer van die Boer en die *Pro-Republikeinse Kolonialer*, ter wille van politieke winsvoorsiening maak, en het geen ander keuse gehad as om, ter wille van republikanisme, in 1961 'n republiek (RSA) tot stand te bring nie.

Ten opsigte van die politieke leiers van die eerste helfte van die 20^{ste} eeu moes hulle ook die Boergesindes se volksingesteldheid en republikeinse vryheidstrewer, soos dit onder andere duidelik geblyk het tydens die Boereopstand van 1914-15 en tydens die Ossewa-Brandwag, in ag neem en het daarvoor voorsiening gemaak deur dit deel van die politieke party se beleid te maak. Daarbenewens poog politici om Afrikanereenheid te bevorder en gebruik sosiale ingenieurswese om dit te bereik.

Gevolgtrekking

Republikanisme is die ideologiese uiting van 'n vryheidsgevoel, wat regdeur die geskiedenis by die Boervolk teenwoordig was. Die sosiale ingenieurs het dit gehuisves deur 'n republiek (die RSA) te stig (Hoofstuk 7.2.2). Die oprigting van 'n republiek het nie werklik 'n invloed op Afrikaner-identiteit gehad nie, maar word volledigheidshalwe genoem. Republikanisme en vryheidsgesindheid was nooit deel van die Afrikaner se strewe nie, maar wel van die Boergesindes. Die verskil tussen die Boer en die Afrikaner se kulturele erfenisse word nou bespreek.

6.3 Die onderskeid tussen die Kulturele Erfenis van die boer en die Kaapse Afrikaner

6.3.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is die onderskeid tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner reeds op vele terreine aangetoon. Die hoof-onderskeid tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner is gesetel in die Boer se strewe na vryheid, teenoor die Afrikaner se aanvaarding van vreemde oorheersing, deelname daaraan en bevordering daarvan. Verskeie ander faktore en terreine is ook ter sprake en word nou verder bespreek.

Daar moet aanvaar word dat die onderskeid tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner nie altyd dogmaties gestel kan word nie. Verder kan aanvaar word dat daar dikwels huwelike plaasgevind het waar 'n Boer en 'n Kaapse Afrikaner met mekaar getrou het en waar die kinders nie noodwendig 'n bepaalde keuse oor identiteit gemaak het nie. Binne families en selfs gesinne word dikwels polarisasie aangetref, waar een kind as 'n Boer na vore tree en 'n ander as 'n Afrikaner bekend wil staan. Hierdie verskynsel vorm die kern van die dilemma waarin die Afrikanernasie homself in die 20^{ste} eeu bevind het, en word duidelik weerspieël in die situasie waarin BASA21 vandag verkeer. Nogtans is daar vandag steeds mense vir wie die vryheidstrewende 'n lewenswyse geword het en wat weens hulle bepaalde kulturele erfenis, steeds daarop aandring om as *Boere* (nie as *Afrikaners* nie) bekend te staan. Die omgekeerde geld ook. Die gronde vir die ontwikkeling van elk van die twee groepe se kulturele erfenisse word voorts eerstens kortliks opgesom, waarna die verskille in Tabel 6.2 vergelyk word.

6.3.2 Die kulturele erfenis van die Kolonialer of die latere Kaapse Afrikaner

Verskeie faktore het 'n rol gespeel om 'n besondere kulturele erfenis by die Kolonialer te vestig. Opsommend kan gestel word dat die Kolonialer ontstaan het uit amptenare, besigheidsmense, soldate, professionele mense en landbouers, wat hoofsaaklik akkerbou toegepas het. Die Kolonialer het aanvanklik nie as deel van die Veeboerbeweging die Kaap verlaat en na die binneland getrek nie, en het in die betreklike nabyheid van die Kaap gevestig. Hulle was meer direk aan die owerhede van die Kaap blootgestel as hulle landgenote in die binneland en aan die limiete, en het in 'n baie veiliger omgewing 'n bestaan gevoer. Toerusting en lewensmiddele was meer geredelik beskikbaar as vir die inwoners in die binneland. Hierdie omstandighede het daartoe bygedra dat min faktore, wat identiteitsontwikkeling volgens die verskillende genoemde teorieë tot stand kan bring, as deel van die Kaapse Afrikaner se kulturele erfenis gevestig is. Veral 'n gebrek aan vryheidstrewende, volksingesteldheid en republikanisme by die Kolonialer, het daartoe bygedra dat sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, veral kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit veel later by die Kaapse Afrikaner as by die Boer ontwikkel het – indien dit enigsins ontwikkel het. Verder het die ontwikkeling van 'n liberale gees en kompromitterende gesindheid vroeg reeds by die Kolonialer en Kaapse Afrikaner ontstaan, veral weens die prediking van liberale NGK predikante (Gerdener, 1925:99-100, 158; Giliomee, 2004:78,160). Eienskappe soos liberalisme, onderdanigheid aan die regering van die dag, bereidwilligheid tot kompromieë en gebrek aan vryheidstrewende, het geleidelik deel van die Kolonialer se kulturele erfenis geword.

6.3.3 Die kulturele erfenis van die Boervolk

Die Proto-Boer en latere Boer is weens die afstand van die Kaap af eers baie later aan die liberale invloede wat van Europa af oorgewaaie het, blootgestel. Die Trekboer en die latere Boer is ook dekades lank aan bedreigings blootgestel, waaronder wilde diere en vyandige plaaslike inwoners, wat hulle lewens voortdurend bedreig het, hulle vee gesteel en eiendom verwoes het (tot vandag toe). Die diepgesetelde vryheidstrewes wat by die Boer teenwoordig is, is voortdurend uitgedaag en die bedreigings, vyandigheid en konflik, wat deur die Engelse imperiale en koloniale beleid veroorsaak is, was verder 'n bepalende faktor in die vestiging van die Boervolk se kulturele bewuswording, volksbewussyn en vestiging van volksidentiteit. Sekere eienskappe soos selfstandigheid, onafhanklikheid, hardkoppigheid, individualisme, die vermoë om sy eiendom en homself te verdedig en te beskerm, en 'n kultuur van eer is as deel van die kulturele erfenis van die Boer gevestig. Dit het van hom 'n formidabele vegter, ruiter en jagter gemaak (Doyle, 1902:1; Gladwell, 2008:167-168).

In *Op Trek* onder redaksie van Celestine Pretorius (1988: 104-125), word die lewe van die Boer op Trek uitgebeeld. Die Boer was geforseer om sonder die nodige middele, wat nie geredelik te koop en beskikbaar was nie, klaar te kom en moes 'n bestaansboerdery bedryf. Lewensmiddele is self gepraakseer. Hulle het hul eie infrastruktuur opgerig en sekere werktuie self gemaak. Hulle moes vir hul eie proviand sorg. Veral die voortdurende stryd om te oorleef teen wilde diere, die vyandelike aktiwiteite van swartes en later die Engelse, het veroorsaak dat die Boer telkens alles van voor af moes opbou nadat hulle eiendom vernietig, verloor, gesteel of agtergelaat is. Telkens wou die vyande van die Boer sy swaar verdienende besittings en prestasies "oorneem" sonder teenprestasie – "onteiening sonder vergoeding", soos deesdae verwoord. Die Boer was bereid om sy eiendom te verdedig, maar ook bereid om ten spyte van 'n sterk ontwikkelde patriotisme, telkens ter wille van vrede en die vermyding van konflik alles agter te laat en te trek om op 'n ander plek van voor af te begin. Die Boer se diep gelowigheid, volksgevoel, strewe na vryheid, onafhanklikheid en selfbeskikking vorm die kern van die Boer se lewenshouding en kulturele erfenis. Alhoewel die Boere nie in wese republikeins was nie, kan republikanisme aan hulle toegedig word omdat dit die instrument was waarmee uiting gegee kon word aan hulle volksgevoel en vryheidstrewes (Degenaar, 1987:236). Om dit te bevestig word van die belangrikste vryheidsmomente in die Boervolk se geskiedenis in Tabel 6.1 en die lys republieke wat deur die Boere gestig is, in Aanhangsel A getabuleer.

Dit is belangrik om daarop te let dat geen vryheidsmomente by die ontwikkeling van die Kaapse Afrikaner aangetoon kan word nie. Hierdie aspek beklemtoon een van die belangrikste eienskappe waarvolgens onderskeid tussen die Boer en Kaapse Afrikaner getref kan word. 31 Mei 1961 is een van die min dae wat deur die Boervolk sowel as die Afrikaner saam gevier word.

Let daarop dat 31 Mei in werklikheid 'n swart dag in die Boervolk se geskiedenis is. Op 31 Mei 1902 word die Boer aan 'n vernederende vredesooreenkoms onderwerp. Op 31 Mei 1910 word die Boer in sy eie republieke aan 'n Anglo-Afrikaner regime onderwerp en op 31 Mei 1961 word die Boer saam met die Afrikaner aan 'n "Blanke regime" onderwerp (Pretorius, 2012:18,19).

Tabel 6.1: Vryheidsmomente in die geskiedenis van die Boervolk tydens Fase 4

BELANGRIKE VRYHEIDSMOMENTE VAN DIE BOERVOLK		
Datum	Gebeurtenis	Betekenis of gevolge
Ongeveer 1745	Die Veeboerbeweging	Trek na die limiete
1779-1786	Patriotbeweging	Vryheidsbeweging
Februarie 1795	Graaff-Reinet	Onafhanklike republiek (misluk)
Junie 1795	Swellendam	Onafhanklike republiek (misluk)
1799	Van Jaarsveld-rebellie	Word onderdruk (misluk)
1815	Slagtersnek	Opstand teen Britse regering (misluk)
1834-1840	Groot Trek	Trek na vryheid (slaag)
2 Oktober 1836	Vegkop	Oorlewingsgeveg gewen (Silkaats)
1837 (Jan. en Nov.)	Mosega en Kapain	Oorwin en verdryf Matabeles
1837 en 1838	Traktaat Dingaan	Beding grond in Natal – ooreenkoms
13 Junie 1838	Gebied van Winburg	Ooreenkoms met Mokwana (Bataung)
16 Des 1838	Bloedrivier	Oorlewingsgeveg gewen (Zoeloes)
1842	Congella	Veldslag om vryheid teen Brittanje (verloor)
1848	Boomplaats	Veldslag om vryheid teen Brittanje (verloor)
1852	Sandrivier konvensie	ZAR onafhanklik (internasionaal erken)
1854	Bloemfontein konvensie	OVS onafhanklik (internasionaal erken)
1881	Majuba	Geveg om vryheid teen Brittanje (slaag)
1899-1902	Tweede Vryheidsoorlog	Verloor Republieke ZAR en OVS
1914-15	Boereopstand	Wil (onder andere) vryheid herstel (misluk)
1938	Simboliese Ossewatrek	Versterk volksbewussyn
6 Februarie 1939	Ossewa-Brandwag	Wil verlore republiek herstel (misluk)
31 Mei 1961	Republiekwording	Tydlike onafhanklikheid
1992	VEKOM en AVF	Vryheidsbeweging (misluk)

Tabel 6.2: 'n Vergelyking van die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner en die vestiging van Afrikanerkultuur

KULTURELE ERFENIS VAN DIE BOER EN DIE KAAPSE AFRIKANER			
TERREINE waarinne kulturele erfenis manifesteer	KAAPSE AFRIKANER se KULTURELE ERFENIS	DIE BOERVOLK se KULTURELE ERFENIS	AFRIKANER- KULTUUR Ná 1948
Kolonialisme versus republikaanse	Hang Kolonialisme aan	Strewe na vryheid, volksisme deur middel van republikaanse	'n Mengsel van republikaanse en kolonialisme
Vryheidstrewe	Vryheidstrewe afwesig Onderdanig aan regering	Strewe na vryheid en onafhanklikheid – belangrikste eienskap van die Boervolk	Mengsel van vryheids- gesindheid en onderdanigheid
Ekonomiese selfstandigheid	Ekonomiese selfstandigheid vroeg ontwikkel	Eers oorlewingstryd – ekonomiese selfstandigheid ontwikkel laat	Ekonomiese selfstandigheid vind neerslag in die Afrikaner
Betrokkenheid by besigheid	Raak vroeg in geskiedenis by besigheid betrokke	Fokus op plaas en boerdery. Nie ingestel op besigheid nie	Gemengde ingesteldheid
Die media	Beheer Afrikaanse media en gebruik dit deurentyd teen die Boer	Nie betrokke by media nie en word deur media getipeer as “verregs” en “verkramp”	Nie-republikeinsgesindes beheer media grootliks ná 1961
Nasionalisme	Bevorder politieke nasionalisme en partypolitieke eenheid	Bevorder kulturele nasionalisme.	Mengsel van eienskappe met klemverskuiwing vanaf kultuur na politiek.
Ingesteldheid ten opsigte van groepsbewussyn	Handhaaf nasionale bewussyn en nasionale identiteit.	Handhaaf volksbewussyn en volksidentiteit	Gemengde ingesteldheid van volksideologie en nasionale ideologie
Identiteit	Afrikanerskap wentel om taal (Afrikaans) en strek wyer as ras	Boerskap wentel om vryheid, kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit	Mengsel van eienskappe en lei tot verdeeldheid
Volksbewussyn	Kosmopolities gesind	Volksbewussyn sterk ontwikkel	Mengsel van eienskappe of verdeeld.
Ingesteldheid teenoor regime/owerheid	Koloniaalgesind en onderdanig	Vryheidsgesind en volksgesind	Mengsel van eienskappe en verdeeld.
Houding teenoor onderdrukking	Konformeer	Bied weerstand	Mengsel van eienskappe of verdeeld.
Ideologiese ingesteldheid	Liberaal en humanisties	Konserwatief, volksisme en republikaanse	Mengsel van eienskappe of verdeeld
Houding teenoor leiers en elite	Laat sake aan leiers oor ter wille van eie ekonomiese voorspoed	Baie lojaal en plaas hoë premie op verantwoordbare leierskap	Geleidelike afname in respek vir leiers by deel van Afrikaner

KULTURELE ERFENIS VAN DIE BOER EN DIE KAAPSE AFRIKANER			
TERREINE waarinne kulturele erfenis manifesteer	KAAPSE AFRIKANER se KULTURELE ERFENIS	DIE BOERVOLK se KULTURELE ERFENIS	AFRIKANER- KULTUUR Ná 1948
Ingesteldheid teenoor organisasies	Hou van organiseer en om beheer uit te oefen Organisasie dikwels belangriker as saak	Individualisties en wantrouig teenoor organisasies Laat Afrikaner dit dikwels oorneem Saak belangriker as organisasie	Gemeng en verdeelde eienskappe
Interaksie met Kerk	Kaapse NGK vyandig teenoor die Boervolk	Stig eie kerke en verdra kerk ter wille van geloof	Verdeelde kerke met verdeelde lojaliteit
Partypolitieke ingesteldheid en deelname	Meer betrokke ter wille van "organiseer en beheer".	Min betrokke en antagonisties teenoor partypolitiek Westminster stelsel vreemd	Gemengde ingesteldheid
Gesindheid teenoor taal (Afrikaans)	Sosiale bewuswording, groepsbewussyn en groepsidentiteit wentel om taal	Afrikaans word een van die Boer se kultuurgoedere Taal nie 'n kwessie as jy vry is nie	Afrikaner praat Afrikaans en is trots op sy taal
Rol van onderwys in die ontwikkeling van kulturele erfenis	Baie vroeg akademiese blootstelling. Tree na vore as "meer geleerd" as die Boer	Bloot basiese vaardighede, soos lees en skryf ontwikkel. Beklee agterstand teenoor die Koloniale Afrikaner	Liberale faksie beheer akademiese, kerk, onderwys en media, "bestuur" onderrig en handhaaf geldende mening
Gesindheid oor verhuising	Vestig meer dikwels oor langer tyd op dieselfde plek	Trek maklik weg van konflik	Gemengde eienskappe en ingesteldheid
Ingesteldheid teenoor die nakom van die Bloedrivier-gelofte	Voel nie deel van Gelofte en nakoming van Gelofte nie	Bloedrivier Gelofte is kern-belydenis om as Boer te kwalifiseer	Gelofte word as deel van die Afrikaner se kultuur ingesluit. Nie almal onderhou dit nie
Waagmoed en uitskieterstatus	Geneig om versigtig en terughoudend te wees – wegblyer	Bereid om op te staan en selfs sy lewe op die spel te plaas vir 'n saak – uitskieters	Mengsel van waagmoed en vreesagtigheid
Argitektuur	Kaapse gewelboustyl		Selektiewe gebruik
Veldlewe		Kamplawe, Jagter, ruiter, braaivleis, ossewa, kruithoring, hoed, lang rok en kappie	Selektiewe oordrag
Kultuur-historiese erfenis	Taalmonument	Voortrekkermonument en Vrouemonument, oorlogsmuseum en Bloedriviermonument; konsentrasiekamp kerkhove; slagvelde van 2de Vryheidsoorlog	Kombineer die monumente as Afrikanermonumente

Gekleurde blokkies: (onder die Afrikanerkolom) vorm deel van die Afrikanerkultuur waar die gemengde *(saamgevoegde) eienskappe kan lei tot verdeeldheid, konflik en identiteitsverwarring.

6.3.4 Die vestiging van Afrikanerkultuur deur middel van sosiale ingenieurswese

6.3.4.1 Inleiding

Deur die kulturele erfenis van die Boer en die Kaapse Afrikaner saam te voeg, het die sosiale ingenieurs daarin geslaag om in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu 'n nuwe kultuur by die fiktiewe Afrikanernasie te vestig. Die nuutgevormde Afrikanerkultuur is op verskillende wyses gevorm; soms deur 'n kombinasie van die twee kulturele erfenisse tot stand gebring, soms word 'n faset van een van die groepe se erfenis volledig opgeneem, terwyl op sommige kulturele terreine nuwe en kunsmatige instellings, kulturele “geleenthede” en kultuurgoedere ontwikkel is. Laastens en ongetwyfeld een van die belangrikste aspekte van die nuutgevormde Afrikanerkultuur is dat sekere aspekte van die kulturele erfenisse van die oorspronklike twee groepe, wat deel vorm van die fiktiewe Afrikaner, afsonderlik na vore kom. Hierdie verskynsel verklaar die verdeeldheid en onsekerheid rakende identiteit van die lede van die Afrikaner van die 20^{ste} eeu, asook van BASA21. Die wyse waarop Afrikanerkultuur deur middel van sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gebring is, word nou kortliks gedokumenteer.

6.3.4.2 'n Kombinasie van die Boerekultuur en die Kaapse Afrikanerkultuur vestig Afrikanerkultuur

Die Afrikanerkultuur is, onder andere, gevestig deur die kultuur van die Kaapse Afrikaner sowel as die van die Boer te kombineer. As voorbeeld word Afrikaans as taal en die handhawing daarvan 'n deel van die Afrikanerkultuur. Die vertaling van die Bybel in 1933 na Afrikaans het Afrikanerkultuur 'n hupstoot gegee. Verder word die verwerping van akademiese kwalifikasies, wat vroeër by die Kaapse Afrikaner, maar wel ook by die Boer na vore getree het, by die nuwe Afrikanerkultuur as 'n belangrike eienskap beskou. Die bedryf van 'n besigheid en ekonomiese onafhanklikheid is van beide groepe af as Afrikanerkultuur gevestig. Die Kaapse Afrikanergroep het egter baie vroeër met die bedryf van besigheid begin en het derhalwe 'n langer gevestigde kulturele erfenis wat dit betref. Hierdie aspek word deur Gladwell (2008:142, 151-152) beskryf, waar hy na die Joodse gemeenskap in New York verwys, wat as gevolg van 'n oorgeërfde besigheidskultuur makliker as die Italianers en Mexikaanse arbeiders, ekonomies aangepas en oorleef het (sien ook 6.2.2.3 en Figuur 6.2).

Die belangrikste aanpassing wat die sosiale ingenieurs moes maak, is om die vryheidstrewende en volksgesindheid van die Boer op 'n wyse te akkommodeer, ter wille van Afrikanereenheid en politieke steun by die stembus. Die strewende na vryheid deur middel van 'n republiek, as “vryheidsbaken”, word daarom in die sosiale ingenieurs (NP en AB) se planne ingebou. Dit loop

uiteindelik uit in die totstandkoming van 'n republiek (die RSA) in 1961, wat later verder ontleed sal word (Hoofstuk 7.2.2).

6.3.4.3 'n Faset van een groep se kulturele erfenis word deel van die Afrikanerkultuur

Die ossewa, die kruithoring en geweer, perdry, braaivleis, potjiekos, jukskei, boerbeskuit, jag en biltong, wat deel van Boerekultuur was, is as Afrikanerkultuur gevestig. Aan die ander kant word die Kaapse argitektuur en kookkuns wat in die Kaap gevestig is, as deel van Afrikanerkultuur, veral deur die digter Louis Leipoldt, voorgelê en as Afrikanerkultuur gevestig (Le Roux, 1968:173).

6.3.4.4 Nuwe en kunsmatige instellings word deel van die Afrikanerkultuur

Nuwe instellings, soos Die Voortrekkers (jeugbeweging), volkspele, die ontwikkeling van die Afrikaanse lied gepaardgaande met die publikasie van die FAK-sangbundel, is deel van die Afrikanerkultuur. Boeremusiek, ten spyte van die naam, het na die Tweede Wêreldoorlog tot sy reg ontwikkel, maar vorm 'n belangrike deel van die Afrikanerkultuur (Bouws, 1968:372).

6.3.4.5 Sekere aspekte van die kulturele erfenisse by die onderskeie groepe bly afsonderlik en kom onveranderd en ongeïntegreerd binne Afrikanergeleedere na vore

Die vermenging van die oorspronklike groepe se kulture speel 'n kernrol in die totstandkoming van diversiteit, verdeeldheid en verwarring, wat steeds by BASA21 teenwoordig is. Die konserwatiewe, vryheidsgesinde, volksgesinde, republikeinsgesinde (Boergesinde) Afrikaner is steeds ingestel op vryheid, onafhanklikheid en selfregering. Die Boergesindes of vryheidsgesindes is bereid om met waagmoed as “uitskieters” offers te bring en “hul lyf op die spel te plaas” ter wille van 'n groepsaangeleentheid, veral vir 'n gemeenskaplike volksaak, soos die verkryging en verdediging van vryheid. Aan die ander kant is die meer liberale, nie-republikeinsgesindes bereid tot kompromieë, is onderdanig en versoeningsgesind, en plaas nie maklik hulle “lyf” op die spel nie. Onlangse verdeeldheid en vorming van uiteenlopende groeperings (16 Oktober 2020) by Senekal⁵³ beklemtoon hierdie aspekte en verklaar (deels) die verdeeldheid onder BASA21.

6.3.4.6 Nuutgevormde en gemengde Afrikanerkultuur lei tot verdeeldheid

Tabel 6.2 toon duidelik dat uit die vier-en-twintig eienskappe wat van die voorsate van die Afrikaner oorgeërf is, net ses nie tot 'n verdelende kultuur (die nie-gekleurde blokkies in die laaste

⁵³ Sien voetnoot 1.

kolom) by die Afrikaner lei nie. Dit dui daarop dat die sosiale ingenieurswese-proses, wat op die Boer en die Kaapse Afrikaner toegepas is, net gedeeltelik suksesvol was en dat die kultuur wat die ingenieurs gepoog het om by die Afrikaner te vestig, tot verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van identiteit en 'n gebrek aan samehorigheid by die Afrikaner gelei het.

6.3.4.7 Samevatting en gevolgtrekking

Daar is aangetoon dat die Boer en die Kaapse Afrikaner afsonderlike kulturele erfenisse ontwikkel het. Hierdie kulturele erfenisse is tydens die 1930's tot 1950's saamgevoeg deur middel van sosiale ingenieurswese om by te dra tot die nuutskepping van 'n kultuur vir die fiktiewe Afrikaner. Hierdie samevoeging het op vier wyses plaasgevind, naamlik deur: eerstens die kulturele erfenisse te kombineer, tweedens deur sekere unieke eienskappe van die onderskeie groepe te beklemtoon en uit te bou, derdens deur nuwe kultuurgoedere tot stand te bring, en laastens deur lede, wat hulle met die onderskeie groepe se kulturele erfenis vereenselwig het, toe te laat om voort te gaan om hulle eie, dikwels botsende kulturele erfenisse, uit te leef.

Veral laasgenoemde verklaar deels die diversiteit, verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner, wat as eindresultaat van die sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het. Daar word gestel dat die Afrikaner van die 20^{ste} eeu en BASA21 inherent verdeeld en onseker oor hul identiteit is, weens 'n onvolledige samesmeltingsproses van die kulturele erfenisse van die Boer en die Kaapse Afrikaner aan die begin van die 20^{ste} eeu. Om die uiteenlopende kulturele erfenisse te versoen en te verenig, moes die sosiale ingenieurs 'n bepaalde paradigma vestig en handhaaf. Die verskillende paradigmas word nou met mekaar vergelyk.

6.4 Die vestiging van Paradigma A teenoor Paradigma B

6.4.1 Inleiding

Die resultate van die navorsing tot dusver het meestal aangedui dat die benadering van Paradigma B histories meer korrek is as dié van Paradigma A. Die rede vir hierdie afleiding is dat Paradigma A ontwikkel of gekonstrueer is om 'n sekere resultaat of doelwit te bereik. Die doelwit van Paradigma A was om mites te skep om Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme te bevorder deur 'n verbeelde gemeenskap te skep en simboliese interaksie te bevorder. Aan die ander kant het Paradigma B tot stand gekom deur die geskiedenis objektief (retrospektief) te ontleed. Teen hierdie agtergrond word die twee paradigmas, soos dit in Fase 4 uiteengesit is, in hierdie hoofstuk verder ontleed.

In Fase 4 sluit Paradigmas A en B deels by mekaar aan. Paradigma A het tot stand gekom ter ondersteuning van die sosiale ingenieurs se bevordering van Afrikanereenheid. Om

Afrikanereenheid te bevorder het die sosiale ingenieurs die paradigma geformuleer, wat die bestaan van net een volk erken. Hierdie paradigma ignoreer in werklikheid die bestaan van 'n Boervolk en hanteer die Boer en die Kaapse Afrikaner asof hulle gedeeltes van dieselfde groep (Afrikaner) mense is. Die bestaan van twee groepe (soos deur Paradigma B gepostuleer) vind geen aansluiting by Paradigma A nie en die bestaan van twee afsonderlike groepe is deur die voorstanders van Paradigma A óf geïgnoreer, óf ontken, deur die term Boervolk met *Afrikanervolk* te vervang, en die gebeure in die geskiedenis van die Boervolk aan die Afrikaner te koppel. Om Paradigma A te vestig, is 'n intensiewe sosialisasieproses van stapel gestuur. Die sosiale ingenieurs het dus bewustelik of onbewustelik die integrasie van die Boer en die Kaapse Afrikaner deur middel van sosiale ingenieurswese teweeg gebring. Paradigma B erken die totstandkoming van die Afrikanernasie, maar postuleer die totstandkoming uit 'n ander hoek; trouens, die twee paradigmas kan as twee foto's beskou word, wat uit verskillende hoeke van dieselfde toneel geneem is. Die foto's verskil, omdat Paradigma A proaktief geskep is en Paradigma B retrospektief gevorm is. Die twee paradigmas word nou ontleed.

6.4.2 Paradigma A

6.4.2.1 Inleiding

Dit herinner aan 'n "eier-en-hoender" situasie wanneer Paradigma A en die uitoefening van sosiale ingenieurswese op die vorming van Afrikaner-identiteit bespreek word. Dit is moeilik om te bepaal watter aspek eerste was en daar kan afgelei word dat die proses waarskynlik van die begin af geïntegreerd plaasgevind het.

Om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te vestig, was dit nodig om Paradigma A by die *Afrikaners* te vestig. Die mite van Afrikanereenheid moes gesosialiseer word deur die boodskap van eenheid, wat by die fiktiewe volksplanting ontstaan het en steeds voortduur, te vestig. Dit is bewerkstellig deur te sorg dat die *literati*, wat sleutelposisies beklee, die boodskap van Paradigma A deel en propageer. Die elite het deur middel van die NP en die AB aanstellings in leiersposisies gemanipuleer en gedikteer. Die AB het diep en op feitlik alle terreine van die samelewing "ingesuurdeeg" (Wilkens & Strydom, 1978:46, 59). Op dié wyse is onder andere beheer verkry oor die belangrikste opleidingsinstellings se beleide, en daar is deur middel van die geldende mening gedikteer en geselekteer, wát as kurrikulum aangebied word en wát as navorsing aanvaarbaar is. Hierdie geldende mening het uiteindelik aanleiding gegee tot 'n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit. Die "regte leiersmateriaal" is verder as onderwysers by onderwyskolleges geproduseer. Die "regte onderwysers" het departementshoofde, adjunkhoofde en hoofde by skole geword. Die "regte geskiedenisleerplanne" is vir skole voorgeskryf. Teologiese skole van die drie "susterskerke" het "reggeskoolde predikante" gelewer,


wat die “regte boodskap” van kansels af verkondig het. Toekennings en pryse is alleen vir kunstenaars en skrywers toegeken indien die “regte boodskap” deur hul werke beklemtoon is. Die “regte” redakteurs en senior joernaliste is by koerante en radiostasies aangestel. Die “regte sprekers” is genooi om by Geloftefeeste en ander volksbyeenkomste redes te lewer (Ferreira, 2018:75, 402). Leerlinge en studente is subtiel geïndoktrineer en gesosialiseer, sodat Paradigma A se uitgangspunte deel van die *All-Afrikanerdom* geword het (Deist, 2002:73-74). Leiers is van jongs af geïdentifiseer en by die Ruiterswag⁵⁴ betrek, waar hulle “opgelei” en dopgehou is om later by die AB ingelyf te word (Ferreira, 2018:397-398). Die AB het die “regte mense” in die gemeenskap ekonomies gehelp en bevorder, onder andere met bevoordeling by kontrakte. Die res moes op hul eie stry om oorlewing, met die gevolg dat die “regte mense” in die gemeenskap ’n vlak van ekonomiese welvaart kon bereik en daarna voldoende finansiële en leiersposisies kon bereik waaruit verdere projekte geloods kon word. Diegene in leiersposisies kon byvoorbeeld in die nie-ekonomiese velde leiding gee en voortgaan om byvoorbeeld by die politiek, kultuurorganisasie, media en ander meningsvormende instansies, as verkondigers van die “regte boodskap” betrokke te raak (Ferreira, 2018:402).

⁵⁴ Die **Ruiterswag** (RW) is ’n kultuurorganisasie waarby “uitgesoekte” jong lede betrek word. Binne hierdie organisasie word die “ideologiese koring van die kaf” geskei sodat slegs persone wat Paradigma A aanhang as lede van die AB geselekteer en aanbeveel is om lid van die AB te word. Die RW is deur die AB befonds.

6.4.2.2 Die boodskap of uitgangspunte van Paradigma A

Die boodskap of uitgangspunte van Paradigma A kan soos volg vereenvoudig word: Die Afrikaner bestaan (primordialisties) reeds vanaf Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap, wat 'n volksplanting was. Hollanders, Duitsers en Franse het outomaties by die Afrikaner ingeskakel en deel van die *Afrikaner* geword. Afrikaans is van vroeg af in die Kaap gepraat. Die Afrikaners het vroeg reeds, as gevolg van republikaanisme in opstand teen die VOC gekom en twee republieke, naamlik Swellendam en Graaff-Reinet, gestig. Hierdie uiting van republikaanisme is volgens Paradigma A deel die Afrikaner en het uiteindelik gelei tot die oprigting van die RSA in 1961. Die Slagtersnek-opstand was volgens Paradigma A 'n vryheidsmoment in die geskiedenis van die Afrikaner en is as mite van Afrikanerlyding en -onderdrukking oorvertel. Die Afrikaner se verset teen kolonialisme word volgens Paradigma A deur die Groot Trek weerspieël. Tydens die Groot Trek het die Afrikaner by Vegkop geveg, die Gelofte van Bloedrivier afgelê en Afrikanerhelde soos Retief, Pretorius, Potgieter, Dirkie Uys en Sarel Cilliers het na vore getree. Die werklike vryheidsmoment van die Afrikaner was gesetel in die weerstand en oorwinning oor Brittanje by die Slag van Majuba, waar Piet Joubert as "Afrikanerheld" na vore getree het. Tydens die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner heldhaftig teen die Engelse geveg en lewer Afrikanerhelde, soos De Wet, Gideon Scheepers, De la Rey en Danie Theron op. Tydens die 1914 Rebelle het Afrikaners in opstand gekom en het Manie Maritz en Siener van Rensburg as Afrikanerhelde na

vore getree. Die uitkoms van die rebellie was die fusillering van die Afrikanerheld Jopie Fourie, wie se Afrikaner-hart, ironies, deur 'n Afrikaner-koeël deurboor is (Bothma, 2015:405; Figuur 6.3). Die aanhangers van Paradigma A verswyg doelbewus die konflik in die *All-Afrikanerdom*-benadering, naamlik dat hulle ander groot Afrikanerheld, generaal Jan Smuts, die argitek van Fourie se teregstelling was (Bothma, 2015:17).



Figuur 6.3: Jopie Fourie, die Boererebel, word as 'Afrikanerheld' gemitologiseer (Skets deur Obia).

Daar kan duidelik waargeneem word dat Paradigma A gekonstrueer (gefabriseer) is om 'n sekere verhaal te vertel en om 'n einddoel, naamlik die skepping van

Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit, te bereik. Daarteenoor het Paradigma B tot stand gekom deur die geskiedenis krities en terugskouend te ontleed.

6.4.3 Paradigma B

6.4.3.1 Inleiding

Paradigma B het tot stand gekom deur die geskiedenis krities te ontleed. Wanneer die geskiedenis buite die vooroordeel van Paradigma A ontleed word, blyk dit duidelik dat daar geen doelbewuste volksplanting plaasgevind het nie, maar dat die bedoeling bloot was om 'n verversingstasie op te rig. Die volksontwikkeling wat plaasgevind het, het meer as 'n eeu na Jan van Riebeeck, min of meer in die tyd van die totstandkoming van die republieke van Swellendam en Graaff-Reinet, vir die eerste keer na vore getree. Verder is dit duidelik dat, alhoewel die meeste bronne die bestaan van twee groepe in die 1700's en 1800's rapporteer, die onderskeid nie werklik beklemtoon word nie. In ooreenstemming met Paradigma A en die geldende mening, word die twee groepe ook nie uitgelig, benoem of na die hede toe uitgebrei nie. Volgens Paradigma B kan die twee groepe as die Boer en die Kolonialer benoem word en die twee groepe kan na vandag toe uitgebrei word. Verder behels die uitgangspunte van Paradigma B dat die meerderheid historiese gebeure, wat deur Paradigma A aan die Afrikaner toegedig word, histories met die Proto-Boer en Boer gebeur het en nie op die Afrikaner van toepassing is nie. Die enigste gebeure wat 'n invloed op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad het en aan 'n paar lede van die Proto-Afrikaner (Pro-Republikeinse Kolonialers) toegeskryf kan word, is die gebeure rakende die Eerste Taalbeweging. Dit is daarom gepas dat die Taalmonument as 'n Afrikanermonument in die Kaap opgerig is, terwyl die Voortrekkermonument (Boeregeskiedkundige monument) en die Vrouemonument (wat die Boervolk se stryd gedenk) onderskeidelik in Transvaal en die Vrystaat opgerig is.

6.4.3.2 Die uitgangspunte van Paradigma B

Soos reeds gemeld, stel Paradigma B dat daar in 1652 'n verversingspos aan die Kaap opgerig is en dat 'n doelbewuste volksplanting nie plaasgevind het nie. Proto-Boere was die hoofrolspelers by die stigting van die republieke Swellendam en Graaff-Reinet en die inisieerders van die Groot Trek. Die *Boere* het by Vegkop, Weenen, Bloukrans, Italeri en Bloedrivier geveg en die Gelofte van Wasbank/Bloedrivier met God aangegaan. Die Proto-Boer en die latere Boervolk het vroeg reeds die vryheidstrewa en strewa na onafhanklikheid getoon, volksgesindheid of volksisme openbaar en uiting aan hierdie ingesteldheid gegee deur verskeie republieke te stig (Aanhangsel A). Hulle het ook reeds vroeg in die geskiedenis ter wille van vryheid teen die VOC in opstand gekom. Die stigting van die twee republieke Swellendam en Graaff-Reinet demonstreer hierdie

ideologiese ingesteldheid. Die Slagtersnek-gebeure was volgens Paradigma B 'n spontane opstand teen die onbillike regsprosesse wat op die inwoners van die Oosgrens afgedwing is. Daar kon wel 'n mate van 'n soeke na vryheid by sommige deelnemers teenwoordig gewees het, maar dit word nie deur Paradigma B as 'n belangrike mite uitgelig nie. Die Proto-Boer en die Boer se verzet teen kolonialisme was 'n belangrike oorsaak van die Groot Trek en geen persoon wat as 'n Afrikaner bekend gestaan het, was volgens enige gesaghebbende bronne betrokke nie (Kemp 1995:6). Tydens die Groot Trek het Boerehelde soos Retief, Pretorius, Potgieter, Dirkie Uys en Sarel Cilliers na vore getree. Die werklike vryheidsmomente van die Boer was gesetel in die oorwinnings oor Dingaan by Bloedrivier, asook oor Brittanje by die Slag van Majuba, waar Andries Pretorius en Piet Joubert onderskeidelik as Boerehelde na vore getree het. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Boer heldhaftig teen die Engelse geveg en het Boerehelde soos Christiaan De Wet, Gideon Scheepers, Koos de la Rey en Danie Theron opgelewer. Tydens die Boere Opstand van 1914 het Boere gerebelleer en het Manie Maritz en Siener van Rensburg as Boerehelde na vore getree. Jopie Fourie was 'n Boereheld en simboliseer die Boer se strewe na vryheid. Tydens die vestiging van die Ossewa-Brandwag (OB) het volksisme en 'n strewe na vryheid baie sterk na vore getree. Die OB was volgens Pienaar (2001:26), wat die OB as jong seun beleef het, 'n "suiwer Boere-Afrikanerbeweging" en was "sterk pro-Afrikaner nasionalisties" georiënteerd. Die effek van Paradigma A en die sosialisering van die Boeregesinde Pienaar kan hier duidelik waargeneem word; waar hy (Pienaar) in werklikheid die term *Boer* wil gebruik, maar weens die gevestigde persepsie, die term *Afrikaner* gebruik. In 'n persoonlike onderhoud met Pienaar in 2006 is die verskynsel bevestig.

Die onafhanklikheidsgesindes binne die nuwe Afrikaner-entiteit, wat in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het, het voortdurend druk uitgeoefen om die ideologie van vryheid en volksisme deur republikanisme te bevorder. Dit het uiteindelik gekulmineer in die vorming van 'n republiek in 1961. Dit is belangrik om daarop te let dat die Afrikaner-politici geen ander keuse gehad het as om die republikeinsgesindes binne die NP, ter wille van steun by die stembus, in te sluit nie. Die oprigting van 'n Republiek het dus deel van die NP se ideologie (voor 1961) geword en is tydens 'n referendum in 1960 getoets. Ironies en omdat die Boeresindes en volksindes nie werklik suiwer republikanisme as ideologie nagestreef het nie en omdat hulle in werklikheid 'n volksrepubliek wou hê, was die *Boer* nie tevrede met die nuwe republiek nie. Hierdie aspekte word in die volgende hoofstuk in besonderhede bespreek (Degenaar, 1987:236).

Voordat 'n gevolgtrekking gemaak word, is dit nodig om kortliks by die uitslag van die referendum oor die verkryging van 'n republiek in 1960 stil te staan. Daar was 1 790 000 Afrikaanssprekende stemgeregtigde kiesers. Die uitslag was 850 458 kiesers (52%) ten gunste van 'n republiek, terwyl 775 878 kiesers (48%) die monargale staatsvorm wou behou. Minder as die helfte van die

Afrikaanssprekende Afrikaners het dus ten gunste van 'n republiek gestem (Du Toit, 2009:83-84). Dit beklemtoon die rol en omvang van die kolonialergesindes, asook die inherente verdeeldheid binne BASA20.

6.4.4 Gevolgtrekking


Die sosiale ingenieurs van die vroeë 1900's het daarin geslaag om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te vestig. Tydens die vestigingsproses het Paradigma A tot stand gekom, wat "die geskiedenis herinterpreteer" het om 'n sekere paradigma en mites, wat die verbeelde gemeenskap van die Afrikaner bevorder het, tot stand te bring (Deist, 2002:73). Hierdie nuut geskepte paradigma en mites het onafskeibaar van die sosiale ingenieurswese-proses geword en is deur die elite of sosiale ingenieurs op kundige wyse deel van hul bouplanne in die sosiale ingenieurswese-proses gemaak. Die kern van hierdie mites was om die verbeelde gemeenskap, die simboliese interaksie en die lyding en konflik wat die Afrikaner te beurt sou geval het, te beklemtoon en as deel van Afrikanergeskiedenis te vestig. Hierdie mites het bygedra tot die totstandkoming van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit, en het tot Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit gelei. Hierdie Afrikaner-identiteit wat tot stand sou kom, is onvolledig uit die twee kulturele erfenisse geïntegreer. Die totstandkoming van die Ossewa-Brandwag is 'n bewys daarvan. Die sosiale ingenieurs het nietemin daarin geslaag om, ten spyte van die onvolledige integrasie, 'n *de jure* ('n wettige) Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit tot stand te bring en tot so 'n mate te vestig dat 'n gevestigde persepsie oor Afrikaner-identiteit by 'n groot deel van die Afrikaner van die 20^{ste} eeu (BASA20), asook by BASA21, gevorm is. Hierdie begripblok bevestig die bestaan van die *Afrikaner* volgens die patroon van Paradigma A, naamlik dat dit primordiaal (oorspronklik) by 'n volksplanting in 1652 ontstaan het en dat alle geskiedenis wat daarna opgeteken is, op die Afrikaner van toepassing is.

Daarteenoor beoordeel die aanhangers van Paradigma B die gebeure terugskouend en interpreteer die geskiedenis vanuit 'n objektiewe hoek, 'n histories meer korrekte siening ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. Volgens Paradigma B het die Boervolk en die Kaapse Afrikaner afsonderlik ontwikkel en is die fiktiewe *Afrikaner*-entiteit die gevolg van 'n kunsmatige en onvolledige integrasie van die onderskeie oorspronklike entiteite se kulturele erfenisse. Volgens Paradigma B het die *Boer* en die Kaapse Afrikaner apart ontwikkel en het 'n *de facto* (op grond van gebeure) *fiktiewe Afrikaner*-entiteit tot stand gekom.

Die werklikheid is dat die *de facto* en *de jure* Afrikaner-identiteit deels in botsing met mekaar is. Dit het tot gevolg dat verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner,

asook by die BASA21, waargeneem kan word. Ironies kan die waarnemer (asook deelnemer) dikwels die verdeeldheid en onsekerheid oor identiteit waarneem sonder om noodwendig die oorsaak van die verskynsel te verstaan. Die verstaan van die verskynsel kan benut word as die grondslag vir 'n remedie vir die verdeeldheid en verwarde identiteit wat tans by BASA21 aangetref word.

Die historiese ontwikkeling, op grond van die twee paradigmas, word skematies in Figuur 6.4 voorgestel. Om die ontstaan van die verwarrende identiteite egter beter te verstaan, is dit nodig om in meer besonderhede die teoretiese grondslag waarop Afrikaner-identiteit tot stand gekom het, te beskou.



Figuur 6.4: Die historiese inhoud ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, gebaseer op die uitgangspunte van Paradigmas A en B

6.5 Die teoretiese begronding vir die vestiging van Afrikaner-identiteit, tydens die toepassing van sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu

6.5.1 Inleiding

Hierdie gedeelte van die studie vorm die kern van die navorsing. In Hoofstuk 2 is aangetoon dat veral drie komponente by die proses van sosiale ingenieurswese ter sprake is, naamlik die *sosiale ingenieurs*, die *subjekte* en die *simboliese inhoud van die bouprojek*, oftewel die data oor die vestiging van die planne, paradigma of mite (Blignaut, 2019). By die vestiging van Afrikaner-identiteit tydens die eerste helfte van die 20^{ste} eeu kan die sosiale ingenieurs geïdentifiseer word as die elite van die Afrikaanssprekendes, (BASA20), wat hoofsaaklik gevorm is deur politici, akademici, kunstenaars, predikante, onderwysers en joernaliste, wat (veral) as meningsvormers binne die AB en die leierskorps van die NP gefunksioneer het. Hulle het ook die regime gevorm. Die subjekte het bestaan uit al die inwoners van SA, wat die blankes sowel as die nieblankes ingesluit het. Hierdie navorsingstudie is toegespits op die rol van en die invloed wat die *planne, paradigma of mite*, op die blanke Afrikaanssprekendes uitgeoefen het. Die blanke Afrikaanssprekendes word in hierdie studie geïdentifiseer as die Kaapse Afrikaner aan die een kant en die Boer aan die ander kant. Die bouprojek of planne is tweeledig en behels enersyds die vestiging van Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme as ideologie, mite of paradigma. Andersyds en terselfdertyd vorm die vestiging van apartheid die tweede been van die bouprojek. Let wel dat die studie nie handel oor die uitwerking van apartheid op die nieblankes nie, maar net toegespits is op die uitwerking daarvan op die Afrikaner.

Die doelwit van die bouprojek kan gekonseptualiseer word as die beskerming van BASA20 se tuis en toekoms, deur die verkryging van politieke mag en gevolglike verskansing teen eksterne bedreigings, deur middel van die toepassing van politieke beleid (Degenaar, 1987:233). Die bedreigings kan saamgevat word as 'n vyandige (Anglo-Joodse) ekonomie en 'n oorwig van nieblanke getalle in Suid-Afrika. Die samevoeging van BASA20 om soos 'n party binne die Westminsterstelsel te funksioneer, die bevordering van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit en die toepassing van apartheid, was dus die kontemporêre elite se antwoord op, en bouplan om bedreigings die hoof te bied (Pretorius, 2020).

Tydens die implementering van die bouprojek en die vestiging van die bouplan, is die paradigma of mite van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit, asook die bestaan van 'n fiktiewe Afrikanervolk en die Afrikanernasie gevestig. Die planne het die vestiging van rites en die oprigting van "tempels" ingesluit (Deist, 2002:73). Die subjekte (die Boer en die Kaapse Afrikaner) is sistematies en sistemies gesosialiseer, met die doel om Afrikanerkultuur en sodoende Afrikanereenheid, veral na Uniewording, te vestig. Hierdie fiktiewe Afrikanerkultuur is

kunsmatig gevorm deur die subjekte se sosiale, kulturele, godsdienstige en politieke waardes te sosialiseer. Die resultate van die sosialisasie het ingewerk op die groepe se groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn, ter vestiging van 'n kunsmatige Afrikanerkultuur, Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit (Degenaar, 1987:233).

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie proses nie lukraak plaasgevind het nie, maar dat die sosiale ingenieurs besonder wetenskaplik gehandel het deur die teoretiese onderbou vir identiteitsvorming kundig by die ingenieursproses te implementeer. Die teorieë soos in die analitiese raamwerk gekonstrueer, is óf doelbewus, óf onwetend en toevallig, in die bouplanne opgeneem en die toepaslikheid daarvan word hierna verduidelik.

Veral vyf teorieë speel 'n rol om Afrikaner-identiteit te verklaar en is kunstig deur die ingenieurs as grondslag gevestig om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te vestig. Die teorieë sluit in: die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, die Kulturele Entrepreneur, die teorie van Konflik en Oorlog, die teorie van Sosiale Fenomenologie en laastens die teorie van Simboliese Interaksie. Hulle word nou afsonderlik bespreek.

6.5.2 Die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap vestig Afrikaner-identiteit

In Hoofstuk 5 is tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaner-identiteit eers in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu gevestig is. Die Afrikanernasie en veral die Afrikanervolk is 'n mite wat deur sosiale ingenieurs tot stand gebring is. Om dit te bewerkstellig is 'n "verbeelde gemeenskap" geskep. Oor die Afrikaner as 'n verbeelde gemeenskap stel Deist (2002:72): "*The case in point is the formation of 'Afrikaner identity', the history of which also makes clear the conditions and mechanisms necessary for the formation and acceptance of a fictitious identity.*" Hou in gedagte dat die verbeelde gemeenskap nie 'n leuen is nie, maar dat die gemeenskap werklik bestaan indien die "gemeenskap" as entiteit in die *mende* van die gemeenskap vorm aangeneem het (Harari, 2015:31). Die Afrikaner as verbeelde gemeenskap is, onder andere, tot stand gebring deur die lede, oftewel die moontlike lede, naamlik die Kaapse Afrikaner en die Boervolk, gesamentlik te motiveer tot sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, en veral die stimulering van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit. Die verbeelde gemeenskap het sodoende in die *mendes* van die subjekte tot stand gekom. Dit is gedoen deur die ideologieë, volkstradisies en die historiese gebeure, wat in die geheues van die uiteenlopende groepe geleef het – met ander woorde die onderskeie kulturele geheues van die Boervolk en die Kaapse Afrikaner – saam te voeg en te herinterpreteer, sodat dit "nasionale betekenis" kon verkry (Deist, 2002:73). Dit dra by tot en verklaar die vestiging van Afrikaner-identiteit. Die rol wat die samevoeging van die afsonderlike kulturele erfenisse gespeel het (Tabel 6.2) kom hier na vore. Dit beklemtoon ook die rol van die kulturele entrepreneur, wat volgende bespreek word.

6.5.3 Die Kulturele Entrepreneur vestig Afrikaner-identiteit

In Hoofstuk 2.5.6.3 is verduidelik dat die kulturele nasionalis en die politieke nasionalis, wat elemente binne die teorie van 'n Kulturele Entrepreneur vorm, dikwels in konflik verkeer. Hierdie potensiële konflik is aanvanklik kunstig deur die ingenieurs in Fase 4 gekombineer deur die momentum wat uit die kulturele aktiwiteite rondom die herdenking van die Groot Trek (1938) ontstaan het, as basis te gebruik vir die uitbouing van die partypolitiek (die NP).

Volgens Hutchinson (1987:1-2) poog die kulturele nasionalis (in hierdie geval die *Boer*) gewoonlik om die nasionalisme van binne die groepsbewussyn (volksbewussyn) op te bou, terwyl die politieke nasionalis van die standpunt uitgaan dat politieke onafhanklikheid en selfbeskikking die uitgangspunt van 'n *politieke masjien* behoort te wees. Die verwesenliking van selfbeskikking geskied dan, volgens die politieke nasionalis, deur die skep van 'n gesentraliseerde politieke masjien, wat die diverse samestelling van die nasie (polities) in 'n massabeweging mobiliseer. Die kulturele nasionalis bied dikwels weerstand teen die politieke nasionalis en het duidelik na vore getree in die totstandkoming van die Boere-rebellie van 1914, asook deur die Ossewa-Brandwag, wat gepoog het om deur kulturele selfbeskikking en "volkseenheid" onafhanklikheid te bereik (Pienaar 2001). Die kulturele nasionalis (of Boergesindes) het na vore getree deur klem op die kulturele aspekte te plaas. Veral volksgesindheid, republikenisme in die breër sin en kulturele onafhanklikheid is voortdurend deur die kulturele nasionalis vooropgestel en hulle wou die momentum gebruik om die volksgevoel te bevorder (Degenaar, 1987:236).

'n Gesamentlik terrein, wat deur die sosiale ingenieurs (ook) as kulturele entrepreneurs uitgebuit is, wentel om die bevordering van Afrikaans as taal. Nadat Afrikaans as amptelike taal in 1925 bevestig is en veral nadat die Bybel in Afrikaans vertaal is (1933), het die ontwikkeling van Afrikanerskap en Afrikanereenheid 'n groot hupstoot gekry en het dit die doelwitte van beide die kulturele nasionalis en die politieke nasionalis, bevoordeel.

Hutchinson (1987:4-5) beskryf vyf terreine wat in die verhouding tussen die "moderniserende staat" en die ontwikkeling van kulturele nasionalisme 'n rol speel. Hierdie aspekte is kundig (wetend of onwetend) deur die sosiale ingenieurs toegepas (sien 2.5.6.3):

- i) Akademici, geskiedskrywers, kunstenaars, digters en skrywers is dikwels deur die elite (en die regime) geprys en beloon vir bydraes wat die "herlewing" van die Afrikaner se nasionale geskiedenis en kultuur beklemtoon.
- ii) Kulturele projekte is dikwels deur politieke intellektuele (die sosiale ingenieurs) omgeskakel in ekonomiese, sosiale en politieke programme. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) is byvoorbeeld spoedig omvorm tot 'n ekonomiese program, waarbinne politieke

agendas subtiel en minder subtiel bedryf is. Die Voortrekkermonument se kulturele grondslag is geleidelik na 'n politieke speelbal en ekonomiese instelling getransformeer.

- iii) Die konteks waarbinne hierdie politieke doelwitte afgespeel het, is deur die politieke intellektuele (die sosiale ingenieurs) aangeneem en getransformeer om hulle doelwitte te bevorder.
- iv) Omstandighede is verder deur middel van die staatsbestel of die regime tot so 'n mate bevorder dat die politieke intellektuele (die sosiale ingenieurs) in staat was om hulle programme te institusionaliseer.
- v) Die kulturele entrepreneurs van die 1930's tot 1950's was veral daarop ingestel om die verstedelike en verarmde Afrikaner [*Boervolk] op te hef deur opbouprogramme en die slagspreuk is beklemtoon: "n Volk red homself" (Blignaut, 2019).⁵⁵

Om die mite van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit suksesvol te vestig, moes die sosiale ingenieurs die kulturele erfenisse van die Boer (as kulturele nasionalis) en die Kaapse Afrikaner (as politieke nasionalis) suksesvol integreer. Een van die terreine waarbinne integrasie moes plaasvind, is die belewenis of blootstelling aan konflik, wat deur die Boervolk as kulturele erfenis saamgedra is. Dit bring ons by die teorie van Konflik en Oorlog.

6.5.4 Die teorie van Konflik en Oorlog vestig Afrikaner-identiteit

In Hoofstuk 4 is aangetoon hoe konflik en oorlog bygedra het om 'n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Boervolk tot stand te bring. Die Boer het voorts in die 20^{ste} eeu konflik en geweld onder die Britse bewind beleef (sien Hoofstuk 6.2.1). Die vernedering en onderdrukking deur Britse beleid is voortdurend deur die sosiale ingenieurs beklemtoon wat verder bygedra het tot die vestiging van identiteit by lede van die BASA20.

Die ingenieurs van Fase 4 het sosialisasie, die skole se geskiedenis sillabusse, die media, akademië, skrywers, kunstenaars en die ervaring en belewing van konflik en oorlog deur die Boervolk, herinterpreteer deur dit op die Afrikanernasie van toepassing te maak (Deist, 2002:73). Hiervolgens is Afrikaner-identiteit gevestig deur konflik, geweld en oorlog. Dit wat deur die Boervolk ervaar is, is op die *Afrikaner* van toepassing gemaak. Dit is onder andere gedoen deur die oprigting van die Voortrekkermonument, wat die (Boervolk se) konflik tydens die Groot Trek beklemtoon het en die oprigting van die Vrouemonument [*Boervrou monument] wat die (Boervolk se) lyding tydens die Tweede Vryheidsoorlog, as Afrikaner- konflik en -lyding beklemtoon het. Verhale en mites oor konflik, lyding en oorlog is as *Afrikanergeskiedenis* en -

⁵⁵ Die probleem en veldtog is deur die politici as die "armblanke"-probleem geëtiketteer (Giliomee 2004:249, 253).

mites voorgedra, wat bygedra het tot die vestiging van Afrikaner-identiteit. Die monumente is voorgestel as “simbolies van Afrikanerlyding”. Die simboliese interaksie van onder andere die monumente en die skep van mites, wat inpas by die teorie van Simboliese Interaksie, word vervolgens bespreek.

6.5.5 Die teorie van Simboliese Interaksie vestig Afrikaner-identiteit

Die teorie van Simboliese Interaksie verduidelik hoe individue, deur middel van simboliese interaksie en assosiasie, deel van die groter groep of geheel word deur die ontwikkeling van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook die ontwikkeling van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit. Die subjektiewe betekenis wat mense se optredes en gedrag aan bepaalde objekte en gebeure koppel, word benut en die simboliese betekenis van objekte en gebeure word beklemtoon en gekoppel aan die mense se optrede ten opsigte van *wat hulle glo* en is nie noodwendig op die “objektiewe waarheid” gegrond nie (Blignaut, 2019). Op bogenoemde wyse word die BASA20, as *Afrikaner*, sinchronisties gekoppel aan gebeure rondom Slagtersnek, die Groot Trek en die Vryheidsoorloë. Die simboliek rakende die gebeure tydens die Groot Trek, soos Vegkop, Retief se moord, die moorde by Weenen en Bloukrans, die Gelofte van Wasbank en die Slag van Bloedrivier, word as Afrikanergeskiedenis (soos geformuleer deur Paradigma A) voorgestel en gepropageer. Deist (2002:73) beskryf die handelinge van die ingenieurs soos volg: *“They included the reinterpretation of folk tradition and history, a ritual reinforcement of the ideology, the formation of secretive elite decision-making bodies and a massive investment in indoctrination.”* Die herinterpretasie was daarop gemik dat gebeure in ’n “nasionale lig” beskou moet word, sodat Afrikanertrots, Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit en uiteindelik ’n Afrikanernasie gevestig kon word.

Tydens die eerste tydperk van die politieke sosialisasie tydens Fase 4, word die twee groepe effektief saamgevoeg, veral onder die leiding van doktor Malan. Hy lewer belangrike toesprake, waartydens simbole vir die “nuwe Afrikanernasie” tot stand gebring word om die mite, soos deur Deist (2002:72-73) beskryf, te vestig (Tabel 6.3).

Die simboliese Ossewatrek het ’n baie belangrike rol in die totstandkoming van sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook en veral van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit gespeel (Scholtz, 2016:58). Die resultate van hierdie simboliese handelinge het gekulmineer in die vorming van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit. Anders gestel het die teorie van Simboliese Interaksie aanleiding gegee tot, en verduidelik dit die ontstaan van die Afrikaner as volk en nasie. Die opwelling van nasionalisme het veral die Boergesinde Afrikaners geïnspireer. ’n Emosionele opwelling het oor die land versprei en oral by feeste langs die pad van die simboliese Ossewatrek is kinders gedoop, mense

getrou en is strate na die Voortrekkers en die Eeufees vernoem. Die opwelling van emosie en nasionalisme lei uiteindelik tot die stigting van die Boergesinde OB. Die politici van die tyd het hierdie gevoel van nasionalisme benut om 'n politieke magsblok te vestig, wat in 1948 die regering oorgeneem het (Giliomee, 2004:383-384; Scholtz, 2016:58; Scholtz, 2018:11).

Dit is interessant om daarop te let dat die Simboliese Trek by die standbeeld van Jan van Riebeeck begin het, om die sogenaamde volkstigting te simboliseer.

Die vestiging van mites en die rol van rites by die vestiging van 'n groepsbewussyn, volksbewussyn en nasionale bewussyn is kundig toegepas (Du Toit, 2019b:75). Die skep van Afrikanerhelde soos Retief, Potgieter, Sarel Cilliers en Andries Pretorius, Dirkie Uys, Racheltjie de Beer en Wolraad Woltemade, al het die Afrikaner nog nie bestaan nie, het deel van die bouplan geword. Die viering van Stigtingsdag op 6 April, Helderdag op 10 Oktober en Geloftedag op 16 Desember vorm onder andere deel van die "herinterpretering van geskiedkundige gebeure om nasionale betekenis te verkry" (Deist, 2002:73). Die simboliese ossewatrek as herdenking van die Groot Trek as mite, het die kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit van die Afrikaner bevestig. Die volgende datums en gebeure kan as simboliese mylpale op die pad van die ontwikkeling van die Afrikanernasie beskou word:

Tabel 6.3: Belangrike simboliese en geskiedkundige gebeure by die skepping van 'n Afrikanernasie

GEBEURE	DATUM
Afrikaans word as amptelike taal erken (Van Jaarsveld 1959:212)	8 Mei 1925
Die jaarlikse viering van Stigtingsdag	6 April
Unievlag word bekendgestel (Van Jaarsveld 1959:215)	25 Mei 1926
Die Volkslied (Die Stem) bekendgestel (Van Jaarsveld 1959:238)	26 Julie 1938
Simboliese Ossewatrek en Eeufeesviering	1938
Die jaarlikse viering van Helderdag	10 Oktober
Die jaarlikse viering van Geloftedag	16 Desember
Hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument (Muller 1979:393)	16 Des. 1938

Die simboliese interaksie en gemeenskaplike benadering ten opsigte van die gebeure en objekte deur die Boer en die Kaapse Afrikaner (BASA20) – die beskouing van gebeure in 'n *nasionale lig*

– het gelei tot saamhorigheid, sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit of Afrikaner-identiteit (Van Jaarsveld, 1959:24).

6.5.6 Die teorie van Sosiale Fenomenologie vestig Afrikaner-identiteit

Die teorie behels die studie van formele strukture waaruit die samelewing bestaan en waar “dade van intensionele bewussyn geanaliseer en beskryf kan word” (Blignaut, 2019). Die belangrikste struktuur wat onder die Afrikaner-elite aan die begin van die 20^{ste} eeu gevorm is, is sekerlik die AB. Deist (2002:73-74) beskryf dit so: *“leaders in the fields of business, politics, religion and education organized themselves into an exclusive ‘covenant of brothers’ that could plan, steer and even manipulate the complete cultural life of white Afrikaans-speaking people.”* Hierna is onder die AB se voorgedyskap, openlik of op bedekte wyse, is verskeie kulturele, sosiale en ekonomiese strukture geskep wat tot sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit gelei het. Kulturele en sosiale instellings sluit in die FAK, ATKV, Voortrekker-jeugbeweging, volkspele, debatsverenigings, Boeresport, Boeremusiek en verskeie volksfeeste. Ekonomiese instellings wat aanvanklik op sentiment geskoei was sluit in Federale Volksbeleggings, Volkskas, Sanlam, AVBOB en Santam. Hierdie instellings is deur die media as Afrikaner-instellings gepropageer en die ondersteuning daarvan (“elke pennie wat jy bydra”) was “deel van jou plig as Afrikaner”. Die AB het meestal die inisiatief geneem om die strukture en instellings op te rig en het dan gesorg dat hulle beheer daarvoor uitoefen. Die ironie is dat byna al hierdie organisasies wat deur die Afrikanernasie se “pennies” tot stand gebring is, vandag in volksvreemde hande is!

Laastens is die Afrikanersaak en die beginsels van Paradigma A in die skole bevorder, van kansels af verkondig, in die media en die kunste bevorder en in toesprake by volksbyeenkomste en geloftefeeste besing.

Die teorie van Sosiale Fenomenologie verklaar dus die totstandkoming van verskeie instellings wat op die lewensterreine van die nuutgevormde en fiktiewe Afrikaner ingewerk het, daartoe bygedra het dat sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit (Afrikaner-identiteit) gevestig is.

6.5.7 Gevolgtrekking rakende die teoretiese onderbou vir Afrikaner-identiteit

Die totstandkoming van ’n fiktiewe Afrikanernasie word verklaar deur die verskillende teorieë wat deel van die analitiese raamwerk uitmaak. Die verskillende tersaaklike teorieë is waarskynlik of, moontlik onkundig oor die verskillende teorieë se inhoud, deur die ingenieurs toegepas om die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit te bevorder. Die teorieë kan nietemin terugskouend waargeneem word en die beginsels, soos in die teorieë saamgevat, is doelbewus en deur

pertinente beplanning deur die sosiale ingenieurs toegepas om die fiktiewe Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit tot stand te bring (Deist, 2002:73-74).

6.6 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die finale ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, soos dit in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu plaasgevind het, beskryf. Die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese wat 'n invloed op die identiteit van die lede van BASA20 uitgeoefen het, is eerstens in oënskou geneem. Die rol van kolonialisme, die vestiging van Afrikanereenheid en die uitbou van apartheid is ontleed. Daar is bevind dat al drie vorme van sosiale ingenieurswese bygedra het tot die vestiging van Afrikaner-identiteit.

'n Vergelyking is tussen die Kaapse Afrikaner en die Boer se kulturele erfenisse getref. In hierdie vergelyking is die Kaapse Afrikaner en die Boervolk se kulturele erfenisse afsonderlik beskou. Daarna is die uiteindelijke Afrikanerkultuur wat tot stand gekom het, beskryf. Terselfdertyd is die nuutgevormde kultuur van die Afrikaner, wat uit die kombinasie van die twee kulturele erfenisse tot stand gekom het, getabuleer (Tabel 6.2). Daar is bevind dat, uit vier-en-twintig eienskappe uit die kulturele erfenisse van die Boervolk en die Kaapse Afrikaner wat saamgevoeg is om die Afrikanerkultuur te vorm, net ses nie tot 'n verdelende kultuur by die Afrikaner lei nie. Daar kan dus afgelei word dat die samevoeging van die Boervolk en die Kaapse Afrikaner se kulturele erfenisse tot 'n verdeelde, verwarrende Afrikanerkultuur gelei het. Dit gee verder aanleiding tot verwarring oor Afrikaner-identiteit en verdeeldheid onder BASA21-geledere.

Vervolgens is die verskille tussen Paradigmas A en B bespreek. Daar is bevind dat Paradigma A ontstaan het as deel van die sosiale ingenieurswese-proses waartydens Afrikaner-identiteit aan die begin van die 20^{ste} eeu tot stand gekom het. Die doel van Paradigma A was om die geskiedenis te herinterpreteer om sekere mites, wat die verbeelde gemeenskap van die Afrikaner bevorder het, tot stand te bring, sodat Afrikanereenheid en nasionale identiteit bevorder kon word. Hierdie Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit is effektief en *de jure* (wettig) gevestig en het tot 'n gevestigde persepsie aanleiding gegee, wat konstateer dat die Afrikaner (volgens die patroon van Paradigma A) primordiaal by 'n volksplanting in 1652 ontstaan het en dat alle geskiedenis wat daarna opgeteken is, op die Afrikaner van toepassing is.


Daarteenoor beskou die aanhangers van Paradigma B die gebeure terugskouend, interpreteer die geskiedenis vanuit 'n objektiewe hoek en is derhalwe histories meer korrek ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. Paradigma B konstateer dat die Boer en die Kaapse Afrikaner afsonderlik ontwikkel het en deur sosiale ingenieurswese aan die begin van die 20^{ste}

eeu (onvolledig) geïntegreer is om 'n *de facto* (op grond van gebeure) fiktiewe Afrikaner-entiteit tot stand te bring.

Die *de facto* en *de jure* Afrikaner-identiteite is deels in botsing met mekaar en lei tot ernstige verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner, asook tans onder die BASA21. Indien die oorsaak van die verdeeldheid en verwarde identiteit wat tans by BASA21 aangetref word, verstaan word, kan daar 'n oplossing vir die toekomstige bestaan van BASA21 gevorm word.

Die teoretiese onderbou vir die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, gegrond op die analitiese raamwerk en die vyf tersaaklike teorieë, is beskryf. Die teoretiese begronding van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit maak die verstaan van die verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van identiteit makliker. Hierdie teorieë kan ook benut word by die vestiging van 'n toekoms vir BASA21.

Die kroon op die sukses van die sosiale ingenieurswese wat aan die begin van die 20^{ste} eeu toegepas is word weerspieël in die oprigting van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) in 1961. Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit eindig egter nie by 1961 nie. Verdere verandering, selfs 'n agteruitgang van identiteit, vind, na die totstandkoming van die RSA binne die geledere van die nuutgevormde Afrikaner plaas. Dit word in Hoofstuk 7 verder ontleed.



Figuur 6.5: Die Afrikaner kom tot stand deur samevoeging van die Kaapse Afrikaner en die Boer deur middel van sosiale ingenieurswese, onder invloed van Paradigma A, soos verklaar deur die analitiese raamwerk tydens Fase 4

HOOFSTUK 7: AFRIKANER-IDENTITEIT KOM ONDER DRUK VANAF 1961 TOT 1994

7.1 Inleiding

Tot dusver is in hierdie studie vier van ses fases met betrekking tot Afrikaner-identiteitsontwikkeling ontleed. Tydens Fase 1 (1600 tot 1700) het die voorsate van die Afrikaner gesamentlik ontwikkel en het duidelike aanduidings van verwydering tussen verskillende groepe ontstaan. Tydens Fase 2 (1700 tot 1800) het die kloof van verskille tussen twee bepaalde groepe duidelik na vore getree en tydens Fase 3 (1800 tot 1900) het dit tot so 'n mate gevestig geraak dat daar na die Boervolk en die Kolonialer (of latere Kaapse Afrikaner) as afsonderlike groepe verwys kan word. In Hoofstuk 6 is Fase 4 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling tydens die periode 1900 tot 1961 beskryf. Gedurende Fase 4 vind die implementering van intensiewe sosiale ingenieurswese plaas, waartydens die Boervolk en die Kaapse Afrikaner saamgevoeg word om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit te bewerkstellig en die Afrikanernasie is tot stand gebring. Na republiekwording het die sosiale ingenieurs onder leiding van die AB hul strategie verander “vanaf volksnasionaalisme na staatsnasionaalisme.” Volgens hierdie beleid het die klem begin val op die *witman* en nie meer op die begrip *Afrikaner* nie. Dit het Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit onder ernstige druk geplaas (Wingard, 2009:164).

Republiekwording in 1961 het Suid-Afrika grondwetlik van Brittanje losgemaak, maar dit het nie 'n verandering in die vryheidsgesindheid en selfbeskikkingstrewe van die Boergesinde Afrikaner teweeggebring nie. Die NP was nie ten gunste van 'n spesifieke staat vir die Afrikaner [*Boere] nie. Die NP het eerder die gedagte van 'n “blanke” staat bevorder. Die opvatting was dat die res van Suid-Afrika (die tuislande uitgesonder) 'n geopolitieke blanke “volkstaat” moes wees (Robbertze, 1996:40). Dit is insiggewend dat hierdie beleidsrigting in toenemende mate deur Engelssprekendes ondersteun is (Robbertze, 1996:41). Samewerking met die Engelsman was vir 'n beduidende deel (veral die Boergesinde deel) van die nuutgevormde Afrikanernasie nie aanvaarbaar nie (Wingard, 2009:33).

In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit vanaf republiekwording in 1961 tot en met die oorname deur die ANC in 1994 as Fase 5 van Afrikaner-identiteits-ontwikkeling ontleed.

Met betrekking tot die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit word veral vier verskynsels tydens Fase 5 uitgelig.

Eerstens word Afrikanereenheid prysgegee vir 'n alternatiewe ideologiese doelwit, naamlik om die blankes in Suid-Afrika in 'n nuwe (politieke) magsblok te verenig. Hierdie ideologie wat deur kontemporêre politici bevorder is, kan as "blankisme" gedefinieer word (Bruwer, 1986:45, Figuur 7.1).

Tweedens lei blankisme onder andere vanaf die wegbeweeg vanaf Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit, na die bevordering van 'n nuwe groepsbewussyn en groepsidentiteit, naamlik die ontwikkeling van "Blanke Suid-Afrikaners".

Derdens het politici gepoog om weg te doen met die sogenaamde "kwetsende elemente van apartheid".

Laastens word die kapitulasie van die AB en die NP teen die einde van die 20^{ste} eeu tydens die laaste gedeelte van Fase 5 waargeneem. Tydens hierdie gebeure verloor die Afrikaner-elite hulle mag en invloed op feitlik alle terreine van die samelewing. Futiele pogings om bevredigende politieke en sosiale toegewings en kompromieë met die ANC te bereik in 'n poging om sekere apartheidswetgewing te versag, het die Afrikaner en veral Afrikaner-identiteit verder onder druk geplaas.

Bogenoemde verskynsels het daartoe gelei dat die pas gevormde Afrikanernasie in drie groeperings verdeel het, naamlik die vryheidsgesinde en volksgesinde Boer aan die een kant en die assimilerende en liberale Afrikaner aan die ander kant. Tussen die twee pole vind ons mense wat hulleself steeds (weens die gevestigde persepsie) "Afrikaners" noem, maar dikwels eerder met die vryheidsgesinde Boer vereenselwig kan word. Alhoewel baie van hulle (weens die gevestigde persepsie) as Afrikaners bekend wil staan, staan hulle ook as Boere-Afrikaners, of Afrikaner-Boere bekend (Figuur 7.1).

Die wegbeweeg vanaf Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme het veral weens drie redes plaasgevind. Eerstens, weens die onvolledige samevoeging van die Boer en die Kaapse Afrikaner (om Afrikanereenheid tot stand te bring), soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon is, het skeiding tussen Boer en Kaapse Afrikaner na vore getree. Tweedens was die vestiging van 'n republiek (RSA) aan die een kant, asook die aard van die republiek aan die ander kant, vir sekere groepe binne Afrikaner-geledere nie aanvaarbaar en bevredigend nie. Laastens is die vestiging van blankisme moeilik aanvaar, aangesien 'n beduidende deel van die nuutgevormde Afrikaner (die Boergesindes) glad nie geneë was om met hul voormalige vyande (die Engelse) "in dieselfde juk saam te trek" nie.

Tydens die analise en konstruksie van die vorige hoofstukke se inhoud is 'n analitiese raamwerk gebruik wat uit drie elemente bestaan, naamlik die impak van die verskillende paradigmas op


Afrikaner-identiteit, die verskillende vorms van sosiale ingenieurswese wat Afrikaner-identiteit se ontwikkeling beïnvloed het, en laastens die toepassing van teorieë wat die vorming van Afrikaner-identiteit kan verduidelik. In hierdie hoofstuk word van die analitiese raamwerk afgewyk, omdat hier geen nuwe paradigma oor Afrikaner-identiteit ter sprake is nie. Verder vind tydens Fase 5 nie wesenlik bewimpelde sosiale ingenieurswese plaas nie, maar politieke sosialisasie, hoofsaaklik ter bevordering van blankisme, vind op lukrake en pragmatiese wyse plaas (Bruwer, 1988:45). Ten opsigte van die teoretiese onderbou neem ons waar dat die regerende Afrikaner regime wel 'n mate van geweld gebruik om die weerstandige en "uitwykende" Boergesindes onder bedwang en "in die kraal" te probeer hou. Hierdie geweld (wat hier onder duideliker uiteengesit sal word) maak die teorie van Konflik en Oorlog van toepassing en verklaar in 'n mate waarom die Boergesinde groepering toenemend 'n eie identiteit openbaar.

Hierdie hoofstuk is toegespits op die ontleding van die reaksie van die lede van die nuutgevormde Afrikanernasie op die pogings wat aangewend word om blankisme te vestig en om die klem van "Afrikanereenheid" na "blanke eenheid" te verskuif, asook die reaksie van die groepe op die afskaffing van apartheid en laastens die reaksie op die inploffing van die AB en die NP.

Die reaksie van die Afrikanernasie word beoordeel na aanleiding van die reaksie van die twee (identiteits-) pole, naamlik die Boervolk aan die een kant en die *Afrikaner* daarteenoor. Die twee groepe se optredes en reaksies op die nuwe ideologie en beleid van die regime word in hierdie hoofstuk met mekaar vergelyk. Die groepering tussenin is 'n kombinasie of menggroep van die twee pole. Die beskrywing geskied vanaf die aanloop en totstandkoming van die RSA en eindig met die inploffing van die AB en die NP.

Met die oog op die navorsing oor die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit word die hoofstuk soos volg ingedeel:

- Die wegbeweeg van Afrikanereenheid af werk op Afrikaner-identiteit in
- Die bevordering van blankisme werk op Afrikaner-identiteit in
- Die afstanddoening van apartheidswetgewing werk op Afrikaner-identiteit in
- Die inploffing van die AB en die NP bedreig Afrikaner-identiteit
- Nuwe groeperings ontstaan wat op Afrikaner-identiteit inwerk



Figuur 7.1: Die Ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 5 (1961 tot 1994)

7.2 Wegbeweging van “Afrikanereenheid” werk op Afrikaner-identiteit in

7.2.1 Inleiding

Nadat die sosiale ingenieurs tydens Fase 4 suksesvolle sosiale ingenieurswese toegepas het, is Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme tot so 'n mate gevestig dat daar 'n gevestigde persepsie ten opsigte van die bestaan van Afrikaner-identiteit ontstaan het (Deist, 2002:72-73, 78). Die gebruik van die terme *Afrikanernasie* en selfs *Afrikanervolk* is oorwegend by die BASA20-gemeenskap gevestig (Bruwer, 1988:91; Giliomee, 2004:316; Pienaar, 1968:17). Dit het tot gevolg gehad dat die sosiale ingenieurs onder die indruk verkeer het dat hulle in hul doel geslaag het om die Afrikaner as volk permanent te vestig. Hierdie indruk word versterk deurdat die Afrikaner op ekonomiese gebied, grootliks weens regeringsprojekte wat die Afrikaner bevoordeel het, reusagtige vooruitgang beleef het (Wingard, 2009:157). Weens hierdie redes was die politici bereid om die politieke visier wyer te stel en is besluit om die Engelsman in te sluit en deel van die politieke oplossing te maak.

Om perspektief te kry oor die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit tydens Fase 5, moet die verskil in benadering van die Afrikaner en die Boer ten opsigte van die nuwe republiek in gedagte gehou word. Die Republiek se burgers bestaan, volgens die Afrikaner se inklusiewe benadering, uit blankes (Afrikaans en Engels) met stemreg en nieblanke burgers sonder stemreg – 'n resep vir konflik! Terselfdertyd was die Boergesindes nie tevrede met die Republiek nie, want die Boer was van die begin af ingestel op 'n afsonderlike republiek, waarin hulle oor hulleself kon regeer. Die Afrikaner was ingestel op “eenheid-is-nodig-vir-oorlewing”, maar die Boer was bereid om as 'n minderheidsgroep en as volk op sy eie te oorleef. Waar die Afrikaner steeds bereid was om met die Engelsman as gelyke vennoot saam te werk om te kan oorleef, vertrou die Boer steeds nie die Engelsman nie en streef daarna om deur homself regeer te word.

Hoewel die Engelsman tydens Fase 4 as die Afrikaner se “vyand” gefigureer het en deur die sosiale ingenieurs as sodanig voorgehou is, het die Afrikaner-politici 'n punt bereik waar die Engelse stem by verkiesings nodig geraak het om 'n nuwe magsblok, naamlik “Blank-Suid-Afrika”, ter wille van politieke oorlewing tot stand te bring.

Dit het egter gou duidelik geword dat Afrikanereenheid nie onvernietigbaar is nie en weerstand teen die Afrikaner-regime het vanuit die geledere van die Boergesinde Afrikaner na vore getree kort na die totstandkoming van die RSA. Verdeeldheid in die geledere van die Afrikaner kon ook waargeneem word en drie groepe kan gedefinieer word, naamlik die Boer, die Afrikaner en die Boere-Afrikaner, wat hier onder verder bespreek word.

Hierdie verskynsels kom duidelik na vore met die oploep voor en die afloop ná die vestiging van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) in 1961.

7.2.2 Die totstandkoming van die republiek in 1961 is onbevredigend

7.2.2.1 Inleiding

Die republiek wat in 1961 tot stand gekom het, wat veronderstel was om 'n simbool van Afrikanervryheid en Afrikanereenheid te wees, word deur 'n beduidende deel van die nuutgevormde Afrikanernasie as onvolkome en onbevredigend ervaar (Muller, 1979:456; Robbertze, 1996:41). Die redes vir die ontevredenheid het gespruit uit die verwagting van 'n volksrepubliek wat by die volksgesinde deel van die Afrikaner bestaan het. Daar word kortliks in die geskiedenis gedelf om die verwagtinge van die ontevredeenes voor republiekwording te beskryf.

7.2.2.2 Die volksgesindes wou 'n republiek in die vorm van 'n volkstaat oprig

Met betrekking tot die strewe na selfbeskikking (voor 1961) haal Wingard (2009:196) Van der Merwe (1969:188) aan, wat stel dat dit belangrik is om daarop te wys dat, wanneer van 'n republiek gepraat word, daar uitdruklik deur die betrokkenes na die begrip *volkstaat* verwys word: “*The party (NP) undoubtedly accepted the provision that the republic would be an Afrikanervolkstaat.*” Dit is duidelik dat die volksgesindes en vryheidsgesindes met die uitoefening van republikanisme baie ernstig van voorneme was om 'n Afrikanervolkstaat op te rig.

Die stigting van die volgende organisasies, wat as deel van die “Volkstaatbeweging” gereken kan word, bevestig hierdie stelling (Wingard, 2009:194-197; Tabel 7.1).

Tabel 7.1: Buite-parlementêre organisasies wat hulle op die een of ander manier vir 'n volkstaat beywer het (Robbertze, 1996:39)

ORGANISASIE	LEIERS
Ossewa-Brandwag	Kmdt. Laäs en later dr Van Rensburg
Ossewagroep	Tienie Grobler
Boerenasie	Manie Maritz
Stryderskommando	Ontstaan in Vredendal 1938
SA Reddingsdaadbond	CK Smit
Boerekommando	JD Carter
Nasionale Raad van Trustees	Dr Albert Hertzog
CR de Wet-beweging	
Christelik-Republikeinse Beweging	
Die Republikein	Dr Steyn Vorster
Die Ware Volksvereniging	Prof CJH de Wet
Handhawersbond	

Die “volkstaatbeweging” neem die vorm van 'n “volksbeweging” aan en 'n verskeidenheid standpunte ten opsigte van 'n volkstaat tree deur middel van die verskillende organisasies na vore

(Wingard, 2009:196-197). Nie een van hierdie organisasies kon die Volkstaatbeweging monopoliseer nie, hoewel die Ossewa-Brandwag (OB) die meeste invloed uitgeoefen het. Die aanvanklike doel van die OB was om Afrikaners buite en bo die partypolitiek te verenig en om hulle met 'n kragtige begeerte, geskoei op Afrikaner-Calvinistiese tradisies, tot vryheid te inspireer.

Dit is belangrik om daarop te let dat baie Afrikaners met die partypolitiek as instrument om uitvoering aan hulle vryheids- en selfbeskikkingstrewes te gee, ontnugter geraak het. Volgens die vyfde verslag van die Volkstaatraad verklaar NGS van der Merwe: *"In 1935-36 I permanently lost all faith in party politics ... since then I started to exert myself for the establishment of a volksbeweging (movement of the people)"* (Robbertze, 1996:37). Die ontnugtering van die kiesers lei daartoe dat die politici daarvan kennis geneem het en in April 1935 besluit die Transvaalse Kongres van die NP dat "... die Party hom ten doel stel om die selfbeskikkingsreg van die Unie langs konstitusionele weg toe te pas totdat Suid-Afrika 'n soewerein-onafhanklike republiek sal wees, afgeskei van die Britse Kroon en Gemenebes" (Van Schoor, 1966:172-173). Dit lei uiteindelik daartoe dat 'n referendum in 1960 gehou is en dat die RSA tot stand gebring is op 31 Mei 1961 (Giliomee, 2004:445, xii).

7.2.2.3 Die republiek (RSA) voldoen nie aan die volkstaat (gesindes) se verwagtings nie

Die Republiek se grondwet het merkwaardig min verskil van die Unie-grondwet van 1909. "Die doel van republiekwording was meer om 'n enkele politieke lojaliteit vir alle wit Suid-Afrikaners teweeg te bring" (Giliomee, 2004:445). Die aanhangers van die volkstaatbeweging was uiteraard ontnugter en ongelukkig met die finale grondwet van die RSA. Daar is verwys na die nuutgestigte RSA as 'n "metropolitaanse gebied" wat aandui dat dit beslis nie aan die verwagtings van 'n volkstaat voldoen het nie (Wingard, 2009:33).

Die NP het die klem in toenemende mate op Suid-Afrika as 'n *blanke staat* geplaas (Wingard, 2009:199). Die party se beleid was veral sedert 1954 en veral onder die leiding van dr HF Verwoerd in 1958 gemik op die identifisering van nasionale state (tuislande) waar swartmense selfregering en selfbeskikking kon verkry (Robbertze, 1996:40). Daar is nie voorsiening gemaak vir 'n Afrikaner-tuisland, Boere-tuisland of selfs vir 'n blanke tuisland nie. Die uitgangspunt was dat veral Verwoerd bereid was om verdeling as praktiese politiek toe te pas. Sy beleid het daarop neergekom "dat daar in Suid-Afrika een blanke nasie en tien swart nasies is. Ná onafhanklikheid sou die swart state afskei, sodat die restant van Suid-Afrika 'n 'blanke' staat sou wees" (Robbertze, 1996:40). Let daarop dat Verwoerd na 'n *nasie* verwys het en geensins na 'n *Afrikanervolk* nie; allermens na 'n Boervolk.

Kort na republiekwording het 'n afvaardiging wat hulleself as *Boere* bestempel het, onder leiding van Manie Maritz, oudstoeier en seun van generaal Manie Maritz (een van die leiers tydens die Boereopstand van 1914), vir dr Verwoerd gaan spreek en 'n "Boerestan" (vergelyk die term *Bantoestan*) vir die Boervolk versoek. Verwoerd het dit van die hand gewys.⁵⁶

Republiekwording moet teen hierdie agtergrond beskou word. Die republiek was nie volgens die kontemporêre politici veronderstel om 'n volkstaat te wees nie (Wingard 2009:199). Trouens, Verwoerd het dit duidelik gestel dat hy nie die herstel van die ou republikeinse vorme, wat in die ZAR en OVS gegeld het, beoog nie. Die grondwetlike posisie met betrekking tot Afrikanerselfbeskikking het dus nie met republiekwording verander nie. Dit was bloot 'n voortsetting van die posisie wat sedert uniewording gegeld het. Die gevolge was, in die woorde van Albert Venter (2011:1): "... *the republic has become a historic artefact that has disappeared from the consciousness of the vast majority of ordinary white Afrikaners.*" Ten spyte hiervan was die gedagte van selfbeskikking uiters gewild onder 'n deel van die Afrikaners, soos uit die referendumuitslag van 1960 geblyk het (Robbertze, 1996:41).

Afrikaner-identiteit is weens die totstandkoming van die RSA onder druk geplaas as gevolg van die wegbeweeg van die teleurstellende Grondwet van die RSA na die meer liberale en minder volksgerigte beleid van die Republiek se kontemporêre regimes. Dit het negatief op Afrikaner-identiteit ingewerk en skeidslyne beklemtoon.

7.2.3 Gevolgtrekking

Die bevorderaars van Afrikanereenheid, of sosiale ingenieurs van Fase 4 (die NP en die AB), het opgehou om Afrikanereenheid te bevorder. Trouens, die nuwe benadering van die maghebbers om weg te beweeg van Afrikanereenheid, het Afrikaner-identiteit onder druk geplaas. Die totstandkoming van die RSA was, in plaas van 'n mylpaal in die geskiedenis van die republikeinsgesinde (volksgesinde) deel van die Afrikaner, die begin van die einde van volksisme. Veral die bevordering van blankisme het nie net weerstand nie, maar ook verdeeldheid onder Afrikanergeledere tot gevolg gehad (Bruwer, 1988:46-47).

7.3 Blankisme beïnvloed Afrikaner-identiteit

Die beleid van die republikeinse regime (na 1961), dat wegbeweeg moet word van Afrikanereenheid, het 'n verdere faset gehad, naamlik die vestiging van blankisme (Bruwer, 1986:45; Wingard, 2009:197). Dit het behels dat die Afrikaner en die ander blankes in Suid-Afrika as 'n "nuwe eenheid", naamlik as "Blank Suid-Afrika", moes funksioneer. Hierdie beleid het

⁵⁶ Besonderhede persoonlik aan die skrywer deur oom Manie Maritz op 19 April 2008 meegedeel.

geïmpliseer dat die Engelse as medelede van die “nuwe nasie” omhels moes word. Weens sekere historiese verhoudings en gebeure het dit bepaalde uitdagings tot gevolg gehad (Bruwer, 1988:46-47).

Die antagonisme jeens die Engelsman was nog tot so 'n mate vars in die kulturele geheue van die Boer dat dit byna ondenkbaar was om politieke samewerking tussen die Engelsman en die Boer te bewerkstellig. Die Kaapse Afrikaner het nietemin, soos oor die afgelope dekades heen, gemaklik met die Engelsman oor die weg gekom (Bothma, 2015:v, 201-201). Hierdie ingesteldhede van die twee groepe moet in gedagte gehou word wanneer die vestiging van blankisme ter sprake kom.

Die Engelsman het nog altyd op die Afrikaner, maar veral op die Boer, as sy mindere neergesien (Opperman Lewis, 2018:143,185, 205, 247). Die leed wat deur die Engelse vir die Boervolk veroorsaak is, bly steeds kleef en daarom het saamhorigheid tussen die Boer en die Engelsman moeilik plaasgevind (Opperman Lewis, 2018:36, 51, 82,134,139).

Dit het 'n dramatiese verskuiwing in denke by die lede van die Boergesindes vereis om die Engelsman en voormalige aartsvyand nou as medestryder om oorlewing en as nuutgevonde vriend of kameraad en medelid van die “blanke Suid-Afrikaanse nasie” te akkommodeer. Om die nuwe paradigma van 'n blanke nasie te vestig, was 'n politieke sosialisasieproses nodig. Die politieke doelwit het van die vestiging van 'n Afrikanernasie en Afrikanereenheid na die skepping van 'n Blanke nasie en Blanke-eenheid verander – dit ter wille van oorlewing teen die “swart gevaar” (Giliomee, 2004:306, 461; Liebenberg en Spies, 1993:300).

Verwoerd het ter wille van die uitvoering van hierdie beleid twee Engelse, naamlik menere Trollip en Waring, in sy kabinet opgeneem. Dit het daarop gedui dat die klem sterker gelê moes word op die versoening tussen Engelse en Afrikaanse volksgroepe en deur die Engelsman en Afrikaner te laat saamsmelt om 'n politieke magsblok te vorm. Dr Verwoerd en sy opvolgers, mnre Vorster en Botha, het vanaf 1961 tot 1984 nie minder nie as 500 000 nuwe Engelse die land ingebring om die Engelse se getalle te versterk. Dit het die nuutgevestigde Afrikanernasie en in besonder die Boergesinde of volkgesinde Afrikaner se posisie tot so 'n mate geknou dat hulle (volgens Bruwer) nie weer binne die RSA konteks sou kon herstel nie. Hy stel dat: “van die 500 000 immigrante het kwalik 20 000 verafrikaans, die orige 480 000 het almal die Britse kultuur in Suid-Afrika versterk (Bruwer, 1986:45).

Die liberale Afrikaner het heeltemal gemaklik met die Engelsman versoen en homself met blankisme vereenselwig. Hou in gedagte dat Brittanje teen die Boer, nie teen die Afrikaner nie, geveg het. Die NP se beleid is ook deur die Afrikaners by die stembus versterk, terwyl die

Boergesindes 'n nuwe politieke tuiste begin soek het en al meer weerstand teen die liberaalwordende NP begin bied het (Bruwer, 1986:244). Hierdie gesindheidsverskil tussen die twee pole binne Afrikanergeledere word in Hoofstuk 7.6 verder bespreek.

Gevolgtrekking

Die ideologie van blankisme en die gevolglike beleidstoepassing (deur die NP regime) ter bevordering daarvan, het by 'n sekere deel van die Afrikaner weerstand tot gevolg gehad. Dit het gelei tot die versterking van die identiteit van die groep wat as 'Boere' bekend wil staan. Dit het ook verdeeldheid en identiteitsverwarring by die Afrikaner as groep bevorder.

7.4 Die afskaffing van apartheid werk op Afrikaner-identiteit in

Apartheid is nie uniek aan Suid-Afrika nie en nog minder uniek aan die Afrikaner of aan die Boer. Giliomee redeneer dat: "Daar kan betoog word dat die apartheidsbeleid van die twintigste eeu sy diepste wortels in die Kompanjiestyd gehad het, met 'n geprivilegieerde burgerstatus as die kern van die bestel." Dit kan egter verder teruggevoer word na die meeste lande van daardie tyd, wat klasseverskille en slawerny oor baie eeue heen in die samelewings laat geld het (Giliomee, 2004:54). Veral die Engelse het in hulle kolonies apartheid (selfs ten opsigte van die Boere) streng toegepas. Opperman Lewis (2018:391) haal Antony Thomas aan, wat stel: *"If anyone can be accused of laying the foundations of apartheid, it was that most 'English of Englishmen' Cecil John Rhodes [54 years before the Nationalists came into power in South Africa]."*

Nogtans is die Afrikaner se identiteit nie werklik deur die idealisme van apartheid beïnvloed nie. Giliomee (2004:310) haal Piet Cilliers aan, wat beweer dat dit die Afrikaners se isolasie, hulle aparte ontwikkeling en groei, "wat die kern van hulle suksesverhaal was." Hy sê: "Die meeste Afrikaners is nie deur apartheid aangevuur nie, maar deur die nasionalisme."

'n Sekere deel van die Afrikaner se identiteit is eerder deur die afskaffing van apartheid beïnvloed. Daardeur is die tradisionele bestaansbeskerming, wat die beleid van apartheid aan die Afrikaner en veral aan die armer Afrikaner in die algemeen en die Boervolk in die besonder gebied het, verwyder. Dit het tot gevolg gehad dat 'n deel van die Afrikaner bedreig gevoel het en dat konflik tussen swart en wit ontstaan het op terreine waar voorheen vreedsame naasbestaan gegeld het. Dit sluit terreine in soos skole, sport, swembaddens, strande, piekniekplekke, kerke en ander openbare instellings en terreine. Sonder om 'n waardebeoordeling te maak of die politieke en sosiale gevolge te ontleed, kan gestel word dat selfs hierdie tipe konflik (nie net tydens oorlog nie) tot gevolg gehad het dat groeperinge van "hulle" en "ons" ontstaan het (Harari, 2015:195-196). Volgens die teorie van Konflik en Oorlog lei dit tot die beskerming van die "ons" (se eiendomlike) en verder tot groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit (Hoofstuk 2.4.1). Die

volksgeoriënteerde deel van die Afrikaner het veral die bedreiging van sy volkseie voortbestaan, kulturele erfenis en godsdienstige suiwerheid ervaar. Dit het gelei tot die verdere ontwikkeling van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit.

Die gedeelte van die Afrikaner wat meer liberaalgesind was, het geen probleme met assimilasië ervaar nie en het gevolglik nie dieselfde konflikterigte belewenis as die Boergesinde groep met die afskaffing van apartheidswetgewing ervaar nie (Giliomee 2004:154-158). Konformasie, insiklikheid en onderdanigheid aan die regering van die dag se beleid was die norm by die Afrikaner. Hierdie aspekte en gesindhede word in Hoofstuk 7.6 verder onder die loep geneem.

Gevolgtrekking

Afrikanernasionalisme en die bevordering van Afrikanereenheid is saam met die beleid van apartheid tydens Fases 4 ontplooi. Die bevordering van nasionalisme het 'n groter bydrae as apartheid op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad. Beide hierdie ideologieë is tydens Fase 5 op die agtergrond geplaas. Die afskaffing van apartheid het meer tot die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit bygedra as wat die vestiging van apartheid 'n impak gehad het.

Beide die afskaffing van Afrikanernasionalisme en apartheid het gepaard gegaan met die vermindering in mag en invloed van die AB en NP en word nou verder bespreek.

7.5 Die inploffing van die Broederbond en die Nasionale Party plaas Afrikaner-identiteit onder druk

Tydens die AB se stigtingsjare is die belange van die Boervolk deur die organisasie op die hart gedra.⁵⁷ Die eeufeesgeskiedenis van die AB is deur prof ELP Stals opgeteken en deur OJO Ferreira (2018) in 'n gedenkalbum saamgevat. In daardie publikasie word heeltemal afgewyk van die gebruik van die term *Boer* en word uitsluitlik na die *Afrikaner* en die *Afrikanervolk* verwys. Nadat die AB in 1921 geheimhouding begin toepas het, is daar op 20 Februarie 1932 amptelik besluit op die handhawing van streng vertroulikheid (Ferreira, 2018:41-42). Hierna het die leierskap van die AB al meer die belange van die Afrikaner, ter wille van Afrikanereenheid en die vestiging van politieke mag, bevorder (Wilkens & Strydom, 1978:46, 59). Daardeur is die Boervolk as erkende volk op die agtergrond geskuif. Die AB het deur middel van die "regte leiers" in sleutelposisies en deur die benutting van die netwerke van die AB, die NP en die regering, die beleid van apartheid en Afrikanereenheid (Afrikanernasionalisme) tussen 1900 (veral na 1930) en 1961 (Fase 4) gevestig (Ferreira, 2018:75, 398, 402). Die AB het 'n sleutelrol in die kunsmatige

⁵⁷ Hierdie inligting is persoonlik in 1983 deur 'n bejaarde Henning Klopper aan skrywer oorgedra.

vestiging en handhawing van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit gespeel (Pretorius, 2002:30).

Nadat die AB en die NP se invloed op die skepping en toepassing van beleid ernstig begin taan het, het die onderbou vir Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme ophou funksioneer. Dit het die wankelrige eenheid wat in Fase 4 tot stand gebring is, uitgedaag en Afrikaner-identiteit onder druk geplaas (Ferreira, 2018:405-406).

Weerstand deur volksgesinde Afrikaners teen die NP en die AB se liberale neigings is reeds vanaf 1964 waargeneem (Bruwer, 1986:45-46). Na die vestiging van die onafhanklike Republiek van Suid-Afrika in 1961 het die Kaapse Afrikaner die oormag binne die AB verkry en het die AB 'n dramatiese verandering ondergaan. Afrikanernasionalisme is op die agtergrond geskuif en solidariteit met die Engelsman, ter wille van blanke oorheersing, is op die voorgrond geplaas. Die AB het die verskynsel van interne liberalisering (wat reeds beskryf is) ondergaan en het sy lidmaatskap en deure geleidelik vir alle mense oopgestel en al meer in die openbaar na vore getree (en nie meer as 'n geheime organisasie gefunksioneer nie) (Pienaar, 2001:169-170).

Die liberalisering van die AB het baie behoudende lede binne AB-geledere vervreem en laat bedank. Giliomee (2004:625) verwoord dit soos volg:

Die Broederbond het sy grense herdefinieer. Aangespoor deur lid nommer 8507 (F.W. de Klerk), wat die uitvoerende raad van die Broederbond in 1992 toegesprek het, het die organisasie sy naam tot die Afrikanerbond verander, sy streng geheimhouding laat vaar en vroue en mense wat gekleur is as lede verwelkom. Die bond se ledetal het geval van die toppunt in die middel-1970's – ongeveer 12 000 lede in 800 afdelings – tot tussen 6 000 en 8 000 (o.a. 500 kleurlinge) in 2002.

Hierdie inploffing van die AB en die NP was die direkte oorsaak van die nederlaag tydens 'n bloedlose oorlog en die eerlose oorgawe (vir die Afrikaner) aan 'n vyandige groepering (Bosman 2021:4). Dit het 'n direkte en bedreigende effek op die behoud van Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit tot gevolg gehad. Hierdie aspekte word in die volgende hoofstuk bespreek. Hierdie gebeure wat op die Afrikaner ingewerk het, het onder andere tot gevolg gehad dat die Afrikaner hergroepeer het en word vervolgens verder bespreek.

7.6 Die Afrikaner hergroepeer tydens die laaste deel van die 20^{ste} eeu (Fase 5)

7.6.1 Inleiding

Die kunsmatige samevoeging van die Boer en Kaapse Afrikaner aan die begin van die 20^{ste} eeu (tydens Fase 4) om die Afrikanernasie tot stand te bring kom in die laaste deel van die 20^{ste} eeu

(tydens Fase 5) onder geweldige druk. Die redes is hierbo bespreek en sluit onder andere die veranderde ingesteldheid van die sosiale ingenieurs in (die AB en NP), wat instrumenteel was in die wegbeweeg van Afrikanereenheid, bevordering van blankisme en die skrapping van apartheidswetgewing. Dit het gelei tot die inploffing van die AB en die NP. Die uiteindelijke uitkoms was die oorgawe van die regering aan 'n volksvreemde groepering.

In Hoofstuk 6 is die verskille tussen die kulturele erfenisse van die Boer en die Kaapse Afrikaner vergelyk. Onder die invloed van die verskillende magte wat tydens Fase 5 op die bestaan, eenheid en identiteit van die Afrikaner ingewerk het, kom drie groeperinge binne Afrikanergeledere na vore, wat in hierdie studie gedefinieer word as die Boer, die Afrikaner en 'n tussengroep, die Boere-Afrikaner. Die drie groepe word in hierdie hoofstuk kortliks gekonseptualiseer, waarna die verskillende wyses waarop die drie groepe ten opsigte van die eksterne magte en bedreigings reageer, skematies met mekaar vergelyk word.

7.6.2 Die Afrikaner verdeel in drie groepe na republiekwording (Fase 5)

7.6.2.1 Inleiding

Die ontwikkeling van die drie groepe as verset teen die liberalisering van die NP se beleid en die verskillende vyandige magte en bedreigings tydens Fase 5 (na republiekwording), word nou bespreek. Die drie groepe bestaan uit die Boer, die Boere-Afrikaner en die (Liberale) Afrikaner.

7.6.2.2 Die Boer

Die groep, wat verkies om hulleself tydens hierdie fase *Boere* te noem, is in die minderheid weens die gevestigde persepsie ten opsigte van die gebruik van die term *Afrikaner*. Vanaf ongeveer 1970, onder leiding van Robert van Tonder en veral na die stigting van die Boerestaatkomitee in 1975, word die term *Boer* toenemend weer op die voorgrond geplaas (Robbertze 1996:46). In dieselfde tyd is die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) gestig. Alhoewel die term *Afrikaner* in die naam gebruik word, is die retoriek van die AWB op die *Boer* gefokus (Du Toit 2009:210). Die deel van die Afrikaner wat hulle met die begrip *Boer* vereenselwig, het van toe tot nou toe geleidelik toegeneem. Verskeie organisasies het tydens Fase 5 tot stand gekom, soos die Boere Vryheidsbeweging (BVB) in 1989 en die Transvaal Separatiste in 1989 (Robbertze 1996:46-47).

Die *Boer* het weerstand gebied teen die liberale beleid en rigting wat die regering van die tyd, onder invloed van die AB en die NP, ingeslaan het. Die "Beleg van Kerkstraat" in Januarie 1991 deur die Boere Krisis Aksie (BKA) is 'n sprekende voorbeeld (Du Toit 2009:286). Die liberale beleid is deur die media op die samelewing afgedwing en enige iemand wat hom/haar teen die liberale beleid uitgespreek het, is as *verkramp*, *radikaal* en *ekstremisties* bestempel (Bruwer,

1988:129; Giliomee, 2004:500; Muller, 1979:461). PW Botha en FW de Klerk het verder as dit gegaan en was selfs bereid om protesoptredes en weerstand met polisie-geweld en die gebruik van skerppunt-ammunisie te onderdruk. Voorbeelde hiervan is 11-12 Mei 1991, waartydens die weermag opgeroep is en die polisie op *Boere* by Bruidegomskraal/Goedgevonden geskiet het. Vier *Boere* is gewond (Du Toit, 2009:289).⁵⁸ Dieselfde aggressiewe optrede deur die polisie het in Junie 1991 by Ventersdorp plaasgevind, toe die polisie op AWB-lede geskiet het (Du Toit, 2009:289-290). Hierdie blootstelling aan konflik en geweld het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit. Terwyl die regering met die Afrikaner geassosieer was, is die groepsidentiteit wat die bestaan en identiteit van die *Boer* vooropgestel het, as gevolg van die herhalende konflik bevorder.

Die persone wat tydens Fase 5 by protesoptredes betrokke was, het hulleself nie voor die voet *Boere* genoem nie, maar het hulle wel met die vryheidstrewe en volksgesindheid van die *Boer* vereenselwig. Baie van hulle was steeds bereid om as *Afrikaners* bekend te staan, maar het dikwels, soos in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu tydens Fase 4, 'n voorvoegsel of agtervoegsel, byvoorbeeld *Boere-Afrikaner* of *Afrikaner-Boer*, of *behoudende-Afrikaner* bygevoeg (Pienaar, 2001:26; Hoofstuk 6.4.3.2). Hierdie byvoegings is dikwels gedoen om hulle van die liberale Afrikanergroep te onderskei. Dit bring ons by die “tussengroep” tussen die *Boer* en die *Afrikaner*.

7.6.2.3 Die Boere-Afrikaner of Afrikaner-Boer vorm 'n tussengroep

Die groepering wat hulleself *Afrikaners* noem, maar wat hulle met die vryheidstrewe en volksgesindheid van die *Boer* vereenselwig, maar nog nie die verskuiwing in denke gemaak het om hulleself *Boere* te noem nie, vorm 'n tussengroep en word in hierdie studie *Boere-Afrikaners* genoem. Alhoewel die VVK eers in die 21^{ste} eeu tot stand gekom het, is die verwysing na hulle publikasie hier van toepassing. Die Raadskoerant van die “Boere-Afrikanervolksraad” van Dinsdag 25 Junie 2013 gaan so ver as om na die *Boere-Afrikanerdom* en die *Boere-Afrikanervolk* in die beweging se opdrag te verwys:

Die Volksraad is gekies om die Boere-Afrikanerdom wat sy vryheid begeer en die Volksraad as sy aangewese verteenwoordigende liggaam beskou, te verteenwoordig. Binne die bepalings van die Volkereg moet die Volksraad doen wat nodig en moontlik is om die Boere-Afrikanervolk se nasionale vryheid (selfbeskikking) te herwin.

⁵⁸ Persoonlik deur die skrywer beleef en waargeneem.

Die gesindheid of ingesteldheid van hierdie groep stem soms ooreen met die van die *Afrikaner*, maar meer dikwels met die ingesteldheid van dié van die Boervolk en vestig hulself veral ná 1994 pertinent.

Hierdie groep reageer grootliks soos die *Boer* teenoor die beleid van liberalisering wat deur die NP-regime in werking gestel is. Hulle bestaan egter ook uit persone wat aanvanklik lede van die AB (en die NP) was, en wat weens die liberale rigting waarin die AB en die NP beweeg het, uit die organisasies bedank het (Raadskoerant 2013:4). Baie van hulle raak nietemin nie heeltemal bevry van die wyse van denke wat binne AB en NP se geledere aangekweek is nie en neig daarom soms in die rigting van die *Afrikaner*. Hulle is ook meer dikwels bereid tot kompromieë as wat die lede van die Boervolk is.

Weens die blootstelling aan geweld en konflik vanuit die owerheidsinstellings en aanvalle deur die media, ontwikkel by die *Boere-Afrikaners*, net soos by die Boervolk, 'n gesindheid van “ons” en “hulle” (Cleary, 2019:4-6; Harari, 2015:195-196). Verder tree groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit by baie *Boere-Afrikaners*, net soos by die *Boere*, vanweë konflik en oorlogvoering (volgens die teorie van Konflik en Oorlog), na vore (Hoofstuk 2.5.6.4). Hoofsaaklik twee tipes reaksies ontstaan dan by die *Boere-Afrikaner*. Hulle besluit óf om deel van die Boervolk te word, óf om as *Boere-Afrikaners*, wat hulleself *Afrikaners* noem, voort te gaan.

7.6.2.4 Die (liberale) Afrikaner.

Daar is reeds in hierdie studie aangedui dat die liberale Afrikaner gewoonlik bereid is tot kompromieë en bereid is om die owerheidsbeleid ter wille te wees (Hoofstuk 6 en 7:154,160 en180). Weens die gevestigde persepsie wat ten gunste van die term *Afrikaner* tot stand gekom het, vorm die groep wat met die *Afrikaner* vereenselwig word, die oorgrote meerderheid. Hulle vorm steeds die kern van die elite en beklee steeds invloedryke posisies sodat die regering se liberale beleid by onderwysinstellings, in die media en in die hoofstroomkerke, steeds bevorder word. Rynhardt J. Van Rensburg, skryf in Rapport (22 September 2019):

Ons Boeremense was vanaf 1899-2019 nog nooit vry nie. Ons geskiedenis en kultuur is nog altyd gekaap deur die liberale Afrikaner-historici, politici en joernaliste. Daar mag nie eens n boek uitkom om die verskille tussen die liberale Afrikaners en Boeremense uit te wys nie.

Hierdie liberale groepering is geensins ingestel op die verkryging van vryheid of die bevordering van volksisme nie. Hulle verteenwoordig die liberale pool van die Afrikaner. Die verskil tussen die drie groepe tydens Fase 5 word nou verder ontleed.

7.6.3 Die vergelyking van Afrikanergroepe se gesindheid teenoor die regering se beleidsverskuiwing tydens die laaste helfte van die 20^{ste} eeu (Fase 5)

Die verskille tussen die drie groepe se benadering en gesindheid teenoor die klemverskuiwing ten opsigte van Afrikanereenheid, word skematies met mekaar in Tabel 7.1 vergelyk. Hierdie tabel verteenwoordig 'n indruk, wat die skrywer ten opsigte van die verskillende ingesteldhede of gesindhede, wat deur die verskillende groeperinge teenoor verskillende aspekte van beleid en op sosiale terrein geopenbaar word, waargeneem het. Daar moet aanvaar word dat die skrywer moontlik subjektief mag wees, maar die weergawe is opgestel met 'n onbevooroordeelde gemoed en na aanleiding van persoonlike belewenis en betrokkenheid by die meeste organisasies wat tydens die betrokke tydperk 'n rol gespeel het. Daar is gepoog om so objektief as moontlik te wees, sodat 'n aanduiding van verskillende benaderings van die drie groepe gerapporteer kan word.

Soms vind oorvleueling plaas en 'n groep se gesindheid word soms oorvereenvoudig. Soms word 'n vae term soos "neutraal" en "hoofsaaklik" gebruik, sonder om heeltemal rigied te wees. Hierdie tabel gee 'n aanduiding van die verskillende gesindhede wat binne Afrikaner- geleedere tydens Fase 5 (tweede helfte van die 20^{ste} eeu) bestaan het.

Tabel 7.2: 'n Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-Afrikaner en die Afrikaner ten opsigte van gebeure, verskynsels en die liberale rigting wat die NP tydens die tweede helfte van die 20ste eeu ingeslaan het

GESINDHEID TEN OPSIGTE VAN BELEID/TERREIN	BOER SE GESINDHEID	BOERE-AFRIKANER SE GESINDHEID	AFRIKANER SE GESINDHEID
Republiekwording	Negatief	Negatief en neutraal	Positief
Blankisme	Gekant	Negatief en neutraal	Positief
Lid van Blank Suid-Afrika	Gekant	Negatief / neutraal	Bereid tot lidmaatskap
Unievlag (ou vlag)	Neutraal	Positief en neutraal	Positief en neutraal
Transvaalse Vierkleur	Simbool van Boervolk	Positief en neutraal	Negatief
Die volkslied (Blou van onse Hemel)	Wil nie sterf vir SA nie	Negatief en neutraal	Positief
Voortrekker-beweging	Nie geesdriftig nie	Negatief en neutraal	Positief
Kerkverband	Hoofsaaklik APK	APK, Hervormd	Hoofsaaklik NGK en

			Gereformeerde Kerk
Radiostasie	Luister Radio Pretoria	Radio Pretoria en RSG	Luister RSG
150 jaar gedenkfees	Betrokke by Volkswag 150	Inisieer Volkswag 150	Hou eie fees by Voortrekkermonument
Politieke verband	Stem HNP en KP	Inisieer HNP en KP	NP, PFP of later DP
Referendum 1992	Stem nee	Meeste nee, sommige ja ter wille van sport	Stem ja
Geheime organisasies	Betrokke by TG, maar bedank na 1992	Bedank uit AB. Stig TG en verander na Volksbond ná 1992.	Betrokke by AB

7.7 Opsomming en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk (Hoofstuk 7) is die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit vir die tydperk 1961 tot 1994 (Fase 5) bespreek. Daar is bevind dat die Afrikaner-elite, wat die rol van sosiale ingenieurs in die 20^{ste} eeu vertolk het, na republiekwording, weens politieke motiewe, ideologies van rigting verander het. Daar is wegbeweeg van Afrikanereenheid, blankisme is bevorder en apartheidswetgewing is geskrap (Hoofstukke 7.2.3 en 7.3). Dit het uiteindelik tot die inploffing van die AB en die NP gelei. Waar die Afrikaner-elite in die middel van die 20^{ste} eeu 'n formidabele invloed in Suid-Afrikaanse politieke, sosiale en staatkundige ontwikkeling uitgeoefen het, het die inploffing van die AB en die NP, veral onder die leiding van FW de Klerk, daartoe gelei dat onderhandelings met die ANC van die agtervoet af gedoen is (Bosman 2021:6,8). Dit het tot die oorname van die regering deur die ANC gelei. Die oorname het bitter min regte vir die Afrikaner en die Boervolk gewaarborg. Veral diegene wat hulle vir 'n volkstaat beywer se aansprake is in die finale Grondwet van 1996 feitlik verbydel.

Daar is verder in hierdie hoofstuk bevind dat die veranderde beleid en ingesteldheid van die sosiale ingenieurs tydens Fase 5 daartoe gelei het dat die Afrikaner se samestelling verander het. Twee pole, naamlik die *Boer* en die *Afrikaner*, met 'n tussengroep wat die *Boere-Afrikaner* genoem kan word, kan geïdentifiseer word. Verandering in die samestelling van die Afrikaner tydens Fase 5 het tot 'n verandering in Afrikaner-identiteit gelei. Die liberale *Afrikanergroep* is bereid om met die Engelsman te assimileer en is bereid tot kompromieë. Die Boervolk is nie bereid tot assimilasië nie en bied weerstand teen die veranderinge wat die regering van die dag aanbring. Dit het tot konflik gelei met gevolglike groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit onder die Boeregroepering, sowel as by 'n groot gedeelte van die tussengroep (die Boere-Afrikaner).

Die bloedlose en eerlose oorgawe aan die ANC het Afrikaner-identiteit onder geweldige druk geplaas. Dié druk het na 1994 tot só na mate toegeneem dat die voortbestaan van die Afrikaner bedreig word. Hierdie aspekte word in Hoofstuk 8 verder ontleed.

HOOFSTUK 8: AFRIKANER-IDENTITEIT WORD ONDERDRUK VANAF 1994

8.1 Inleiding

In Hoofstuk 7 is aangetoon dat Afrikaner-identiteit vanaf 1961 tot 1994 (Fase 5) onder druk gekom het. In hierdie hoofstuk word dit 'n stap verder geneem en word aangetoon dat Afrikanerskap en Afrikaner-identiteit na 1994 (tydens Fase 6) doelbewus, doelgerig en sistematies onderdruk is.

Die ANC-regime pas 'n beleid van transformasie toe. Hierdie beleid is geskoei op die sogenaamde Nasionale Demokratiese Revolusie (Duvenhage, 2021; Netshitenze, 1996:3-8; Jankielsohn, 2016:2). Volgens Duvenhage (2021:7) beskryf die ANC se handboek vir politieke verandering, *Strategy and Tactics* (2007:21), die NDR as: “a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one that changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people”.

Ten opsigte van die implementering van die NDR redeneer Giliomee (2004:602) dat die ANC tydens die onderhandelingsfase oor die Grondwet, 'n klassieke strategiese oorlog gevoer het, “waarin elke toegewing wat verkry word, die wegspringplek vir die volgende eis word. Of in sporttaal: die doelpale is steeds verskuif.” Die ANC was die hele tyd besig om 'n nasionale demokratiese rewolusie te loods waarin telkens nuwe eise gestel is. Die doelwit, volgens 'n stelling wat Thabo Mbeki in 1995 in 'n ANC-kongres gemaak het, is dat die onderhandelings oor die grondwet daarop gemik was om “wit dominasie te beëindig” en dat dit deel van 'n beplande “*transition*” was (Giliomee 2004:602).

Daar kan volgens Duvenhage (2021:7) drie fases van die rewolusie beskryf word, naamlik 'n *politieke oorname* (waar beheer oor die regering en die groter regime verkry word); *ekonomiese transformasie* (waar staatsbeheer oor produksiefaktore en bronne soos grond, kapitaal, arbeid, minerale, water en ondernemerskap bekom word), en laastens *sosiale transformasie*, met as uitkoms 'n samelewing waarin (swart- bruin- geel- en witmense), binne 'n sogenaamde Reënboognasie almal gelyk is.

Duvenhage (2021:8) konseptualiseer die eerste fase, *politieke transformasie* as die:

uitkoms van 'n rewolusionêre politieke ideologie (die NDR) [en] kan voorgehou word as die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke, ekonomiese en sosiale verandering van die staat en samelewing (voortspruitend uit 'n onaanvaarbare verlede), wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale manipulering en politieke beplanning


en manipulasie), hegemonies bedryf deur 'n politieke elite met klem op die bestuur van verandering en die konflikte wat daarmee saamhang.

Ten opsigte van die *sosiale transformasie* vorm 'n *gelyke samelewing* die kernstrewe van hierdie ideologie. Vryheid word selfs ondergeskik aan gelykheid gestel. Die samelewing moet op alle vlakke (en ten opsigte van alle strukture) die demografie van die samelewing, veral ten opsigte van rasverskeidenheid, weerspieël. Hierdie sosiale ingenieurswese vind plaas onder die toesig van die sosiale ingenieurs en behels “sentrale beplanning, koördinerings, beleidsformulering, strategiese beplanningsraamwerke, reëls, regulasies en verordeninge voorop.” In die praktyk word “partylojaliste (kaders) aangestel en gebruik om toe te sien dat beleidsraamwerke, besluite en resolusies doelmatig toegepas word, oortredings aan die kaak gestel word, en toepaslike optrede gehandhaaf word. In besonder moet gefokus word op die sondes van die apartheids- en koloniale verlede en oortredings (optrede en praktyke) wat daarmee verband hou” (Duvenhage 2021:9).

Hierdie politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge weens transformasie het 'n direkte uitwerking op die Afrikaner se voortbestaan en eindig nie by “gelykheid” nie, maar eerder by radikale *ongelykheid* en *openlike diskriminasie* teen alle wit mense, wat veral gemik is op alle lewensterreine van die Afrikaner, en gevolglik 'n wesentlike uitwerking op Afrikaner-identiteit het.

Tydens Fase 5 (die tydperk 1961 tot 1994) is aangetoon hoe drie groeperings binne Afrikanergeledere na vore getree het (Hoofstuk 7.6). In hierdie hoofstuk word die verdere ontwikkeling van die groeperings, sekondêr (reaksionêr) tot transformasie, ontleed.

Soos in die vorige hoofstuk (Fase 5) is die analitiese raamwerk waarvolgens fases 1 tot 4 ontleed is, ook nie volledig op hierdie hoofstuk van toepassing nie, aangesien daar nie 'n bestaande paradigma oor Afrikaner-identiteit gehandhaaf word nie. Die rede is dat nuwe “sosiale ingenieurs” met 'n ander ingesteldheid, na vore getree het. Hulle is nie met Afrikaner-identiteit gemoeid nie. Die analitiese raamwerk is wel van toepassing ten opsigte van die invloed wat transformasie as vorm van sosiale ingenieurswese op die verandering van die identiteit op die drie groepe Afrikaners uitoefen. Die verskil in benadering tot, of reaksie op transformasie by die drie groepe, lei tot verskil in identiteit en word soos in die vorige hoofstukke met mekaar vergelyk. Die enigste teoretiese aspek in hierdie fase ter sprake, is soos tydens Fase 5 die teorie van Konflik en Oorlog, wat weens die bedreigings, wat al drie die Afrikanergroepe ervaar en beleef, die dinamika rondom identiteitsverandering deels verklaar (Hoofstuk 2.6.5.4).



Figuur 8.1: Fase 6 van Afrikaner-identiteitsontwikkeling (1994 tot 2021~)

Vir hierdie navorsing word die hoofstuk soos volg ingedeel:

- Transformasie werk op Afrikaner-identiteit in
- Drie groepe Afrikaners kan geïdentifiseer word:
 - Die *Boer*
 - Die *Afrikaner*
 - 'n *Tussengroep*
- 'n Vergelyking van die groepe se benadering teenoor transformasie
- Die rol van die teorie van Konflik en Oorlog verduidelik die verandering in identiteit

8.2 Transformasie werk op Afrikaner-identiteit in

8.2.1 Inleiding

In aanloop tot die ANC se oornam in 1994, verskyn 'n dokument “*Basiese Staatkundige Voorwaardes vir die Voortbestaan van die Afrikaner (Afrikaner-Broederbond, 1986)*” onder die vaandel van die AB in 1986, wat sedert Julie 1986 na lede gesirkuleer is. Hieroor stel Bosman, voorheen sekretaris van die AB en tans sekretaris van die Afrikanerbond, in sy M.A.-navorsingsvoorstel: “Hiermee het die Afrikaner-Broederbond nie net die organisasie nie, maar

ook die Afrikaner en dan veral deur direkte beïnvloeding die Nasionale Party en die regering op 'n weg geplaas van verbintenis tot 'n proses van hervorming deur onderhandeling ten einde 'n nuwe staatsbestel te vestig binne 'n grondwetlike demokrasie" (Bosman: 2021:2-3). Hy argumenteer dat hierdie dokument as bloudruk of grondslag moes dien waarvolgens die NP-regering en die onderhandelaars by KODESA die Afrikaner se saak moes beding. Hy bevraagteken egter die wyse hoe die onderhandelings geskied het deur te stel (Bosman 2021:11):

Dit [die dokument] het ongetwyfeld die klimaat geskep vir die hervorminge wat op 2 Februarie 1990 aangekondig is. Hoe die voorstel uiteindelik deur die Nasionale Party-onderhandelaars verder geneem is, indien enigsins, is egter debatteerbaar.

Die NP het in werklikheid tydens KODESA 'n blanko politieke tjek aan die ANC gegee. Wingard (2009:37) stel dat die onderhandelaars se strategie: "... tot die 1994 magsoorgawe gelei het en nou volvoer word." Ten spyte daarvan dat sekere wigte en teëwigte in die Grondwet ingebou is, word die toepassing daarvan na willekeur deur die ANC-regime aangepas. Die konstitusionalisme en die sogenaamde *rule of law* is in werklikheid so afgetakel dat Koos Malan op 10 Oktober 2021 in Rapport stel dat die grondwetlike orde in Suid-Afrika "in 'n toestand van verdiepende erosie verkeer." Hy sê:

Die hoogste howe is saam met die regerende party en formasies in sy dampkring 'n integrale deel van die regerende elite en heg verbind tot die verwesenliking van gemeenskaplike partydige ideologiese doelwitte. Hulle is die judisiële vertakking van die regerende elite, wat sy ideologie in regsterme regverdig en verdedig.

Duvenhage (2021:7) verwys na die ANC se benadering tot die NSA as hy stel dat:

Die uitgangspunt is dat Suid-Afrika "colonialism of a special kind" verteenwoordig, wat verwys na die land se unieke koloniale en apartheidsgeskiedenis en wat ingevolge 'n program van radikale politieke, sosiale en ekonomiese verandering getransformeer moet word om 'n nierassige, nieseksistiese, demokratiese en ekonomies volhoubare samelewing te bewerkstellig (vergelyk ANC 2017:1-5).

8.2.2 Transformasie in praktyk

Transformasie het dus 'n teoretiese been wat uiting gee aan die ideologie waar daar wegbeweeg is van rasse-kapitalisme, rassisme, armoede, ongelykheid en outokrasie. Ekonomiese, politieke en sosiale verhoudings moet getransformeer word deur middel van demokratisering, staatshervorming, uitgebreide sosiale dienslewering, werkskepping en armoedeverligting. Dit is in die praktyk toegepas deur "met die verlede van apartheid te breek en nuwe demokratiese en

verantwoordbare instellings tot stand te bring.” Wetgewing is aangepas om nuwe beleid te implementeer en om die regering en alle staatsdiensinstellings te transformeer in ooreenstemming met die demografie van die land (Du Toit, 2019c:219).

Teoreties word voorkeur verleen aan diensbillikheid, regstellende optrede en swart ekonomiese bemagtiging (BEE). Dit sou impliseer dat wetgewende programme daarop gemik is om die voorheen benadeelde persone soos swartmense, vrouens en gestremdes se posisie te verbeter en daardeur ongelykhede wat deur apartheid veroorsaak is, te oorkom (Du Toit, 2019c:219). Transformasie het egter ook ’n ander been, wat in die praktyk direk en negatief op die Afrikaner inwerk. Hierdie aspekte word hier onder verder bespreek.

Alhoewel die ANC-regering transformasie as sosiale ingenieurswese vanaf 1994 geïmplementeer het, het transformasie reeds voor 1994 by die liberale Afrikaner en by die ou apartheidstrukture begin. Politieke stabiliteit vir ekonomiese groei was volgens Wingard (2009:37) vir die grootgeldmagnate belangriker as die moontlikheid van politieke spanning en onstabiliteit wat deur die opwelling van volksnasionisme teweeggebring kon word. Om hierdie rede het die Afrikaner-ekonome die gedagte van transformasie aanvaar en het “al die ou apartheidstrukture soos die AB, die FAK, die ATKV hulle tot transformasie en veelvokige inklusiwiteit bekeer”. In die proses het die ekonomiese bakermat en kern van die Afrikaner se volkskapitalisme, naamlik die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), met swart sakekamers saamgesmelt. Dit het die deur oopgemaak vir magsoorgawe en die Afrikaners se “enjinkamer van ekonomiese magkonsentrasie” is finaal van hulle ontnem. Hulle het die strategie van “transformeer om te oorleef” deur middel van die media gepropageer en gestel dat dit die “enigste haalbare oorlewingsplan vir Afrikaners” is (Wingard, 2009:37-38,159)

Die ANC het die (stereotipe) benadering van die “padda in die pot water op die vuur” strategie gevolg en veranderings is geleidelik ingestel. In dr Mario Oriani-Ambrosini se gedenkskrif verwys hy na President Cyril Ramaphosa (Oranio-Ambrosini, 2017):

In his brutal honesty, Ramaphosa told me of the ANC’s 25-year strategy to deal with the whites: it would be like boiling a frog alive, which is done by raising the temperature very slowly. Being cold-blooded, the frog does not notice the slow temperature increase, but if the temperature is raised suddenly, the frog will jump out of the water. He meant that the black majority would pass laws transferring wealth, land, and economic power from white to black slowly and incrementally, until the whites lost all they had gained in South Africa, but without taking too much from them at any given time to cause them to rebel or fight.

Die ANC huldig volgens Wingard (2009:70) die mening “dat die huidige maatreëls van regstellende aksie, transformasie, grondhervorming, rassekwotas en swart bemagtiging as ’n geregverdigde regstelling van die verlede beskou word.” Daardeur slaag hulle om die Afrikaner ekonomies te ontwapen deur die Afrikaner as minderheidsgroep in die land van hulpbronne te weerhou (Wingard, 2009:81).

Die ANC-regering se benadering tot transformasie word saamgevat deur Lindiwe Sisulu, voorsitter van die ANC se sosiale transformasiekomitee tydens ’n mediakonferensie, waar sy gesê het: “Ons hoop Suid-Afrikaners sal teen 2030 almal Afrikane en Suid-Afrikaners wees, nie ‘wit of swart’ nie” (Van der Westhuizen, 2017). Daardeur impliseer sy dat transformasie onder andere daarop gemik is dat “Afrikaner-identiteit moet verdwyn”.

Om transformasie beter te verstaan, moet die sogenaamde Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR) kortliks beskou word.

8.2.3 Die Nasionale Demokratiese Rewolusie en transformasie in Suid-Afrika

Soos reeds gemeld, vorm die NDR die ideologiese basis vir transformasie in Suid-Afrika (Jankielsohn, 2016:2). Die gedagte van ’n NDR ontwikkel reeds sedert 1928 toe Moskou aan die leiersgroepering van die ANC opdrag gegee het dat die party in die rigting van ’n onafhanklike swart republiek moet werk en “*the first step towards a workers’ and farmers’ republic would be a ‘national democratic revolution’ and thereafter the social revolution would follow*” (Liebenberg en Spies, 1993:171). Verdere vestiging van die NDR vind plaas toe die ANC sy *Second Consultative Conference* in Kabwe, Zambië, in 1985 hou. Daar word besluit om ’n “*people’s war*” te begin, wat sou kulmineer in ’n “National Democratic Revolution” (Sisk, 1993:157). Die doelwit van hierdie NDR was duidelik, naamlik: “*to ‘defeat the enemy,’ and to provide the critical catalyst in a spontaneous revolution*” (Sisk, 1993:159). Die strategies beplande aanslag teen apartheid was die primêre eerste stadium van ’n rewolusie, naamlik die NDR met die doelwit: “[*To*] *overthrow the colonial state and establish a united, democratic and non-racial South-Africa.*” Verder is uitgestippel dat dit die primêre doel van die rewolusie is om wit minderheidsregering te beëindig en om vir swart mense in die algemeen stemreg te verkry (Sisk, 1993:283). Die SAKP het verklaar dat hulle eers die NDR as voltooid sal beskou wanneer politieke en ekonomiese mag oorgedra is van die “regerende wit elite na ’n swart meerderheid” (Sisk, 1993:284). Hierdie oordrag het reeds plaasgevind, maar die proses gaan steeds onverpoosd voort.

Ter opsomming kan gestel word dat dit die doelwit van die NDR was om óf direk na oorwinning te beweeg, óf om by die onderhandelingsstafel stukrag aan die ANC te gee (Sisk, 1993:275). Die geskiedenis toon aan dat laasgenoemde gegeld het en die gevolg daarvan, vanaf 1994, is die

transformasie van alle aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing (Jankielsohn, 2016:2). Die uitgangspunt van die ANC was dus dat hulle besig is met 'n oorlog. Die oorwinning by die onderhandelingsafel was vir hulle soos 'n militêre oorwinning en die Afrikaners is beskou en hanteer as die “verloorders van die oorlog” (Oosthuizen, 2011:29). Die benadering van die ANC na 1994 is dus nie veel anders as dié van Brittanje deur Milner na 1902 nie. Vergelyk Milner se gesindheid om die Boer “heeltemal te verdelg, deur getalle, onderwys en einde ten laaste deur assimilasië” (Bruwer, 1988:485, 493; Hoofstuk 6.2.1). Die aanslag van die ANC op die Afrikaner is dus nie net op ekonomiese gebied nie, maar is 'n totale aanslag, wat ook op sosiale en kulturele gebied en dus ook op Afrikaner-identiteit inwerk.

8.2.4 Transformasie onderdruk die Afrikaner se bestaan op alle lewensterreine en werk direk en indirek in op Afrikaner-identiteit

Oosthuizen (2011:28) haal LeBor aan wat Volksmoord soos volg definieer: “Dit is 'n gekoördineerde plan met verskillende aksies gemik op die verwoesting van essensiële fondasies van nasionale groepe, met die doelwit om die groep self uit te wis.”

Die doelwitte van so 'n plan sluit in die **disintegrasie van die groepe se**:

Politieke en sosiale instellings:	asook die verwoesting van:
• van kultuur	• persoonlike sekerheid
• van taal	• vryheid
• nasionale gevoelens	• gesondheid
• geloof	• waardigheid
• die ekonomiese bestaan van nasionale groepe	• die lewens van die individue wat aan sodanige groepe behoort

Indien die huidige omstandighede (in 2021) van die Afrikaner krities beskou word, is al bogenoemde elemente in die aanslag teen die Afrikaner teenwoordig. Klem word gelê op die vernietiging van Boeregeskiedenis, kultuurinstellings, die afskaffing van taalinstellings, verengelsing van skole en universiteite, die uitsaaiwese, die beheer en vernietiging van museums en kultuurskatte van die Afrikaner (Oosthuizen, 2011:15-52). Op grond hiervan word aanvaar dat daar na 1994 'n omvattende aanslag op die meeste lewensterreine van die Afrikaner en ook op Afrikaner-identiteit waargeneem kan word.

Inklusiwiteit en transformasie op sportgebied, godsdienste-, akademiese-, sake- en kultuurgebiede is reeds geleidelik vanaf 1961 deur die Afrikaner-regime gepropageer, maar is vanaf 1994 deur die ANC toenemend deur beleid en wetgewing afgedwing (Du Toit, 2019c:219). “Etnisiteit moet uitsterf om plek te maak vir ’n nuwe heterogene kultuur wat die nuwe mites en nuwe amptelike geskiedenis van ’n nuwe nasie moet weerspieël” (Wingard, 2009:164).

Afrikaans kom toenemend onder druk: in staatsdiensinstellings, by universiteite en skole, in die houe, by besighede, op die TV en selfs oor radiostasies (Manyana, 2016).

Hierdie aanslag het ’n “toenemende bewuswording van die behoud van identiteit, kultuur en waardes by [’n sekere deel van] die Afrikaner geskep. Daar het ook ‘nuwe generasie-Afrikaners’ ontwaak wat hul erfreg as Afrikaners weer wil opeis” (Bosman, 2019).

8.2.5 Gevolgtrekking

Die ANC het as vryheidsbeweging reeds sedert 1928 hulle fokus op die vestiging van die NDR geplaas (Liebenberg & Spies, 1993:171). Deur die jare het die SAKP hul invloed op die ANC uitgeoefen en sal eers – betreffende die NDR – tevrede wees dat die NDR afgehandel sal wees, wanneer politieke en ekonomiese mag vanaf die “regerende wit elite na ’n swart meerderheid” oorgedra is (Sisk, 1993:284). Die politieke mag is suksesvol in 1994 oorgedra, maar alles word tans in die stryd gewerp om die algehele ekonomiese mag uit die hande van (“wit monopolie-kapitaal”) wit mense te neem en dit in die hande van swart mense te plaas. Hierdie proses word *ekonomiese transformasie* genoem en is nie net op die politieke en ekonomiese terreine gerig nie, maar sluit ook sosiale transformasie in. Die sosiale transformasie se afmetings is van so ’n aard dat dit na alle waarskynlikheid aan volksmoord grens (Oosthuizen, 2011:28).

Die aanslag op die Afrikaner (veral op die vryheidsgesinde Boer) lei tot groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit en die totstandkoming van “nuwe generasie Afrikaners” (Bosman, 2019). Hierdie nuwe generasie-Afrikaners, wat as gevolg van transformasie tot stand gekom het, word vervolgens bespreek.

8.3 DIE nuwe generasie Afrikaner diversifiseer in drie groepe

8.3.1 Inleiding

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat die Afrikaner tydens Fases 1 tot 4 (1600-1961) tussen twee pole, naamlik die liberale (Kaapse) *Afrikaner* aan die een kant en die *Boer* aan die ander kant, tot stand gekom het. Reeds tydens Fase 5 het die Afrikaner weer begin om te verdeel in die

aanvanklike twee elemente, asook in 'n tussengroep wat as die *Afrikaner-Boer* of die *Boere-Afrikaner* gedefinieer kan word.

In 'n artikel in *Rapport* (12 Augustus 2017) verwys Giliomee na 'n kortverhaal van Hennie Aucamp, waarin Aucamp verwys na die verdeeldheid van die Afrikaner. Hy stel: "Die binnelandse Boer en die Bolander is *twee verskillende spesies*, (*beklemtoning)." Giliomee argumenteer dat hierdie verskynsel die verklaring is vir die verskillende optredes van die "noordelike Afrikaner" (**Boer*) teenoor die "Kaapse Afrikaner" (**Afrikaner*). In *Beeld* (22 Augustus 2017) bevestig dr Pieter Mulder, voormalige leier van die Vryheidsfront Plus, in 'n antwoord op Giliomee se artikel in *Rapport*, die verdeeldheid tussen noord en suid. Dit is nogal insiggewend dat 'n gerespekteerde historikus, sowel as 'n bekende hedendaagse politikus, wat by uitstek "eenheid ter wille van getalle" by die stembus nagestreef het, bereid is om te erken dat daar twee groepe tot stand gekom het en dat die twee groepe vandag steeds duidelik openbaar word.

Giliomee en Mulder bevestig deur hierdie standpunt dat, ten spyte van drie geslagte van meedoënlose sosiale ingenieurswese en politieke sosialisasie, die inherente verdeeldheid steeds nie oorkom kon word nie. Tog kon hulle, ten spyte van die feite, weens die bestaande gevestigde persepsie, nie die onderskeid deurtrek deur die *Boer* as volk te identifiseer nie.

Hierdie verdeling is tydens 'n voorlegging deur professor Neels Roelofse van die Universiteit van Venda beklemtoon. Hy het by 'n beraad opgetree wat in Kemptonpark tussen *Boere-* en *Afrikaner*leiers, op uitnodiging van voormalige president Zuma, met die regering in 2009 gevoer is. Roelofse het tydens sy voorlegging aan Zuma gestel dat daar twee groepe Afrikaners ontstaan het sedert die tyd dat hulle die Kaap verlaat het tot vandag toe:

1. Die groep wat 'n suiwer ekonomiese uitkyk openbaar en tevrede was om onder die Britse vlag, asook vandag onder die ANC, te dien.
2. Die tweede groep het die Gariep [Oranjerivier] oorgesteek, op soek na vryheid onder 'n Godvresende regering en wil vandag steeds daardie vryheid hê.

Roelofse konstateer onomwonde die feit dat die twee groepe "vandag nog bestaan" en dat die "tweede groep nie hulle ideaal van vryheid binne hul eie gebied sal prysgee nie."

Tydens Fase 6 (ná 1994) vorm die liberale *Afrikaner* en die *Boer* steeds die kleiner pole, terwyl die tussen-groepering, wat steeds as die *Afrikaner* bekend staan, die groter groepering uitmaak. Hierdie verskynsel en die identifisering van elke groep word nou kortliks ontleed.

8.3.2 Die Boer van die 21^{ste} eeu

Ten spyte van intensiewe sosiale ingenieurswese in die vorige eeu (tydens Fase 4), waartydens die Boer se geskiedenis en kulturele erfenis by die skepping van die Afrikaner ingebou is en die lede van die Boervolk geïndoktrineer is om as Afrikaners te identifiseer, het daar vanaf die 1970's 'n herontwaking van die *Boer* se identiteit plaasgevind. Hierdie herontdekking van Boere-identiteit is veral ná 2005 uitgebou en al meer mense noem hulleself vandag *Boere* en beskou hulleself as deel van die Boervolk. Dit pas in by 'n moderne tendens van “die herontwaking van identiteitspolitiek, nasionalisme en etnisiteit ná 1994” (Beeld, 2020:8; Willemse, 2020:10). Hierdie ontwaking van Boere-identiteit het gepaard gegaan met die “aanspraak maak” op en “terugneem” van Boeregeskiedenis en Boerekultuur, wat kunsmatig tydens die 4^{de} fase aan die Afrikanernasie gekoppel is. Die psigodinamika van hierdie proses word kortliks bespreek.

8.3.2.1 Boere-identiteit beskryf “gekose eer” en “gekose trauma”

Opperman Lewis (2018:306) haal 'n psigiater en psigo-historikus, professor Vamik Volkan, aan, wat verduidelik dat wanneer groot groepe mense:

...regress, which happens when they go through periods of crisis or 'new danger or threat of disintegration', the group goes back and 'inflames certain shared images' of its history. These images represent either chosen traumas or chosen glories.

Hierdie “gedeelde beelde”, wat uit die geskiedenis opgeroep en uitgelig word, kan as *gekose eer* en/of *gekose trauma* onderskei word. Gekose eer sluit historiese gebeurtenisse in waarop die groep met trots kan terugkyk en vereenselwig. Omdat dit positiewe herinneringe binne die groepsgeheue verteenwoordig en selfs mitologiese afmetings kan aanneem, verskaf die keuse om dit uit te lig en daarmee te vereenselwig hoop en verhoog die selfbeeld van die groep (Opperman Lewis, 2018:306). By die Boervolk word die Veldslae van Vegkop, Mosega en Kapain, Bloedrivier, Spioenkop, Majuba en Magersfontein byvoorbeeld geselekteer en uitgelig as *gekose eer*. Simbole, soos die Vierkleur (van die ZAR) word uitgelig en verteenwoordig die simbool van gekose eer by die Boervolk. Let daarop dat geen Kaapse Afrikaners by enige van die gekose eer-geleenthede betrokke was nie, behalwe moontlik aan Britse kant by Magersfontein (Bruwer, 1988:363).

Gekose trauma verteenwoordig die teenoorgestelde van *gekose eer*. Die verskynsel van gekose trauma berus daarop dat (veral van toepassing op die vyand) geregtigheid moet geskied deurdat vergelding, versoening en herstel (van toepassing op die trauma) moet plaasvind (Opperman Lewis, 2018:306). Die sogenaamde *Holocaust* van die Jode is 'n tipiese voorbeeld van gekose trauma. Die sosiale ingenieurs betrokke by die skepping van Afrikaner-identiteit in die 20^{ste} eeu

het as gekose trauma vir die Afrikaner die Slagtersnek-opstand, die moorde op die Retiefgroep, die moorde by Weenen en Bloukrans, die “Anglo-Boereoorlog” (Tweede Vryheidsoorlog) en veral die lyding van kinders en vroue in die konsentrasiekampe en die afbrand van Boereplase, gekies. Let daarop dat die Kaapse Afrikaner net by Slagtersnek ’n rol kon speel en dat al die ander gebeurtenisse alleen betrekking het op die groep wat hulleself *Boere* noem. Afrikaners wat die Engelse tydens die Tweede Vryheidsoorlog bygestaan het (Joiners en Hanskakies), se huise en plase is nie afgebrand nie (Giliomee, 2004:207). Diegene wat hulle tans met Boere-identiteit vereenselwig, het die moorde op die Retiefgroep, die moorde by Weenen en Bloukrans, die lyding van kinders en vroue in die konsentrasiekampe en die afbrand van Boereplase tydens die Tweede Vryheidsoorlog, teruggeëis as behorende tot die *Boervolk* (nie die Afrikaner nie) as deel van hulle gekose trauma. Engeland moet nog verantwoordelikheid erken vir sy deel aan die gekose trauma van die Boervolk.



Foto: Eie versameling

Figuur 8.2: Die Vierkleur van die ZAR verteenwoordig die simbool van gekose eer by die Boervolk

8.3.2.2 Boere-identiteit kom toenemend na vore na 1970

Johann Wingard (2009:5), wat voorsitter van die Volkstaatraad was, beweer dat: “Die begrip ‘Afrikanervolk’ (*Afrikanernasie) vanweë onderlinge verdeeldheid besig is om uit te sterf en dat

die term 'Boerevolk' besig is om in die plek daarvan te herrys." Hierdie "herryse" waarvan Wingard praat het reeds sedert die 1970's na vore getree, maar het veral tydens Fase 6 en na 2005 meer prominent geword. Tabel 8.1 lig sekere tersaaklike aksies uit en tabuleer van die belangrikste organisasies wat na 1994 tot stand gekom het.

i) AWB dien onafhanklikheidseis by die Verenigde Nasies in (1995)

'n Afvaardiging van die AWB, verteenwoordig deur Fred Rundle (destydse AWB Hoofsekretaris) en Fritz Meyer (destydse voorsitter van die Boere-Republikeinse Verkiesingskommissie), het 'n dokument wat deur Arthur Kemp voorberei is, in Junie 1995 by die Jaarvergadering in Geneve, Switserland, voorgedra vir die *Subkomitee vir die Regte van Inheemse Volke van die Verenigde Nasies*. Tydens hierdie geleentheid is daar weer eens aanspraak gemaak op onafhanklikheid vir die Boervolk (Kemp, 1995:5-6; 2017).

ii) Die Boeremag (2001-2002)

Aanvanklik is 23 persone aangekla. Negentien Boeremag-aangeklaagdes is op 28 Oktober 2013, na 'n marathonverhoor van elf jaar (Mei 2003 tot 29 Oktober 2013) skuldig bevind aan hoogverraad. Veertien van die aangeklaagdes het die volle tyd van die verhoor in die tronk as verhooraftwagendes deurgebring, waarvan sommige tot 'n verdere 35 jaar gevonnissen is. Hulle is (in 2021), na byna 20 jaar, steeds in die tronk.

Die eis van die Boeremag het neergekom op die herstel van:

Die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR)

Die Republiek van die Oranje Vrystaat

Die Republiek van Vryheid (en Utrecht)

Persone wat by die Boeremag se optredes betrokke was, het hulleself as soldate van die Boervolk beskou.⁵⁹ Regter Eben Jordaen het bevind dat die Boervolk nie bestaan nie. Hy stel onder andere in sy uitspraak (CC91/03, Vol 962:45867):

Die groep wat om selfbeskikking veg, moet egter na my mening 'n identifiseerbare groep wees. Wat onderskei byvoorbeeld 'n Boer van 'n Afrikaner? Hulle praat dieselfde taal, deel

⁵⁹ Saak CC91/03, Vol 962:45920.

dieselfde geskiedenis, het dieselfde kultuur, beskou hulle beide oor die algemeen as Christene en is burgers van dieselfde land.⁶⁰

Ten opsigte van verset, protes en vryheid in die algemeen, soos veral van toepassing op die Boeremag, is dit nodig dat daar kortliks by dié onderwerp stilgestaan word.

Protes, verset en vryheid

Terugskouend kan beweer word dat die aangeleentheid van die Boeremag 'n futiele oefening was. Die media het onder aansporing van die Suid-Afrikaanse polisie se Misdaadintelligensie-afdeling daarin geslaag om die deelnemers aan die Boeremag as 'n groep randeiers te stereotipeer en hulle aansprake as belaglik af te maak. Die vervolgingsgesag en die regter het volkome daaraan meegedoen en baie Afrikaners het met die stereotipering saamgestem. Diegene met 'n Boeregesindheid handhaaf nietemin 'n baie positiewe houding teenoor die aangehoudenenes en beskou hulle as helde.

Ten opsigte van die Boeremag-opstand kan die effek wat die Van Jaarsveld-opstand in 1799 en die Slagtersnek-opstand in 1815, wat ook mislukte opstande (teen die onderdrukkende Engelse regering) was, op die Proto-Boere gehad het. Hierdie opstande het nie wye ondersteuning geniet nie, maar het die grondslag gelê vir die mense in die Wieg van die Boervolk om in hulle gedagtes 'n stap na vryheid te neem. Dit het telkens die mense se verbeelding aangegryp en uiteindelik uitloop op die Groot Trek en die geboorte van die Boervolk, twintig jaar na die Slagtersnek-opstand. In die vyfde verslag van die Volkstaatraad (Robbertze, 1996:16) word dit soos volg gestel:

Hoewel die rebellies van 1799 en 1801, asook die Slagtersnek-opstand van 1815 deur Afrikanerboere [*Proto-Boere] aangevoer is om hulle beheer oor grond te versterk, (Giliomee, 1990:46) sou dit tog later in die geskiedenis op die Afrikaner [*Boervolk] se historiese bewussyn en vryheidstrewes inwerk – veral in die sin van nasionalistiese mites.

Bothma (2015:40) redeneer dat die Groot Trek nie 'n impulsiewe groepie opgesweepte opportuniste was nie, maar 'n bloedlose, geordende massa-opstand, wat sy eie verloop geneem het.

Ook vergelykbaar het duisende Jode in April 1943 in die Poolse hoofstad, Warschau, bewus van hulle lot tydens die smeltkroes van die Holocaust, in opstand teen hulle Duitse onderdrukkers

⁶⁰ Hierdie was 'n uitspraak in 'n binneverhoor tydens die Boeremagsaak, waartydens van die aangeklaagdes aanspraak gemaak het op krygsgevangenesstatus.

gekom. Die opstand is deur die SS “in bloed gesmoor”.⁶¹ Die opstandeling het ’n mite tot stand gebring “wat net vyf jaar later [1948] die doopvont vir die staat Israel sou wees” (Scholtz, 2018:11). Op dieselfde wyse wat die Joodse “futiele” opstand gelei het tot die “doopvont van Israel”, lei die “futiele” Slagtersnek-opstand tot die Groot Trek en die “geboorte van die Boervolk”. Op dieselfde wyse het die Boereopstand van 1914-15, wat ook onsuksesvol was, ’n vlag van sentiment onder die Boeregesindes ontlok, wat uiteindelik sou uitloop op ’n oorwinning by die stembus in 1924 en weer in 1948 (Robbertze, 1996:34).

Die onsuksesvolle Boeremagsage kan moontlik op soortgelyke wyse aanleiding gee tot ’n “Nuwe Groot Trek” en die hergeboorte van die Boervolk. Dit herinner ook aan NP van Wyk Louw, bekende Afrikaanse digter se bekende en bekroonde woorde in *Lojale Verset* 1939 (Duvenhage 2018:25): “Opstand is net so noodsaaklik in ’n volk as getrouheid. Dit is nie eers gevaarlik as ’n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat ’n hele geslag sonder protes sal verbygaan.”

iii) Die Majuba Deklarasie (2005)

Die Majuba Deklarasie verteenwoordig die Boervolk se eis om onafhanklikheid. Dit word soos volg opgesom (Pretorius, 2005:23):

Verteenwoordigers van die Boerevolk eis deur middel van die Majuba Deklarasie namens die Boerevolk sy onafhanklikheid, op sterkte van afsonderlike en gesamentlike gronde:

Godsdienstige redes.

Historiese redes.

Ernstige skending van menseregte (op verskillende terreine).

Die Handves van die VN.

Die internasionale volkereg.

Die sogenaamde “Accord on Afrikaner self-determination.”

Die verslag van die Volkstaatraad.

Die tussentydse Grondwet.

Die finale Grondwet.

⁶¹ “SS or Schutzstaffel (German for ‘Security Squadron’), an elite semi military organization within the Nazi Party” (Microsoft Encarta 2009: sv SS).

’n Konstitusionele Hof-uitspraak.

Afdwinging van selfbeskikking gegrond op eierigting.⁶²

Hierdie eis is nie deur ’n staatkundige opgestel nie, is ook nie volledig nie en openbaar heelwat gebreke, maar kan as ’n redelike basis dien om ’n volledige eis te formuleer.

Wat belangrik is, is dat ’n basis gelê is deurdat die Majuba Deklarasie oorhandig is aan:

- Rodolfo Stavenhagen, spesiale gesant van die Verenigde Nasies se kommissie vir inheemse volkere, op 8 Augustus 2005
- Oudpresident Mandela
- President Mbeki (op grond van sy posisie as Staatspresident van Suid Afrika op daardie stadium) tydens die Vroueoptog⁶³
- Die speaker van die Suid-Afrikaanse parlement, Baleka Mbete
- Kommissie vir Bevordering van Taal, Godsdiens en Kultuurgroepe (Grondwetlike Art. 185-Kommissie)
- *The Unrepresented Nations and Peoples Organization* (UNPO)
- Adjunkpresident Jacob Zuma (persoonlik deur skrywer oorhandig)
- Die volgende ambassades: Griekeland, Italië, Argentinië, Israel, Duitsland, Finland, België, Ierland, Kanada, Frankryk, VSA, Switserland, Nederland, Hongarye, Australië, Denemarke, Brittanje en Noorweë.

iv) Die Boerevolk Vryheidstigting (BVS)⁶⁴

In Mei 2006 is, onder die inisiatief van ’n aantal lede van die Boerevolk, besluit om die Boerevolk Vryheidstigting (BVS) te stig. Die BVS het die inisiatief geneem om ’n Verkiesingskommissie tot stand te bring, wat behulpsaam was met die verkiesing van ’n verteenwoordigende raad van die Boerevolk. Die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) is by die Willem Prinsloo Museum verkies, waar verteenwoordigers van die Kaap, Natal, Wes-Transvaal, Oos-Transvaal, Noord-Transvaal, PWV en die Vrystaat teenwoordig was. Die BVR het opdrag van die vergadering ontvang om vryheid vir die Boerevolk na te jaag, deur die onafhanklikheidstrewes van die Boerevolk op elke terrein en forum uit te dra en te bevorder.

⁶² **Eierigting** behels (volgens Booysen (1997:11-12): aksies, wat insluit vergelding, boikotte, diplomatieke optrede, arbitrasie en uiteindelik geweld. Verder stel hy dat die reg tot afdwinging aangewese is op die volk self en die volk moet sy reg van selfbeskikking verwesenlik deur middel van “eierigting”.

⁶³ Optog in Pretoria se strate deur Boerevrouens, gehou op 4 Maart 2006.

⁶⁴ Die volgende inligting word eerstehands deur die skrywer geverifieer.

Die BVS het in 2005 gepoog om 'n vryheidsvoertuig vir die Boervolk tot stand te bring. Die webwerf, www.boerevryheid.co.za, is as kommunikasie-middel gebruik en aanvang is geneem om 'n Volksregister tot stand te bring. Hierdie webwerf is tans nie aktief nie, maar was op 'n stadium in 2006 een van die drie besigste Afrikaanse webwerwe op die internet.

Die BVS het baie positiewe resultate opgelewer en die saak, asook die identiteit van die Boervolk, is weer van nuuts af op die tafel geplaas. Verskeie faktore het ongelukkig daartoe bygedra dat die organisasie nie ten volle gevestig is nie. Een van die faktore was dat Afrikaners deur die sekerheidsdienste, soos Nasionale Intelligensie, Misdaad Intelligensie en Militêre Intelligensie, die strukture van die organisasie in groot getalle infiltrer het en oral ontwigting van die doelwitte tot gevolg gehad het. Die sukses is egter daarin geleë dat "Boergesindes" weer met die Boervolk begin identifiseer het, met die gevolg dat die Boervolk 'n faktor is waarmee vandag rekening gehou moet word en dat dit verseker bygedra tot die groei in Boere-identiteit.

v) Die Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR)

Tydens 'n volksvergadering by die Willem Prinsloo Museum, is die eerste Boerevolk Verteenwoordigende Raad (BVR) deur die afgevaardigdes aangewys. Die BVR het onder andere die Majuba Deklarasie aan die speaker van die Suid-Afrikaanse parlement, Baleka Mbete, oorhandig en was twee keer by samesprekings met Jacob Zuma teenwoordig.

vi) Eis van die Orde Boerevolk

Die Orde Boerevolk rig onder leiding van Piet Rudolf op 18 Januarie 2007 'n skrywe aan die Britse en verskeie ander ambassades en dit word ook aan die VN gestuur. Hierin word die twee voormalige Boererepublieke, naamlik die Vrystaat en die ZAR (Transvaal), namens die nasate van die krygers wat teen Brittanje in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, opgeëis.

Tabel 8.1: Vryheidspogings van sommige organisasies van die Boervolk ná 1994

DATUM	ORGANISASIE	AKSIE/GEVOLG
1995	AWB	Dien vryheidseis by VN in (geliasseer)
2002	Boeremag	Poging om Boererepublieke te herstel (misluk)
2005	Majuba Deklarasie	Die Boervolk se eis om onafhanklikheid
2006	Boerevolk Vryheidstigting	Fasiliteer die verkiesing van die BVR en stimuleer/bevorder Boere-identiteit dmv 'n Volksregister

2006	Boerevolk Verteenwoordigende Raad	Tree op as leiergroepering en vestig Boere-identiteit
2007	Orde Boerevolk	Eis Vrystaat en Transvaal op as Boeregrond

vii) Verdere “regse” organisasies kom tot stand

Verskeie organisasies wat hoofsaaklik vryheidsgesind en ook Boergesind is, kom (hoofsaaklik) na 1994 tot stand (Tabel 8.2). Die lys (by die AWB ontvang) word weergegee sonder om kommentaar te lewer. Baie organisasies se naam bestaan uit 'n akroniem en die werklike name is onbekend. Die indeling is debatteerbaar.

Tabel 8.2: Regse organisasies, wat veral na 1994 ontstaan (Bron Mnr Steyn Van Ronge, AWB)

VRYHEIDSGESIND	VEILIGHEIDGERIG	ONSEKER/ONBEKEND	ONSEKER/ONBEKEND
Boere Weerstandsbeweging	Delta	Brandwag Christen Boerevolk	Three Percenters 111%
Bittereinders	Boerevryheid Suid-Afrika	Boere Legioen	Boere Laager
Boerevolk Geloftevolk	Die Suidlanders	Dexter	VS – GOS
Boere Weerstandskommando	Natal Patriotic Front	BSS	USAF
Die Boere Republikeine	Delta Groep	Boere Reddingsaksie	BAT
Die Geloftevolk Republikeine	Kommando Oosrand	Honderd Man	Verenigde Volksalliansie
Federasie van Boererepublikeine	Kommandokorps	Die Vergeldingskommando	Vaderland Alliansie
Geloftevolk Koördineringskomitee	Boere Noodkanaal	Crusaders	TAU
Boere Vryheidsbeweging	Oorgrens Veiligheid	Eenheid vir ons Volk	Toekomsvonk
Boere Republikeine	TLU SA Veiligheid	Eendracht Maakt Macht	Boerespan Nasionaal
WBW	Vroueparaatheid	Vrouekrag	Vryheidsryers
Geloftevolk Republikeine	Veiligheidsalliansie	Indomitis	VVS
ZAR Volkshof	GODSDIENSGERIG	ONSEKER/ONBEKEND	ONSEKER/ONBEKEND

VRYHEIDSGESIND	VEILIGHEIDGERIG	ONSEKER/ONBEKEND	ONSEKER/ONBEKEND
POLITIEKGERIG	Dogter van Zion	NKP	BRA
Nuwe Konserwatiewe Party	Boervolk Waarheid	Boerevolk Kultuurvereniging	Stormloop
Volkstaat Party	Verbondsvolk Gemeente	BVN	Smeltkroes Stryders
Boere Krisis Aksie	Volkskansel	Eenheid Boere Stabiliteit	Terug na Vryheid
Boere Nasionaal Vryheid	BOERE-AFRIKANERS	Cape Exit	ULA
Boere Nasionaal Vryheid	Sege	NCA	Verenigde Volk Stryders
Front Nasionaal	Orania beweging	Patriotte vir Minderhede	VHS Volkshuis Alliansie
HNP	Volksbond	Schaapkraal	Vrystaat staan saam
Cape Party	Verkenners	Patriot	WBA
Nas, Konserwatiewe Party	Tabok	Swart Maandag	Stellaland Republikeine
Vryheidsfront plus	Oranjewerkers	SAVS	Wit Brandwag

8.3.2.3 Samevatting

Bogenoemde organisasies en groeperings (as voorbeelde van verset-aksies en pogings deur lede van die Boervolk) om sy vryheid en republieke te herstel, demonstreer duidelik 'n soeke na vryheid en 'n republikeinse onafhanklikheidstrew. Dit bevestig ook dat die Boer se kulturele erfenis steeds gehandhaaf word en dat vryheid en onafhanklikheid nagestreef word. Die Boervolk sal, soos die Baske en Katalane, nooit ophou om hom daarvoor te beywer voordat onafhanklikheid verkry is nie (Roelofse, 2009).

8.3.3 Die Afrikaner van die 21^{ste} eeu

Die Afrikaner het sedert republiekwording onder invloed van die NP, die AB en die liberale Afrikaanse media, toenemend 'n meer liberale ingesteldheid openbaar (Bruwer, 1986:282; Marais, 2003: 62). 'n Hoogtepunt in die liberale gesindheid kon waargeneem word tydens die Ja/Nee referendum van 1992. Na 1994 en onder invloed van die transformasie-aksies soos hierbo bespreek, het baie Afrikaners begin "stil raak" en selfs "skaam-kwaad" erken dat hulle in die aanloop tot 1994 (en daarna) mislei is (Du Preez, 2021). Alhoewel die liberale gees steeds onder 'n groot deel van die Afrikaner bestaan, het 'n groot groep polities en kultureel na die "middelgrond"

migreer. Hulle het 'n meer gematigde houding ingeneem deur aanspraak op hulle “eie kultuur” te maak (Labuschagne, 2021). 'n Beduidende groep Afrikaners in die liberale kamp het vir die DA gestem. Hulle openbaar 'n ekonomiese oorlewingsingesteldheid en stel nie belang in kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit nie. Die liberale tradisionele Afrikaner-kerke is besig om dood te loop en die enigste kultuurorganisasie wat nog spartel om te bly bestaan is die ATKV (Eybers, 2019:5). Hulle bevorder egter nie meer Afrikanernasionalisme nie maar maak voorsiening vir *Afrikaanses*. Die FAK, wat 'n belangrike openbare been van die AB was, is deur die middelgroep oorgeneem, terwyl die AB nie meer 'n wesentlike impak op die samelewing uitoefen nie. Organisasies wat die liberale Afrikaner se standpunte teenoor transformasie handhaaf sluit in RSG, die FW de Klerk Stigting en Agri SA.

Transformasie skep 'n gesamentlike vyand vir die Afrikaner aangesien alle witmense en veral Afrikaanssprekendes, ongeag hulle politieke siening, slagoffers van regstellende aksie, werksverlies, diskriminasie by keuring en kontrakte, asook misdaad is. Dié negatiewe uitwerking van transformasie op alle Afrikaners en die skep van 'n gesamentlike vyand dryf baie liberale Afrikaners na die middelgroep. 'n Groot meerderheid is egter steeds bereid om as liberale apologete te konformeer.

8.3.4 Die Middelgroep Afrikaner van die 21^{ste} eeu

Die groep, wat tussen die Boervolk en die Afrikaner gegroepeer word, noem hulleself meesal ook *Afrikaners* nieteenstaande die feit dat die meeste hulle afstand probeer skep tussen hulle en die liberale Afrikaner. 'n Beduidende deel van die middelgroep vereenselwig hulle ook met die Boer se vryheidstrewes. Met die oog op hierdie studie word dié groep die *Boere-Afrikaners* genoem. Na 1994 het verskillende organisasies namens die middelgroep na vore getree. Die VVK het namens die middelgroep in 2007 gepoog om 'n verteenwoordigende raad vir die *Boere-Afrikaner* tot stand te bring (Volkraadskoerant, 2013:1). Die Volksbond (voorheen Toekomsgepraag of TG) tree (steeds) as geheime organisasie namens die *Boere-Afrikaner* op. Die VF+ poog om as politieke party op te tree, die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) poog om as kultuurliggaam op te tree, terwyl Solidariteit as vakbond en AfriForum as burgerregte-organisasie vir Afrikaanssprekendes optree (Toerien, 2013). Pretoria FM propageer oor die laaste paar jaar die beleid van die middelgroep (Hoofstuk 8.3.4.4).

8.3.4.1 Die Boere-Afrikaner Raad van die VVK

Die Verteenwoordigende Verkiesingskommissie is in 2007 gestig. Hulle was behulpsaam met 'n verkiesing van die Boere-Afrikaner Raad. Hierdie verkose raad het in 2013 'n eis by die huidige regering ingedien, wat neerkom op die aanspraak op onafhanklikheid namens die Boere-

Afrikaner. Die liggaam wat hulle verkies het staan bekend as die Boere-Afrikaner Volksraad. Die Raad het nie onlangs belangrike projekte onderneem nie, maar dra by om *Afrikaner-identiteit* te bevorder (Volkraadskoerant, 2013:Uitgawes nommer 1 tot 7).

8.3.4.2 Die Volksbond

Die Volksbond is 'n geheime organisasie wat vanuit TG ontstaan het nadat die meeste Boergesindes as lede bedank het. Die Volksbond het die aksies van die VVK ondersteun en is dus daarop ingestel om die belange van die Boere-Afrikaner en Afrikaner-identiteit te bevorder (Toerien, 2013).

8.3.4.3 Politieke partye

Daar bestaan politieke partye wat deur BASA21 gesteun word, soos die Vryheidsfront plus (VF+), die DA, Front Nasionaal en die Nasionaal Konserwatiewe Party (NKP). Sommige lede van BASA21, hoofsaaklik uit Roelofse (2009) se “eerste groep” (8.3.1), het voor 2019 vir die DA gestem. Die feit dat feitlik alle onderhoude van die DA, selfs op Pretoria FM, in Engels plaasvind, behoort diegene wat hulle ondersteun te laat vra of die DA enigsins vir BASA21 iets wil beteken, om nie eers van die Boer te praat nie. Met die verkiesing van 2019 het 'n groot deel van diegene wat voorheen vir die DA gestem het, vir die VF+ gestem (Kotzé 2019, 8.3.4.3). Hulle is deel van die groep wat na die middelgrond migreer het.

Die belangrikste deel van BASA21, wat politieke uitgesluit is en veronagsaam word, is diegene wat nie legitimiteit aan die oorgangsproses wou verleen nie en daarom nie aan enige verkiesing deelgeneem het nie. Baie van hulle is steeds “daar buite” en huidige organisasies wat hulle vir die “Afrikaner” beywer, neem hierdie groep dikwels nie in ag nie. Daar moet in gedagte gehou word dat, volgens Giliomee (2004:606), ongeveer 'n miljoen wit Afrikaners tydens die referendum in 1992 “Nee” gestem het. Hoewel dit twintig jaar gelede plaasgevind het, moet gevra word wat van daardie kiesers en hulle kinders geword het.

8.3.4.4 Burgerregte organisasie – AfriForum en vakbond – Solidariteit

Die Solidariteit-beweging (Soliforum) tree skynbaar namens die Afrikaner op, maar beywer hulle daarvoor om die beeld uit te straal dat hulle nie uitsluitlik namens Afrikaners optree nie. AfriForum is veral tans ernstig daarop ingestel om hulle getalle uit te brei en word oënskynlik deur 'n wye spektrum uit die gelede van BASA21 ondersteun. Tydens 'n besprekingsprogram by Aardklop in Oktober 2018, stel Gert van der Westhuizen⁶⁵ dat “sowat 85% van AfriForum-ondersteuners

⁶⁵ Gert van der Westhuizen is Netwerk24 se meningsredakteur.

stem byvoorbeeld DA” (Bigalke 2018:9). Dit impliseer dat lede van die Boervolk, wat nie vir die DA sal stem nie en wat by Soliforum betrokke is, deel van die 15% wat oorbly uitmaak. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die *Boer* nie tevrede en/of gemaklik is met AfriForum se voortdurende verteenwoordiging van die “hulle’s” nie (2.4.1). Verder blyk dit dat die Solidariteit-beweging in die algemeen en AfriForum in die besonder, niks of min met die Boervolk te doen wil hê.

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit-beweging, skryf in *Rapport Weekliks* (27 Mei 2018:11) dat die grondslag waarop die beweging (Soliforum) georganiseer is, voorsiening maak vir “veelvuldige entiteite, soos *Afrikane, Afrikaners, Suid-Afrikaners en Afrikaanssprekendes*.” Dit is onduidelik of die *Boer* as een van die “veelvuldige entiteite” doelbewus uitgelaat is. Hy sluit die artikel af deur ’n verdere term te gebruik deur te stel dat “*Patriotiese Afrikaners en Suid-Afrikaners*” moet saamstaan.

Die waarheid is dat ’n groot deel van die Boervolk nie lede van AfriForum is nie en ook nie ooglopend betrek word nie.

8.3.4.5 Pretoria FM

Radio Pretoria is op 18 September 1993 deur lede van die Boergesindes en vryheidsgesindes binne die Afrikanerdom, as verset teen die liberale koers wat RSG in die laat 1980’s en vroeë 1990’s ingeslaan het, gestig. ’n Paar kleiner radiostasies het mettertyd ook die lig gesien. Johannes van der Walt en Anita Armand was van die eerste Radio Pretoria-omroepers en het deurgaans na die *Boer* verwys. Weens ruim finansiële ondersteuning kon Soliforum daarin slaag om Radio Pretoria oor te neem. Die radiostasie se naam is intussen na Pretoria FM verander en lê tans meer klem op Afrikanerskap en beklemtoon dat Afrikaner-identiteit om *Afrikaans* (as taal) draai. Die erkenning aan die *Boer* word totaal op die agtergrond geplaas, trouens, die woord *Boer* word feitlik nie meer in uitsendings gehoor nie, behalwe in liedjies. As “mondstuk vir die SoliForum-groep” bevorder die radiostasie die middelgroep. Die middelgroep word deur Pretoria FM as *Afrikaners* geïdentifiseer.⁶⁶

8.3.4.6 TLU-SA

Die TLU, deesdae bekend as TLU-SA, is ’n organisasie wat in die 19^{de} eeu gestig is en reeds langer as 100 jaar namens die boere (kleinletter) of georganiseerde landbou optree. Tradisioneel was die TLU nog altyd behoudend en derhalwe konserwatief in hul standpunte en optredes. Die rede daarvoor is sekerlik dat die TLU se lede hoofsaaklik uit die geledere van Transvaalse boere

⁶⁶ Die skrywer vorm as luisteraar vanaf die begin van die stasie, ’n objektiewe opinie.

afkomstig is, wat tradisioneel oorwegend as *Boere* (hoofletter) geklassifiseer kan word. Daar kan gestel word dat die organisasie oorwegend die *Boer* en *Boere-Afrikaner* verteenwoordig, alhoewel noue samewerking met die Soliforum-groep aanvanklik na hierdie groep se ontstaan waargeneem kon word. Hulle verwys na die boer as landbouer en bevorder die middelgroep se identiteit. Dit blyk dat SAAI, 'n nuwe landbougroep wat gestig is, nouer bande met Soliforum het en in 'n mate as kompetisie vir TLU-SA gestig is (Saai, 2020).

8.3.4.7 FAK

In 1929 het 400 afgevaardigdes van kultuurorganisasies onder die leiding van die AB van oor die hele land in Bloemfontein bymekaar gekom. Hulle het besluit om 'n federale organisasie, die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) te stig. Die doel was om Afrikaans op gekoördineerde wyse te bevorder (Giliomee, 2004:353). Die FAK het al die jare as frontorganisasie vir die AB gedien (Giliomee, 2004:368). Reeds in die 1980's het 'n linkse verskuiwing binne die FAK begin plaasvind (Erasmus, 2006:141-142). Die liberale geneigdheid van die FAK is verbreek na die oorname daarvan deur die *Boere-Afrikaners*, of "middelgroep" (Wingard, 2009:176-177). Die FAK tree tans op onder die beskerming van die Solidariteit-groep en bevorder steeds Afrikaans en Afrikaner-identiteit, maar gebruik nie die term *Boer* nie (Solidariteit, 2015:9-11).

8.3.4.8 Die Verkennersbeweging van Suid-Afrika

Die verkenners is op 19 Oktober 1989 onder die leiding van Steve Strydom tot stand gebring. Die Verkenners beskryf hulle beweging as 'n kultuur- en vryheidsbeweging wat die belange en kultuur van die Boerevolk verteenwoordig. Mondelings het die ondervoorsitter, mnr Flippie Niemann, die skrywer telefonies meegedeel dat hulle die VVK ondersteun het en tans die belange van die Afrikaner-Boerevolk bevorder (Niemann 2021). Hulle beskou hulleself as polities neutraal, maar streef na 'n onafhanklike vaderland waarin die Boerevolk vry kan voortleef (Die Verkenners webwerf 2016). TG het die beweging aanvanklik ondersteun.⁶⁷ Waarskynlik ondersteun die Volksbond die Verkenners op die stadium nog steeds.

8.3.4.9 Gevolgtrekking

Bogenoemde organisasies beklee hoofsaaklik die middelgrond tussen die Boerevolk en die *liberale Afrikaner* binne BASA21. Te danke aan die aanvanklike finansiële hulp van die Mynwerkersunie en latere vakbond Solidariteit, het AfriForum tot stand gekom. Daarna is verskeie organisasies onder die vaandel van Soliforum gestig, wat die middelgrond, of die *Boere-Afrikaner* se bestaan

⁶⁷ Persoonlike kennis van die skrywer.

en identiteit onder die naam *Afrikaner* bevorder. Hierdie groep staan as *Afrikaners* bekend, alhoewel 'n groot deel van hierdie groep hulle met die vryheidstrewende en Boeregesindheid van die Boervolk vereenselwig. Indien hulle oor hul identiteit gekonfronteer word reageer hulle op een van twee maniere. Hulle vereenselwig hulle openlik met die Boervolk en is bereid om die keuse te maak, óf hulle redeneer dat hulle die ware vryheidsoekende *Afrikaners* is, dat die liberale onbelangrik is, en handel asof die Boeregesindes randeiers is en die eintlike oorsaak van die verdeeldheid onder die *Afrikaner* is.⁶⁸ Ten opsigte van *Afrikaner*-identiteit gee dit aanleiding tot onsekerheid en verwarring oor die visie, missie en identiteit van BASA21.

8.4 Die verskillende benaderings van die *Afrikaner*-groepe teenoor transformasie

8.4.1 Inleiding

Soos in die vorige hoofstuk, word die gesindhede van die drie *Afrikaner*-groepe met mekaar vergelyk. Hier behels dit die gesindheid teenoor die toepassing van transformasie en die beleid van die ANC regime, asook situasies wat voortspruit uit die verskillende beleide. Daar is 'n vergelyking getref tussen die drie groepe se gesindhede teenoor die aanslag van transformasie in die algemeen, en ten opsigte van verskillende aspekte van transformasie in die besonder.

Daar word gekyk na die gesindhede van die Boer, die tussengroep (Boere-*Afrikaner*) en die liberale *Afrikaner* ten opsigte van sake soos: BEE, kwotas, houding teenoor onderdrukkende beleid (teenoor blankes), entoesiasme ten opsigte van sport in die algemeen en teenoor rugby in die besonder. Verder is gekyk na die gesindhede ten opsigte van sake soos naamsverandering, simbole soos die nuwe Vlag en die Volkslied en dan is daar gekyk na die verskille ten opsigte van kerkverband, die inskakeling by radiostasies, politieke verband en die betrokkenheid by geheime organisasies. Die stellings of gevolgtrekkings wat in Tabel 8.3 gemaak word is gebaseer op waarnemings en indrukke deur die skrywer en is nie wetenskaplik getoets nie. Die waarde daarvan is dat dit 'n basis kan lê vir toekomstige meningsopnames en verdere navorsing asook dat dit 'n aanduiding gee oor die verskillende benaderings wat bestaan.

Tabel 8.3: 'n Vergelyking van die reaksies en gesindhede van die Boer, die Boere-*Afrikaner* en die *Afrikaner*, ten opsigte van transformasie, instellings en gebeure in die 21^{ste} eeu.

⁶⁸ Soos bo.

GESINDHEID TEENoor TRANSFORMASIE	BOER SE GESINDHEID	BOERE- AFRIKANER SE GESINDHEID	AFRIKANER SE GESINDHEID
Transformasie in die algemeen	Negatief	Negatief of neutraal	Positief en apologeties
Swart ekonomiese bemagtiging (BEE)	Gekant	Gekant of neutraal	Positief of neutraal
Kwotas	Gekant	Gekant of neutraal	Positief of neutraal
Houding teenoor beleid wat blankes onderdruk	Ervaar dit negatief en bied weerstand	Meestal gekant, sommige bied weerstand	Meeste aanvaar dit gelate
Besit 'n TV toestel	Min kyk (of besit 'n) TV	Meeste besit/kyk (n) TV	Almal besit en kyk TV
Entoesiasies oor rugby	Min stel deesdae belang	Positief of negatief	Meeste opgewonde oor rugby
SA Sport in die algemeen	Relatief negatief	Negatief tot positief	Baie positief ingestel
Naamsverandering	Gekant en gebruik ou name so lank moontlik	Negatief tot neutraal	Gebruik nuwe name dadelik
Nuwe vlag	Antagonisties	Negatief tot neutraal	Positief gesind
Verf nuwe vlag op gesig	Nooit	Soms	Baie graag
Nuwe volkslied	Antagonisties	Positief en neutraal	Baie positief
Kerkverband	APK, Israelgroeperinge en sonder kerkverband	APK, Israel groepe, Herv. en Geref. kerke	Hoofsaaklik NGK, asook Geref. Kerk, Herv. Kerk
Radiostasie	Pretoria FM of geen	Pretoria FM en RSG	RSG
Politieke verband	Stem glad nie of VF+ (Plaaslik)	Stem VF+ of DA	Stem DA of ANC
Geheime organisasies	Geen	Volksbond of geen	Broederbond en/of Vrymesselaars
Betrokkenheid by Senekal	Was in Senekal by die hof	Was op die plaas buite die dorp	Het by die huis gebly.

(Rakende Senekal ⁶⁹ word verwys na Voetnota 1)

8.4.2 Gevolgtrekking

Die *Boer*, *Boere-Afrikaner* en *Afrikaner* se gesindhede en ingesteldhede ten opsigte van transformasie en die gevolge van transformasie op instellings na 1994 is in Tabel 8.3 met mekaar vergelyk. Dit is duidelik dat daar, soos tydens Fase 5 (1961-1994), 'n duidelike verskil in reaksie en gesindheid tussen die *Boer* en die *Afrikaner* aangetoon kan word. Wat opvallend in die 21^{ste} eeu is, is die rol wat die *Boere-Afrikaner* speel. Hulle word aan die een kant gevorm deur liberale Afrikaners, wat deur transformasie ontnugter is, asook aan die ander kant deur Boergesindes, wat steeds weens die gevestigde persepsie as Afrikaners bekend staan.⁷⁰ Die leiergroepering van die middelgroep poog om hierdie groepering in die naam van die Afrikaner te organiseer en na onafhanklikheid te lei. Die volgende opmerking is hier van toepassing: Die AB (en NP) het dieselfde doelwitte in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu gehad en selfs met regeringsbeleid aan hulle kant, kon hulle nie 'n permanente oplossing vir die kunsmatig gevormde Afrikaner bewerkstellig nie.

Opsommend kan gestel word dat die *Boer* se reaksie en gesindheid voorspel kan word op grond van sy kulturele erfenis, wat gegrond is op 'n vryheidstrewer en gepaard gaan met weerstand teen onderdrukking en miskenning van vryheid. Die liberale *Afrikaner* se reaksie en gesindheid kan verklaar word op grond van sy kulturele erfenis van kompromisie en onderdanigheid. Die *Boere-Afrikaner* se gesindheid is 'n mengsel of kombinasie van die twee pole.

8.5 Konflik en oorlog-teorie verklaar identiteit

In Hoofstukke 2, 4 en 6 is aangetoon hoe konflik en oorlog bygedra het om 'n sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, asook 'n kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Boervolk tot stand te bring. Hierdie verskynsel word verklaar deur die teorie van Konflik en Oorlog (3.3.5.5). Volgens die teorie van Konflik en Oorlog dryf konflik en oorlog die slagoffers na mekaar toe en lei dit tot sentralisasie en organisasie. Na 1994 is die Afrikaner toenemend aan konflik en onderdrukkende maatreëls blootgestel. Soos in Hoofstuk 8.2.2 uiteengesit, hanteer die ANC die huidige situasie soos die oorwinnaars in 'n oorlog (Oosthuizen, 2011:29).

⁶⁹ Sien voetnoot 1: Die reaksies en optredes van BASA21 op 16 Oktober 2020 by Senekal in die Vrystaat, na aanleiding van 'n "teregstellende" en brutale moord op 'n jong blanke boer naby Senekal, was uiteenlopend. Die EFF het die beswaardes uitgedaag tot konfrontasie tydens die opvolgende hofdag. Uiteenlopende benaderings, groeperings en weergawes is daarna gevorm, met uiteenlopende opinies oor die verwarring en verdeeldheid.

⁷⁰ Sien Voetnoot 8.

Tabel 8.3 toon aan dat die liberale *Afrikaner* die konflik as gevolg van onderdrukking redelik gelate aanvaar, terwyl die meeste *Boere-Afrikaners* en veral die *Boer* dit negatief beleef. Die persone wat die konflik negatief ervaar, groepeer dus onbewustelik saam en beleef dit as onderdrukking en benadeling van “ons” aan die een kant, deur ’n vyandige en diskriminerende “hulle” aan die ander kant. Dit bevorder identiteit by die groeperings wat dit as sodanig ervaar (2.5.6.4). By die *Boer* bevorder dit die Boeregesindheid en vereenselwiging met die Boervolk, terwyl die Boere-Afrikaner, ten spyte van die bevordering van identiteit, onder invloed van die gevestigde persepsie, hulleself steeds Afrikaners noem. Die verskil in gesindheid tussen die Boere-Afrikaner en die Afrikaner (terwyl hulle almal saam as Afrikaners geïdentifiseer word), veroorsaak verwarring ten opsigte van identiteit by die middelgroep Afrikaners.

8.6 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die identiteit van die Afrikaner na 1994 onder die invloed van transformasie ontleed. Onder invloed van Moskou en die SAKP het die NDR die aanvanklike doelwit van die ANC geword. Dit word deur die toepassing van transformasie bereik, en word na die verkryging van politieke mag in 1994 die instrument om volledige politieke en ekonomiese beheer oor die land te bekom en uit te oefen. In die verloop van die proses tree die ANC op soos die oorwinnaars van ’n oorlog en word die Afrikaner as minderheidsgroep op alle terreine van die land se hulpbronne weerhou. ’n Deel van BASA21, veral diegene met ’n vryheidstrewer, word toenemend uitgedaag en gekompromitteer om standpunt in te neem.

Die aanslag wat die ANC-regime op die Afrikaner (veral op die vryheidsgesinde Boer) uitoefen lei tot groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit by ’n gedeelte van BASA21. Die *Boer*, die liberale *Afrikaner* en die tussengroep, wat as die *Boere-Afrikaner* gedefinieer kan word, tree na vore.

Dit lei tot verskillende gesindhede en benaderings teenoor die transformasiebeleid waaraan die groepe blootgestel is. Hierdie benaderings werk gevolglik ten opsigte van identiteit verskillend op die groepe in. Die negatiewe uitwerking van transformasie op alle Afrikaners en die ontwikkeling van ’n gesamentlike vyand, dryf baie liberale Afrikaners na die middelgroep. ’n Groot meerderheid van die liberale Afrikaner is nietemin steeds bereid om te konformeer. Die deel van BASA21 wat vryheid nastreef, het verskeie organisasies gestig met die doelwit om vryheid vir die Boervolk asook vir die Boere-Afrikaner te verkry. Die middelgroep, wat hulle in wese met die vryheidstrewer van die Boer vereenselwig maar hulleself onder die invloed van die gevestigde persepsie steeds Afrikaners noem, veroorsaak verwarring en onsekerheid ten opsigte van identiteit by BASA21.

HOOFSTUK 9: SLOTOPMERKINGS

9.1 Inleiding

Hierdie navorsingstudie ontleed die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit vanaf die 1600's tot en met die 21^{ste} eeu (Figuur 1.2). Daar is klem gelê op die invloed wat die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad het (Figure 1.3 en 2.5). Afrikaner-identiteit word ten volle in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu verwesenlik, toe die Boer en die Kaapse Afrikaner kunsmatig saamgevoeg is om die Afrikanernasie en gevolglike Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme tot stand te bring (Hoofstuk 5.4 en Hoofstuk 6). Die historiese agtergrond en ontwikkeling, asook die verdere verloop van Afrikaner-identiteit, is in fases ingedeel en analities verken (Figure 1.2 en 1.3).

Daar is bevind dat verskeie vorme van sosiale ingenieurswese, naamlik kolonialisme, Afrikanernasionalisme, apartheid, blankisme en transformasie, 'n beduidende invloed op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gehad het (Figure 1.3 en 2.5). Die invloed van die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese is tydens die verskillende fases ontleed.

Verskeie stappe of fases van identiteitsontwikkeling kan vanaf 1652 tot in die 2020's by die mense wat as behorende tot die Afrikaner en sy voorsate geïdentifiseer is, waargeneem word. Hierdie ontwikkeling is tydens ses denkbeeldige fases beskryf (Figure 1.2 en 1.3). Verskillende fasette van die identiteitsontwikkeling kan teoreties volgens verskillende teorieë verklaar word.

Laastens is twee paradigmas, wat terugskouend na die totstandkoming van die Afrikanernasie waargeneem kan word, geïdentifiseer. Die paradigmas vorm saam met die verskillende teorieë wat die ontwikkeling van identiteit verklaar, en die verskillende vorms van sosiale ingenieurswese, 'n analitiese raamwerk, waarbinne die verskillende fases van identiteitsontwikkeling van die Afrikaner beskryf en verklaar word (Figure 1.2 en 2.6).

Daar is tydens die verskillende fases telkens bepaal watter paradigma die sterkste argument vir die bepaalde fase verteenwoordig.

Daar is bevind dat tydens Fases 1 en 2, onder invloed van kolonialisme, aanvanklik twee onderskeibare groepe, naamlik die *Boer* en die *Kaapse Afrikaner* na vore getree het. Verder is bevind dat dié groepe onder die invloed van sosiale ingenieurswese saamgevoeg is om Afrikanereenheid, Afrikanernasionalisme en Afrikaner-identiteit tydens die implementering van apartheid te bewerkstellig (Hoofstuk 6). Hierdie bevinding strook met die uitgangspunte van Paradigma B en weerspreek die uitgangspunte van Paradigma A, wat stel dat een volk

oorspronklik tydens die volksplanting tot stand gekom het en as een volk regdeur die geskiedenis ontwikkel het.

Na republiekwording in 1961 het die sosiale ingenieurs die klem van politieke sosialisasie verskuif en blankisme is bevorder (Hoofstuk 7). Tydens hierdie fase het die bevordering en handhawing van Afrikaner-identiteit toenemend onder druk gekom. Vanaf 1994, ná die politieke oornome deur die ANC, het die druk toegeneem tot *onderdrukking* van Afrikaner-identiteit (Hoofstuk 8). Al hierdie verskillende vorme van sosiale ingenieurswese het 'n wesentlike invloed op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit uitgeoefen en die finale resultaat, soos in die 21^{ste} eeu waargeneem kan word, word vervolgens kortliks saamgevat.

Die Afrikaner van die 21^{ste} eeu het uiteindelik, as uitkoms van sosiale ingenieurswese oor drie eeue heen, tot drie groepe ontwikkel, naamlik die *Boer*, die liberale *Afrikaner* en 'n tussengroep, wat as die *Boere-Afrikaner* gedefinieer is (Figuur 8.1). Die tussengroep noem hulleself, na aanleiding van die gevestigde persepsie, *Afrikaners*, alhoewel hulle op verskeie terreine wesentlik van die *liberale Afrikaner* verskil. Die meer liberale gedeelte van die *Boere-Afrikaner* verskil ook dramaties van die *Boer*, waarvan die Boergesinde gedeelte grootliks met die Boervolk se uitgangspunte saamstem. Uiteindelik kan die verskille in identiteit en die verskille in benadering oor verskeie politieke en kulturele waardes en sake verklaar word op grond van die diepgaande verskil in kulturele erfenisse tussen die Boervolk en die *liberale Afrikaner* en verklaar die verwarring in die uitleef van identiteit (Tabelle 7.1 en 8.2).

Hierdie studie het gepoog om antwoorde te verskaf op vrae wat aan die begin van die navorsing gevra is, naamlik: "Wie is 'ons'? Waar kom 'ons' vandaan? Waar gaan 'ons' heen?" Kernvrae moes beantwoord word, soos: "Hoe het die Afrikaner tot stand gekom? Hoe is Afrikaner-identiteit en Afrikanernasionalisme gevorm? Waarom is die Afrikaner so verdeeld?" (Hoofstuk 1.1).

9.2 Die teoretiese begroning van die studie

Die teoretiese begroning vir die studie en die ontwikkeling van die analitiese raamwerk is as basis vir die studie in Hoofstuk 2 bespreek, waarna die verskillende fases waardeur Afrikaner-identiteitsontwikkeling beweeg het, in die latere hoofstukke ontleed is.

In Hoofstuk 2 is 'n analitiese raamwerk teen die agtergrond van 'n metateoretiese perspektief gekonstrueer, sodat die studie van *Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese* wetenskaplik begrond kan word. Die analitiese raamwerk, soos in Figuur 2.7 skematies uitgebeeld, is gekonstrueer en het as grondslag gedien om die verskillende historiese fases waardeur die Afrikaner se identiteit ontwikkel het, in perspektief te plaas, te ontleed en te verken. Klem is in Hoofstuk 2 gelê op die kernbegrip van sosiale ingenieurswese, identiteit, asook die

ontleding van die rol wat paradigmas (as vakwetenskaplike tradisies) ten opsigte van die beskrywing en historiese ontleding van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit gespeel het (Hoofstuk 2.2.4, 2.3.3, 2.5.4). Twee paradigmas (A en B) is beskryf en word tydens die ontleding van elke fase vergelyk (Tabel 2.1).

9.3 Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit is volgens verskillende Fases ontleed

9.3.1 Inleiding

Vanaf Hoofstuk 3 tot Hoofstuk 6 is die verskillende fases waardeur die Afrikaner se identiteitsontwikkeling plaasgevind het ontleed. Telkens is bepaal watter vorm van sosiale ingenieurswese tydens die betrokke fase ter sprake is, en daar is besin oor die geldigheid van die uitgangspunte van Paradigmas A en B. Die resultate word nou kortliks saamgevat.

9.3.2 Kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit ontwikkel tydens die 1600's en die 1700's

9.3.2.1 Sosiale ontwikkeling en paradigmas ten opsigte van Afrikaner-identiteit tydens die 1600's en 1700's

In Hoofstuk 3 is Fases 1 en 2 van identiteitsontwikkeling by die voorsate van die Afrikaner beskryf en ontleed (Figuur 1.2 & 1.3). Onderskeid tussen Paradigma A en Paradigma B is getref en daar is bevind dat twee afsonderlike groepe aan die einde van die 18^{de} eeu in die Kaap onderskei kon word, naamlik die amptenary en die Vryburgers (Figuur 3.2; Hoofstukke 3.2.4; 3.2.5). 'n Verdere onderskeid tussen die twee groepe kom voor in die vorm van akkerbouers en veeboere, asook in die vorm van die Oranje-manne en die Kaapse Patriotte (Bruwer, 988:68-73; Hoofstukke 3.3.4; 3.2.8.4 en 3.2.8.2). Op hierdie stadium lei die onderskeid tussen die twee groepe tot die definiëring van die een groep as die Proto-Afrikaners en die ander groep as die Proto-Boere (Hoofstuk 3.2.10). Die afleiding word gevolglik gemaak dat Paradigma B se uitgangspunte meer gewig dra as die uitgangspunte van Paradigma A.

'n Verdere afleiding is dat geen kulturele bewuswording, volksbewussyn of volksidentiteit tydens hierdie fase by die Proto-Afrikaner aangetoon kon word nie (Hoofstuk 5.4). By die Proto-Boer, met sy onblusbare strewe na vryheid, is daarteenoor duidelike kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit, as vroeë openbaring van vryheidsgesindheid en volksisme in die vorm van republikanisme waargeneem (Degenaar, 1987:236; Hoofstuk 4.6).

9.3.2.2 Sosiale ingenieurswese tydens die 1600's en 1700's

Sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme het 'n blywende invloed op die identiteit en kulturele erfenis van die Proto-Afrikaner gehad (Giliomee, 2004:7, 11, 29). Die Proto-Boer, aan die ander kant, reageer deur uit die Kaap weg te trek, by die Kaapse Patriotte betrokke te raak, die republieke Swellendam en Graaff-Reinet te stig, en (sommige) selfs by die Slagtersnek-opstand betrokke te raak (Hoofstuk 4.2). Hierdie betrokkenheid bevorder sosiale bewuswording, groepsvorming en groepsidentiteit, sowel as kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Proto-Boer (Hoofstuk 4.6).

9.3.2.3 Gevolgtrekkings

Daar is bevind dat die uitgangspunt van Paradigma A, naamlik dat daar 'n volksplanting met die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap plaasgevind het, debatteerbaar is en nie werklik gegrond is nie. Die standpunt van Paradigma B, dat daar twee onderskeibare blanke groepe tydens Fases 1 en 2 in Suid-Afrika ontstaan het, het meer substansie as die uitgangspunt van Paradigma A, wat konstateer dat die Afrikaner reeds by Jan van Riebeeck se "volksplanting" as een groep ontstaan het (Hoofstuk 3.4).

Die Proto-Boer openbaar 'n ononderdrukbare vryheidstrewa en toon duidelike tekens van kulturele bewuswording, volksbewussyn en 'n vroeë mate van volksidentiteit en republikaanse tydens hierdie fases, en bied telkens weerstand teen kolonialisme as 'n vorm van sosiale ingenieurswese (Roelofse 2009). Daarteenoor toon die Proto-Afrikaner geen neiging tot vryheid nie en bied ook geen weerstand teen die sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme nie (Degenaar, 1987:236). Hierdie verskynsel lê die grondslag vir latere verskille in kulturele erfenisse. Op die stadium tydens Fases 1 en 2, word nog geen teken van Afrikaner-identiteit by enige groepering waargeneem nie (Hoofstuk 3.4).

9.3.3 Tydens die 1800's (Fase 3) tree die Boer en die Kaapse Afrikaner na vore

9.3.3.1 Inleiding

Fase 3 behels die ontwikkeling van die *Boervolk* sowel as die *Kaapse Afrikaner* as voorsate van die *Afrikaner*. Die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die latere Boervolk tydens Fase 3 is in Hoofstuk 4 ontleed, waarna die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Afrikaner en die latere Kaapse Afrikaner in Hoofstuk 5 ontleed is.

9.3.3.2 Die Proto-Boer en die Boervolk ontwikkel identiteit tydens Fase 3

Kolonialisme het as vorm van sosiale ingenieurswese 'n direkte uitwerking op die ontwikkeling van identiteit by die Proto-Boer en die latere Boervolk uitgeoefen (Hoofstuk 4.2). Een van die belangrikste gevolge van kolonialisme was die ontstaan van die Groot Trek. Die gewapende konflik tussen Boer en Brit, asook die konflik tydens die Groot Trek, het direk aanleiding gegee tot die ontwikkeling van kulturele bewuswording, volksbewussyn en volksidentiteit by die Proto-Boer en die ontstaan van die Boervolk. Die konflik as gevolg van kolonialisme was, volgens die teorie van Konflik en Oorlog, die teorie van 'n Verbeelde Gemeenskap, die teorie van Simboliese Interaksie asook die teorie van Sosiale Fenomenologie, direk aanleidend tot die ontwikkeling van die identiteit van die Boervolk (Hoofstuk 4.6).

9.3.3.3 Die Proto-Afrikaner ontwikkel groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit tydens Fase 3 (1800's)

In Hoofstuk 5 word die ontwikkeling van die Proto-Afrikaner en die ontstaan van die *Kaapse Afrikaner* in die 1800's ontleed. Die begrip *Afrikaner* en vier postulate oor hoe en wanneer die Afrikaner asook Afrikaner-identiteit tot stand gekom het, is ontleed.

Daar is eerstens bevind dat die ontwikkeling van volksidentiteit nie werklik gedurende hierdie tydperk by die Kolonialer na vore getree het nie. Verder is bevind dat sosiale ingenieurswese in die vorm van kolonialisme, soos dit deur die Engelse regering toegepas is, 'n blywende invloed op die vestiging van die Koloniale Afrikaner (en op die latere *liberale Afrikaner*) se kulturele erfenis gehad het. Die Kaapse Afrikaner se pro-koloniale ingesteldheid en bereidheid tot konformasie is versterk en het deel van die *liberale Afrikaner* se kulturele erfenis geword. Hierdie ingesteldheid staan reëlreg teenoor die gesindheid van die Boervolk wat telkens teen kolonialisme in opstand gekom het (Hoofstuk 5.4).

Die Pro-Republikeinse Kolonialer, wat die tydens die 1800's die minderheid in die Kaap was, het weens die ingesteldheid van republikanisme 'n mate van weerstand teen kolonialisme getoon, maar het mettertyd onder die toegepaste kolonialisme van die Engelse bewind geswig en meesal by die gesindheid van die meerderheid Pro-Koloniale Afrikaners ingeskakel. Daar is wel bevind dat 'n gedeelte van die Pro-Republikeinse Kolonialer, ten spyte daarvan dat hulle nie aan die Groot Trek deelgeneem het nie, steeds 'n lojaliteit teenoor die Boere en hul vryheidsideaal behou het. Dit word weerspieël in die latere verskyning van sogenaamde Kaapse Rebelle wat aan Boerekant tydens die Tweede Vryheidsoorlog geveg het (Hoofstuk 5.3.4; Shearing, 2004:iv). Die meerderheid van die Kolonialers, naamlik die Pro-Koloniale Kolonialers, het nietemin berus by die maatreëls en die beleid van kolonialisme.

Ten opsigte van die vergelyking tussen die twee paradigmas, is bevind dat net Afrikanergroeperings in die Kaap by die totstandkoming van die GRA en die Bond, tydens die Eerste Taalbeweging, betrokke was. Die hoofrolspelers was 'n paar Pro-Republikeinse Kolonialers. Paradigma B stel dat die Boer nie direk by die Eerste Taalbeweging betrokke was nie, maar dat die verspreiding en lees van *Die Patriot* wel volksidentiteit by die Boervolk in die Vrystaat en Transvaal bevorder het. Die bevinding van die studie is dat beide paradigmas korrek is ten opsigte van die betrokkenheid van die Afrikaner by die Eerste Taalbeweging, maar dat Paradigma B korrek is ten opsigte van die feit dat die Boer nie aan die ontstaan van die Eerste Taalbeweging gekoppel kan word nie (Hoofstuk 5.4).

Verder is bevind dat Paradigma A fouteer deur te stel dat “*Afrikanervroue* en -kinders in die konsentrasie kampe gesterf het” en dat “*Afrikaners* se plase afgebrand is deur die Engelse” (Giliomee, 2004:207; Hoofstuk 4.6). Daar is wel bevind dat hierdie verskynsel as “gekose trauma” volledig tot die Boervolk behoort (Hoofstuk 8.3.2.1).

9.3.3.4 Paradigmaverskille tydens Fase 3

In Hoofstuk 4 is beskryf hoe die Afrikaner volgens Paradigma A sinchronisties, anachronisties en histories foutief by beide die Groot Trek en die twee Vryheidsoorloë as die hoofrolspelers geplaas word. Daar is bevind dat die Kaapse Afrikaner geen rol tydens die Groot Trek gespeel het nie (Hoofstuk 4.6). Inteendeel, daar word in Hoofstuk 5 bevind dat die Afrikaner tydens die gebeure van die Groot Trek nog nie bestaan het nie (sien Hoofstuk 9.3.3.4). Paradigma A fouteer dus om die Afrikaner by situasies soos Vegkop, Bloukrans en Bloedrivier te plaas. Die Gelofte van Bloedrivier is ook geensins aan die Afrikaner gekoppel nie (Hoofstukke 4.3; 4.6). Die rol van die Kaapse Afrikaner in die Tweede Vryheidsoorlog is debatteerbaar en word hier onder in meer besonderhede ontleed.

9.3.3.5 Die Afrikaner begin identiteit ontwikkel

Daar is bevind dat daar voor 1850 geen sprake van Afrikanereenheid bestaan het nie (Giliomee, 1989:3). Trouens, Bruwer (1988:87) verwys na die Kaapse Afrikaner as hy stel: “dat daar tussen 1776 tot 1876 tevergeefs gesoek word vir enige teken dat diegene tussen die berge en die see hulleself as 'n volk beskou of hulself Afrikaners genoem het.” Dié bevinding daag die benadering van Paradigma A uit en bewys dat die Afrikaner niks met die Groot Trek óf met die Gelofte van Bloedrivier te doen kon hê nie (Hoofstuk 5.3.3.2).

Die bevinding in die studie is dat die “fiktiewe Afrikaner” waarskynlik eers ten volle identiteit ontwikkel het onder die invloed van intensiewe sosiale ingenieurswese gedurende die eerste

helfte van die 20^{ste} eeu, veral gedurende die 1940's en 1950's (Deist, 2002:73; Hoofstuk 5.4). Hierdie gebeure wat tydens Fase 4 plaasgevind het, word nou saamgevat.

9.3.4 Sosiale ingenieurswese gee aan Afrikaner-identiteit beslag in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu

In Hoofstuk 6 is die finale ontwikkeling van Afrikaner-identiteit, soos dit in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu plaasgevind het, volledig beskryf. Eerstens is die verskillende vorme van sosiale ingenieurswese wat 'n invloed op die identiteit van die lede van BASA20 uitgeoefen het, beskou. Die rol van *kolonialisme*, die vestiging van *Afrikanereenheid* (*Afrikanernasionalisme*) en die uitbou van *apartheid* is ontleed en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat al drie vorme van sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu bygedra het tot die vestiging van Afrikaner-identiteit (Hoofstuk 6.2).

Tydens die ontleding is daar 'n vergelyking tussen die Kaapse Afrikaner en die Boervolk se kulturele erfenisse getref, en die kulturele karakter van die nuutgevormde Afrikaner, wat uit die kombinasie van die twee kulturele erfenisse tot stand gekom het, is getabuleer (Tabel 6.2). Daar is bevind dat 'n duidelike kloof tussen die Boer en die Kaapse Afrikaner se kulturele erfenisse bestaan. Verder is bevind dat slegs ses eienskappe van dié wat by die Afrikaner inslag gevind het, nie tot 'n verdeelde kultuur en tot verdeeldheid onder die geledere van die Afrikanerdom gelei het nie. Daar kan dus afgelei word dat die samevoeging van die *Boervolk* en die *Kaapse Afrikaner* se kulturele erfenisse tot 'n verdeelde, verwarrende Afrikanerkultuur en identiteit gelei het (Hoofstuk 6.3.4.6; Tabel 6.2).

9.3.4.1 Paradigmas A en B ten opsigte van Afrikaner-identiteit kom tot stand

- Paradigma A ten opsigte van Afrikaner-identiteit

Daar is bevind dat Paradigma A (Tabel 2.1) kunsmatig en doelmatig geskep is en samelopend met die proses van sosiale ingenieurswese in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu ontstaan het (Hoofstuk 6.4.4). Paradigma A is gebruik of toegepas om die geskiedenis te herinterpreteer sodat sekere mites wat die “verbeelde gemeenskap van die Afrikaner” bevorder, tot stand gebring kon word (Deist, 2002:73). Sodoende is *Afrikanereenheid*, *Afrikanernasionalisme* en *Afrikaner-identiteit* bevorder en *de jure* (wettig) gevestig (Hoofstuk 6.4.4). Die intensiewe sosiale ingenieurswese wat ten minste 30 jaar lank op die Boervolk en die Kaapse Afrikaner toegepas is, het aanleiding gegee tot 'n gevestigde persepsie, wat konstateer dat die Afrikaner (volgens die patroon van Paradigma A), *primordiaal by 'n volksplanting in 1652 ontstaan het en dat alle geskiedenis wat daarna ten opsigte van die Blanke in Suider-Afrika geboekstaaf is, op die Afrikaner van toepassing is*.

- Paradigma B ten opsigte van Afrikaner-identiteit

Paradigma B (Tabel 2.1) is daarteenoor terugskouend gevorm deur die die geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit objektief en krities te beskou. Paradigma B is dus histories meer korrek as Paradigma A. Aanhangers van Paradigma B konstateer dat *die Boer en die Kaapse Afrikaner apart ontwikkel het en deur sosiale ingenieurswese aan die begin van die 20^{ste} eeu “onvolledige geïntegreer” is om ’n de facto (op grond van gebeure) fiktiewe Afrikaner-entiteit tot stand te bring* (Hoofstuk 6.4.4).

- Bots die paradigmas?

Daar is bevind dat die *de facto* en *de jure* Afrikaner-identiteite deels in botsing met mekaar is en dat dit lei tot ernstige verdeeldheid en onsekerheid ten opsigte van die identiteit van die Afrikaner, asook by BASA21. Die konflik en verskille word ook waargeneem in die volgende fase, met die totstandkoming van die RSA in 1961 (Hoofstuk 6.6).

9.3.5 Blankisme plaas Afrikaner-identiteit onder druk

In Hoofstuk 7 is die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit in die tydperk 1961 tot 1994 (Fase 5) bespreek en die invloed van blankisme op Afrikaner-identiteit is ontleed (Bruwer, 1986:45; Figuur 7.1). Daar is bevind dat die wegbeweeg vanaf Afrikanereenheid, ten gunste van blankisme, asook die skraping van apartheidswetgewing, die handhawing van die nuutgevormde Afrikaner-identiteit onder druk geplaas het (Hoofstuk 7.4).

Die wegbeweeg vanaf Afrikanereenheid ten gunste van blankisme, asook die skraping van apartheidswetgewing het uiteindelik (gedurende Fase 5) tot die inploffing van die AB, die NP en die Afrikaner-elite gelei (Hoofstuk 7.5). ’n Onvermydelike politieke oornamen deur die ANC het gevolg en tot ’n situasie gelei waar BASA21 se regte aan die beleid en wette van transformasie uitgelewer is (Hoofstuk 8). Dit het ’n direkte invloed op die samestelling en handhawing van Afrikaner-identiteit uitgeoefen.

9.3.6 Onderdrukking deur middel van Transformasie stimuleer Afrikaner-identiteit

In Hoofstuk 8 is die ontwikkeling van die identiteit van die Afrikaner na 1994, onder die invloed van transformasie, ontleed. Transformasie is deur die ANC-regime as instrument gebruik om die doelwit van die NDR te implementeer. Hiervolgens vestig die ANC (soos die oorwinnaars na ’n oorlog) beleid waarvolgens die Afrikaner, as minderheidsgroep, van die land se hulpbronne weerhou word en Afrikaner-identiteit voortdurend en toenemend onderdruk word (Hoofstukke

8.2.2 en 8.2.4; Oosthuizen, 2011:29). Drie groepe kan weens die toepassing van transformasie binne BASA21-geledere onderskei word.

Elkeen van die drie groepe se gesindheid en optrede teenoor transformasie is uniek en verskillend betreffende die uitwerking daarvan rakende die identiteit van elke besondere groep (Tabel 8.3). Die negatiewe uitwerking van transformasie op alle Afrikaners en die skep van 'n gesamentlike vyand dryf *liberale Afrikaners* na die middelgroep (Hoofstuk 8.3.4) en vestig identiteit by die *Boervolk*.

Die onderdrukking wat volg op die beleid van transformasie, veroorsaak dat die Afrikaner (veral die vryheidsgesinde Boer) 'n situasie van “ons” en “hulle” beleef, waartydens groepsvorming, groepsbewussyn en groepsidentiteit ontwikkel (Harari, 2015:195-196; Hoofstukke 6.5.4; 8.5). Die drie groeperings binne BASA21-geledere is as volg onderskei: Eerstens die Boervolk wat steeds vry wil wees, maar voel hy verspil sy tyd met partypolitiek en burgerlike verset. Hulle stig wel organisasies, wat probeer om die Boervolk te verenig en om vryheid as *kulturele nasionaliste* te bewerkstellig (Hoofstuk 8.3.2). Tweedens die *liberale Afrikaner* wat wil konformeer en die regeringsbeleid en transformasie wil laat slaag (Hoofstuk 8.3.3). Derdens die tussengroep (die *Boere-Afrikaner*) wat, indien hulle weerstand bied, dit doen deur middel van onder andere partypolitiek en burgerlike verset en die vestiging van instellings. Veral die VF+ en Soliforum neem hierin, namens hulle lede, die leiding en ageer as *politieke nasionaliste* op die voorpunt. Die weerstand onder hierdie groep is veral in die taal (Afrikaans) gesetel. Dit is nie werklike 'n soeke na vryheid vir 'n *volk* nie, daarom is die Boergesindes traag om hulle te steun (Hoofstuk 8.3).

Die reaksie van die drie groepe op die onderdrukking kan soos volg opgesom word: Die groep wat as *Boere* bekend wil staan het verskeie organisasies gestig met die doelwit om vryheid vir die Boervolk te verkry (Tabel 8.2). Die middelgroep, wat in wese met die vryheidstrewa van die Boer vereenselwig, steun ook verskeie organisasies en instellings, gerig op selfstandigheid vir die middelgroep (Hoofstuk 8.3.4). Hulle noem hulleself steeds *Afrikaners* en neig om, op grond van gemeenskaplike taal, terwille van getalle, die Kleurlinge of Bruinmense ook as deel van die oplossing te beskou. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van die begrip *Afrikaanses* (Hoofstuk 1.1). Die *Boere-Afrikaners* of middelgroep se weerstandsaksies ondervind antagonisme vanuit die geledere van die *liberale Afrikaner*, wat bereid is tot konformasie. Die Boervolk vereenselwig hulle moeilik met Afrikaners en gee selektiewe steun aan die middelgroep se inisiatiewe.⁷¹ Uiteindelik is die resultaat 'n middelgroep wat in homself verdeeld is aangesien sy “lede” hulle vereenselwig met die uiteenlopende pole en dus geen eenheid vorm nie. Hierdie onsekerheid ten

⁷¹ Die skrywer kan getuig van 'n beduidende getal *Boere* wat hierdie standpunt teenoor hom uitgespreek het.

opsigte van “wie is ek” en “wie is ons” is duidelik aanleidend tot die uitspeel van verwarring ten opsigte van die middelgroep se identiteit. Dit werk verder in op alle fasette en lewensterreine van BASA21. Hierdie onsekerheid oor identiteit, in die besonder ten opsigte van Afrikaner-identiteit, verklaar in 'n groot mate die verdeeldheid wat tans by BASA21 waargeneem word. Die lede van die Boervolk weet hulle is Boere en die liberale Afrikaners weet hulle is *Afrikaners*. Die verwarring oor identiteit vind in die middelgroep plaas.

9.4 Is die navorsingsvrae beantwoord en die doelstellings bereik?

Die sukses van die navorsing kan beoordeel word na gelang die navorsingsvrae bevredigend beantwoord is en of die doelstellings bereik is. Die vrae is in Hoofstuk 1.5 en die doelstellings in Hoofstuk 1.6 uitgestippel en word hier herhaal:

1. Deur watter fases het die Afrikaner histories ontwikkel?
2. Watter metateoretiese benaderings en teorieë is van toepassing vir die verklaring van die verskynsel: Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese?
3. Watter paradigmas oor Afrikaner-identiteit word gehandhaaf?
4. Wat was die rol van sosiale ingenieurswese by die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit?
 - 4.1 Wie was die sosiale ingenieurs wat die sosiale ingenieurswese bewerk/bewimpel het?
 - 4.2 Watter prosesse is tydens die uitoefening van sosiale ingenieurswese toegepas?
 - 4.3 Wat was die impak van sosiale ingenieurswese op die verskillende ontwikkelingsfases van Afrikaner-identiteit?
5. Wat is die resultate van die sosiale ingenieurswese op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit?
 - 5.1 Was die resultate van die sosiale ingenieurswese ten opsigte van Afrikanereenheid volhoubaar?
 - 5.2 Indien nie, kan 'n sinvolle en bruikbare alternatiewe paradigma vir Afrikaner-identiteit, wat tydens die 21^{ste} eeu kan geld, gedefinieer word?

Die fases waardeur Afrikaner-identiteit ontwikkel het, is volledig beskryf en 'n metateoretiese raamwerk, gepaardgaande met die teoretiese grondslag waarbinne die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit as uitkoms van sosiale ingenieurswese weerspieël kan word, is gekonstrueer (Hoofstuk 2.5). Daarvolgens is die paradigmas waarbinne Afrikaner-identiteit uitgedruk kan word, ontleed en met mekaar vergelyk. Verder kon die invloed en rol van die belangrikste vorme van sosiale ingenieurswese op Afrikaner-identiteit beskryf en die invloed daarvan ontleed word (Figuur 2.6; Hoofstuk 2.6). Die belangrikste rolspelers (as sosiale ingenieurs en subjekte), asook die prosesse of planne, wat toegepas of geïmplementeer is, is geïdentifiseer (Hoofstuk 6.2.2.2;

Deist, 2002:72; Opperman Lewis, 2018:306). Die impak van die prosesse van sosiale ingenieurswese, asook die resultate daarvan op die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit is volledig ontleed (Hoofstuk 6.5). Daar is bevind dat die resultate van die sosiale ingenieurswese nie volhoubaar was nie, wat in die slotsom finaal bespreek word. Die navorsingsvrae en die doelwitte is derhalwe bevredigend in die navorsing behandel.

9.5 Slotsom

'n Verkennende studie is gedoen oor die vestiging van Afrikaner-identiteit onder invloed van sosiale ingenieurswese. Terselfdertyd is die paradigmas wat ten opsigte van Afrikaner-identiteit ontstaan het, krities ontleed. Daar is bevind dat vorme van sosiale ingenieurswese soos kolonialisme, apartheid, Afrikanernasionalisme, blankisme en transformasie, 'n beduidende invloed op die verskillende fases van ontwikkeling van Afrikaner-identiteit uitgeoefen het (Figure 1.3 en 2.5). Verder is ten opsigte van die paradigmas bevind dat Paradigma B ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit meer substansie as Paradigma A het.

Die slotsom is bereik waar bevind is dat Afrikaner-identiteit as gevolg van die invloed van sosiale ingenieurswese deeglik gevestig is. Afrikaner-identiteit het veral in die tydperk 1930 tot 1960, onder die invloed van intensiewe sosiale ingenieurswese, vorm aangeneem nadat die Boervolk en die Kaapse Afrikaner geïntegreer is. Die integrasie was nietemin nie volledig en permanent nie en het tot gevolg dat drie groepe vandag onder BASA21 identifiseerbaar is naamlik die *Boervolk*, die (liberale) *Afrikaner* en die tussengroep of die *Boere-Afrikaner*. Die lede van die *Boervolk* weet hulle is Boere en die *liberale Afrikaners* weet hulle is *Afrikaners*. Die verwarring oor identiteit heers in die middelgroep (*Boere-Afrikaners*).

Hierdie verwarring rakende Afrikaner-identiteit bedreig die voortbestaan van BASA21, aangesien dit telkens gesamentlike beplanning en aksies in die wiele ry. 'n Oplossing behoort gevind te word waardeur met die verwarring gehandel kan word. Alhoewel die afleiding moontlik voortydig is, kan afgelei word dat dit nodig is om 'n "nuwe paradigma" (as oplossing) binne hierdie oorlewingstryd te postuleer. Binne die nuwe postulaat moet 'n mite geskep word wat as die "siel van die volk" gevestig moet word. Hierdeur moet die "identiteit/karakter/voortbestaan en selfs die toekoms" van BASA21 (en daardeur ook van die Afrikaner herdefinieer word) (Duvenhage 2018:13, 19, 21).

Hierdie "herdefiniëring" van die Afrikaner en Afrikaner-identiteit kan vanuit die resultate van die studie benader word. Eerstens word Paradigma B aanvaar, naamlik dat die *Afrikaner* tot stand gekom het deur die Boervolk en die Kaapse Afrikaner saam te voeg. Tweedens word aanvaar dat die term *Afrikaner* gevestig is weens die gevestigde persepsie maar dit is gestigmatiseer weens apartheid en ook weens die negatiewe ingesteldheid wat die Boervolk, weens verskillende

redes, teenoor die *Afrikaner* openbaar. Derdens word bevind dat die drie entiteite, elk met sy eie kulturele erfenis en ingesteldheid teenoor transformasie, tot verwarring lei ten opsigte van identiteit, en verder lei tot verdeeldheid onder BASA21 (Tabel 8.2). Vierdens word aanvaar dat die Boervolk 'n vryheidstrewer openbaar wat nie deur die *Afrikaner* gedeel word nie (Roelofse 2009). Vyfdens openbaar en veroorsaak die *Boere-Afrikaner* in die middelgroep onsekerheid ten opsigte van identiteit en eierigting. Laastens was (en is steeds) die term *Boer* internasionaal gevestig.

9.5.1 'n Moontlike oplossing

Die navorsing bied 'n antwoord op die vrae wat in die inleiding ten opsigte van die *Afrikaner* in die algemeen gestel is, naamlik: "Wie is 'ons'? Waar kom 'ons' vandaan? Waar gaan 'ons' heen?" Die volgende kernvrae is beantwoord: "Hoe het die *Afrikaner* tot stand gekom? Hoe is *Afrikaner*-identiteit en *Afrikanernasionalisme* gevorm?" Die gebeure by Senekal, wat aanleiding gee tot die vraag: "Waarom is die *Afrikaner* so verdeeld?" is ook beantwoord (Hoofstuk 1.1). Die antwoorde bied moontlike instrumente om te benut en as oplossing vir die verwardheid van *Afrikaner*-identiteit te gebruik.

'n Moontlike oplossing vir die behoud en toekoms van ten minste 'n deel van die *Afrikaner* word saamgevat in die verkryging van "vryheid vir die vryheidsgesindes" (Hoofstuk 2.4.5.2). Die Boervolk is outomaties vryheidsgesind, en 'n groot deel van die *Boere-Afrikaners* is ook vryheidsgesind. Die *liberale Afrikaner* distansieer hom outomaties van vryheidsgesindheid en is ook gekant en antagonisties teen die *Boere-Afrikaners*, wat hulleself as *Afrikaners* identifiseer, sowel as teen die Boervolk (Tabelle 7.1 en 8.2).

Die oplossing kan daarin geleë wees dat identiteit om die term *Boer* gevorm word, sodat twee groepe (sonder 'n kunsmatige, verdeelde tussengroep) uiteindelik neerslag sal vind, naamlik die Boervolk en die *Afrikaner*. Om dié oplossing te bereik moet 'n nuwe mite geskep word en elke *Boere-Afrikaner* 'n keuse maak om óf te identifiseer met die vryheidsideaal van die Boervolk óf by die *Afrikaner* in te skakel. Iemand wat die besluit geneem het om as Boer bekend te staan, twyfel daarna nie weer oor sy of haar identiteit nie. Dit behels bloot 'n paradigmaverskuiwing by die lede van die tussengroep wat met die vryheidsgesindheid van die Boervolk identifiseer.

9.5.2 Ruimte vir verdere studie

Die skep van fases vir die ontwikkeling van *Afrikaner*-identiteit, asook die bevinding dat die benadering van die heersende Paradigma A deur Paradigma B uitgedaag word, bied wye geleentheid vir navorsers in die Politieke Wetenskap asook in die Geskiedenis, om verdere navorsing te doen. Die wetenskaplike ontleding van identiteit asook van die ingesteldheid en

kulturele erfenisse van die verskillende groepe binne BASA21, dra by tot insig oor die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner van die 21^{ste} eeu.

BIBLIOGRAFIE

Aksana *et al.*, 2009. Symbolic interaction theory. *Procedia Social and Behavioral Sciences* 1 (2009) 902-904. Available online at www.sciencedirect.com Artikel ontvang van C. Blignaut van NWU in 2019.

Anderson, B. 2006. *Imagined Communities: Reflections on the Origin and Spread of Nationalism*. Londen: Verso Books.

Baradat, L.P. 2012. *Political Ideologies: Their Origins and Impact*. 11th ed. Glenview: Pearson Education.

Beeld 2020 Julie 21. My wêreld: Meer is ter sprake in EU- gesprekke as 'n hulppakket.

Bigalke, I. 2018. Ja, mense moet stem. *Beeld*, 9 Oktober 2018.

Blignaut, C. 2019. Doktorale student aan NWU. Persoonlike kommunikasie per e-pos in April 2019.

Booyens, H. 2006. *When the Loerie Sings Again: The Canvas, the Painting and the Present*. Plek onbekend. Deep Cove.

Booyesen, H. 1997. Die Staatsregtelike en Volkeregtelike Verwesenliking van 'n Afrikanervolkstaat. Deel van die Volkstaatraad se verslag.

Bosman, F.C.L. 1968. Die Franse Stamverwantskap en Kulturele Bydrae tot die Afrikaanse Volk. In Pienaar (1968) 59-67.

Bosman, J.P.G. 2019. Bly en Bou – proaktiewe Afrikaners in SA. Maroela Media by Maroela Media: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/bly-en-bou-proaktiewe-afrikaners-in-sa/>. (Toegang 16/10/2021)

Bosman, J.P.G. 2021. *Die Afrikaner-Broederbond en die totstandkoming van die 1994 grondwetlike bedeling – 'n politiek-strategiese perspektief*. Navorsingsvoorstel vir MA-dissertasie – nog nie gepubliseer nie, maar met toestemming van student en sy promotor ter insae gehad in September 2021.

Botha, S. 2005. Demokrasie en ander Owerheidsvorme. Studiegids vir PLC302Y. Pretoria: Unisa.

Bothma, L.J. 2015. *Rebelspoor: Die Aanloop, Verloop en Afloop van die Boereopstand van 1914-15*, 2^{de} druk. Langenhovenpark: L.J. Bothma.

Bouws, J. 1968. Die Afrikaner en sy Musiek. In: Pienaar (1968) 363-375.

Brandt, J. 1958 *Die Kappiekommando: Boerevroue in Geheime Diens*. Kaapstad: HAUM.

Bredell, H.C. & Grobler, P. 1986. *The Memoirs of Paul Kruger*. Melville: Hans Strydom.

Breytenbach, W.J. 1987. Nasionalisme in Afrika. In: Esterhuyse *et al.*, 197-230.

Bruwer, P.F. 1986. *Die Derde Vryheidsoorlog Woed*. Pretoria: Sigma Pers.

Bruwer, P.F. 1988. *Vir Volk en Vryheid*. Pretoria: Oranjewerkers Promosies.

Carneiro, R.L. 1990. Chieftdom-level warfare as exemplified in Fiji and the Cauca Valley, in Haas (1990:190-211).

Cleary, C. 2019. *What is the Metaphysics of the Right?* Published: June 27, 2019 | This entry was posted in North American New Right and tagged articles, Collin Cleary, metaphysics, nature, North American New Right, originals, reality, the left, the Right: Trackback URL. <https://www.counter-currents.com/tag/north-american-new-right/> (Afgelaai Mei 2019)

Coetzee, A. 1968. Die Afrikaner se Volkskunde. In: Pienaar (1968) 111-120.

Degenaar, J.J. 1987. Afrikanernasionalisme. In: Esterhuyse *et al.*, (1987:231-262).

Deist, F.E. 2002. *The Material Culture of the Bible*. London: Sheffield Academic Press.

Doyle, A.C. 1902. *The Great Boer War*. London: Smith, Elder & Co.

Du Bruyn, D. en Wessels, A. 2009. Op weg na die Politieke Draaipunt van 1948: Drie Eeue van Vrees as Faktor in die Geskiedenis van Suid-Afrika. *Journal for Contemporary History Junie 2009 v34, n2, a5*. (Geraadpleeg maar nie na verwys nie)

Du Preez, M. 2021. Max sê: 'Flip, dis tyd vir my om te bieg'. *Rapport*, 24 Januarie 2021. (Geraadpleeg 25/01/2021)

Du Toit, M.T. 2009. *Die strewe en stryd van ons volk 1902 - 1994*. Gezina: Du Toit-Morley Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019a. *Paradigmas, Wetenskapsrewolusies, Diskontinuiteit en Kontinuiteit by die*

Studie van die Europese Voorgeskiedenis. 2de uitgawe. Gezina: Du Toit-Morley Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019b. *Ras, Volk, Taal en Religie*. 2de uitgawe. Gezina: Du Toit Familietrust.

Du Toit, M.T. 2019c. *Die Instelling van 'n Uitgebreide Korporatistiese Politieke Ekonomie in Suid-Afrika*. Proefskrif vir PhD Unisa.

Duvenhage, A. 1994. *Die Transformasie van Politieke Instellings in Oorgangstye - 'n Rekonstruksie, Interpretasie en Evaluasie van S.P. Huntington se Teoretiese Bydrae*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Duvenhage, A. 2018. *Die Afrikaner in Veranderende Tye : Die Soeke na en Implementering van 'n Meester Narratief*. Voorlegging aan Afrikanerbond (voorheen Afrikaner Broederbond) op 8 Junie 2018.

Duvenhage, A. 2019. Persoonlike mededeling op 27 Februarie 2019 te Zonderwater medium A, Cullinan.

Duvenhage, A. 2021. Politieke transformatisme in Suid-Afrika: Implikasies vir die staat, ekonomie en samelewing. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 61 No. 3: September 2021. doi.10.17159/2224-7912/2021/v61n3a?

Epstein, W.H. & Palmer, R.B. 2016. *Invented Lives, Imagined Communities*. Albany: State University of New York Press.

Erasmus, J. 2006. *Die Lewe en Werk van Gabriel Gideon Cillie (1910–2000) in Kultuurhistoriese Perspektief*. Universiteit van die Vrystaat.

Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.vd P. & Van Niekerk, A.A. (reds). 1987. *Moderne politieke ideologieë*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Eybers, G.W. (red). 1918. *Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910*. Londen: Routledge.

Eybers, J. 2019. NGK: 80% minder dooplidmate. In *Rapport* 13 Oktober 2019. (Geraadpleeg 13/10/2019)

Ferreira, O.J.O. 2018. Theron, P.F. (Red). *Broederskap Eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond en die Afrikanerbond/1918 – 2018*. Groep 7 Drukkers en Uitgewers.

Fisher, M. 2012. *The Dividing of a Continent: Africa's Separatist Problem. The Atlantic:*

https://amp.theatlantic.com/amp/article/262171/#hoh=16266218073725&referrer=https%3A%2F%2Fwww.google.com&_tf=From%20%21524s (Gelees 17 Julie 2021)

Franco, J. 1997. The nation as imagined community. *Cultural Politics* 11 (1997):130-140.
(Geraadpleeg maar nie na verwys nie)

Gaarder, J. 2007 (*Paperback*). *Sophie's world*. New York: Farrar, Strauss and Giroux.

Garfinkel, H. 1978. Common Sense Knowledge of Social Structures: The Documentary Method of Interpretation. In: Manis, JG. & Meltzer, BN. 1978. *Symbolic Interaction: A Reader in Social Psychology*. Boston: Allyn and Bacon, Inc., 281 - 295.

Gerdener, G.B.A. 1925. *Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag*, 3de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2016a. *The Beginnings of Afrikaner Ethnic Consciousness, 1850-1915*.

Verkrygbaar by (Toegang in 2016 verkry):

<http://www.escholarship.org/editions/view?docId=ft158004rs&doc.view=content&chunk.id=d0e505&toc.depth=1&anchor.id=0&brand=eschol>

Giliomee, H. 2016b. Persoonlike mededeling telefonies en per verskeie e-posse in 2016.

Giliomee, H. 2016c. *Herman Giliomee: Historikus 'n outobiografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2017. Persoonlike kommunikasie telefonies en per e-pos gedurende 2017.

Giliomee, H. 2018. Persoonlike kommunikasie telefonies en per e-pos gedurende 2018.

Gladwell, M. 2008. *Outliers: the Story of Success*. London: Penguin.

Haas, J. 1982. *The evolution of the prehistoric state*. New York: Columbia University Press.

Haas, J. 1990. *The Anthropology of War*. New York: Cambridge University Press.

Harari, Y.N. 2015. *Sapiens a brief history of humankind*. New York: HarperCollins.

Hutchinson, J. 1987. *The Dynamics of Cultural Nationalism: The Gaelic Revival and the Creation of the Irish Nation State*. London: Allen & Unwin.

Jankielsohn, R. 2016. *The National Democratic Revolution and the Transformation of Land*

Ownership in South Africa: A Critical Analysis and Alternative Framework. North-West University: Potchefstroom.

Kant, S.L. 2015. *The Political Sciences and Research*: Tutorial letter 102/0/2016. Pretoria: Unisa.

Keeley, L.H. 1996. *War before civilization*. New York: Oxford University Press.

Kemp, A. 1994. *Vuur en Verraad*. Farramere: Volsung Uitgewers.

Kemp, A. 1995. The Identity of the Boer Nation: Voorgedra aan die *Subkomitee vir die Regte van Inheemse Volke van die Verenigde Nasies*, by die Jaarvergadering in Geneva, Switzerland, in Junie 1995, deur Fred Rundell.

Kemp, A. 2008. *The Boers of Southern Africa*. Verkrygbaar by: (Laaste toegang in 20/4/2020): <http://web.archive.org/web/20060717091306/http://www.arthurkemp.com/whoaretheboers.htm>

Kemp, A. 2012. *Victory Or Violence: The Story of the AWB*. London: Ostara Publications.

Kemp, A. 2017. Persoonlike mededeling per e-pos in 2017.

Kemp, J.C.G. 1942. *Die Pad van die Veroweraar*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Kestell, J.D. 1920. *Die Voortrekkers 'n Kort Geskiedenis*. J.H.de Bussy.

Kitromilides, P.M. 1989. Imagined Communities' and the Origins of the National Question in the Balkans. *European history quarterly* 19.2 (1989):149-192.

Kotzé, D. 2009. *Politics and conflict Resolution*. (Rev ed). Pretoria: Unisa.

Kotzé, D. 2019. *The who, why and what of South Africa's minority Afrikaner party*. <https://theconversation.com> (Toegang verkry:10/5/2019).

Kotze, J.S. 2015. Political culture in South Africa, in *South African Politics: an Introduction* (248-272). Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Kritzinger, M.S.B. et al., 1956. Groot Woordeboek Afrikaans-Engels Engels-Afrikaans. Sewende Verbeterde uitgawe. Pretoria: JL van Schaik Uitgewers.

Kuhn, T. 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago, IL.: University of Chicago.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2006. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 8ste hersiene en uitgebreide uitgawe verskyn in 1993 en elektronies gepubliseer in 2006.

Labuschagne, P.A.H. 2021. Monumente: Afrikaner moet ophou askies vra dat hy leef. In *Beeld*:

6 Oktober 2021 (Geraadpleeg 7/10/2021).

Labuschagne, P.A.H. *et al.*, (compilers). 2001. Politics: Honours, Theory, Philosophy and Ideology: Study guide for HNPCS2-6/11 2002-2005. Pretoria: Unisa.

Lacy, N.J. 2008. 'Arthur', in Microsoft® Student 2009.

Le Roux, T.H. 1968. Die Geskiedenis van die Afrikaanse Spelling. In: Pienaar (1968) 162-174.

Liebenberg, B.J. & Spies, S.B. (reds). 1993. *South Africa in the 20th Century*. Pretoria: Van Schaik.

Louw, T.J.G. 2005. *Visies van Vryheid*. Privaat publikasie in skrywer se besit.

Malina, B.J. 2006. Interfaith Dialogue. In: Esler, P.F., (ed). *Ancient Israel: The Old Testament in its Social Context*. Minneapolis: Fortress Press, 283-295.

Manyana, N. 2016. Afrikaans onder druk, sê FW. *Netwerk24*: 3 Junie 2016. Gevind op 15/9/2021 by: <https://www.netwerk24.com/nuus/Algemeen/afrikaans-word-onderdruk-se-fw-20160603>

Marais, J. 2003. Bienenell (red). *Stryd teen vreemde oorheersing*. Pretoria: Bienenell Uitgewers.

Maritz, M. 1939. *My Lewe en Strewe*. Pretoria: Bienenell Uitgewers.

Maroela Media: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/bly-en-bou-proaktiewe-afrikaners-in-sa/> (Toegang 16/10/2021).

McCauley, C.R. 1990. Conference overview, in Haas (1990:1-25).

Microsoft Encarta. 2009. *Microsoft Student 2009* [DVD]. Redmond, WA: Microsoft Corporation 2009.

Miller, R.B. 1993. Science and Society in the Early Career of HF. Verwoerd. In: *Journal of Southern African Studies*, Vol. 19, No. 4, December 1993, 634-661.

M.E.R. 1947. *Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te Veld 1900 – 1901. Nasionale Pers Bpk.*

Methuen, A.M.S. 1901. *Peace or war in South-Africa*. London: Methuen & Co.

Mouton, J. & Marais, H. 1990. *Basic Concepts in the methodology of the Social Sciences*. Pretoria: Human Sciences Research Council (HSRC).

- Muller, C.F.J. (red). 1979. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Pretoria: Van Schaik.
- Nanda, B.R. 2012. Gandhi, Mohandas Karamchand, in Encyclopædia Britannica.
- Niemann, P. (Flippie) 2021. Tans ondervoorsitter van die Verkennersbeweging. Telefoniese gesprek op 1/11/2021 om 10h08 gevoer.
- Nienaber, G.S. 1968. Die Afrikaanse Beweging. In: Pienaar (1968) 278-288.
- Nixon, J. 1885. *The Complete Story of Transvaal*. London: Sampson Low, Marston, Searle and Rivington.
- Norval, E.J.G. 2002. *Bloed, sweet en tranen: Die verhaal van die Voortrekkers*. Pretoria: Biededell Uitgewers.
- Netshitenze, J. 1996. The National Democratic Revolution, is it still on track? In: *Umrabulo 4th Quarter*, 1996. Beskikbaar by <http://www.ortamboschool.org.za> (Afgelaai 27/10/2021).
- Oakes, D., (red). 1988. The readers Digest Illustrated History of South Africa: The real story. Cape Town: South Africa.
- Odendal, F.F. et al., 1994. *Die Elektroniese Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, Midrand: Perskor.
- Oosthuizen, P. 2011. Die Huidige Volksmoord van Afrikaners. CreateSpace Independent Publishing Platform.
- Opperman Lewis, H. (rev ed). Revised edition 2018. *Apartheid Britain's bastard child*. Published by Author using Piquet Publishers' services. Printed and bound by Digital Action. Kontakbesonderhede: www.piquetpublishers.com.
- Orania Beweging webblad. 2017. Die republiek, republikaanse en die Afrikaner. *Die historiese konteks van die Romeinse res publica tot vandag*. (Geraadpleeg op 17/10/2020 by: <https://orania.co.za/die-republiek-republikaanse-en-die-afrikaner-deel-1-die-historiese-konteks-van-die-romeinse-res-publica-tot-vandag/> en <https://orania.co.za/die-republiek-republikaanse-en-die-afrikaner-deel-2-die-afrikaner-se-strewe/>
- Oriani-Ambrosini, M. 2017. Ramaphosa Must Explain Why He Compared White People to a Frog in boiling Water. Gevind by: <https://afriforum.co.za/en/ramaphosa-must-explain--compared-white-people-frog-boiling-water/> (Toegang 28/10/2021).

Pienaar, J. 2001. *Hoekstraat 18*. Selfpublikasie.

Pienaar, P de V., (red). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, hersiene en verkorte uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1948, *Volksaltare of 'n veteraan van die Eerste Vryheidsoorlog*. Bloemfontein: Nasionale Pers Bpk.

Preller, G.S. 1920a. *Voortrekkermense Deel I*. 2^{de} uitgawe. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1920b. *Voortrekkermense Deel II*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1922. *Voortrekkermense Deel III*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1925a. *Historiese opstelle*. Pretoria: JL van Schaik.

Preller, G.S. 1925b. *Voortrekkermense Deel IV*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1937. *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938a. *Voortrekkermense Deel V*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938b. *Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838)*. 2^{de} uitgawe. Kaapstad: Nasionale Pers.

Preller, G.S. 1938c. *Voortrekkermense Deel VI*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Pretorius, J.C., (red). 1988. *Op Trek Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*.Melville: Scripta Africana.

Pretorius, P.J. 1996. *Volksverraad*. Mosselbaai: Vaandel Uitgewers.

Pretorius, P.J. 2002. *Waarom Volksverraad?* Mosselbaai: Volksverraad-Uitgewers.

Pretorius, J., (Jnr) 2014-2020. Tydens gesprekke te Zonderwater mondelings oorgedra.

Pretorius, J., (Jnr) 2021. Skriftelike kommentaar op sekere stellings gedurende 2021.

Pretorius, J., (skrywer) 1986. Persoonlik beleef.

Pretorius, J. 2012. *Die Boerevolk bestaan*. Eie publikasie.

Raadskoerant, 2013. *Raadskoerant* no. 7 van die Boere-Afrikanervolksraad, Saterdag 28

Desember 2013. [\\www.volksraad.co.za](http://www.volksraad.co.za) Posbus 1221 , Rayton, 1001.

Reckwitz, A. 2002. Toward a theory of social practices: A development in culturalist theorizing. *European journal of social theory* 5.2 (2002):243-263.

Ridpath, J.C. & Ellis, E.S. 1899. *The Story of South Africa*. American Historical Press. Verkry by (Toegang verkry 5/3/2006): <http://www.archive.org/details/storyofsouthafriOOridprich>

Robbertze, H.C.G. 1996. *Vyfde verslag van die Volkstaatraad: die geskiedenis van die selfbeskikkingsgedagte by die Afrikaner*. Pretoria: Staatsdrukker.

Roelofse, C.J. 2009. PowerPoint Voorlegging tydens 'n Byeenkoms van Afrikaner en Boere Leiers met voormalige President Zuma in Sandton op 2 April 2009. Persoonlike kommunikasie met Roelofse.

Roos, N. 2015. Alcohol Panic, Social Engineering, and some Reflections on the Management of Whites in Early Apartheid Society. In: *The Historical Journal*, Vol. 58, No.4, 1167-1189.

Rosengarten, F., (s a) *An Introduction to Gramsci's Life and Thought*. (s l, s n). Verkrygbaar by (Laaste toegang 22/6/2021): <https://www.marxists.org/archive/gramsci/intro.htm>

Saai. 2020. Saai and AfriForum: SA has a Farmattack Epidemic; gekry by <https://saai.org/en/saai-and-afriforum-sa-has-a-farm-attack-epidemic-farmers-more-prepared/> (besoek op 29/10/2021).

Sargent, L.T. 2009. *Contemporary Political ideologies a comparative analysis* (14th ed). Belmont: Wadsworth.

Scholtz, G.D. 1977. *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel IV 1881-1899*. Johannesburg: Perskor.

Scholtz, L. 2016. *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19^{de} en 20^{ste} eeu*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

Scholtz, L. 2018. Na 70 jaar worstel Israel steeds. *Rapport Weekliks*, 13 Mei 2018. (Toegang 15/5/2018)

Schurink, E. 2010. The Importance of Theorising in Proposal Writing. *South African Association for Public Administration and Management Journal of Public Administration*: Vol. 45, No. 3, September 2010. Hatfield Pretoria, 420-434.

Schutz, A. 1967. *The phenomenology of the social world*. North-Western University Press.

Shearing, H.A. 2004. The Cape Rebel of the South African War, 1899-1902. Doctoral thesis: Stellenbosch.

Sisk, T. 1993. *A new South African social contract?: Institutional choice in a divided society*. Ann Arbor: UMI.

Solidariteit Helpmekaarplan 2020. www.solidariteit.co.za. (Toegang Oktober 2021)

Stegen, J.I. 2018. *Social Media Intelligence (SOCMINT) within the South African Context: A Theoretical and Strategic Framework for the National Security Environment*. Potchefstroom: North-West University.

Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners- Aspekte van Afrikaner- nasionalisme en Suid-Afrikaanse Taalpolitiek 1875-1938*: Kaapstad, Tafelberg.

Stoker, H. G. 1961. *Beginnels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Regae.

Stromberg, J.R. 1999. Maatskappy, State, and Empire: A Pro-Boer revision. *Journal of Libertarian Studies*, Vol. 14, No.1, 1-26.

Stuijt, A. 2008. *Republican Trekker Volk*. Aanlyn beskikbaar by:

<http://republicantrekkervolk.blogspot.com/2008/09/noted-distinction-of-boers-from.html>.

(Afgelaai in 2010)

Thom, H.B. 1954. *The Journal of Jan van Riebeeck*. Cape Town: AA Balkema.

Theal, G.M. 1886. *Boers and Bantu: A History of the Wanderings and Wars of the Emigrant Farmers from their leaving the Cape Colony to the overthrow of Dingan*. Cape Town: Saul Solomon & Co.

Toerien, H. 2013. Nuuskommentaar: Wie verteenwoordig die Afrikaner?

<https://maroelamedia.co.za/nuus/nuuskommentaar-wie-vertteenwoordig-die-afrikaner/>

(Geraadpleeg 17/2/2022.)

Ufer, U. 2010. Revisiting urbanity and rurality urban and rural articulations of an early modern bourgeois civilizing process and its discontents, in *Journal of Urban Research Special issue 3 (I)* (1-15).

Van den Heever, C.M. 1968. Die Afrikaanse gedagte. In: Pienaar (1968) 257-269.

Van den Berg, M.A. 2018. *Intelligence Practices in South Africa as a Hybrid Political Regime: A Meta-theoretical and Theoretical Analysis*. Potchefstroom: North-West University.

Van der Walddt, G. 2018. *Guide for the Preparation of a Research Proposal*. Potchefstroom: North-West University.

Van der Westhuizen, S. 2017. Lindiwe: 'Die tyd is reg om rassisme te takel'. Netwerk24: 7 Mei 2017. Gevind op 11/09/2021 by: *Volksblad: Senekal-gebeure dui op wonde in SA samelewing* <https://www.netwerk24.com/netwerk24/Stemme/Kommentaar/volksblad-se-senekal-gebeure->

Van Jaarsveld, F.A. 1959. *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Rensburg, T. 1977. *Oorlogsjoernaal van S.J.Burger 1899-1902*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Van Wyk, J.F. 1971. *Die Mauser Knal*. Perskor-Uitgewery

Van Jaarsveld, F.A. 1980a. *100 Basiese dokumente by die studie van die Suid- Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*. Goodwood, Kaap: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.

Van Jaarsveld, F.A. 1980b. *Die ontstaan van Afrikanernasionalisme 100 jaar gelede*. Voordrag gehou voor die Werkgemeenskap Sasolburg (S.A. A.W.K.) op 21 Maart 1980.

Van Niekerk, A.A. 1987. Die Begrip Ideologie: Geskiedenis en Konseptuele Analise. In: Esterhuysen *et al.*, (1987:3-36).

Van Schoor, M.C.E. 1966. Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal. In: Van Jaarsveld, F.A. & Scholtz, G.D., (reds.). 1966. *Die Republiek van Suid-Afrika*. Johannesburg: Voortrekkerpers

Van Tonder, R. 1990. *Boerestaat (English translation)*. Randburg: Boerestaat Party.

Van Zyl, L.J. & Rabe, J.H. 2004. *Groot Trek in Beeld*. 2^{de} druk. Pretoria: Bionedell.

Venter, A. 2011. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. On-Line version ISSN 2224-7912, *Tydskr. geesteswet. vol.51 n.4*. Pretoria Des. 2011.

Verkenners (Die) 2016: beskikbaar by: <http://www.verkenners.org.za/> (Besoek op 1/11/2021)

Volksraadskoerant, Dinsdag 4 Junie 2013. Nommer 1. www.volksraad.co.za (Geraadpleeg 28/10/2021)

Webb, W. & Auriacombe, C.J. 2006. South African Association for Public Administration and Management: *Journal of Public Administration*. Vol 41 no 3.1, October 2006: 588-602.

Wiid, J.A. 1968. Die Geskiedenis van die Afrikaner. In: Pienaar (1968) 15-36.

Wilkens, I. & Strydom, H. 1978. *The Super Afrikaner*. Johannesburg: Jonathan Publications.

Willemse, H. 2020. Ampie Coetzee: 'n Woordmens. *Beeld* 21 Oktober 2020.

Wingard, J. 2009. *Op reis na vryheid*. Lynnwood: Self publikasie: jwingard@iburst.co.za.

Wypkema, A. 1968 Die Nederlandse Stamverwantskap en Kulturele Bydrae. In: Pienaar (1968) 37-44.

AANHANGSEL A

DIE VERSKILLENDEN BOEREREPUBLIEKE WAT GESTIG IS:

1. **Graaff-Reinet:** 6 Februarie 1795.
2. **Swellendam:** 14 Julie 1795.
3. **Winburg:** die Wetgewende Raad van die Eerste Boereregering, 2 Desember 1836. Nie amptelik 'n republiek gestig nie.
4. Die Republiek van **Natalia:** 20 Oktober 1838, volgens ooreenkoms deur Retief van Dingaan verkry en deur Mpande bevestig.
5. **Potchefstroom-Winburg:** die sogenaamde Naamlose Republiek.
6. Die Republiek van **Kliprivier:** 1842-1847 (Kliprivier, Dundee, New Castle, Helpmekaar en Masinga). Later Ladysmith geword.
7. Die Republiek van **Potchefstroom:** 1844-1848.
8. Die Republiek van **Winburg:** 1844-1848 amptelik gestig.
9. Die Republiek van **Zoutpansberg:** 1849-1860.
10. Die Republiek van **Lydenburg:** 1848-1860.
11. Die Republiek van **Utrecht:** 1847-1858.
12. Die Republiek van die **Oranje Vrystaat:** 1854-1902.
13. Die Republiek van **Klip Drift:** (delwersrepubliek) 1870-1871.
14. Die Republiek van **Stellaland:** 1883-1885.
15. Die Republiek van **Goosen:** 1883-1885.
16. Die **Nuwe** Republiek: 1884-1888.
17. Die Republiek van die **Klein Vrystaat:** Datum?
18. Die **Zuid-Afrikaanse** Republiek (van Transvaal): Datum?
19. Die Republiek van **Suid-Afrika:** 31 Mei 1961, die enigste republiek, wat nie as 'n Boererepubliek en deur die Boere gestig is nie.

(Aangepas vanaf Louw, 2005: Hoofstuk 12)